


1984 1000 149



U.O.V.S. - BIBLIOTEK

\*198404454901220000019\*



DIE ZUID-AFRIKAANSHE REPUBLIEK EN DELAGOABAAI — BEVEI-  
LIGINGSPOGINGS MET BETREKKING TOT TOEGANG TOT DIE SEE,  
1889-1894

deur

PETER EDWARDS


Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad Magis-  
ter Artium in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte Departement  
Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

OKTOBER 1983

STUDIELEIER: PROF O GEYSER

VERKLARING

"Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad Magister Artium aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie."

.....  


P. EDWARDS

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

INLEIDING .....	i
HOOFSTUK I Die Z.A.R. se strewe om deur Dela= goabaai vrye toegang tot die see te verkry.....	1
HOOFSTUK II Dr. W.J. Leyds se sending na Europa, Oktober 1889.....	18
HOOFSTUK III Die Z.A.R. se voortgesette be= veiligingspogings, 1890-1893.....	38
HOOFSTUK IV Die "Grootte Zaak".....	74
HOOFSTUK V Verdere optrede in verband met die "Grootte Zaak".....	108
HOOFSTUK VI Die Cohen-konsessie.....	144
HOOFSTUK VII Die Z.A.R. se pogings om 'n Britse oorname van Delagoabaai te voorkom, September - Oktober 1894.....	163
BRONNELYS .....	182
OPSOMMING .....	192



## INLEIDING

Die rol van Delagoabaai in die geskiedenis van die Zuid-Afrikaanse Republiek is al deur verskeie navorsers aangeraak. D.W. Kruger het in sy proefskrif, Die weg na die see, die belangrike rol wat Delagoabaai voor 1877 in die Z.A.R. se geskiedenis gespeel het, aangedui. Navorsers soos H.E.W. Backeberg,<sup>1</sup> F.G.E. Nilant,<sup>2</sup> G.D. Scholtz<sup>3</sup> en P.J. van Winter<sup>4</sup> het aspekte van die Z.A.R. se bemoeienis met Delagoabaai aangeraak, maar hoofsaaklik as 'n verwante aspek van 'n breër onderwerp. Die Z.A.R. se strewe na 1881 om deur Delagoabaai vrye toegang tot die see te verkry, het tot nog toe nie as studieveld vir 'n akademiese verhandeling gedien nie. Dié verhandeling, Die Zuid-Afrikaanse Republiek en Delagoabaai — Beveiligingspogings met betrekking tot toegang tot die see, 1889-1894, is 'n poging om in hierdie leemte te voorsien.

Dit was Paul Kruger se lewensideaal dat die Z.A.R. 'n vrye toegang tot die see moes besit. Kruger het hierdie ideaal onder andere deur die totstandkoming van 'n spoorwegverbinding met Delagoabaai probeer verwesenlik. Ofskoon die Z.A.R. goeie betrekkings met Portugal gehandhaaf het, het 'n spoorwegverbinding met Delagoabaai die nadeel ingehou dat die Z.A.R. nie volkome beheer oor sy toegang tot die see kon uitoefen nie. Hierdie verhandeling handel oor die Z.A.R. se pogings om, tydens die aanleg van die Z.A.R.-gedeelte van die

- 
1. H.E.W. Backeberg, Die Betrekkings tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Duitsland tot na die Jameson-inval. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1949, I).
  2. F.G.E. Nilant, Jhr. Mr. G.J. Th. Beelaerts van Blokland, Gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek.
  3. G.D. Scholtz, Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, I.
  4. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders, I en II.

Delagoabaaispoorweg, hul vrye toegang tot die see deur Delagoabaai, te beveilig. Dit is 'n poging om op 'n wetenskaplike wyse te verantwoord waarom die Z.A.R. soveel waarde aan Delagoabaai geheg het, hoe en deur wie die Z.A.R. se belange in Delagoabaai en die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg bedreig is en watter beveiligingspogings gevolglik deur die Z.A.R. van stapel gestuur is.

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om my dank uit te spreek teenoor die personeel van die Transvaalse Argiefbewaarplek vir hulle hulpvaardigheid tydens my navorsing. Ook aan die personeel van die Staats- en Merensky-biblioteek, 'n woord van dank vir al hulle moeite. Aan al my vriende wat soveel belangstelling in die navorsing getoon het, wil ek ook graag my waardering betuig.

Aan my studieleier, prof.O. Geyser, wil ek opreg dankie sê dat hy bereid was om op kort kennisgewing, en onder moeilike omstandighede, as studieleier op te tree. Dit was 'n verrykende ervaring om onder sy inspirerende en entoesiastiese leiding te kon werk.

Laastens, maar beslis nie die minste nie, my dank aan my vrou wat menige skoolvakansie ter wille van "Delagoabaai" moes opoffer. Ek het baie waardering daarvoor.

Aan God alleen die eer.

AFKORTINGS IN VOETNOTE

E.V.R.	:	Eerste Volksraad
L.A.	:	Leyds-Argief
S.S.	:	Staatsekretaris, Binnelandse Sake
SSa.	:	Staatsekretaris, Buitelandse Sake
U.R.	:	Uitvoerende Raad

## HOOFSTUK I

### DIE Z.A.R. SE STREWE OM DEUR DELAGOABAAI VRYE TOEGANG TOT DIE SEE TE VERKRY

Die strewe om deur Delagoabaai vrye toegang tot die see te verkry, loop soos 'n goue draad deur die geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Reeds met die propagering van die trekgedagte aan die Oosgrens het die voornemende Trekkers besef dat ter wille van hulle geestelike en stoflike behoeftes, kontak met die buitewêreld gehandhaaf moes word. Daarom was dit noodsaaklik dat waar die Trekkerstaat ookal gestig mag word, dit oor 'n verbinding met die see moes beskik, wat vry van Britse invloed sou wees.<sup>1</sup>

Oor watter hawe die beste aan hierdie vereiste sou voldoen, was daar onder die verskillende Trekgeselskappe nie eenstemmigheid nie. As gevolg van die gunstige verslag van Piet Uys se verkenningskommissie na Port Natal in 1834-1835 het die meeste voornemende Trekkers voorkeur aan dié hawe gegee. Port Natal as eindbestemming van die Trek, het egter die nadeel ingehou dat dit naby die Britse invloedssfeer geleë was en dat die Britse setlaars wat daar gevestig was, reeds die Britse owerheid om anneksasie versoek het. Daarenteen was daar veral op die sentrale sektor van die Oosgrens 'n groep voornemende Trekkers wat liewers vanuit die noordelike Hoëveld oorkant die Vaalrivier die Portugese hawens aan die Ooskus, en veral Delagoabaai, wou benut het. Die belangrikste voordeel van Delagoabaai bo Port Natal was dat eersgenoemde hawe 'n Portugese besitting was en die Trekkers dus van 'n verbinding met die see, vry van Britse invloed, verseker was. Die nadeel verbonde aan Delagoabaai was dat daar geen presiese inligting aangaande die binnelandse roete na die hawe bekend was nie, terwyl die voorstanders van Port Natal oor heelwat parate en konkrete kennis beskik het.<sup>2</sup>

- 
1. A.N. Pelzer, Die Suid-Afrikaanse Republiek se ywer vir 'n eie hawe en A. McCorkindale se rol in verband daarmee. *Historia*, September 1970, p.146.
  2. C.F.J. Muller, Die Oorsprong van die Groot Trek, pp.369-370, pp.305-306.

'n Mate van tweespalt kan dus in die geledere van die voornemende Trekkers opgemerk word, maar aangesien die roete na Delagoabaai en Port Natal aanvanklik saamgeloop het, het hierdie tweespalt nie die ontplooiing van die Groot Trek erg benadeel nie.<sup>3</sup>

Louis Tregardt was vanuit die staanspoor van plan om van die Portugese hawens aan die Ooskus gebruik te maak. In 1838 het die Tregardt-trek egter in Delagoabaai letterlik en figuurlik doodgeloop. Tregardt sou die enigste Trekleier word wat die see bereik het om dit nooit weer te verlaat nie. Die tragiese einde van die Tregardt-trek in Delagoabaai moet dan ook beskou word as die eerste pogings van die Trekkers om deur te dring na die see en kontak met die Portugese te maak.<sup>4</sup>

In die tussentyd het die meerderheid van die Trekkers voor die einde van 1837 besluit dat Natal die eindbestemming van die Trek sou wees, 'n besluit waarin Potgieter skoorvoetend by berus het.<sup>5</sup> Na die treurspel by Italeni in April 1838 het Potgieter egter Natal vir die Transvaalse Hoëveld verruil waar hy voor die einde van 1838 die eerste permanente blanke nedersetting noord van die Vaalrivier, Potchefstroom, gestig het. Dit wil voorkom of Potgieter gedurende die eerste jare van die Potchefstroom nedersetting berus het in Port Natal as hawe.<sup>6</sup> Die Britse anneksasie van Natal in 1843 het nie net Potgieter nie, maar ook die Natalse Trekkers gedwing om weer aandag aan Delagoabaai te skenk.

In Augustus 1843 het die Nederlandse handelsagent, J.A. Smelkamp, met wie die Trekkers reeds in Natal kennis gemaak het, vanuit Delagoabaai die Natalse Trekkers versoek om met hom kontak te maak, waarop hulle dadelik 'n kommissie na Delagoabaai

---

3. Ibid., p.306.

4. C.F.J. Muller, op.cit., pp.366-368; D.W. Kruger, Die weg na die see, pp.53-58 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1938 I).

5. Thom, H.B., Die lewe van Gert Maritz, pp.163-166, p.176 p.183. Vgl. ook D.W. Kruger, op.cit., pp.61-62.

6. D.W. Kruger, op.cit., p.89; H.B. Thom, op.cit., p.234.

afgevaardig het. Smellekamp het die kommissie aangeraai om Natal te verlaat en hulle noord van die 25 breedtegraad, buite die Britse invloedssfeer, te vestig, waarvandaan hulle deur middel van Delagoabaai met Nederland kon handel dryf. Terselfdertyd het die goewerneur van Delagoabaai die kommissie meegedeel dat hy begerig was dat die Trekkers, met die oog op handelsmoontlikhede, hulle in die grondgebied agter die Portugese ooskushawens vestig.<sup>7</sup>

Aangesien Potgieter nie die anneksasie van Natal op die Hoëveldse Trekkers van toepassing erken het nie, het hy reeds in 1843 'n ekspedisie na Delagoabaai onderneem om met Smellekamp oor die toekoms van die Voortrekkers te beraadslaag. Weens die hoë watervlak van die Olifantsrivier moes die kommissie egter omdraai.<sup>8</sup> Eers in Julie 1844 het Potgieter 'n besoek aan Delagoabaai gebring, met die doel om reëlings met Smellekamp te tref oor handels- en kultuurbande met Nederland en om 'n ooreenkoms met betrekking tot grondgebied en handel met die Portugese te sluit.<sup>9</sup>

Smellekamp het ook vir Potgieter aangeraai om nader aan Delagoabaai te verhuis en hom nie deur die ongesonde klimaat te laat afskrik nie. Terselfdertyd het Potgieter op 22 Julie 1844 'n ooreenkoms met goewerneur Ferreira gesluit, waarvolgens Potgieter die reg verkry het om hom in die grondgebied tussen 10 en 26 S.B., op 'n afstand van vier dagreise vanaf die Ooskus, te vestig. Hierdeur het die Lebomboberge die natuurlike grens tussen die Voortrekkers en Portugese geword. Potgieter en sy volgelinge het in die winter van 1845 na die Oos-Transvaalse Laeveld verhuis en Ohrigstad aangelê, feitlik op dieselfde tydstip dat die voerpunt van die Natalse Trekkers ook hul verskyning aldaar gemaak het. Potgieter se optrede was dus uitsluitlik daarop gemik om met behulp van Delagoabaai die ekonomiese isolasie van die Trekkers op te hef.<sup>10</sup>

---

7. D.W. Kruger, op.cit., pp.70-71, pp.84-87; Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I, p.759.

8. D.W. Kruger, op.cit., p.90.

9. Ibid., pp.91-82.

10. Ibid., pp.93-94. Dit is interessant dat die Portugese regering probeer het om enige betrekkinge tussen die Voortrekkers en Portugese in Delagoabaai te verhoed. Vgl. M.V. Jackson, European Powers and South-East Africa, pp.284-291.

Verskeie faktore soos die ongesonde Laeveldse klimaat, die afwesigheid van 'n behoorlike pad tussen Ohrigstad en Delagoabaai, die belangelose houding van die Portugese en die verdeeldheid van die Ohrigstadgemeenskap het daartoe bygedra dat daar niks van die Trekkers se ideale met betrekking tot Delagoabaai verwezenlik is nie. Trouens, die ongesonde klimaat was daarvoor verantwoordelik dat Ohrigstad vanweë die hoë sterftesyfer ten gunste van Lydenburg ontruim is.<sup>11</sup> Tereg verklaar Pelzer<sup>12</sup> dan ook dat dit tragies is dat die Trekkers se strewe na ekonomiese onafhanklikheid grootliks tot 'n aansienlike deel van die gemeenskap se ondergang bygedra het. Ten spyte van 'n nuwe ooreenkoms met die Portugese in Delagoabaai in 1850 en 'n besoek van die Portugese goewerneur aan die Trekkers, was daar met die sluiting van die Sandrivier Konvensie in 1852 nog geen lewensvatbare verbinding tussen die Trekkers en Delagoabaai nie.<sup>13</sup>

Die vyftigerjare het weinig verandering in hierdie toestand gebring. Ofskoon daar vanuit Lydenburg hernude pogings aangewend is om met die Portugese in Delagoabaai kontak te maak, was die Portugese se gebrek aan deursettingsvermoë die belangrikste struikelblok in die totstandkoming van 'n lewensvatbare handelsweg. Lourenzo Marques was in die vyftigerjare niks meer as 'n gehuggie nie waar die Portugese gesag kwalik verder as die buitewyke van die dorp gestrek het. Openbare geboue soos 'n hospitaal, barakke en doeanekantoor het ontbreek. Gevolglik het die Lydenburgers met die aanbreek van die sestigerjare alle pogings om kontak met Delagoabaai te bewerkstellig, gestaak. Eers met die ontdekking van goud in Oos-Transvaal aan die begin van die sewentigerjare sou daar 'n merkbare handel met Delagoabaai ontstaan.<sup>14</sup>

Die Lydenburgers se pogings om 'n lewensvatbare verbinding met

---

11. D.W. Kruger, op.cit., pp.96-102, pp.122-123.

12. A.N. Pelzer, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek I, p.132.

13. D.W. Kruger, op.cit., pp.116-124.

14. Ibid., pp.125-136. Vgl. ook E. Axelson, Portugal and the Scramble for Africa 1875-1891, p.12.

Delagoabaai te bewerkstellig, het nie die ondersteuning van die ander Transvaalse gemeenskappe geniet nie. Andries Pretorius het Delagoabaai, vanweë die ongesonde klimaat, as 'n onbruikbare hawe vir die Transvalers beskou en eerder aandag geskenk aan die verkryging van 'n eie hawe aan die kus van Zoeloeland.<sup>15</sup> Na Andries Pretorius se dood het sy seun, M.W. Pretorius, tevergeefs probeer om St. Luciabaai vir die Z.A.R. in die hande te kry.<sup>16</sup>

In die tussentyd het die besit van Delagoabaai sedert die laat vyftigerjare, die aandag van die Britse owerheid geniet. Ondanks die Sandrivier Konvensie het Brittanje nie onverskillig teenoor die Zuid-Afrikaansche Republiek gestaan nie. Met die oog op Brittanje se strategiese belange in Suidelike-Afrika wou die Britse regering nie graag sien dat die Z.A.R. of 'n ander moondheid aan die Ooskus 'n vastrapplek kry nie.<sup>17</sup> Portugal se teenwoordigheid aan die Ooskus het geen bedreiging vir Britse belange ingehou nie. In 1858 egter het die Britse konsul in Mosambiek berig dat die Z.A.R. glo begerig was om Delagoabaai van Portugal te koop en bygevoeg dat die Transvalers "require but a port for their commerce to become a powerful people and...to rival us in the possession of the most valuable portion of Africa".<sup>18</sup> Die reaksie van die Britse Minister van Buitelandse Sake was dat met die oog op die toenemende Britse belang in Suidelike-Afrika die verkoop van Delagoabaai aan die Z.A.R. nie toegelaat sou word nie.<sup>19</sup>

Brittanje het egter self 'n oog op die besit van Delagoabaai gehad. Op grond van 'n hoogs twyfelagtige afstandsakte van

- 
15. D.W. Kruger, op.cit., pp.148-151.
  16. G.D. Scholtz, Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner III, 1854-1881, p.474. Vgl. ook D.W. Kruger, op.cit., pp.160-165.
  17. A.N. Pelzer, Die invloed van McCorkindale se hawesemas op Britse belangstelling in Delagoabaai. Historia, Junie, 1970, p.4.
  18. G.D. Scholtz, op.cit., p.532.
  19. Ibid.



1823 het Brittanje op die suidelike deel van Delagoabaai aanspraak gemaak. In 1860, toe Portugal openlik op dié deel van Delagoabaai aanspraak gemaak het, het die Britse Departement van Buitelandse Sake dan ook die mening uitgespreek dat Brittanje nóg Portugal se aanspraak nóg die verkoop van Delagoabaai aan die Z.A.R. kon toelaat. Gevolglik het Brittanje in November 1861 die eiland Inyaka, wat die toegang tot Delagoabaai kan beheer, beset, in 'n poging om Portugal te weerhou van gebiedsuitbreiding suid van Lourenzo Marques. Ofskoon Portugal onmiddellik beswaar teen dié stap gemaak het, het die aangeleentheid gedurende die sestigerjare bly voortsloer sonder dat daar 'n bevredigende oplossing bereik kon word.<sup>20</sup>

Dit was onder hierdie omstandighede dat M.W. Pretorius se belangstelling in Delagoabaai deur die planne van ene Alexander McCorkindale aangewakker is. McCorkindale het beoog om die Z.A.R. deur middel van die Pongola- en Maputoriviere in verbinding met Delagoabaai te stel. Die Pongolarivier vloei naby Delagoabaai met die Umzutirivier ineen om die Maputorivier te vorm, wat op sy beurt in die suidelike deel van Delagoabaai uitmond. Die feit dat die Mapoturivier vir skuite bevaarbaar was en Pretorius se oortuiging dat die suidelike deel van Delagoabaai nie aan Portugal behoort het nie, het hom aangespoor om in Oktober 1867 'n ooreenkoms met McCorkindale te sluit waarvolgens laasgenoemde onderneem het om vir die Z.A.R. "eene vrije en onbelemmerde zeehaven" te voorsien. Pretorius was daarvan oortuig dat slegs die daarstelling van 'n vrye hawe die Z.A.R. uit sy isolasie en toenemende armoede sou verlos.<sup>21</sup>

Omdat McCorkindale blykbaar nie die vertroue van die Volksraad geniet het nie, het dié ooreenkoms deur die mat geval. Pretorius het egter nie die gedagte van 'n vastrapplek in Delagoabaai laat vaar nie. Onder die indruk dat Brittanje die monding van die Maputorivier in Delagoabaai vry verklaar het

---

20. A.N. Pelzer, op.cit., pp.75-76.

21. D.W. Kruger, op.cit., pp.174-177; G.D. Scholtz, op.cit., p.475.

en dat Portugal slegs die noordelike deel van die baai besit het, het Pretorius in April 1868 'n proklamasie uitgevaardig wat die oosgrens van die Z.A.R. tot aan die monding van die Maputorivier, insluitende een myl weerskante daarvan, uitgebrei het.<sup>22</sup>

Sowel Portugal as Brittanje het onmiddellik teen Pretorius se proklamasie beswaar gemaak met die gevolg dat dit 'n dooie letter gebly het. Die Z.A.R. en Portugal het in Junie 1869 'n verdrag van vrede, vriendskap en handel gesluit waarin die Z.A.R. onder andere Portugal se soewereiniteit oor Delagoabaai erken het. Ofskoon Pretorius die gedagte van 'n Transvaalse hawe in Delagoabaai moes prysgee, het die verdrag vir die Z.A.R. die voordeel ingehou dat die weg nou oop was om sonder enige beperking van sy natuurlike hawe gebruik te maak.<sup>23</sup>

Die Anglo-Portugese geskil oor die besit van Delagoabaai is in 1871 na die Franse president vir arbitrasie verwys. Voordat president MacMahon egter in 1875 ten gunste van Portugal beslis het, het die posisie van Delagoabaai in die Suider-Afrikaanse situasie, 'n gedaanteverwisseling ondergaan.<sup>24</sup>

Daar kan met 'n redelike mate van sekerheid beweer word dat indien die Z.A.R. ooit met geweld besit van Delagoabaai sou geneem het, Brittanje Portugal te hulp sou gesnel het. Aangesien die Z.A.R. dus nie in besit van Delagoabaai kon kom nie, moes die naasbeste resultaat beproef word, naamlik 'n spoorwegverbinding met Delagoabaai.<sup>25</sup> So 'n spoorwegverbinding was aan die begin van die sewentigerjare vir die Z.A.R. 'n ekonomiese noodsaaklikheid, want teen 1872 was die Republiek nog net so geïsoleerd as in 1852. Tydens president T.F. Burgers se bewindsjare sou die Z.A.R. se lotgevalle dan ook om 'n spoorwegverbinding met Delagoabaai wentel.<sup>26</sup>

---

22. D.W. Kruger, op.cit., pp.177-178.

23. Ibid., pp.180-182, pp.185-191. Vgl. ook A.N. Pelzer, op.cit., p.77.

24. Ibid., pp.79-80; G.D. Scholtz, op.cit., p.533.

25. G.D. Scholtz, op.cit., p.472 en p.477.

26. M.S. Appelgryn, Thomas Francois Burgers Staatspresident 1872-1877, p.77.

Burgers was 'n groot voorstander van 'n spoorweg tussen Pretoria en Delagoabaai en 'n paar weke na sy presidensiële aanspraak het die Uitvoerende Raad die bou daarvan goedgekeur. Nog dieselfde jaar is 'n spoorwegkonsessie aan ene George Moodie toegestaan, waarvolgens die Delagoabaaispoorweg binne vyf jaar voltooi sou word.<sup>27</sup> Vanweë Brittanje se verwagte teenkanting teen die Delagoabaaispoorweg het Burgers in 'n geheime Volksraadsitting in Junie 1873 voorgestel dat die Z.A.R. Delagoabaai van Portugal moes koop. Die Volksraad het vervolgens besluit dat met die oog op die Z.A.R. se onafhanklikheid dit van die uiterste belang was om Delagoabaai "in eigendom te verkrygen, of dat dezelve het eigendom worden van eene mogendheid, bereid en in staat de onafhankeljkheid van dezen Staat te helpen handhaven."<sup>28</sup> Die Volksraad het daarop besluit om Burgers na Europa, en indien nodig, die V.S.A. te stuur om dié transaksie te beklink of om te verhoed dat Brittanje in besit van Delagoabaai kom. As gevolg van die hangende Delagoabaaiarbitrasie tussen Portugal en Brittanje kon daar nie onmiddellik aan die Volksraadbepsluit uitvoering gegee word nie.<sup>29</sup>

Burgers het in 1874, nadat dit duidelik geword het dat Moodie nie sy spoorwegkonsessie sou kon uitvoer nie, besluit om die aanleg van die Delagoabaaispoorweg vanaf staatsweë aan te pak. In Februarie 1875 het Burgers, te midde van verdeeldheid onder die Transvalers oor sy spoorwegplanne, na Europa vertrek om daaraan uitvoering te gee. Ten spyte van allerlei struikelblokke het Burgers in Desember 1875 daarin geslaag om 'n handels- en spoorwegooreenkoms met Portugal te sluit. Burgers kon egter nie daarin slaag om die kapitaal benodig vir die Delagoabaaispoorweg in Europa in die hande te kry nie. Die Britse anneksasie van die Z.A.R. in April 1877 het die einde van Burgers se spoorwegplanne beteken.<sup>30</sup>

---

27. Ibid., pp.77-79.

28. G.D. Scholtz, op.cit., p.505.

29. M.S. Appelgryn, op.cit., pp.79-80.

30. Ibid., pp.81-94; D.W. Kruger, op.cit., pp.208-211.

Brittanje se teenkanting teen die Delagoabaaispoorweg moet as 'n oorsaak van die Britse anneksasie van die Z.A.R. beskou word.<sup>31</sup> Tydens Burgers se Europese besoek het die besit van Delagoabaai juis die aandag van Brittanje en Portugal geniet. In Junie 1875 het die Britse Departement van Buitelandse Sake inligting ontvang dat MacMahon met betrekking tot Delagoabaai ten gunste van Portugal uitspraak sou lewer en dat Burgers van plan was om Delagoabaai te koop. Gevolglik het Brittanje en Portugal ooreengekom dat die moontheid teen wie MacMahon se beslissing sou gaan, die eerste reg van aankoop van Delagoabaai sou hê. MacMahon se uitspraak ten gunste van Portugal in Julie 1875 het Brittanje gevolglik die eerste reg van aankoop van Delagoabaai gegee.<sup>32</sup>

Na die Britse anneksasie van die Z.A.R. is die potensiële waarde van Delagoabaai nie uit die oog verloor nie. In 1880 het 'n kommissie van die Transvaalse Wetgewende Raad die noodsaaklikheid van 'n spoedige spoorverbinding met Delagoabaai aangetoon. 'n Afvaardiging van Pretoria se sakelui wat 'n spoorwegverbinding met Delagoabaai by Lord Kimberley bepleit het, is meegedeel dat die Britse regering die belangrikheid van sō 'n spoorweg ingesien het.<sup>33</sup>

Die Britse Departement van Kolonies het reeds in 1878 aanbeveel dat Brittanje en Portugal tot 'n verstandhouding oor Delagoabaai kom. Onderhandelinge is nog dieselfde jaar met Portugal aangeknoop, waartydens aangeleenthede soos die Delagoabaaispoorweg, deurvoertariewe na die Transvaal en wedersydse hulpverlening met betrekking tot die Swartes ter sprake gekom het. Die Portugese regering het hierna die sogenaamde Lourenzo Marques-verdrag onderteken, waardeur Brittanje groot voordeel uit Delagoabaai kon trek. Ten tye van die Britse nederlaag te Majuba was die verdrag egter nog nie deur die Portugese parlement bekragtig nie en het daar niks van gekom nie.<sup>34</sup>

---

31. D.W. Kruger, op.cit., p.211.

32. E. Axelson, op.cit., pp.13-14; G.D. Scholtz, op.cit., p.506.

33. D.J. Coetzee, Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek 1872-1899, pp.24-26.

34. R.J. Hammond, Portugal and Africa 1815-1910, pp.83-91.

Die Z.A.R. was in 1881, ten spyte van die militêre roem wat die Eerste Vryheidsoorlog meegebring het, in 'n treurige toestand. Armoede, probleme met die Swartes en 'n gebrek aan ontwikkeling het meegebring dat daar opnuut planne beraam is om die Z.A.R. se ekonomiese isolasie te verbreek.<sup>35</sup> Soos meermale tevore, het die Transvalers na 1881 hulle hoop op 'n spoorwegverbinding met Delagoabaai gevestig.<sup>36</sup> Met die verkiesing van Paul Kruger tot president van die Z.A.R. in 1883 het die lang gekoesterde ideaal om deur Delagoabaai vrye toegang tot die see te verkry, nuwe momentum gekry.

Kruger het reeds in sy verkiesingsmanifes die totstandkoming van die Delagoabaaispoorweg "een levenskwesie" vir die Z.A.R. genoem.<sup>37</sup> Die Delagoabaaispoorweg sou dan ook tot aan die einde van die Z.A.R. die sluitsteen van Kruger se spoorwegpolitiek vorm.<sup>38</sup> Kruger was van mening dat die staatkundige onafhanklikheid alleen deur ekonomiese onafhanklikheid beveilig kon word. Daarom moes die Z.A.R., deur middel van die Delagoabaaispoorweg, onafhanklik van die koloniale spoorweë en hawens gemaak word.

Die totstandkoming van die Delagoabaaispoorweg was naas die wysiging van die Pretoria Konvensie, een van die belangrikste oogmerke van die Derde Deputasie. Na die sluiting van die Londense Konvensie in Februarie 1884 het die deputasie hul volle aandag aan die Delagoabaaispoorweg geskenk. Reeds in April 1884 is 'n ooreenkoms met twee Nederlanders vir die bou van die Z.A.R.-gedeelte van die Delagoabaaispoorweg gesluit. Die deputasie se besoek aan Portugal was egter minder geslaagd. Sonder om die Z.A.R., soos vroeër ooreengekom, te raadpleeg, het Portugal reeds in Desember 1883 'n konsessie vir die bou van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg, aan 'n Amerikaanse spekulant, Eduard McMurdo, verleen. Uit die

---

35. D.W. Kruger, Paul Kruger II, p.1.

36. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders I, p.38. Vgl. ook D.J. Coetzee, op.cit., pp.29-34.

37. G.D. Scholtz, Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902 I, p.111.

38. D.W. Kruger, op.cit., p.111.

Z.A.R. se oogpunt het die McMurdo-konsessie dié nadeel ingehou dat dit geen bepalinge aangaande spoorwegtariewe bevat het nie. McMurdo, of wie ook al in besit van sy konsessie sou kom, kon dus in die toekoms die goedereverkeer op die Delagoabaaispoorweg manipuleer deur bloot sy tariewe te verhoog of verlaag.

Kruger en sy vertrouelinge het alles in hul vermoë gedoen om hierdie struikelblok uit die weg te ruim, maar met weinig sukses. Die Portugese regering was nie bereid om die McMurdo-konsessie te kanselleer of te wysig nie, maar was slegs bereid om 'n tremkonsessie aan die Z.A.R. in die vooruitsig te stel indien 'n tariefooreenkoms tussen die Z.A.R. en McMurdo nie moontlik blyk te wees nie. Na die deputasie se terugkeer na die Z.A.R. is die aanleg van die Delagoabaaispoorweg verder in die wyle gery deurdat die benodigde kapitaal nie in Europa gevind kon word nie. Hierdie probleem is deur die Z.A.R. se swak finansiële posisie vererger. Die ontdekking van goud in 1886 aan die Witwatersrand het egter uitkoms gebring en nadat die medewerking van Duitse kapitaalkringe verkry is, is die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij in Junie 1887 opgerig.<sup>39</sup> Teen November 1887 kon die NZASM met voorbereidende werksaamhede by Komatipoort begin met die oog op die verlenging van die Portugese spoorweg op Transvaalse grondgebied. In Mei 1888 het Kruger egter 'n verbod op spoorwegbou aan die oosgrens uitgevaardig.<sup>40</sup> Kruger se verbod het voortgespruit uit die sloerende tariefonderhandelinge tussen die NZASM en McMurdo.

McMurdo se optrede met betrekking tot sy spoorwegkonsessie het sedert 1884 die vermoede in Transvaalse en Nederlandse kringe laat ontstaan dat hy niks anders as 'n spekulant was nie. Om uitvoering aan sy konsessie te gee, het McMurdo naas 'n Portugese maatskappy ook 'n Britse maatskappy, waarby Britse kapitaal betrokke was, opgerig, sonder om besit of beheer oor die konsessie prys te gee. Die moontlikheid van enige Britse invloed in die Delagoabaaispoorweg was vanselfsprekend vir Kruger

---

39. P.J. van Winter, op.cit., pp.149-167. Vgl. ook D.J. Coetzee, op.cit., pp.41-56.

40. P.J. van Winter, op.cit., pp.172-174.

'n onrusbarende gedagte. Boonop het McMurdo die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg eers in Oktober 1887, in plaas van Mei 1887 soos sy konsessie bepaal het, voltooi. Behalwe dat dié spoorweg swak gekonstrueer was, het dit ongeveer agt kilometers van die Z.A.R.-grens geëindig.<sup>41</sup>

Die tariefonderhandelinge tussen die NZASM en McMurdo het in die tweede helfte van 1887 begin en sou dwarsdeur 1888 voortsleep. Hoofsaaklik vanweë McMurdo se buitensporige tariefeise kon geen ooreenkoms bereik word nie. Dit was vanweë hierdie dooiepunt in die tariefonderhandelinge dat Kruger die spoorwegverbod uitgevaardig het. Kruger wou eers toesien dat 'n bevredigende tariefooreenkoms tot stand kom alvorens daar met die aanleg van die Z.A.R.-gedeelte van die Delagoabaaispoorweg begin word. Waarskynlik wou Kruger deur die spoorwegverbod vir McMurdo tot redelikheid dwing, want sonder die verlenging van die Delagoabaaispoorweg op Z.A.R.-grondgebied, was McMurdo se konsessie en spoorweg waardeloos.<sup>42</sup>

Kruger se optrede het in Brittanje nie onopgemerk verby gegaan nie. Britse koerante het daarop gesinspeel dat die NZASM, en die Duitse belange daarin, 'n poging sou aanwend om in besit van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg te kom. Aan die begin van 1888 het Lord Roseberry in die Britse Hoërhuis aangevoer dat Brittanje se politieke en ekonomiese belange in Suid-Afrika benadeel sou word indien die Portugese spoorweg in Nederlands-Duitse hande sou val. Roseberry was bevrees dat die NZASM diskriminerende tariewe vir Britse goedere op die Delagoabaaispoorweg sou instel.<sup>43</sup>

Dit was juis 'n stryd tussen die Z.A.R. en Brittanje in 1888 oor invoerregte wat bygedra het om die ekonomiese en politieke betekenis van die Delagoabaaispoorweg in die kollig te plaas. Volgens artikel 39 van die NZASM se konsessie sou geen invoerregte gehef word op goedere wat oor die Delagoabaaispoorweg

- 
41. Lotgevallen van den Spoorweg van Lourenzo Marques naar de grenzen der Zuid-Afrikaansche Republiek 1875-1889, pp.5-10. Vgl. ook G.D. Scholtz, op.cit., p.143 en P.J. van Winter, op.cit., p.175.
42. P.J. van Winter, op.cit., p.174.
43. Ibid., pp.184-185.

vervoer word nie. Die doel hiervan was om die Delagoabaai=spoorweg, as die toekomstige ekonomiese slagaar van die Z.A.R., bo enige koloniale spoorweg te bevoordeel. Vanaf Britse kant is daar in 1888 teen artikel 39 beswaar gemaak as sou dit in stryd met artikel 13 van die Londense Konvensie wees waarvolgens die Z.A.R. nie hoër invoerregte op Britse goedere as op dié van ander state kon hef nie. Die Z.A.R. het nie hierdie vertolking aanvaar nie, maar was bereid om artikel 39 te skrap, mits daar sekerheid was dat McMurdo se konsessie nie in Britse hande sou val nie.<sup>44</sup>

Gevolgtlik het die Z.A.R. op 25 Mei 1888 die Kaapkolonie en Natal versoek om te verklaar dat hulle geen voorneme gehad het "to buy or acquire the Portuguese Delagoa Railway nor the controlling power in that railway or in McMurdo's Company and that they have no intention to oppose or counteract this Government with regard to that railway".<sup>45</sup> Die twee Britse kolonies is voorts meegedeel dat die Z.A.R. vermoed het dat McMurdo moontlik op die Britse regering se steun in sy onderhandelinge met die Z.A.R. wou staat maak. Daarom sou die verlangde verklaring deur die twee kolonies tot voordeel van die ganse Suid-Afrika strek.<sup>46</sup> In September 1888 het die Britse Hoë Kommissaris berig dat "Her Majesty's Government have no intention of acting in an unfriendly spirit towards the South African Republic in regard to the railway or any other matter."<sup>47</sup> Daarop het die Z.A.R. artikel 39 gekanselleer waardeur die probleem van invoerregte opgelos is.

Aan die einde van 1888 was die McMurdo-konsessie nog steeds die grootste struikelblok in die totstandkoming van die Delagoabaaispoorweg. Gelukkig vir Kruger het 'n geskil tussen McMurdo en die Portugese regering oor die uitstaande agt kilometer van die Portugese spoorweg ontstaan. Nadat die Portugese

---

44. Ibid., pp.185-189.

45. SSa. 6, R.4636/88, Staatsekretaris - Hoë Kommissaris, 25.5.88. (telegram).

46. Ibid.

47. SSa. 6, R.8172/88, Hoë Kommissaris - Kruger, 7.9.88.



regering McMurdo herhaaldelik versoek het om die spoorweg tot aan die Z.A.R. se oosgrens te voltooi, het hulle in Oktober 1888 'n ultimatum aan McMurdo gestel. Indien hy nie die uitstaande paar kilometers voor 26 Junie 1889 sou voltooi nie, sou die McMurdo-konsessie gekanselleer word.<sup>48</sup>

McMurdo het hom nie aan die Portugese ultimatum gesteur nie en aan die einde van 1888 met Rhodes oor die spoorweg onderhandel. Wat Rhodes se standpunt op hierdie stadium met betrekking tot die Delagoabaaispoorweg was, is nie seker nie, maar daar het niks van die onderhandelinge gekom nie. Met die aanbreek van 1889 het die NZASM egter alle hoop op 'n tariefooreenkoms met McMurdo laat vaar en besluit om op die verstryking van die Portugese ultimatum in Junie 1889 te wag.<sup>49</sup>

Terwyl die NZASM tevergeefs probeer het om met McMurdo 'n tariefooreenkoms te sluit, het dit al duideliker geword dat Kruger die Delagoabaaispoorweg die hoeksteen van die Z.A.R. se onafhanklikheid wou maak. Na die ontdekking van goud in 1886 het die Z.A.R. eensklaps die rykste staat in Suid-Afrika geword. Waar die Britse kuskolonies die Z.A.R. voor 1886 as die aspoestertjie behandel het, het die Z.A.R. na 1886 die skone pruisies geword na wie se hand almal meegeding het. Na 1886 het daar 'n wedywing tussen die Kaapkolonie en Natal ontstaan om hul hawens eerste per spoorweg met die nuwe rykdom te verbind.<sup>50</sup>

Kruger was na 1886 nie te vinde vir die onmiddellike totstandkoming van 'n spoorwegverbinding met die koloniale hawens nie. Die kern van Kruger se spoorwegbeleid was dat die Z.A.R., deur middel van die Delagoabaaispoorweg, oor 'n verbinding met die see moes beskik waarvoor Brittanje of Britse belange geen beheer of invloed kon uitoefen nie. Delagoabaai moes die Z.A.R. se vernaamste hawe word en die Delagoabaaispoorweg die

---

48. D.J. Coetzee, op.cit., p.66. Vgl. ook P.J. van Winter, op.cit., pp.176-179.

49. P.J. van Winter, op.cit., p.181 en pp.193-195.

50. G.D. Scholtz, Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1881-1899, p.333 en 335.

ekonomiese slagaar van die Republiek. Kruger het ook soos sy voorgangers die Voortrekkerideaal van 'n eie hawe nagestreef. Voordat die Z.A.R. nie in besit van 'n eie hawe was nie of voordat daar nie met die aanleg van die Z.A.R.-gedeelte van die Delagoabaaispoorweg begin is nie, was Kruger nie bereid om die verlenging van die koloniale spoorweë op Z.A.R.-grondgebied toe te staan nie.<sup>51</sup>

Die groot waarde wat Kruger aan die Delagoabaaispoorweg geheg het, kom ook na vore uit sy spoorwegbeleid met betrekking tot die Oranje-Vrystaat. Die O.V.S. se ekonomiese welsyn het hom aan die koloniale hawens gebind. Daarom was 'n spoorwegverbinding met die Suide vir die Vrystaters net so belangrik as wat die spoorweg na Delagoabaai vir die Z.A.R. was.<sup>52</sup> Kruger en pres. J.H. Brand kon nie oor 'n gemeenskaplike spoorwegbeleid ooreenkom nie.<sup>53</sup> Brand se opvolger, F.W. Reitz, het egter in Maart 1889 'n ooreenkoms met Kruger te Potchefstroom bereik. Daarvolgens het die Z.A.R. 'n mate van seggenskap oor die verlenging van die Kaapse spoorweg ten noorde van Bloemfontein verkry, terwyl die O.V.S. verseker is dat die Kaapse spoorweg na die Witwatersrand oor Bloemfontein sou gaan. Die verstandhouding tussen Kruger en Reitz was dat sodra daar 'n geskikte tariefooreenkoms met betrekking tot die Z.A.R. en Portugese gedeeltes van die Delagoabaaispoorweg gesluit was, die Z.A.R. sou meewerk om die spoorweg tussen Johannesburg en die Vaalrivier so gou as moontlik te voltooi, waarby die Kaap-O.V.S.-spoorweg dan sou aansluit.<sup>54</sup> Teen Maart 1889 was dit slegs 'n tariefooreenkoms met McMurdo wat 'n spoorwegverbinding tussen die Z.A.R. en Delagoabaai, asook die Kaapse hawens, verhoed het.

McMurdo het in die eerste maande van 1889 geen poging aangewend om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg tot aan

- 
51. Ibid., p.360. Vgl. ook D.J. Coetzee, op.cit., pp.83-84.  
52. G.D. Scholtz, op.cit., p.363.  
53. D.J. Coetzee, op.cit., pp.85-86.  
54. J.C. Moll, F.W. Reitz en die O.V.S., p.121. (Argief=jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1973). Vgl. ook Z.A.R. 7, Notulen van de Volksraadzitting der Z.A. Republiek, 1890, artikels 193 en 194.

die oosgrens van die Z.A.R. te voltooi nie. Hy het skynbaar onder die indruk verkeer dat die Portugese regering, vanweë die Britse belange in McMurdo se spoorweg, nie die konsessie sou intrek nie. McMurdo is egter aan die begin van Mei 1889 plotseling oorlede en ofskoon sy dood geen verandering in die status quo veroorsaak het nie, het dit tog bygedra om die belangstelling in sy konsessie gaande te hou.<sup>55</sup> Beelaerts van Blokland, die Z.A.R. se gesant in Europa, het na McMurdo se dood die moontlikheid oorweeg om die konsessie vir die Z.A.R. in die hande te kry, maar die Z.A.R.-regering wou liewers tot na die verstryking van die ultimatum wag. In Junie 1889 is Portugal dan ook meegedeel dat die Z.A.R. geen poging sou aanwend om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in die hande te kry nie. Die Portugese regering is verder meegedeel dat die Z.A.R. daarop gereken het dat Portugal, na die intrekking van die McMurdo-konsessie, self oor die tariefvraagstuk sou besluit.<sup>56</sup>

Op 26 Junie 1889 het die Portugese regering McMurdo se konsessie ingetrek en terselfdertyd die beheer van die spoorweg oorneem. In Britse kringe het dié stap tot groot ontevredenheid aanleiding gegee, veral omdat McMurdo se Britse spoorwegmaatskappy die diplomatieke steun van die Britse ambassadeur in Lissabon geniet het.<sup>57</sup> Sowel Brittanje, namens die Britse aandeelhouders in McMurdo se spoorweg, en die V.S.A., namens McMurdo se weduwee, het oor die intrekking van die konsessie beswaar by Portugal aangeteken.<sup>58</sup>

Uit 'n onderhoud tussen die Britse ambassadeur in Lissabon, sir George Petre, en die Portugese Minister van Buitelandse Sake, Barros Gomes, in September 1889, is dit duidelik dat Brittanje bekommerd was oor die moontlikheid dat die Z.A.R.

---

55. P.J. van Winter, op.cit., p.196; F.G.E. Nilant, Jhr. Mr. G.J. Th. Beelaerts van Blokland, Gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek (1843-1897), pp.186-191.

56. F.G.E. Nilant, op.cit., p.188.

57. Ibid., pp.192-193.

58. P.J. Hammond, op.cit., pp.237-238; P.J. van Winter, op.cit., p.204.

druk op Portugal uitgeoefen het om die McMurdo-konsessie in te trek. Gomes het Petre egter die versekering gegee dat Portugal geen begeerte gehad het dat die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in die hande van die Z.A.R. moes val nie.<sup>59</sup>

Terwyl Portugal aan die Britse en Amerikaanse besware teen die intrekking van die McMurdo-konsessie aandag geskenk het, het Van Blokland van die geleentheid gebruik gemaak om namens die NZASM op 4 September 1889 'n tariefooreenkoms met die Portugese te sluit. Op versoek van Van Blokland is die tariefooreenkoms eers op 16 September 1889 in die Portugese Staatskoerant bekend gemaak waarna Kruger onmiddellik sy spoorwegverbod opgehef het.<sup>60</sup> Dit wou voorkom asof die laaste struikelblok in die aanleg van 'n spoorweg tussen Pretoria en Delagoabaai iets van die verlede was.

Die omstandighede en gebeure rondom die Delagoabaaispoorweg in 1889 kon egter nie anders as om die Z.A.R. onrustig te stem oor die toekoms van dié spoorweg nie. Scholtz<sup>61</sup> sien dan ook hierdie gebeure as die begin van baie ambisieuse planne van Kruger en sy volgelinge om die Z.A.R. se ekonomiese onafhanklikheid te verseker. Die Z.A.R. sou in die toekoms moes voorsorg tref dat Delagoabaai nie in die besit van 'n ander moondheid as Portugal kom nie. Dit sou nog meer in die Z.A.R. se belang wees indien hy self 'n sekere mate van beheer oor Delagoabaai kon uitoefen deur byvoorbeeld beheer oor die Portugese deel van die spoorweg te verkry, deur Delagoabaai of 'n stuk grondgebied, insluitende die hawe, van Portugal te koop, deur sy eie hawewerke aan te lê, deur geld aan die Portugese regering voor te skiet in ruil vir regte met betrekking tot Delagoabaai en om geldelike belang te verkry in maatskappye wat die ontwikkeling van Delagoabaai beoog het. Anders gestel: die Z.A.R. sou in die toekoms pogings moes aanwend om sy belange in Delagoabaai en die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg te beveilig.

---

59. G.D. Scholtz, Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902 I, p.145.

60. F.G.E. Nilant, op.cit., pp.193-196; SSa.57, T.B.925/89, Regering - Beelaerts van Blokland, 19.9.89 (telegram).

61. G.D. Scholtz, op.cit., p.145.

HOOFSTUK II

DR. W.J. LEYDS SE SENDING NA  
EUROPA, OKTOBER 1889

Op 16 Oktober 1889 het die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n geheime opdrag aan die staatsekretaris, dr. W.J. Leyds, gegee, waarvolgens Leyds na Europa sou gaan ten einde te probeer om onder andere die belange van die Z.A.R. in Delagoabaai en die Portugese gedeelte van die Delagoabaai spoorweg te beveilig. Leyds se opdrag het die volgende bevels: In die eerste instansie moes hy, in oorleg met Van Blokland, probeer om Portugal sover te kry om 'n stuk Portugese grondgebied ten ooste van die Z.A.R., tussen die Lebomboberge en die see, met uitsluiting van die Limpopo- en Olifantsrivier, aan die Z.A.R. te verkoop. Leyds is gemagtig om hiervoor 'n bedrag van hoogstens een miljoen pond sterling aan Portugal aan te bied.<sup>1</sup>

Afgesien van hierdie stuk grond het die regering dit in die tweede instansie ook wenslik geag om "algeheel afstand te verkrygen" van 'n stuk Portugese grondgebied tussen die Lebomboberge en die see wat die Maputorivier en die monding daarvan "aan de Republiek soude brengen". Indien die afstand van hierdie grond nie bewerkstellig kon word nie, moes Leyds, na gelang van omstandighede, poog om of 'n onderneming van die Portugese regering te verkry dat hulle aan niemand anders sonder die toestemming van die Z.A.R. regte sou verleen op die riviere wat vanuit die Z.A.R. deur Portugese grondgebied na die see gevloei het nie, of sodanige rivierregte vir die Z.A.R. te bekom. In soverre dit hierdie regte en die Limpoporivier betref, moes Leyds die kontrak wat die regering knap voor Leyds se vertrek na Europa met kapt. G.A. Chaddock<sup>2</sup>

- 
1. L.A. 250, Regering - Staatsekretaris, 16.10.89.
  2. Chaddock het in 1884 daarin geslaag om die monding van die Limpoporivier vanaf die see binne te dring. Op grond van hierdie prestasie het Chaddock aanspraak op sekere regte met betrekking tot die Limpoporivier gemaak. Vgl. L.A. 622, G.R.27/89, Chaddock - Staatspresident, 30.8.89.

aangegaan het, in gedagte hou. Met die oog op die verkryging van sodanige rivierregte is dit as 'n alternatiewe moontlikheid aan Leyds oorgelaat om die toetrede van die Z.A.R. tot die ondertekenaars van die Konferensie van Berlyn<sup>3</sup> te bewerkstellig.<sup>4</sup>

Afgesien van hierdie opdragte het die regering Leyds verder versoek om aandag te skenk aan die stand van sake met betrekking tot die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg. Die Z.A.R.-regering was onder die indruk dat dié spoorweg, kragtens die bepalinge van die McMurdo-konsessie, in Desember 1889 aan die hoogste bieder verkoop sou word. Leyds moes vasstel watter optrede van die Z.A.R. in dié geval die voordeligste sou wees. Ten einde uitvoering aan sy opdrag te gee, is Leyds van elf "met het grootzegel voorsz. blanco document-vellen" voorsz. wat hy tesame met die nodige magtigingsbriewe na gelang van omstandighede kon gebruik. Verder is daar 'n voorskot van £500 vir reis- en ander onkoste in die uitvoering van die opdrag aan Leyds toegestaan. Indien nodig kon hy nog geld van die regering aanvra.<sup>5</sup>

Ofskoon daar geen melding van Delagoabaai in Leyds se opdrag gemaak word nie, is dit uit 'n bestudering van die ligging van die grondgebied wat Leyds van Portugal moes koop duidelik dat die Z.A.R. die soewereiniteit oor Delagoabaai en die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg wou verkry het.<sup>6</sup> In die Portugese grondgebied begrens deur die oosgrens van die Z.A.R., die Limpopo- en Olifantsriviere en die Indiese oseaan was Delagoabaai die enigste plek van wesenlike belang vir die Z.A.R. Die naaste ander hawens aan die ooskus was Kosibaai wat buite die Portugese invloedssfeer geleë was en waarop die Z.A.R. self aanspraak gemaak het en die Portugese hawe Inhambane wat ten noorde van die monding van die Limpoporivier geleë was en dus buite Leyds se opdrag geval het. As in ag

- 
3. Die Berlynse Konferensie het vir handelsvryheid vir alle nasies op sekere Afrikaanse riviere voorsiening gemaak. Vgl H.J. van Aswegen, Geskiedenis van Afrika, pp.279-280.
  4. L.A.250, Regering - Staatsekretaris, 16.10.89.
  5. L.A.250, Regering - Staatsekretaris, 16.10.89.
  6. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders I, p.206; G.D. Scholtz, Die Oorsaak van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902 I, p.146.

geneem word dat die Portugese gedeelte van die Delagoabaai=spoorweg feitlik tot aan die oosgrens van die Z.A.R. voltooid was en dat die konstruksie van die Z.A.R.-gedeelte van die Delagoabaaispoorweg op 1 November 1889 te Komatipoort<sup>7</sup> sou begin, is dit haas ondenkbaar dat die Z.A.R. bereid sou wees om £1 000 000 vir dié grondgebied te betaal sonder om van die Delagoabaaispoorweg en -hawe gebruik te maak.

Die ander aspekte van Leyds se opdrag dui ook daarop dat die Z.A.R.-regering se aandag op daardie stadium op Delagoabaai gevestig was. Die opdrag aan Leyds om 'n stuk Portugese grondgebied te verkry wat die Maputorivier en sy monding "aan de Republiek zoude brengen" het ook op Delagoabaai betrekking gehad, aangesien die Maputorivier in Delagoabaai uitgemond het. Die Z.A.R.-regering het juis op daardie stadium aandag geskenk aan die moontlikheid om deur middel van die ooswaarts=vloeiende riviere van die Z.A.R. toegang tot die see te verkry. Leyds se opdrag in verband met die Maputorivier was waarskynlik bedoel om 'n tweede verbindingsweg tussen die Z.A.R. en Delagoabaai tot stand te bring, aangesien die Pongolarivier in die Maputorivier ingevloei het en albei riviere vir klein voertuie bevaarbaar was.<sup>8</sup>

Hoewel daar nie presies vasgestel kon word wat tot die opdrag aan Leyds aanleiding gegee het nie, is daar nietemin enkele sake wat moontlik tot hierdie besluit van die regering bygedra het en gevolglik nadere toeligting verdien. Die eerste saak was die stand van sake rondom die besit van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg. Die tariefreëling van September 1889 tussen Portugal en die NZASM het nie al die struikelblokke in verband met 'n spoorweg tussen die Z.A.R. en Delagoabaai uit die weg geruim nie. Oor die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg het daar 'n vraagteken gehang in soverre Brittanje beswaar gemaak het teen Portugal

---

7. N.G. Garson, The Swaziland Question and a road to the sea, pp.312-316 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1957 II); Jaarverslag NZASM 1889, p.5.

8. L.A.622, Ooreenkoms tussen Chaddock en regering, 16.10.89.

se kansellering van die McMurdo-spoorwegkonsessie op 26 Junie 1889.<sup>9</sup> Volgens die bepalings van die konsessie moes dit, vanweë die kansellering daarvan, na ses maande, dit wil sê in Desember 1889, per openbare veiling opgeveil word.<sup>10</sup> Teen Oktober 1889 was daar onsekerheid oor watter optrede die Portugese en Britse regerings in verband met die saak beoog het. Gelet op die belangrikheid van die Delagoabaaispoorweg vir die Z.A.R., is dit vanselfsprekend dat Brittanje se moontlike optrede met betrekking tot die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg groot nadeel vir die Z.A.R. kon inhou.

In dié verband is dit insiggewend dat De Volksstem, wat 'n groot voorstander van Kruger se spoorwegpolitiek was, slegs twee dae voor die opdrag aan Leyds, op 14 Oktober 1889, aandag aan Brittanje se belange in die Delagoabaaispoorweg geskenk het. Die belangrikheid van Delagoabaai vir die staatkundige en ekonomiese onafhanklikheid van die Z.A.R. is deur dié koerant beklemtoon en dienaangaande die volgende stelling gemaak: "De weg van de Transvaal naar zee is over de Delagoabaai het kortst en vrij van Engelschen invloed en Engelsch bestuur. Wat wil men meer?"<sup>11</sup> Aangaande die protes in Britse kringe teen die kansellering van die McMurdo-konsessie is die Britse sienswyse as volg geformuleer: "Het is, (die kansellering) brúlt de engelsche leeuw, een zaak van nationale eer en nationale belang. Transvaal heeft zamengesworen tegen Engeland... Delagoabaai is de voornaamste haven naar de Engelschen in de noordelijke streken, en zal dan niet Engeland het eerste woord hebben op den spoorweg daarheen?... Nu is het een werktuig in de hand van Paul Kruger."<sup>12</sup> Gesien in die lig van die feit dat die Z.A.R.-regering twee dae later Leyds opdrag gegee het om aandag te skenk aan die verkoop van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg, versterk dit die vermoede dat dié aangeleentheid 'n belangrike aangeleentheid in Leyds se sending na Europa was.

'n Tweede saak wat moontlik 'n invloed op die besluit van die

---

9. P.J. van Winter, op.cit., pp.203-204.

10. Ibid., p.199.

11. De Volksstem, 14.10.89.

12. Ibid.



Z.A.R.-regering gehad het om Leyds na Europa te stuur, was die kwessie van rivierregte op die riviere wat vanuit die Z.A.R. ooswaarts deur Portugees-Oos-Afrika na die see gevloei het. Hierdie kwessie is in September 1889 deur kapt. G.A. Chaddock, 'n voormalige offisier in die Britse handelsvloot, onder die aandag van die Z.A.R.-regering gebring. Na verskeie beraadslagings het die regering op 16 Oktober 1889, dieselfde dag wat die regering se opdrag aan Leyds gedateer is, 'n ooreenkoms met Chaddock gesluit. Daarvolgens sou Chaddock, teen betaling van £100 per maand, sy dienste tot Mei 1890 uitsluitlik ter beskikking van die regering stel met die oog op die verkryging van regte met betrekking tot die Limpoporivier. Die regering sou op hul beurt probeer om, met die samewerking van Chaddock indien nodig, die "regte" waarop laasgenoemde aanspraak gemaak het deur Portugal erken te kry.<sup>13</sup> Uit Leyds se opdrag is dit egter duidelik dat die regering se bemoeienis met Chaddock nie 'n belangrike rol in die formulering van Leyds se opdrag kon gespeel het nie.<sup>14</sup>

Die bogenoemde twee sake bied slegs 'n verklaring vir die minder belangrike aspekte van Leyds se opdrag, naamlik die kwessie van rivierregte en die moontlike verkoop van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in Desember 1889. Waarom die Z.A.R.-regering besluit het om sy soewereiniteit oor die ganse Delagoabaairoete, dit wil sê die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg en Delagoabaai, uit te brei, word nêrens vermeld nie. As daar egter gelet word op die Z.A.R.-regering se kommer oor die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg dan lyk die aanneemlikste verklaring vir die opdrag aan Leyds dat die regering finaal alle struikelblokke in die weg van 'n vrye toegang tot die see uit die weg wou ruim. Dat Portugal se besit van Delagoabaai vir die Z.A.R. nie 'n vrye toegang tot die see gewaarborg het nie, moes vir die Z.A.R.-regering uit Portugal se hantering van die McMurdo-konsessie duidelik gewees het.

---

13. L.A.622, Ooreenkoms tussen Chaddock en regering, 16.10.89. Volgens 'n aantekening op die dokument is die ooreenkoms dieselfde dag deur 'n geheime Uitvoerende Raadsbesluit bekragtig.

14. L.A.250, Regering - Staatsekretaris, 16.10.89.

Ofskoon daar dus nie duidelikheid oor die ontstaan van die opdrag aan Leyds is nie, is dit tog merkwaardig dat die moontlikheid van 'n oorname van Delagoabaai en die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg deur die Z.A.R. reeds in Augustus 1889 deur The Star aangeroei is. In 'n hoofartikel van 8 Augustus 1889 het The Star beweer dat Kruger van plan was om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in die hande te kry en opgemerk: "And who knows what influence the possession by this State of a railway to the shore of Delagoa Bay would have upon the future ownership of that port? The dream of the patriots to have a port of their own might even yet become a reality."<sup>15</sup> Twee dae later het The Star in 'n verdere hoofartikel die bewering gemaak dat die Z.A.R. van plan was om op 'n eerbare of oneerbare wyse in besit van Delagoabaai te kom wanneer die aandag van Europa deur Europese gebeure in beslag geneem sou word. Ver van Europa sou Delagoabaai dan aan die genade van die Z.A.R. uitgelewer wees.<sup>16</sup> In 'n hoofartikel van 22 Augustus 1889 het The Star die volgende motivering verskaf waarom Kruger 'n spoorwegverbinding met Delagoabaai bo een met Durban verkies het: "The longing eye which has for so long been cast upon that port (Delagoabaai) as the port of the Transvaal, is still turned in that direction; the secret desire to possess it, and convert it from a Portuguese port into a Transvaal port, still occupies many minds, and Utopian as are the wishes of the party who indulge in the hope of seeing the Transvaal flag flying at Lourenzo Marques, they will continue to be indulged in."<sup>17</sup> Oor watter mate van waarheid daar in die beweringe van The Star gesteeke het, kan alleen oor gespekuleer word. In die lig van hierdie beweringe en die stand van sake met betrekking tot die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in Oktober 1889 wil dit voorkom asof die Z.A.R.-regering die plan om die grondgebied tussen die Z.A.R. se oosgrens en die see van Portugal te koop, nie uit die lug gegryp het nie.

---

15. The Star, 8.8.89 (redaksioneel).

16. Ibid., 10.8.89 (redaksioneel).

17. Ibid., 22.8.89 (redaksioneel).

'n Verdere saak waaraan Leyds volgens P.J. van Winter<sup>18</sup> in Europa aandag aan moes gee, was die gedagte van 'n eie Republikeinse skeepsredery wat vanuit Delagoabaai sou funksioneer. Ofskoon daar in die amptelike stukke wat op Leyds se sending betrekking het, geen sodanige opdrag vermeld word nie, kan Van Winter se bewering in die verband nie sondermeer geïgnoreer word nie, aangesien, soos later sal blyk, Leyds wel tydens sy verblyf in Europa daadwerklik aandag aan die gedagte van 'n Republikeinse skeepsredery geskenk het.<sup>19</sup> Dat Leyds se optrede in dié verband gewyt moet word aan die voorstelle wat die Pretoria-skeepvaartkomitee op 14 Oktober 1889 aan die regering voorgelê het, lyk redelik seker te wees. In hoofsaak het hierdie voorstelle daarop neergekom dat noudat die Delagoabaaispoorweg aanstons oor Z.A.R.-grondgebied aangelê sou word, die tyd ryp was vir die instel van 'n Republikeinse skeepsredery wat tussen Delagoabaai en Europa sou opereer.<sup>20</sup> Op 16 Oktober 1889, dieselfde dag waarop Leyds sy opdrag van die regering ontvang het, het die Uitvoerende Raad hulle in beginsel met die voorstelle van die Pretoria-skeepvaartkomitee vereenselwig, naamlik die spoedige totstandkoming van 'n Republikeinse skeepsredery. Die Uitvoerende Raad het onderneem om 'n voorstel vir die totstandkoming van só 'n skeepsredery by die volgende sitting van die Volksraad in 1890 in te dien.<sup>21</sup> Op 18 Oktober 1889 is die skeepvaartkomitee meegedeel dat die regering van voorneme was om een-kwart van die skeepsredery se oprigtingskapitaal by te dra.<sup>22</sup>

Ofskoon die stigting van 'n Republikeinse skeepsredery nie amptelik deel van Leyds se opdrag gevorm het nie, is daar tog aspekte daarvan wat nie in verband met Leyds se opdrag geïgnoreer kan word nie. Twee lede van die Uitvoerende Raad,

- 
18. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, p.103.
  19. L.A.250, Leyds - Van Boeschoten, Amsterdam 4.12.89; Leyds - Asser, 15.12.89.
  20. S.S.1563, R.10771/89, Skeepvaartkomitee - Staatsekretaris, 14.10.89. 'n "Memorie van Toelichting" is hierby aangeheg.
  21. U.R.9, U.R.B.664, 16.10.89.
  22. S.S.1563, B.B.3408/89, Waarnemende Staatsekretaris - P.J. Joubert en D.H. Schmöll, 18.10.89.

genl. Piet Joubert en J.M.A. Wolmarans, wat vir die opdrag aan Leyds verantwoordelik was, was ook lede van die Pretoria-skeepvaartkomitee. In 'n memorandum wat die skeepvaartkomitee by hulle voorstelle ingesluit het, is daar gedagtes oor die kusgebied ten ooste van die Z.A.R. uitgespreek, wat verband hou met die opdrag aan Leyds. Die skeepvaartkomitee het onder andere gewys op die groot waarde wat 'n Republikeinse skeepsredery vir die Z.A.R. sou inhou, indien "door Europeesche verwickelingen, voor de Republiek het geschikte oogenblik aanbren om, hetzy door koop, tractaat of anderszins, hare natuurlijke Oostelijke hawens (by uitstek Delagoabaai) in eigendom te verkrijgen..."<sup>23</sup> Watter mate van sukses Leyds ook al met die uitvoering van sy opdrag in Europa sou behaal, die totstandkoming van 'n Republikeinse skeepsredery te Delagoabaai sou slegs tot die sukses van die Delagoabaaispoorweg kon bydra.

Leyds het kort na 16 Oktober 1889 per poskoets oor Kimberley na Kaapstad vertrek.<sup>24</sup> 'n Posboot van 'n Britse redery sou hom teen die middel van November 1889 in Engeland besorg. Delagoabaai, die natuurlike hawe van die Z.A.R., het ten tye van Leyds se vertrek feitlik in dieselfde posisie verkeer as in die dekades vantevore: afgesluit van 'n lewensvatbare verbinding met nóg die Z.A.R. nóg Europa.

#### Spekulasie oor die doel van Leyds se besoek aan Europa

In Pretoria het die regering die rede vir Leyds se drie maande buitelandse verlof aangegee as om sy eggenote, wat in Europa was, na Suid-Afrika te vergesel. Dit is egter twyfelagtig of die feit, as sou Leyds sy vrou na Suid-Afrika vergesel, as dekmantel vir Leyds se sending gedien het en of die regering besluit het om van Leyds se voorgenome besoek aan Europa gebruik te maak vir regeringsake. Al inligting in dié verband is 'n skrywe van Leyds aan Beelaerts van Blokland op 11

---

23. S.S.1563, R.10771/89, Skeepvaartkomitee - Staatsekretaris, 14.10.89.

24. De Volksstem, 17.10.89; 24.10.89.

Oktober 1889. Daarin meld Leyds slegs dat dit skielik besluit is dat hy vir drie maande verlof na Europa toe moet gaan om sy vrou te gaan haal.<sup>25</sup> Die feit bly egter staan dat die teenwoordigheid van Leyds se vrou in Europa as 'n gerieflike dekmantel vir sy sending gedien het.

Binne die Z.A.R. egter het nie almal die teenwoordigheid van Leyds se vrou in Europa as al rede vir sy besoek aan Europa aanvaar nie. In Johannesburg het The Star pas na Leyds se vertrek uit Pretoria, die doel van sy reis beskryf as die aankoop vir die Z.A.R. van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg. Volgens die koerant sou die Uitvoerende Raad na bewering goeie hoop gekoester het om die Portugese gedeelte van die spoorweg in die hande te kry en sodoende beheer oor die hele Delagoabaaispoorweg te verkry. The Star het Leyds alle sukses met sy reis toegewens, omdat enige vordering van die Z.A.R. met betrekking tot die Delagoabaaispoorweg kon bydra om die Kaapse spoorweg gouer tot by die Witwatersrand te bring.<sup>26</sup> The Star het in November 1889 weer eens beweer dat die Z.A.R. pogings aangewend het om in beheer van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg te kom.<sup>27</sup>

In Pretoria het De Volksstem aandag aan die gerug geskenk dat die reis van Leyds na Europa in verband gestaan het met die oprigting van 'n skeepsredery wat tussen Europa en Delagoabaai sou funksioneer. Gesien in die lig van die Uitvoerende Raad se besluit van 16 Oktober 1889 met betrekking tot 'n eie skeepsredery en die brief van die waarnemende staatsekretaris aan die Pretoria-skeepvaartkomitee op 18 Oktober 1889, is dit merkwaardig dat die gerug presiese besonderhede daaromtrent bevat het, onder andere dat die regering vir 'n kwart van die oprigtingskapitaal van die skeepsredery verantwoordelik sou wees. De Volksstem was van mening dat indien daar wel waarheid in die gerug gestek het, dit 'n bewys was dat die regering

---

25. L.A.250, Leyds - Beelaerts van Blokland, 11.10.89.

26. The Star, 24.10.89 (redaksioneel).

27. The Star, 22,11.89 (redaksioneel) en 28.11.89 (redaksioneel).

vooruit beplan en van voorneme was om al hul kragte te wy aan die lewensvatbaarheid van die Delagoabaaispoorweg. Volgens dié koerant sou enige sodanige pogings natuurlik nie die goedkeuring wegdra van die belangegroep wat betrokke was by die instandhouding "van het monopolie der door de Britse kolonien loopende spoorweglijnen"<sup>28</sup> nie.

Uit die berigging van The Star en De Volksstem is dit duidelik dat daar in die Z.A.R. vermoed is dat Leyds se besoek aan Europa verband gehou het met een of ander aspek van die Delagoabaaispoorweg. Daaruit is dit dus duidelik dat die opdrag aan Leyds geensins uit die lug gegryp was nie, maar eerder 'n verstaanbare optrede was om die Z.A.R. se vrye toegang tot die see deur middel van Delagoabaai te beveilig. Selfs met Leyds se aankoms in Engeland het 'n Engelse finansiële blad verwys na die grootskaalse spekulاسie rondom die doel van die Staatsekretaris se besoek aan Europa. Die blad het Leyds se besoek in verband met die verkoop van Delagoabaai aan die Z.A.R. gebring.<sup>29</sup>

### Leyds in Europa

Leyds moes kort voor 20 November 1889 in Engeland aangekom het, aangesien hy reeds op dié dag uit Parys 'n brief aan Kruger gerig het waarin hy voorlopig verslag van sy werksaamhede sedert sy aankoms gedoen het.<sup>30</sup> Onmiddellik na sy aankoms in Europa moes Leyds aandag skenk aan sy opdrag in verband met die toetrede van die Z.A.R. tot die ondertekenaars van die Konferensie van Berlyn. Die Z.A.R.-regering was onder die indruk dat 'n konferensie in Brussel gedurende November 1889 die werksaamhede van die Konferensie van Berlyn in verband met rivierregte sou voortsit. In Europa het Leyds egter vasgestel dat die konferensie in Brussel, wat reeds op 18 November 1889 begin het, spesiaal belê was om maatreëls te tref vir die bekamping van slawerny in Afrika en gevolglik het hy besluit

---

28. De Volksstem, 4.11.89 (Praatjes van den Dag).

29. The Press, 20.12.89.

30. L.A.250, Leyds - Kruger, Parys, 20.11.89 (geheim).

om die konferensie nie by te woon nie.<sup>31</sup>

Leyds se belangrikste opdrag was egter die verkryging van 'n stuk Portugese grondgebied wat die oosgrens van die Z.A.R. tot aan die Indiese oseaan sou uitbrei en die Z.A.R. vrye toegang tot Delagoabaai en die see sou verseker het. Daarom het Leyds na sy aankoms in Europa vir Van Blokland op die hoogte van sy opdrag gestel en terselfdertyd laasgenoemde se mening ingewin omtrent die moontlikheid dat Portugal grondgebied aan die Z.A.R. sou afstaan. Van Blokland was egter van mening dat daar geen kans op s6 'n moontlikheid was nie. Volgens hom het die Portugese daarop geroem dat hulle nog nooit 'n kolonie afgestaan het nie. As Portugal 'n uitsondering in die geval van die Z.A.R. sou maak, sou die Portugese regering oorval word deur soortgelyke aansoeke. Van Blokland was verder van mening dat selfs die maak van so 'n voorstel aan Portugal, die betrekkinge tussen die twee state sou skaad. Afgesien hiervan was daar ook 'n ander belangrike rede waarom Van Blokland van mening was dat Leyds nie 'n sodanige voorstel aan Portugal moes maak nie. Portugal het volgens Van Blokland begin jaloers raak op die toenemende mag en invloed van die Z.A.R. in Suid-Afrika en was bevrees "eenmaal door de Republiek in zee te zullen worden gedrongen".<sup>32</sup>

Van Blokland se siening van die situasie in Portugal was geensins oordrewe nie. Trouens, op dieselfde tydstip as Leyds se besoek aan Europa, was Portugal met Brittanje in 'n stryd oor die grondgebied agter die kus van Portugees-Oos-Afrika gewikkel. Ten spyte van Portugal se politieke en ekonomiese onstabiliteit het die Portugese regering en volk dit duidelik laat blyk dat hulle nie van plan was om afstand van enige Portugese grondgebied in Afrika te doen nie.<sup>33</sup>

Die ongunstige omstandighede in Portugal het Leyds nie dadelik

- 
31. L.A.250, Leyds - Kruger, Parys, 20.11.89 (geheim); R.J. Hammond, Portugal and Africa 1815-1910, p.121.
32. L.A.250, Leyds - Kruger, Parys, 20.11.89 (geheim); L.A.8, Nr. 466, Beelaerts van Blokland - E. George, 26.11.89 (geheim).
33. R.J. Hammond, op.cit., pp.102-132. Vgl. ook E.Axelson, Portugal and the Scramble for Africa, 1875-1891, pp.186-200.

laat tou opgooi nie. Hy het dit raadsaam geag om nie dadelik 'n amptelike aanbod met betrekking tot die afstand van grondgebied aan Portugal te maak nie, maar eerder "privaat het terrein" deur die Z.A.R. se konsul-generaal in Lissabon, Ernst George, te laat verken.<sup>34</sup>

Ook wat 'n ander aspek van Leyds se opdrag, naamlik rivierregte betref, het hy nie stilgesit nie. Leyds het dié aspek langs drie verskillende weë probeer verder voer, naamlik om ondersoek in te stel na die Portugese owerhede se houding met betrekking tot Chaddock se aansprake,<sup>35</sup> om in Engeland ondersoek na Chaddock se agtergrond in te stel en om 'n gesaghebende op die gebied van die Volkereg te nader ten einde die nodige regsadvies met betrekking tot Chaddock se aansprake te bekom. Leyds wou eers hierop verslag ontvang alvorens hy sou besluit of 'n persoonlike besoek aan Lissabon nodig was. Voorlopig het hy van so 'n besoek afgesien, omdat dit by die Portugese regering "een onbestemde vrees zou aanjagen."<sup>36</sup>

Op 7 Desember 1889 het Leyds weer 'n persoonlike ontmoeting met Van Blokland gehad ten einde homself op die hoogte van die jongste verwickelinge met betrekking tot sy opdrag te stel. Intussen het Van Blokland alreeds verslag ontvang van George se navrae in Lissabon. George het in sy privaat hoedanigheid die Portugese premier en Minister van Buitelandse Sake, Barros Gomes, genader. Die afstand van Portugese grondgebied, asook die verlening van rivierregte aan die Z.A.R., is bespreek. Die uitslag van die samesprekings was, soos Van Blokland vermoed het, nie gunstig nie. George het aan Van Blokland berig dat daar geen kans op sukses met betrekking tot die koop van Portugese grondgebied of die verkryging van "Scheepvaart-monopolien op de door naar zee stroomende rivieren" was nie.<sup>37</sup>

Volgens George was die omstandighede in Lissabon besonder

---

34. L.A.8, Nr. 466, Beelaerts van Blokland - George, 26.11.89 (geheim).

35. Ibid.

36. L.A.250, Leyds - Kruger, Parys, 20.11.89 (geheim).

37. L.A.250, Leyds - Kruger, Amsterdam, 10.12.89 (geheim).



ongunstig om met enige voorstelle oor die afstand van Portugese grondgebied of rivierregte vorendag te kom. Die nasionale gevoel van die Portugese was vanweë die koloniale geskil met Brittanje "zeer aangewakkerd". Van Blokland se vroeëre mededeling aan Leyds dat Portugal jaloers op die vooruitgang van die Z.A.R. was, is ook deur George bevestig. Vroeër was die Portugese bang dat Engeland hulle in die see sou dryf, maar nou is dieselfde vrees ook met betrekking tot die Z.A.R. gekoester. "Dat maakt hen afkeerig om de Republiek te versterken tegenover en ten koste van zichzelf, hetgeen het geval zou zijn als aan de Republiek een gedeelte van de Portugesche provincie Mozambique word afgestaan"<sup>38</sup> het Leyds 'n paar dae na sy ontmoeting met Van Blokland aan Kruger verduidelik.

George het verder beweer dat geen Portugese minister of parlamentslid, aan welke politieke party hy ook al behoort het, dit sou waag om die Portugese parlement met 'n voorstel in verband met die afstanddoening van Portugese grondgebied of regte te nader nie. So 'n stap sou die persoon sy amp én geloofwaardigheid as patriot kos. In die lig van hierdie omstandighede het Leyds dit weer eens oorweeg of 'n besoek aan Lissabon die belange van die Z.A.R. sou bevorder. Nadat hy sake in oënskou geneem het, het Leyds tot sy persoonlike teleurstelling besluit om Lissabon nie te besoek nie. Tyd het 'n belangrike rol in hierdie besluit gespeel. Die reis vanaf Amsterdam na Lissabon en terug sou byna 'n week duur. Verder was dit onmoontlik, volgens Leyds, "om met Portugeezen in korten tijd iets uit te voeren, vooral waar het zulk een belangrijke zaak geldt."<sup>39</sup> Boonop sou die Portugese regering en die belangrikste parlamentslede vertroulik geraadpleeg moes word. Of die tyd hiervoor gevind sou kon word, is deur Leyds betwyfel, want George het verder uit Lissabon berig dat die tyd van die Portugese regering in beslag geneem word deur

- 
38. Ibid. Welliswaar het majoor J.J. Machado die NZASM gepols oor die oprigting van 'n maatskappy met soewereiniteitsregte maar die Nederlanders het die plan as finansiële onuitvoerbaar beskou. (P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders I, pp.206-207).
39. L.A.250, Leyds - Kruger, Amsterdam, 10.12.89 (geheim).

die koloniale geskil met Brittanje en die aankoms van die afgesette Brasiliaanse keiser in Portugal.<sup>40</sup>

Afgesien van die tydsfaktor was daar 'n ander belangrike rede vir Leyds se besluit. Sy besoek aan Lissabon sou nie 'n geheim kon bly nie en uit die aard van die saak onder die aandag van die Britse ambassadeur in Lissabon, sir George Petre, kom. Gevolglik sou Petre hom dadelik na die Portugese regering wend en "het hen lastig maakt voornamelijk over den spoorweg, waarvoor hij in de eerste plaats zal vermoeden dat ik kom."<sup>41</sup> Leyds het dit in belang van die Z.A.R. geag dat dit voorkom moes word dat Brittanje se aandag onnodig op die Delagoabaaispoorweg gevestig word. As gevolg van bogenoemde oorwegings, het Leyds dus voorlopig van 'n besoek aan Lissabon afgesien.<sup>42</sup>

Op 10 Desember 1889 het Leyds in 'n breedvoerige skrywe aan Kruger die stand van sake met betrekking tot sy opdrag uiteengesit. Verwysende na die optrede van George in Lissabon het Leyds die President meegedeel dat hy aan Van Blokland opdrag gegee het dat Portugal "ten opzichte van onze intenties moet worden gerust gestel."<sup>43</sup> Leyds het waarskynlik die Portugese se vrees dat die Z.A.R. hulle aan die ooskus sou verdryf hierin gedagte gehad, want, het hy bygevoeg, die Portugese moet die indruk kry dat "wij niet tegen hen maar met hen samen willen werken, dat wij er niet op tegen zijn dat zij, wat hun gebied betreft, de macht in eigen handen houden, mits zij die macht aan niemand anders afstaan..."<sup>44</sup> Laasgenoemde moontlikheid sou deur die Z.A.R. nie anders as 'n "onvriendskapelijke daad" beskou kon word nie.

Hierdie standpunt van Leyds het vanselfsprekend nie heeltemal ooreengestem met die gees van sy opdrag nie, waarin dit die

---

40. Ibid.

41. Ibid.

42. Ibid. Leyds het Kruger verder meegedeel dat hy in 'n afsonderlike skrywe weer die kwessie van Britse belangstelling in die Delagoabaaispoorweg sou bespreek. Geen spoor kon egter van sodanige skrywe gevind word nie.

43. L.A.250, Leyds - Kruger, Amsterdam, 10.12.89 (geheim).

44. Ibid.

duidelike bedoeling van die Z.A.R. was om sy oosgrens tot aan die ooskus uit te brei, sodat Delagoabaai onder die beheer van die Z.A.R. sou kom. Dit was egter vir Leyds uit die omstandighede in Portugal duidelik dat daar op daardie stadium geen moontlikheid vir die verkryging van Portugese grondgebied of rivierregte was nie. Gevolglik het Leyds, volgens sy opdrag, die naasbeste resultaat probeer verkry: as Portugal nie bereid was om grondgebied of rivierregte aan die Z.A.R. af te staan nie, moes dit probeer verhoed word dat die Portugese rivierregte aan 'n derde party afstaan. Leyds moes nou probeer om 'n verklaring van Portugal te verkry dat hulle geen regte sou verleen op die riviere wat vanuit die Z.A.R. deur Portugese grondgebied na die see gevloei het nie.<sup>45</sup> Dit is redelik seker dat Leyds, met die oog op die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg, bevrees was dat Brittanje of instansies simpatiek teenoor Britse belange, 'n mate van beheer oor Portugees-Oos-Afrika kon verkry het.

Ten tye van Leyds se skrywe aan Kruger op 10 Desember 1889 was die Staatsekretaris vol moed dat hy die verlangde verklaring van Portugal sou verkry.<sup>46</sup> Van Blokland het dan ook in opdrag van Leyds vir George versoek om 'n sodanige verklaring van die Portugese premier, Barros Gomes, te verkry. Van Blokland was egter van mening dat Gomes nie gou 'n skriftelike antwoord in dié verband sou gee nie, omdat die Portugese van die "littera scripta zeer afkeerig"<sup>47</sup> was. Op 16 Desember 1889 kon Van Blokland Leyds per brief inlig oor die uitslag van George se navrae in verband met rivierregte by die Portugese premier. Gomes het verklaar dat geen konsessie vir die gebruikmaking van die Limpoporivier of ander riviere wat uit die Z.A.R. deur Portugese grondgebied gevloei het, verleen was nie en dat Portugal dit ook nie in die toekoms sou verleen nie. Bogenoemde was slegs 'n mondelinge mededeling van Gomes aan George en nie 'n skriftelike verklaring nie. Van

---

45. L.A.250, Regering - Staatsekretaris, 16.10.89.

46. L.A.250, Leyds - Kruger, Amsterdam, 10.12.89 (geheim).

47. L.A. 250, Beelaerts van Blokland - Leyds, 12.12.89.

Blokland het dit betwyfel of Gomes bereid sou wees om die mededeling op skrif te stel.<sup>48</sup> Met betrekking tot Leyds se opdrag was die implikasie van Gomes se mededeling duidelik. Die Z.A.R. kon daarvan vergeet om deur middel van sy ooswaarts=  
vloeiende riviere toegang tot die Indiese oseaan, hetsy by die monding van die Maputorivier in Delagoabaai of dié van die Limpoporivier, te verkry.<sup>49</sup> In die lig van bogenoemde standpunt van Gomes was dit verder vanselfsprekend dat daar geen sprake van die afstand van Portugese grondgebied aan die Z.A.R. kon wees nie.

Volledigheidshalwe moet dit genoem word dat Leyds tydens sy verblyf in Europa ook aandag aan die oprigting van 'n Republikeinse skeepsredery geskenk het. Leyds het samesprekings met lede van die NZASM, die sogenaamde Amsterdamse komitee, gevoer, wat egter niks konstruktiefs opgelewer het nie.<sup>50</sup>

In soverre dit Leyds se opdrag betref, is dit duidelik dat hy tydens sy verblyf van ongeveer ses weke in Europa min konstruktiefs kon uitrig. Leyds kon nie eers 'n aanbod of voorstel in verband met sy opdrag aan die Portugese regering voorlê nie. Dit was waarskynlik vanweë hierdie omstandighede, gepaardgaande met die belangrikheid van die Delagoabaaispoorweg vir die Z.A.R., dat Leyds besluit het om op sy terugreis na Suid-Afrika 'n besoek aan Lissabon te bring ten einde met die Portugese premier te beraadslaag.<sup>51</sup>

Op 29 Desember 1889 het Leyds vanaf Southampton na Lissabon vertrek waar hy op 30 Desember 1889 aangekom het.<sup>52</sup> Dieselfde

- 
48. L.A.250, Beelaerts van Blokland - Leyds, 16.12.89.  
49. Die Z.A.R. het nog gedurende 1890 verskeie onsuksesvolle pogings aangewend om rivierregte in Portugees-Oos-Afrika te verkry. Vgl. L.A.13, Nr. 876, "Suggesties"; E. Axelson, op.cit., pp.249-250.  
50. L.A.250, Beelaerts van Blokland - Leyds, 2.12.89; Leyds - Van Boeschoten, Amsterdam, 4.12.89; Leyds - Asser, 15.12.89.  
51. L.A.250, Leyds - Beelaerts van Blokland, 14.1.90 (ter see).  
52. L.A.250, Leyds - Chaddock, 23.12.89; L.A.9, Nr. 479, George - Beelaerts van Blokland, 31.12.89.

dag het Leyds, weens die ongesteldheid van Gomes, 'n onderhoud met Ressano Garcia, die Portugese Minister van Marine en Kolonies gehad. Die Portugese owerheid in Lourenzo Marques se weiering om die nodige toestemming aan die NZASM te verleen vir die ontskeping van spoorwegmateriaal aan hul pier<sup>53</sup> het aan Leyds 'n aanknopingspunt gebied om die belange van die Z.A.R. in die Portugese grondgebied ten ooste van die Z.A.R. met die minister te bespreek. Leyds het die aangeleentheid in die algemeen ter sprake gebring deur te verklaar dat die Z.A.R. enige verandering in die status quo in die Portugese grondgebied ten ooste van die Z.A.R., sonder die medewete van die Z.A.R., "zou moeten beschouwen zoo niet als een onvriendschappelijke handeling, dan toch als een handeling er op berekend om niet aangenaam aan te doen."<sup>54</sup> Garcia se antwoord hierop was dat daar van die afstand van Portugese grondgebied nie sprake was of kon wees nie. Slegs geweld sou Portugal tot só 'n stap laat oorgaan. Hy het George se mededeling bevestig deur te verklaar dat die minister wat enige afstanddoening van Portugese grondgebied sou voorstel, nie vir langer as 'n dag minister sou bly nie.<sup>55</sup>

Na aanleiding van hierdie versekering het Leyds, volgens 'n mededeling aan Van Blokland, verklaar "dat als er sprake is van afstand van gebied, de Regeering der Republiek meent dat zij de eerste aanspraak daarop heeft, evenals in het geval van verleening van rechten op rivieren".<sup>56</sup> Wat betref die afstanddoening van Portugese grondgebied aan die Z.A.R. het die Republiek natuurlik geen regsgronde vir Leyds se standpunt van eerste daarop aanspraak te maak, gehad nie. Dit was slegs die feit dat Delagoabaai en die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg vir die Z.A.R. 'n vrye toegang tot die see verseker het, wat as regverdiging vir Leyds se standpunt kon dien.

Leyds het ten opsigte van die verlening van rivierregte in Portugees-Oos-Afrika verklaar dat aangesien dit oor riviere gaan

- 
53. SSa. 60, R.A.440/94, R.13515/89, Hoofingenieur NZASM - Waarnemende Staatsekretaris, 13.12.89.  
54. L.A.250, Leyds - Beelaerts van Blokland, 14.1.90 (ter see).  
55. Ibid.  
56. Ibid.

wat die Z.A.R. met die see verbind, dit 'n saak was wat die Z.A.R. "in de eerste plaats aangaat". Daarom sou die Z.A.R. in geen omstandighede die toestaan van regte "aan een ander" sou kon goedkeur nie. Garcia het Leyds probeer gerusstel deur te verklaar dat die Portugese regering geen uitsluitlike regte op hierdie riviere sou verleen nie.<sup>57</sup>

'n Verdere saak wat Leyds met Garcia bespreek het, was die besit van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg. Soos reeds vermeld, was dit deel van Leyds se opdrag om, met die oog op die moontlike verkoop van dié spoorweg, aandag daar= aan te bestee.<sup>58</sup> Leyds het tydens sy verblyf in Nederland naas Van Blokland, ook vir prof. J.P. Moltzer, 'n raadgever van die NZASM, hieroor om advies genader. Van Blokland was van mening dat die Portugese gedeelte van die Delagoabaai= spoorweg, kragtens die bepalings van die oorspronklike kon= sessie aan McMurdo, aan die einde van Desember 1889 per open= bare veiling verkoop sou word, terwyl Moltzer van hom verskil het. Volgens 'n skrywe van Leyds aan Van Boeschoten aan die begin van Desember 1889 was hy nog van plan om die twee Neder= landers byeen te bring ten einde die meningsverskil op te los.<sup>59</sup> Of die ontmoeting plaasgevind het en wat daar be= sluit is, kon nie vasgestel word nie. Die onsekerheid oor die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg is egter in Desember 1889 uit die weg geruim toe die Britse regering hulle bereid verklaar het om die betaling van skadevergoeding deur Portugal aan die Britse aandeelhouders in McMurdo se spoorwegmaatskappy te oorweeg. Ten tye van Leyds se besoek aan Lissabon was die kwessie van skadevergoeding juis tussen Brittanje en Portugal onder bespreking.<sup>60</sup>

Dit was onder hierdie omstandighede dat Leyds Garcia meegedeel het dat dit die wens van sy regering was dat die spoorweg in

---

57. L.A.250, Leyds - Beelaerts van Blokland, 14.1.90 (ter see).

58. L.A.250, Regering - Leyds, 16.10.89.

59. L.A.250, Leyds - Van Boeschoten, Amsterdam, 4.12.89.

60. L.A.250, Leyds - Beelaerts van Blokland, 14.1.90 (ter see); P.J. van Winter, op.cit., pp.204-205.

die hande van Portugal moes bly. Omdat die Z.A.R. Portugal se beheer oor dié gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in belang van beide state geag het, was die Z.A.R. selfs bereid om 'n gedeelte van die skadevergoeding te betaal, indien die uitbetaling daarvan nodig was om die verlangde doel te bereik.<sup>61</sup> Wat die reaksie van Garcia op Leyds se mededeling was, kon ongelukkig nie vasgestel word nie. Leyds se aanbod aan Garcia is egter weer eens 'n aanduiding van die groot waarde wat die Z.A.R. aan 'n vrye toegang tot die see deur middel van Delagoabaai geheg het.

Op 31 Desember 1889 het Leyds uit Lissabon na Suid-Afrika vertrek, alwaar hy in die tweede helfte van Januarie 1890 aangekom het.<sup>62</sup> Gelet op die opdrag wat hy van sy regering ontvang het, was Leyds se besoek aan Europa 'n mislukking. Leyds kon nie daarin slaag om die Z.A.R. se vrye toegang tot die see deur middel van Delagoabaai te beveilig nie. Behalwe dat Leyds geen rivierregte van Portugal kon verkry nie, kon hy boonop slegs 'n mondelinge belofte verkry dat Portugal geen uitsluitlike rivierregte aan 'n derde party sou toestaan op riviere wat die Z.A.R. met die see verbind het nie. Ook wat die besit of beheer van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg betref, kon Leyds niks daadwerklik uitrig nie. Trouens, op 9 Januarie 1890 het The Star in 'n hoofartikel verklaar dat Leyds en Van Blokland se poging om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in die hande te kry, misluk het. Volgens die koerant sou pres. Kruger nou 'n nuwe plan van stapel stuur om dié spoorweg in die hande te kry.<sup>63</sup>

'n Geringe mate van sukses kon wel aan Leyds toegeskryf word. Daar is naamlik die mondelinge beloftes van Gomes en Garcia in verband met die verlening van rivierregte op riviere wat uit die Z.A.R. deur Portugees-Oos-Afrika na die see vloei.

- 
61. L.A.250, Leyds - Beelaerts van Blokland, 14.1.90 (ter see).
  62. L.A.9, Nr. 479, George - Beelaerts van Blokland, 31.12.89; L.A.250, Leyds - Beelaerts van Blokland, 14.1.90 (ter see).
  63. The Star, 9.1.90 (redaksioneel).

Duidelikheid is ook verkry oor die geldigheid van Chaddock se "regte" op die Limpoporivier. Laastens het Leyds ook die standpunt van sy regering oor die afstanddoening van Portugese grondgebied en die verlening van rivierregte sonder inagneming van die Z.A.R. se belange, duidelik onder die aandag van die Portugese regering gebring.

Of Leyds meer sukses met betrekking tot sy opdrag kon behaal het deur 'n ander werkswyse te volg, is sterk te betwyfel, veral as daar gelet word op die afloop van die Brits-Portugese koloniale geskil. Pas na Leyds se vertrek uit Europa, het dié geskil 'n hoogtepunt bereik toe Brittanje deur middel van 'n ultimatum aan Portugal, die Portugese gedwing het om hulle aansprake op dele van die binneland agter die kus van Portugees-Oos-Afrika, te laat vaar. Nie alleen moes die regering van Gomes bedank vanweë hul aanvaarding van die Britse ultimatum nie, maar grootskaalse anti-Britse betogings het dwarsoor Portugal plaasgevind.<sup>64</sup> In die lig hiervan wil dit voorkom asof Leyds se sending na Europa vanuit die staanspoor tot mislukking gedoem was.

---

64. E. Axelson, op.cit., pp.223-231; R.J. Hammond, op.cit., pp.133-134.



HOOFSTUK III

DIE Z.A.R. SE VOORTGESETTE BEVEILIGINGSPOGINGS,  
1890-1893

Leyds se mislukte sending na Europa het nie die einde van die Z.A.R. se beveiligingspogings met betrekking tot Delagoabaai en die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg beteken nie. Al kon die Z.A.R. nie in besit van Delagoabaai kom nie, moes daar nog steeds voorsorg getref word dat die hawe ekonomies tot die uiterste benut word. Na Leyds se mislukte sending in 1889 was daar by die Z.A.R.-regering en sy buitelandse verteenwoordigers steeds die vrees dat Brittanje sy hand op Delagoabaai of die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg sou lê. Dit kon geskied deur op die een of ander manier allerlei regte in Delagoabaai of die Portugese spoorweg te verwerf en so beheer oor die spoorweg en hawe te verkry of om selfs in besit daarvan te kom.<sup>1</sup>

Reeds in Februarie 1890 is die Z.A.R.-regering deur Van Blokland op die hoogte gestel van die vrees wat die gesant vir 'n Britse oorname van Delagoabaai gekoester het. Van Blokland was bevrees dat die Anglo-Portugese koloniale geskil en die weiering van Portugal om aan Britse eise in dié verband gehoor te gee, kon lei tot 'n Britse besetting van Portugese hawens aan die ooskus soos Delagoabaai en Quelimane. 'n Britse besetting van Delagoabaai sou natuurlik vir die belange van die Zuid-Afrikaansche Republiek aller nadelig wees, veral, volgens Van Blokland, omdat daar nooit met sekerheid gesê kon word wanneer die besetting beëindig sou word nie.<sup>2</sup>

Om die gevaar van 'n Britse besetting van Delagoabaai die hoof te bied, het Van Blokland dit sy plig geag om sowel die

- 
1. G.D. Scholtz, Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner IV, p.435.
  2. L.A.19, Nr. 487, Beelaerts van Blokland - Kruger, 12.2.90 (vertroulik).

Duitse as Franse regerings op die moontlikheid van so 'n besetting te wys, met die mededeling dat die Z.A.R.-regering 'n Britse besetting van Delagoabaai as 'n vyandige daad sou beskou. Hierdie mededeling is deur Van Blokland aan die Franse gesant in Nederland meegedeel en in Berlyn aan meer as een Duitse minister. Dit was veral die houding van Duitsland wat Van Blokland geïnteresseer het, aangesien Duitsland vriendskaplike betrekkinge met sowel die Z.A.R. as Brittanje gehandhaaf het. Van Blokland wou in Berlyn aantoon dat Duitse belange in Delagoabaai ook in gedrang sou kom wanneer dié van die Z.A.R. in Delagoabaai deur Brittanje bedreig word.<sup>3</sup>

Aan die einde van Januarie 1890 het Van Blokland 'n onderhoud met 'n woordvoerder van die Duitse Departement van Buitelandse Sake gevoer. Met verwysing na die bestellings vir spoorwegmateriaal wat deur die NZASM in Duitsland geplaas is, het Van Blokland die vraag gestel wat Duitsland vir die Z.A.R. doen. Die Duitse woordvoerder se antwoord was 'n verwysing na die Duitse skeepsredery, die Deutsch Ostafrika Linie, wat tussen Europa en die ooskus van Afrika, insluitende Delagoabaai, sou funksioneer. Van Blokland het hierop die mening uitgespreek dat Brittanje se optrede teenoor Portugal in Afrikaanse aangeleenthede eintlik teen die Z.A.R. gemik was: "Alles deute darauf hin, dasz England den Weg des Annexions des Boerengebiets weiter verfolgen wolle."<sup>4</sup> Met verwysing na Duitsland se belange in die Z.A.R.-gedeelte van die Delagoabaaispoorweg en ander aangeleenthede, het Van Blokland die vraag gestel of Duitsland nie bereid sou wees om Brittanje in dié verband teen te staan nie en om in Londen te verduidelik watter waarde die Duitse regering aan die spoorweg na Delagoabaai geheg het nie. Die Duitse woordvoerder was egter nie bereid tot só 'n stap nie.

Van Blokland kon egter, volgens sy mededeling aan Kruger,

---

3. Ibid.

4. G.D. Scholtz, Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog I, p.185.

daarin slaag om aan "de Ministers te Berlyn" aan te toon dat dit in belang van Duitsland was om te sorg dat Brittanje nie Delagoabaai beset nie en dat Portugal nie vanweë Britse druk die tariefooreenkoms van September 1889 ter syde stel nie. Volgens Van Blokland het die Duitse ministers sy betoog ten opsigte van die belangrikheid van Delagoabaai met die grootste belangstelling gevolg. Op grond van die Duitse ministers se blyke van instemming met Van Blokland se betoog, was hy oortuig daarvan dat die tariefooreenkoms tussen Portugal en die NZASM en Portugal se besit van Delagoabaai in 'n groot mate verder beveilig is.<sup>5</sup>

Dit is betekenisvol dat op dieselfde tydstip wat Van Blokland in Berlyn besig was om steun teen 'n moontlike Britse oorname van Delagoabaai te werf, die invloedryke Kaapse politikus, John X. Merriman, in 'n skrywe aan die Britse Minister van Finansies, G.J. Goschen, 'n Britse oorname van Delagoabaai bepleit het. Met verwysing na die Anglo-Portugese koloniale geskil het Merriman verklaar: "...the real point of importance to our country is the acquisition of Delagoa Bay, which is the key of South Africa. With that point in British hands, everything in the interior may well be allowed to arrange itself."<sup>6</sup> Goschen het Merriman se sienswyse oor die belangrikheid van Delagoabaai gedeel, maar was van mening dat dit nie genoeg gronde vir 'n Britse oorname van Delagoabaai verskaf het nie.<sup>7</sup>

Afgesien van Van Blokland se skrywe met betrekking tot Delagoabaai en die Portugese spoorweg, het die Z.A.R.-regering in Februarie 1890 'n soortgelyke skrywe van sy konsul-generaal in Londen, dr. G.B. Clark, ontvang. Clark het nie dieselfde standpunt as Van Blokland oor die Portugese gedeelte van die

- 
5. L.A.19, Nr. 487, Beelaerts van Blokland - Kruger, 12.2.90 (vertroulik).
  6. P. Lewsen, Selections from the correspondence of J.X. Merriman 1870-90, p.296.
  7. Ibid., p.297

Delagoabaaispoorweg gehuldig nie. Hy het die Z.A.R.-regering gewaarsku dat tensy hulle reëlings sou tref, wat die Britse aandeelhouers in McMurdo se spoorwegmaatskappy tevrede sou stel, die Britse premier, lord Salisbury, besit van die Portugese spoorweg sou neem. Indien die Z.A.R. nie sodanige reëlings sou tref nie, sou Salisbury alle ooreenkomste wat Portugal in stryd met die belange van die Britse aandeelhouers met betrekking tot die spoorweg aangeaan het, kanselleer.<sup>8</sup>

Die Z.A.R.-regering het egter nie veel waarde aan Clark se mededeling geheg nie. Hulle het die oortuiging gehuldig dat Brittanje die beginsel van "reg en billikheid" sou respekteer en nie tot só 'n stap sou oorgaan nie. In hierdie verband het die regering teruggeval op die Britse belofte van 1888, waarvolgens Brittanje nie sou probeer om beheer oor die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg te verkry nie of die belange van die Z.A.R. in die spoorweg te benadeel nie.<sup>9</sup> Trouens, in Maart 1890 is meer gerusstellende nuus met betrekking tot die Delagoabaaispoorweg van Van Blokland ontvang. Daarvolgens was Brittanje, ofskoon hulle steeds Portugal se reg om die McMurdo-konsessie te herroep, betwis het, geensins van plan om die herstel daarvan te eis nie. Brittanje sou slegs daarop aandring dat Portugal skadevergoeding aan die Britse aandeelhouers uitbetaal.<sup>10</sup>

Op grond van hierdie mededeling van Van Blokland en die Britse versekering van 1888 in verband met die Delagoabaaispoorweg, het die Z.A.R.-regering dus nou die versekering gehad dat Portugal voorlopig in beheer van die Portugese gedeelte van die spoorweg sou bly. Ten spyte hiervan het die Z.A.R. regering egter nie geheel en al in die reëlings met betrekking tot die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg berus nie. Ofskoon die betrokke Uitvoerende Raadsbesluit ontbreek, blyk dit nietemin uit die indeks op geheime Uitvoerende

---

8. S.S.2263, R. 2441/90, Clark-Leyds, 24.1.90.

9. S.S.2263, R.2441/90, Leyds - Clark, 27.2.90 (konsepbrief).

10. S.Sa.6, R4613/90, Beelaerts van Blokland - Kruger, 25.2.90.

Raadsbesluite dat die Uitvoerende Raad op 19 Mei 1890 'n besluit geneem het oor die wenslikheid om aan Clark 'n bedrag van £10 000 beskikbaar te stel, ten einde "te trachten een einde te maken aan de Spoorwegkwesie te Delagoabaai."<sup>11</sup> Geen verdere inligting aangaande hierdie besluit kon egter teruggevind word nie, wat die vermoede laat ontstaan dat die besluit nie uitgevoer is nie. Trouens, later in 1890 het Van Blokland die regering meegedeel dat 'n skeidsregterlike hof in Bern, Switserland, oor die skadevergoeding wat Portugal aan die Britse aandeelhouders sou moes betaal, uitspraak sou lewer.<sup>12</sup> Ofskoon niemand dit op daardie stadium kon voorsien het nie, is die finale uitspraak van die Bernse skeidsgereg eers in 1900 gelewer.<sup>13</sup> Gedurende die res van die negentigerjare sou die werksaamhede van die skeidsgereg steeds 'n invloed op die Z.A.R. se belange met betrekking tot Delagoabaai uitoefen.

Afgesien van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg het die oprigting van 'n Republikeinse skeepsredery in Delagoabaai ook die aandag van die Z.A.R.-regering geniet. Na aanleiding van die Pretoria-skeepsvaartkomitee se voorstelle het die Uitvoerende Raad in 'n geheime sitting op 16 Junie 1890 besluit om die oprigting van 'n Republikeinse skeepsredery wat vanuit Delagoabaai sou funksioneer, by die Eerste Volksraad aan te beveel. Die Uitvoerende Raad het in hulle besluit, wat aan die Eerste Volksraad voorgelê is, melding gemaak van "het hooge belang...om de haven van Delagoabaai zoveel mogelijk te ontwikkel en den handel daarheen te brengen."<sup>14</sup> Na aanleiding van die Uitvoerende Raad se aanbeveling het die Eerste Volksraad dieselfde oggend in 'n geheime sitting met 'n groot meerderheid ten gunste van 'n Republikeinse skeepsredery te Delagoabaai besluit. Ten minste een lid van die Eerste

- 
11. U.R.122, Geheime Uitvoerende Raadsbesluit, nr. 6 van 1890. Die oorspronklike geheime U.R.-besluite het verlore gegaan.
  12. L.A.20, B.B.534/91, Leyds - Beelaerts van Blokland, 18.2.91.
  13. R.J. Hammond, Portugal and Africa 1815-1910, p.240.
  14. E.V.R.182, Artikel 376, kopie van geheime U.R.-besluit, 16.6.90.

Volksraad het meer in die besluit gesien as bloot die oprigting van 'n skeepredery. Die heer Spies het naamlik opgemerk dat hy deur die besluit "tracht te herwinnen, wat onze vaders verloren hadden."<sup>15</sup>

Die Z.A.R.-regering het genl. Piet Joubert afgevaardig om die oprigting van die Republikeinse skeepredery in Europa te gaan behartig. Vanweë die vertroulike aard van die saak is daar deur die Z.A.R.-regering voorgegee dat Joubert se besoek aan Europa in verband met die Swaziland-vraagstuk gestaan het.<sup>16</sup> Ofskoon die Z.A.R.-regering op hierdie stadium geen voorneme gekoester het om in besit van Delagoabaai te kom nie, was dit juis Joubert se vertrek na Europa wat The Star laat lont ruik het. The Star het in 'n hoofartikel op 25 Junie 1890 Joubert se besoek aan Europa met die besit van Delagoabaai in verband gebring! Volgens die koerant was die ware doel van Joubert se beoogde samesprekings met Britse regeringslui in verband met die Swaziland-vraagstuk, die verkryging van Delagoabaai vir die Z.A.R. In dié verband het The Star die volgende beweer: "The secret ambition and the firm purpose of every man whose patriotism is worth a fig is to secure Delagoa Bay, one day, as the port of the Transvaal; and there is nothing to stop it unless Delagoa Bay should be seized by an English fleet..."<sup>17</sup>

Na Joubert se vertrek na Europa het The Star in verskeie hoofartikels aandag geskenk aan die moontlikheid van 'n oorname van Delagoabaai deur die Z.A.R. Kruger is ondermeer aange-raai om Delagoabaai by Portugal te koop. The Star het die naïewe mening gehuldig dat Portugal 'n Z.A.R.-aanbod vir Delagoabaai gunstig sou oorweeg, aangesien alle "redelike" Portugese besef het dat die alternatief 'n toekomstige oorname deur Brittanje of die Z.A.R. sou wees.<sup>18</sup> Op 18 Julie 1890 het The Star so ver gegaan as om 'n berig onder die opskrif

---

15. E.V.R.182, Artikel 377, 16.6.90; L.A.250, Leyds - Beelaerts van Blokland, 27.6.90.

16. L.A.250, Leyds - Beelaerts van Blokland, 27.6.90.

17. The Star, 25.6.90 (redaksioneel).

18. The Star, 27.6.90 (redaksioneel) en 1.7.90 (redaksioneel)

"Delagoa Bay for the Transvaal — Either by Purchase or Force of Arms" te plaas. Die berig was gebaseer op inligting wat die koerant se verslaggewer by Volksraadslede en rengeringsamptenare oor 'n moontlike Z.A.R.-oorname van Delagoabaai bekom het. Verskeie lede van die Eerste Volksraad, onder andere die here O.J. Coetzee, P.G. Maré en J.F. Celliers, was van mening dat 'n Z.A.R.-oorname van Delagoabaai nie 'n noodsaaklikheid was nie. Bogenoemde drie here het die tariefooreenkoms met Portugal van September 1889 as voldoende rede beskou waarom Delagoabaai in elk geval die vernaamste hawe vir die Z.A.R. sou word. Die heer J.F. Celliers het The Star se korrespondent daarop gewys dat 'n militêre oowering van Delagoabaai deur die Z.A.R. buite die kwessie was as gevolg van die Boere se kwesbaarheid van die seekant af. Volgens Celliers sou die oorwinnaar in die stryd om Delagoabaai met Brittanje te doen kry en nóg Portugal nóg die Z.A.R. was daarvoor opgewasse.<sup>19</sup>

Van die amptenare wat om hul menings genader is, was òf oningelig oor die aangeleentheid òf was verbied om iets daaroor te sê. Die berig is afgesluit met die opmerking dat as iemand iets geweet het in verband met 'n Z.A.R.-oorname van Delagoabaai, dit president Kruger was, en hy was nie bereid om sy gedagtes met enige een te deel nie. Dit sou hy alleen doen indien omstandighede geleë was vir 'n sensasionele aankondiging in die verband.<sup>20</sup>

The Star se ongegrondé spekulاسie oor 'n Z.A.R.-oorname van Delagoabaai het 'n nasleep in Europa gehad. Tydens genl. Joubert se teenwørdigheid in Europa het die gerug die rondte gedoen dat Joubert met die Portugese regering oor die verkoop van Delagoabaai sou onderhandel. Ten einde die gerug die nek in te slaan, het Joubert 'n skrywe aan 'n Amsterdamse koerant gerig, waarin hy die gerug bestempel het as 'n poging om hom of die Z.A.R.-regering te benadeel. Volgens Joubert was dit in belang van die Z.A.R. en die hele Suid-Afrika dat

---

19. The Star, 19.7.90.

20. Ibid.

Delagoabaai in Portugal se besit moes bly.<sup>21</sup>

Aan die begin van Oktober 1890 het die Z.A.R.-regering aangekondig dat 'n spoorwegkommissie 'n besoek aan die spoorwegwerke aan die Z.A.R. se oosgrens asook Delagoabaai sou bring. Die feit dat Leyds en vise-president N.J. Smit lede van die spoorwegkommissie sou wees, het The Star weer eens onraad laat vermoed. In 'n hoofartikel op 3 Oktober 1890 is beweer dat die spoorwegkommissie 'n geheime opdrag met betrekking tot Delagoabaai gehad het. In dié verband is beweer: "Their mission, no doubt, is to spy out the land... The way is still open to the Transvaal to become a great country, with a long-stretching seaboard of its own; but the gates will be closed in its face unless a footing on the other side is secured before long".<sup>22</sup>

Delagoabaai se waarde vir die Z.A.R. het vrywel op dieselfde tydstip die aandag van De Volksstem geniet. In 'n hoofartikel op 9 Oktober 1890 is daarop gewys dat die aanleg van die Z.A.R.-gedeelte van die Delagoabaaispoorweg en die instelling van 'n skeepvaartdiens langs die ooskus van Afrika, naamlik die Deutsche Ostafrika Linie, Delagoabaai in die laaste maande van 1890 meer op die voorgrond laat tree het. Hierdie omstandighede het die belangstelling van vreemde moondhede gaande gemaak en die feit dat Delagoabaai in die besit van 'n klein en swak staat was, het vir die Z.A.R. en die res van Suid-Afrika 'n gevaarlike situasie geskep. De Volksstem het gevolglik verklaar dat geen regering toegelaat moes word om agter die rug van "ons Afrikaners" planne te beraam en transaksies te sluit rakende die besit, die soewereiniteit, invloed oor, of wat ook al rakende Delagoabaai en die omliggende grondgebied nie. Die rede waarom sowel Delagoabaai as ander Suid-Afrikaanse hawens vry van vreemde invloed moes wees, was volgens De Volksstem omdat "wij willen dat onze ademhalingswerktuigen vrij en onbelemmerd hunne functies kunnen uitoefenen zonder dat eenig vreemdeling deze naar zijne

---

21. De Volksstem, 15.12.90.

22. The Star, 3.10.90 (redaksioneel).



willekeurige verkiesing zal kunnen openzetten of dichtknijpen."<sup>23</sup>

Die aandag van die Z.A.R.-regering is 'n paar dae na De Volksstem se berig op Delagoabaai gevestig, toe ene baron Eugene Oppenheim 'n voorstel met betrekking tot 'n Transvaal-se oorname van Delagoabaai aan die regering voorgelê het. Oppenheim was vanweë sy bemoeienis met die Selatispoorweg sedert Junie 1890 in Pretoria en geen onbekende by die regering nie. In Pretoria het hy hom as 'n welgestelde Fransman, met noue kontakte in Franse finansiële kringe, voorgedoen. Dat hy indruk in regeringskringe gemaak het, val nie te betwyfel nie vanweë die feit dat hy as die Z.A.R. se konsul-generaal in Frankryk benoem is.<sup>24</sup>

Oppenheim het sy voorstel met betrekking tot 'n Z.A.R.-oorname van Delagoabaai in 'n vertroulike skrywe van 11 Oktober 1890 aan die president en Uitvoerende Raad uiteengesit. Oppenheim se voorstel het op die volgende berus: hy sou van sy beweerde persoonlike verbintenisse met die Portugese koningshuis, asook met Franse finansiële kringe, gebruik maak ten einde 'n lening aan Portugal beskikbaar te stel. 'n Voorwaarde vir die lening sou wees dat Delagoabaai en die omringende grondgebied, tot aan die Z.A.R. se oosgrens, as sekuriteit vir die aflos van die lening sou dien. Die reg om die grondgebied eventueel aan 'n ander staat oor te dra, sou ook as voorwaarde vir die lening dien. Oppenheim was daarvan oortuig dat Portugal na verloop van 'n paar jaar nie meer sy finansiële verpligtinge ten opsigte van die lening sou kon nakom nie. Sodoende sou Oppenheim in besit van Delagoabaai kom en dit aan die Z.A.R. oordra. In ruil vir hierdie diens het Oppenheim die Uitvoerende Raad om 'n voorkeurreg met betrekking tot die bou van hawefasiliteite in Delagoabaai, die aanleg van spoorweë en die sluiting van lenings versoek. Uit Oppenheim se skrywe is dit duidelik dat hy reeds vóór sy

---

23. De Volksstem, 9.10.90 (redaksioneel).

24. J.S. Marais, The Fall of Kruger's Republic, pp.41-42; F.G.E. Nilant, Jhr. Mr. G.J. Beelaerts van Blokland, Gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek (1843-1897), pp.266-267.

skrywe aan die Uitvoerende Raad sake soos Portugal se finansieële posisie en Brittanje se voorkeurreg op Portugese grondgebied suid van die Zambesirivier met die Uitvoerende Raad persoonlik bespreek het.<sup>25</sup>

Leyds het dit egter betwyfel of Oppenheim se voorstelle prakties uitvoerbaar was. Nogtans het hy Oppenheim se voorstelle nie heeltemal verwerp nie, maar hom op 16 Oktober 1890 per brief meegedeel dat die regering hom die gevraagde voorkeurregte sou toeken as hy die soewereiniteit oor Lourenzo Marques vir die Z.A.R. kon verkry, mits natuurlik met inagneming "der bestaande verbintenissen dezer Regeering en mits met voorbehoud van het recht dezer Regeering om bedoelde werke self aan te leggen."<sup>26</sup> Oppenheim is na Van Blokland verwys, om in oorleg met en onder toesig van die Z.A.R.-gesant, die saak verder te voer. Leyds het die volgende dag 'n skrywe aan Van Blokland gerig, waarin hy die gesant oor Oppenheim se voorstelle ingelig het. Van Blokland is meegedeel dat die regering hulle volkome op sy sienswyse in die aangeleentheid sou verlaat. Leyds het Van Blokland verder meegedeel dat dit vanselfsprekend was dat die Z.A.R. "gaarne in het bezit van Delagoabaai zou komen en zich daarvoor belangrijke offers zoude willen getroosten". Van Blokland is daarom gemagtig om, indien omstandighede geskik was, met Portugal oor die aankoop van Delagoabaai te onderhandel, sonder inagneming van Oppenheim.<sup>27</sup>

Oppenheim se voorstelle om Delagoabaai vir die Z.A.R. in die hande te kry, het in Europa op niks uitgeloop nie. Op 28 November 1890 het Oppenheim die Z.A.R.-regering meegedeel dat hy in Lissabon te hore gekom het dat 'n Engelse maatskappy van plan was om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg vir £2 miljoen namens die Britse regering te koop.

- 
25. L.A.3, Leyds - Beelaerts van Blokland, 17.10.90 (vertroulik) waarby 'n afskrif van Oppenheim se skrywe aan die U.R., dd. 11.10.90, ingesluit is.
26. L.A.3, Leyds - Oppenheim (Parys), Pretoria 16.10.90 (vertroulik).
27. L.A.3, Leyds - Beelaerts van Blokland, 17.10.90 (vertroulik).

Oppenheim het ewe optimisties bygevoeg: "have good hope negotiate for you telegraph urgent."<sup>28</sup> Hierdie opmerking was waarskynlik van toepassing op die aankoop van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg. Na die ontvangs van hierdie inligting het die regering van Blokland dadelik om meer inligting daarvoor genader.<sup>29</sup> Nadat die gesant eers by Oppenheim die inhoud van laasgenoemde se telegram aan die regering vasgestel het, het Van Blokland op 8 Desember 1890 die regering meegedeel dat daar geen waarheid in die mededeling van Oppenheim was nie.<sup>30</sup>

In die tussentyd het Oppenheim sy optimistiese siening van sake rakende Delagoabaai aan Van Blokland meegedeel.<sup>31</sup> Die gesant het in sy antwoord, sonder om doekies om te draai, dit duidelik aan Oppenheim gestel dat sy kennis van Portugese toestande baie oppervlakkig was en dat Oppenheim slegs as vriend van die Portugese koning, en nie as finansier nie, invloed kon uitoefen. Volgens Van Blokland was dit duidelik dat die Z.A.R. vir die huidige niks met betrekking tot Delagoabaai sou kon uitrig nie.<sup>32</sup>

Van Blokland se siening van Oppenheim en Portugese toestande is ook deur ander vertrouelinge van die Z.A.R. onderskryf. Op dieselfde tydstip as bogenoemde gebeure het George uit Lissabon aan Van Blokland berig dat die finansiële posisie van Portugal wel ongunstig was, maar dat verskillende groot banke die voorkeur vir 'n lening aan Portugal gehad het.<sup>33</sup> Ook Van Blokland se vriend, A.D. de Marez Qyens, wat 'n finansiële deskundige was, het die mening uitgespreek dat Oppenheim wel 'taamlik veel kapitaal agter hom het', maar jonk en onervare in die sakewêreld was "zoo dat men goed zal doen zeer voorzichtiglik met hom om te gaan om niet in eene impasse

- 
28. L.A.3, Oppenheim - Beelaerts van Blokland, 3.12.90 (vertroulik).
29. L.A.3, Regering - Beelaerts van Blokland, 3.12.90 (telegram).
30. L.A.3, Beelaerts van Blokland - Oppenheim, 3.12.90 (telegram); Beelaerts van Blokland - Regering, 8.12.90 (telegram).
31. L.A.3, Oppenheim - Beelaerts van Blokland, 27.11.90 en 4.12.90.
32. L.A.3, Beelaerts van Blokland - Oppenheim, 11.12.90.
33. F.G.E. Nilant, op.cit., p.338.

geleid te worden."<sup>34</sup> 'n Persoonlike ontmoeting tussen Van Blokland en Oppenheim in Desember 1890 het eersgenoemde se indrukke oor Oppenheim bevestig.<sup>35</sup> Nietemin, ten spyte van Van Blokland se bedenkinge oor Oppenheim het hy hom nie ontmoedig in sy planne met betrekking tot Delagoabaai nie, maar dit benadruk dat die Z.A.R. se goeie betrekkinge met Portugal nie geskaad mag word nie.<sup>36</sup> Soos reeds vermeld, het daar egter niks van Oppenheim se planne met betrekking tot Delagoabaai gekom nie.

Terwyl Oppenheim op pad na Europa was, het twee gebeurtenisse in Suid-Afrika plaasgevind, wat bestemd was om 'n groot rol in die Z.A.R. se verdere beveiligingspogings met betrekking tot Delagoabaai en die Portugese spoorweg te speel. Die twee gebeure was 'n besoek van Leyds aan Delagoabaai en 'n besoek van Cecil Rhodes, die premier van die Kaapkolonie, aan Pretoria. Soos reeds vermeld, was Leyds 'n lid van die Z.A.R. se spoorwegkommissie wat op 31 Oktober 1890 met groot eerbetoon in Delagoabaai ontvang is. Die volgende dag het die spoorwegkommissie, vergeesel deur die Z.A.R. se konsul, Gerard Pott, 'n besoek aan die plaaslike Portugese owerhede gebring waarna die pier en terrein van die NZASM in die hawe in oënskou geneem is. Die dag wat die spoorwegkommissie in die hawe deurgebring het, het hulle in staat gestel om 'n goeie oordeel oor die omstandighede in Delagoabaai te vorm. Die werksaamhede van die NZASM het dan ook 'n goeie indruk op die spoorwegkommissie gemaak. Op daardie stadium was die NZASM se pier reeds voltooi en kon platboomskuite spoorwegmateriaal van die pier ontskeep, wat 'n groot verbetering op die uitsleep van goedere tydens hoogwater was.<sup>37</sup>

Ofskoon die spoorwegkommissie hulle in 'n verslag oor hul

- 
34. L.A.3, Oyens - Beelaerts van Blokland, 26.12.90.
  35. L.A.3, Beelaerts van Blokland - Leyds, 31.12.90.
  36. L.A.250, Beelaerts van Blokland - Leyds, 31.12.90;  
Beelaerts van Blokland - Oppenheim, 11.12.90.
  37. Z.A.R.157, Verslag van die Spoorwegkommissie, pp.4-5;  
L.A.10, Pott - Beelaerts van Blokland, 14.11.90; De Volksstem, 13.11.90.

werksaamhede gunstig oor die status quo in Delagoabaai uitge= spreek het,<sup>38</sup> was die besoek aan Delagoabaai vir Leyds 'n ontnugtering. Sō ernstig het Leyds die toestand in die hawe beskou dat hy na sy terugkeer na Pretoria 'n memorandum daar= oor, ter voorlegging aan die Uitvoerende Raad, opgestel het.<sup>39</sup> In die memorandum het Leyds beweer dat die Portugese owerhede in Lourenzo Marques die Delagoabaaispoorweg en hawe teenwerk. Leyds het die Portugese daarvan beskuldig dat hulle nie alleen jare lank die Delagoabaaispoorweg sistematies teengewerk het nie, maar van ook "by alles wat het kanaal, den trechter der goederen naar de Republiek" betref het, bewyse van hulle teenwerking gelewer het.<sup>40</sup>

Leyds het sy bewerings aangaande die optrede van die Portugese gegrond op die omstandighede wat hy tydens sy besoek aan Dela= goabaai aangetref het. Delagoabaai, wat bestem was om met behulp van die Delagoabaaispoorweg die Z.A.R. se ekonomiese onafhanklikheid te verseker het, het volgens Leyds in alle internasionale skeepvaartmededelings as 'n gevaarlike hawe bekend gestaan, vanweë 'n gebrek aan navigasieboeie by die ingang van die hawe en onvoldoende hawefasiliteite. Veral die gebrek aan hawefasiliteite het Leyds se misnoeë met die Portugese owerheid gewek. Die Portugese optrede met betrek= king tot die NZASM se pier het hy as skandalig bestempel. Om alles te kroon, was die pier wat die Portugese opgerig het, geheel en al ontoereikend. Leyds was van mening dat die Por= tugese hul pier met opset onbruikbaar gemaak het. Ook wat bergingsfasiliteite betref het, was daar volgens Leyds tekens van die "zucht der Portugezen tot tegenwerking".<sup>41</sup>

Die vermoede dat die Portugese die Z.A.R. se belange in Dela= goabaai en die Delagoabaaispoorweg teengewerk het, is verder by Leyds verskerp deur die uitlatings van die goewerneur van

---

38. Z.A.R.157, Verslag van die Spoorwegkommissie, p.6.

39. L.A.250, Memorandum van Leyds n.a.l.v. 'n besoek aan Delagoabaai, Oktober - November 1890. Volgens 'n opmerking van Leyds het hy die memorandum na sy terug= keer na Pretoria aan die U.R. voorgelê. Daar kan egter geen spoor daarvan in die stukke van die U.R. gevind word nie.

40. Ibid.

41. Ibid.

Lourenzo Marques, Mousinho d'Albuquerque en die Portugese koninklike kommissaris, Mariano de Carvalho. Albei persone sou glo verklaar het dat hulle nie daarin belanggestel het om al die goedereverkeer na die Z.A.R. deur Delagoabaai te laat geskied nie. Hulle wou ook vir Durban en ander hawens 'n deel van dié verkeer gun en sou volgens Leyds graag sien dat 'n skip "naar Lourenzo Marques bestemd, naar Durban of zoo gaat..." Trouens, hulle het persone selfs daartoe aange-raai.<sup>42</sup>

Terwyl Leyds nog in Delagoabaai was, het hy hierdie aange-leentheid met konsul Pott bespreek. Volgens Pott was die algemene gevoel in Delagoabaai ten gunste van 'n Z.A.R.-oor=name van die hawe, 'n siening wat natuurlik nie deur die Por-tugese owerhede gedeel is nie. Gelet op die omstandighede wat Leyds in Delagoabaai aangetref het, is dit nie vreemd dat Leyds en Pott metodes om dié omstandighede te verbeter, be-spreek het nie. Uit latere skrywes van Pott aan Leyds is dit duidelik dat konsessies in of oor Delagoabaai hulle aandag geniet het. In 'n brief van 14 November 1890 het Pott die staatssekretaris meegedeel dat geen konsessie, wat die hele Delagoabaai sou insluit, verkrygbaar was nie.<sup>43</sup>

In 'n ander brief van dieselfde datum het Pott egter die ver-kryging van 'n stuk grond aan die oorkant van die bestaande hawe voorgehou. Die stuk grond, wat ongeveer 6 000 meter langs die waterfront gestrek het, het volgens Pott al die bruikbare landingsplek aan die oorkant van die bestaande hawe=fasiliteite ingeneem. Pott het die stuk grond, wat deel ge=vorm het van 'n konsessie wat aan twee Portugese verleen is, as belangrik vir die Z.A.R. beskou, omdat al die grond by die waterfront by die bestaande hawe reeds verkoop of baie duur was. Daarom het Pott die hoë prys van £30 000 vir die stuk grond die moeite werd geag. Leyds was egter van mening dat

---

42. Ibid.

43. L.A.13, Nr. 876, Opsomming van R.16933/90; S.S.2622, R.16840/90, Pott - Staatssekretaris, 14.11.90; S.S. 8691, B.B.4826/90, Staatssekretaris - Pott, geen datum.

die stuk grond slegs van waarde vir die Z.A.R. kon wees met betrekking tot skeepvaart op die Tembe- en Maputoriviere. Omdat die regering van mening was dat 'n spoorweg tussen Delagoabaai en Swaziland van meer betekenis as die bevaarbaarheid van dié riviere was, het die konsessie dus grootliks sy waarde vir die Z.A.R.-regering verloor.<sup>44</sup>

Ofskoon die Z.A.R.-regering voorlopig met die stand van sake in Delagoabaai verlief moes neem, het hulle nie daarin berus nie. Daarvoor was die Z.A.R. se belange in Delagoabaai te groot. Leyds en Pott se poging om deur middel van 'n konsessie 'n mate van beheer vir die Z.A.R. oor Delagoabaai te verkry, sou die eerste van talle soortgelyke pogings wees. Afgesien van die gevaar wat Britse inmenging in Delagoabaai vir die Z.A.R. se belange ingehou het, sou die Z.A.R. dus in die toekoms ook met die swak Portugese administrasie van Delagoabaai moes rekening hou.

Afgesien van Leyds se besoek aan Delagoabaai het 'n besoek van Rhodes aan Pretoria, in die helfte van November 1890, ook 'n groot invloed op die Z.A.R. se beveiligingspogings met betrekking tot Delagoabaai gehad. Vanweë Rhodes se rol in die Swaziland-vraagstuk en sy besetting van die Translimpopo in September 1890, was dit teen November 1890 reeds duidelik dat sy ideale aanmerklik met dié van Kruger verskil het.<sup>45</sup>

Rhodes het na 'n besoek aan die Translimpopo op sy terugreis na die Kaapkolonie Pretoria vlugtig aangedoen, waar hy op 17 November 1890 'n onderhoud met Kruger gehad het.<sup>46</sup> Volgens 'n mededeling van Leyds aan Pott het die volgende betekenisvolle gesprek pláasgevind:

Rhodes: Gij moet Delagoabaai koop.

Kruger: Het zal te duur zijn.

Rhodes: O, ik zie een kans om het goedkoop voor U te krijgen.

Kruger: Ja, als gij Portugal het pistool op de borst zet,

---

44. Ibid.

45. N.G. Garson, The Swaziland Question and a Road to the Sea, pp.315-316.

46. The Press, 18.11.90 (redaksioneel).

zoals gij, d.w.z. Engeland, ook nou anderen iets gedaan ziet te krijgen. Maar ik zal nooit gaan tegen Portugal. Ik zal alleen op vriendschappelijke wijze en in gemeen belang overleg met Portugal handelen. Al zou ik de baai voor niet kunnen krijgen, dan zou ik die niet willen hebben als het met twist zou moeten gebeuren. Ik wil geen vloek laden op mijn nageslacht".<sup>47</sup>

Kruger het selfs so ver gegaan om op 'n kaart vir Rhodes aan te dui waar na Kruger se mening Rhodes se Chartered Company op Portugese grondgebied oortree het!

Rhodes se hulpvaardige aanbod aan Kruger met betrekking tot Delagoabaai het die Z.A.R.-regering onrustig gestem. Trouens, Leyds het Pott oor die inhoud van Kruger en Rhodes se gesprek ingelig, juis met die doel dat Pott vir J.J. Machado, die nuwe goewerneur-generaal van Portugees-Oos-Afrika, daarvoor moes inlig en waarsku teen Rhodes se voornemens. Volgens Leyds was daar egter die probleem dat die Portugese se agterdogtige en jaloerse geaardheid daartoe sou lei dat die Portugese owerhede die mededeling in die verkeerde lig kon beskou en daardeur sou die belange van die Z.A.R. benadeel word. Gevolglik het Leyds dit aan Pott se diskresie oorgelaat of hy die inligting oor Rhodes en Delagoabaai aan Machado moes meedeel of nie.<sup>48</sup> Watter optrede Pott op besluit het, is nie bekend nie.

Uit 'n Z.A.R. oogpunt beskou, het Rhodes se belangstelling in Delagoabaai na 1890 die grootste bedreiging vir die Z.A.R. se belange in Delagoabaai en die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg ingehou. Indien Rhodes in besit of beheer van Delagoabaai sou kom, sou daar niks van Kruger se groot ideale met betrekking tot Delagoabaai of die Delagoabaaispoorweg verwesenlik kon word nie. Daarom was die Z.A.R. na 1890 op hul hoede vir enige poging van Rhodes om in besit

---

47. L.A.250, Leyds - Pott, 26.11.90.

48. Ibid.



van dié spoorweg en hawe te kom. Die Z.A.R.-regering se vrees vir Rhodes sou op sy beurt daartoe lei dat die Z.A.R. self pogings sou aanwend om hul belange in Delagoabaai te beveilig.

Voordat die Z.A.R.-regering egter hul oë kon uitvee, het die Z.A.R. se konsul-generaal in Londen, dr. G.B. Clark, self 'n poging aangewend om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg vir die Z.A.R. in die hande te kry. Clark se belangstelling in die spoorweg is deur genl. Piet Joubert se bemoeienis met 'n Republikeinse skeepsredery aangewakker. Na 'n besoek aan die V.S.A. in die geselskap van Clark, het Joubert in Desember 1890 in Nederland met verteenwoordigers van die NZASM oor die oprigting van 'n skeepsredery samesprekings gevoer.<sup>49</sup> Een van Joubert se voorstelle aan die NZASM was dat die beoogde skeepsredery 'n tweeweeklikse diens tussen Delagoabaai, Lissabon en Amsterdam moes aanbied. Clark was nou van mening dat die Portugese regering, in ruil vir 'n tweeweeklikse diens tussen Delagoabaai en Lissabon, bereid sou wees om hul beheer van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg aan 'n nuwe spoorwegmaatskappy af te staan. Die Portugese ambassadeur in Londen het Clark egter meegedeel dat die verkoop van die spoorweg buite die kwessie was, maar dat dit wel verhuur kon word. Met hierdie inligting tot sy beskikking het Clark aan die einde van Desember 1890, vergesel van Joubert, na Lissabon vertrek ten einde persoonlik die standpunt van die Portugese regering vas te stel.<sup>50</sup>

Op 2 Januarie 1891 het Clark die volgende plan aan die Portugese Minister van Kolonies voorgelê: 'n Portugese spoorwegmaatskappy sou in Lissabon opgerig word met die doel om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg vir 'n tydperk van 21 jaar van die Portugese regering te huur. Die

---

49. J.A. Mouton, Genl. Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis, pp.120,199. (Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis 1957 I).

50. S.Sa.298, R.482/91, Clark - Kruger, 5.12.90; R.1802/91, Clark - Kruger, 5.1.91.

maatskappy se vyf direkteure sou Clark, George, Van Blokland en twee Portugese wees. Alle aandele in die beoogde maatskappy sou in die besit van die Z.A.R. wees. In ruil vir die vergunning om die spoorweg te huur, sou die Z.A.R. Portugal vir alle uitgawes aangegaan vir die voltooiing daarvan vergoed, asook vir enige bedrag van skadevergoeding wat die Bernse skeidsgereg in die toekoms van Portugal mag eis. So dra die uitspraak van die Bernse skeidsgereg bekend was, sou Clark se plan in werking tree. Tydens die voorlegging van sy planne het Clark die minister meegedeel dat die Z.A.R., met die oog op die kompetisie van die Natalspoorweg, graag die beheer oor die hele Delagoabaaispoorweg wou gehad het. Daarom was die Z.A.R. ook bereid om 'n skeepsredery op te rig of enige ander middel aan te wend ten einde die handel van die Z.A.R. oor die Delagoabaaispoorweg te vestig.<sup>51</sup>

Op 5 Januarie 1891 het Clark 'n brief aan Kruger gerig waarin laasgenoemde van sy optrede meegedeel is, asook dat die Portugese minister ten gunste van die voorstelle was!<sup>52</sup>

Clark se voorstelling van gebeure was egter onjuis. Uit 'n skrywe van George aan Van Blokland op 3 Januarie 1891 is dit duidelik dat Clark slegs deur bemiddelling van George 'n onderhoud by die minister verkry het en dat dié Clark se voorstelle met ongeduld aangehoor het. Volgens George was daar op daardie stadium alreeds twee soortgelyke voorstelle, onder andere dié van Oppenheim aan die Portugese regering voorgelê en die betrokke minister sou hom "bald lachelend fragen ob ich dann nicht auch keinen Privaat Project haben."<sup>53</sup> George het die mening gehuldig dat die gedurige aanvraag om konsessies, en veral die strekking van Clark se voorstelle, slegs tot verontwaardiging aan die kant van Portugal jeens die Z.A.R. kon lei.

---

51. S.Sa. 298, R.1802/91, Clark - Kruger, 5.1.91 (kopie van Clark - Minister van Kolonies, 2.1.91).

52. Ibid.

53. L.A. 10, Nr. 603, George - Beelaerts van Blokland, 3.1.91.

Clark se skrywe aan Kruger oor sy werksaamhede in Lissabon het Pretoria aan die begin van Februarie 1891 bereik. Aangesien goeie betrekkinge met Portugal van kardinale belang vir die sukses van die Delagoabaaispoorweg was, het die Z.A.R.-regering Clark se optrede afgekeur. Clark is meedeel dat vanweë die ernstige aard van die aangeleentheid, en ter verwydering van enige misverstand, dit beter sou gewees het as hy vooraf die mening van die Z.A.R.-regering ingewin het. Met betrekking tot sy voorstelle aan die Portugese regering, is Clark daarop gewys dat die Z.A.R. nie deur die tref van voorlopige maatreëls gekompromiteer mag word nie. In die vervolg moes Clark, indien hy weens omstandighede nie die regering se mening gou genoeg kon bekom nie, eers vir Van Blokland raadpleeg.<sup>54</sup> Van Blokland het eweneens Clark se eiemagtige optrede in sulke'tere en gewigtige staatkundige sake' veroordeel.<sup>55</sup> Nóg die Portugese nóg die Z.A.R.-regering het verder aan Clark se voorstelle aandag geskenk.

Portugal se besit van Delagoabaai het gedurende 1891 verskeie kere die aandag van koerante in die Z.A.R. geniet. Nadat gerugte dat Brittanje van plan was om Delagoabaai te beset aan die einde van Mei 1891 in Pretoria die rondte gedoen het, het De Volksstem aan die begin van Junie 1891 kommentaar daarop gelewer. Volgens die redakteur sou só 'n besetting lynreg in stryd wees met die "teederste belangen" van die Z.A.R. en kon dit geen ander doel hê behalwe "als middel om het Transvaalsche volk te tergen". 'n Paar dae later het De Volksstem in 'n verdere hoofartikel aandag geskenk aan die denkbeeld om die ganse grondgebied ten suide van die Zambe-sirivier onder die Britse vlag te kry. Die koerant was van mening dat die Europese state dit nie sou duld dat die kus van Mosambiek in besit van Brittanje kom nie, ewe min as wat die Afrikaners sou toelaat dat "Lourenzo Marques wederregtelik deur of namens Engeland van Portugal ontroofd worde."<sup>56</sup>

- 
54. S.S.8693, B.B.532/91, Staatsekretaris - Beelaerts van Blokland, 17.2.91; B.B.533/91, Staatsekretaris - Clark, 16.2.91.
55. SSa.298, R.5852/91, Beelaerts van Blokland - Kruger, 14.4.91.
56. De Volksstem, 2.6.91 (redaksioneel) en 11.6.91 (redaksioneel).

Die gevaar van 'n Britse oorname van Portugees-Oos-Afrika is egter met die sluiting van die Anglo-Portugese verdrag van 11 Junie 1891 uit die weg geruim. Volgens die verdrag het Brittanje onder andere 'n voorkeurreg op die vervreemding van enige Portugese grondgebied suid van die Zambesirivier verkry.<sup>57</sup> Dit wil voorkom asof hierdie verdrag en die Britse voorkeurreg nie veel aandag van die Z.A.R. ontvang het nie.

The Press het op sy beurt op 12 Augustus 1891 'n berig aan 'n gerug oor die moontlike verkoop van Delagoabaai gewy. Die koerant het dit betreur dat die Z.A.R.-regering nie van die "geleentheid" gebruik gemaak het om die hawe vir die Z.A.R. te koop nie. 'n Dag later het die Portugese konsul-generaal in Pretoria, E. Teixeira-Rebello, in 'n brief aan The Press die gerug oor die verkoop van Delagoabaai ontken. Ter stawing van sy verklaring het Rebello verwys na die verklaring van die Portugese Minister van Buitelandse Sake, De Valbonn, in die parlement dat Portugal nie van plan was om enige van sy Afrika-besittings te verkoop nie.<sup>58</sup>

Ofskoon daar dus geen sprake was dat Portugal Delagoabaai sou verkoop nie, was Leyds juis op hierdie stadium besorgd oor die Portugese koloniale beleid met betrekking tot Portugees-Oos-Afrika. Leyds het naamlik van Oppenheim uit Europa vernem dat die Britse regering in Lissabon pogings aangewend het om Portugees-Oos-Afrika in 'n tolunie met die Britse kolonies in Suid-Afrika te betrek. S6 'n tolunie sou vanselfsprekend die voordele wat Delagoabaai en die Delagoabaaispoorweg vir die Z.A.R. kon meebring, kanselleer. Gevolglik het Leyds op 15 Augustus 1891 'n geheime skrywe aan Van Blokland gerig, waarin hy op die gevaar van die beweerde tolunie vir die Z.A.R. gewys het. Volgens Leyds sou die totstandkoming daarvan vir die Z.A.R. se onafhanklikheid 'n swaar, miskien selfs 'n onherstelbare terugslag wees. Dit

- 
57. E. Axelson, Portugal and the Scramble for Africa 1875-1891, pp.296-297; P.R. Warhurst, Anglo-Portuguese Relations in South-Central Africa 1890-1900, pp.83-94; R.J. Hammond, Portugal and Africa 1815-1910, pp.141-147.
58. The Press, 12.8.91 en 13.8.91.

was regeringsbeleid om op ekonomiese gebied die Kaapkolonie, Natal en Portugees-Oos-Afrika teen mekaar af te speel en met laasgenoemde twee gebiede saam te werk. Omdat die Z.A.R.-regering nog altyd oortuig was dat die Portugese regering hul ekonomiese betrekkinge met die Z.A.R. in dieselfde lig beskou het, was die regering van mening dat die beweerde Britse optrede sou misluk. Die feit dat die Portugese nog niks in verband met die beweerde tolunie aan die Z.A.R. mee= gedeel het nie, het die regering egter onrustig gestem. Daarom het Leyds vir Van Blokland versoek om die Portugese regering mee te deel dat die totstandkoming van die beweerde tolunie deur die Z.A.R. as 'n onvriendskaplike daad beskou sou word. Van Blokland het verder opdrag gekry om die aan= geleentheid na eie goeddunke te hanteer, ten einde 'n ver= steuring in die Z.A.R. se betrekkinge met Portugal te voor= kom.<sup>59</sup>

Van Blokland het tydens 'n besoek aan Lissabon in Oktober 1891 De Valbonn in verband met die beweerde tolunie genader. De Valbonn kon hom egter nie aan enige Britse poging tot só 'n tolunie herinner nie. Van Blokland het nogtans die be= sware van die Z.A.R. teen so 'n moontlike tolunie uiteengesit en die Minister meegedeel dat dit nie die goedkeuring van die Z.A.R. kon wegdra nie.<sup>60</sup>

Afgesien van Leyds was Van Blokland ook oor die Z.A.R. se be= lange in die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg bekommerd. Van Blokland was bevrees dat Portugal deur finan= siële probleme gedwing sou word om hulle deel van die Dela= goabaaispoorweg te verkoop en dat dié spoorweg dan in die ver= keerde handel kon beland. Reeds in Januarie 1891 het die NZASM se direkteur, Van den Wall Bake, aan Van Blokland die vrees uitgespreek dat Portugal weens sy finansiële probleme dalk die spoorweg aan Rhodes kon verkoop.<sup>61</sup> In Julie 1891

---

59. L.A.10, Nr. 673, Leyds - Beelaerts van Blokland, 15.8.91 (geheim).

60. L.A.10, Nr. 674, Beelaerts van Blokland - Leyds, 28.10.91 (geheim).

61. L.A.20, Van den Wall Bake - Beelaerts van Blokland, 3.1.91.

het George in 'n skrywe aan Van Blokland die mening uitgespreek dat, vanweë Portugal se finansiële probleme, die tyd vir die Z.A.R. geleë was om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg van Portugal te koop.<sup>62</sup> Van Blokland het egter vanweë die Z.A.R. se eie finansiële probleme nie veel hoop vir sodanige optrede gehad nie.<sup>63</sup>

In Augustus 1891 het die vrees dat Portugal dalk die spoorweg aan vyande van die Z.A.R. kon verkoop, Van Blokland 'n skrywe aan Tito de Carvalho, die Portugese Minister van Finansies, laat rig. In die skrywe het Van Blokland te kenne gegee dat die Z.A.R. graag sou wou sien dat Portugal die besit van die spoorweg moes behou. In hierdie verband het Van Blokland verder opgemerk dat 'n verklaring van Portugal dat hy nie afstand van die spoorweg sou doen nie, van groot waarde vir die Z.A.R. sou wees. Die Z.A.R. se gesant het in dieselfde brief ook na die moontlikheid dat Portugal die besit van die spoorweg sou afstaan, verwys. Volgens Van Blokland kon die Z.A.R. nie onverskillig teenoor 'n sodanige optrede staan nie, en sou hy dit waardeer het as die Minister hom in só 'n geval vroegtydig sou waarsku. Hy het dan ook die voorstel aan die Minister gemaak dat dit 'n goeie beleid sou wees om voorkeur van besit en gebruik van die Portugese spoorweg aan die Z.A.R. te gee, ingeval Portugal op 'n vervreemding daarvan sou besluit. Van Blokland het dit egter herhaal dat sover dit die Z.A.R. aangaan het, die behoud van die status quo die verkieslikste was.<sup>64</sup> Of De Carvalho op Van Blokland se skrywe gereageer het, is onbekend. Van Blokland het egter die Z.A.R.-regering van sy skrywe aan die Portugese minister in kennis gestel.<sup>65</sup>

Dit wil voorkom asof Van Blokland, in 'n poging om die Z.A.R.

- 
62. L.A.10, Nr. 658, George - Beelaerts van Blokland, 21.7.91.  
63. L.A.10, Nr. 658, Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 20.8.91.  
64. SSa. 3012, R.11542/91, Beelaerts van Blokland - De Carvalho, 20.8.91.  
65. L.A.10, Nr.658, Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 20.8.91.

se belange in Delagoabaai te beveilig, verder gegaan het as bogenoemde diplomatieke optrede. Uit die beskikbare gegewens wil dit voorkom asof Van Blokland aan die einde van 1891 'n poging aangewend het om 'n konsessie vir die oprigting van hawefasiliteite en die invordering van doeane-gelde in Delagoabaai in die hande te kry. 'n Portugese sindikaat, wat die Portugese regering om hierdie konsessie genader het, is deur De Carvalho na Van Blokland verwys ten einde die nodige finansiering daarvoor te bekom. Van Blokland kon egter tydens sy besoek aan Lissabon in Oktober 1891 die saak nie verder voer nie, waarskynlik omdat De Carvalho te veel geld vir die konsessie verlang het.<sup>66</sup>

Aan die einde van Desember 1891 het George aan Van Blokland berig dat omstandighede gunstig was om "etwas wegen Lourenzo Marques zu thun." Volgens George was De Carvalho vanweë Portugal se finansiële probleme bereid om so min as £100 000 vir die reeds gemelde konsessie te aanvaar.<sup>67</sup> Dit was waarskynlik na aanleiding van George se mededeling dat Van Blokland in Januarie 1892 aan Leyds berig het dat dit baie jammer was dat die Z.A.R. "juist thans niet over veel geld kan beschikken want zoo ik op dit oogenblik met veel contanten naar Lissabon kan gaan, dan verzeker ik U dat er tegen onmiddellijke betaling wat te doen zou zijn!"<sup>68</sup>

Iets in verband met Van Blokland se bemoeienis met die Portugese sindikaat en verwante konsessie het waarskynlik uitgelok, want reeds in November 1891 het die Britse konsul in Lourenzo Marques sy regering meegedeel dat die Z.A.R. 'n poging aangewend het om beheer oor 'n Portugese sindikaat te verkry. Volgens die Britse konsul moes die sindikaat geld vir die Portugese regering in die hande kry, in ruil waarvoor

- 
66. L.A.10, Nr. 658, George - Beelaerts van Blokland, 2.9.91; Bake - Beelaerts van Blokland, 9.9.91. By dié saak berus daar ook aantekeninge van Beelaerts van Blokland oor die konsessie in Delagoabaai.
67. L.A.10, Nr. 658, George - Beelaerts van Blokland, 31.12.91.
68. F.G.E. Nilant, op.cit., p.341.

hulle die reg tot die oprigting van hawefasiliteite, asook in die invordering van doeaneregte in Delagoabaai, sou verkry het.<sup>69</sup>

Afgesien van Portugal het die Z.A.R. gedurende 1891 ook groot finansiële probleme ondervind. Nie alleen is die aanleg van die Z.A.R.-gedeelte van die Delagoabaaispoorweg daardeur ernstig in die wiele gery nie, maar die Z.A.R. was verplig om in Desember 1891 die sogenaamde Sivewright-ooreenkoms tussen die NZASM en die Kaapkolonie goed te keur. Daarvolgens het die Kaapkolonie, in ruil vir finansiële hulp aan die NZASM, verseker dat die Kaapse hawens voor Delagoabaai en Durban per spoor met Johannesburg verbind sou word.<sup>70</sup> Ten einde die Z.A.R. se finansiële probleme te verlig, het die Z.A.R.-regering die Nasionale Bank in Februarie 1892 opdrag gegee om in Europa onderhandelinge vir die sluit van 'n staatslening, aan te knoop.

Dr. W. Knappe, Direkteur van die Nasionale Bank, het in 'n geheime skrywe aan Leyds op 24 Februarie 1892 in verband met die beoogde staatslening opgemerk dat die sukses daarvan grootliks van die doel daarvan sou afhang. Knappe het Leyds meegedeel dat volgens berigte uit Duitsland en Nederland dit 'n groot invloed op die sukses van die staatslening sou hê as 'n deel daarvan vir die aankoop van "regte" in die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg bestee sou word.<sup>71</sup> Waar hy aan die inligting gekom het en wat die "regte" sou behels het, het Knappe nie vermeld nie.

Leyds het Knappe aan die begin van Maart 1892 meegedeel dat die doel van die beoogde staatslening slegs as openbare werk aangegee kon word. Daar kon egter aan belangstellendes vertroulik meegedeel word dat die regering onder andere die ver-

- 
69. P. Lewsen, Selections from the Correspondence of J.X. Merriman 1890-98, p.83 (n).  
70. D.J. Coetzee, Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek (1872-1899), pp.96-98; P.J. van Winter, Onder Kruger Hollanders II, pp.112-129.  
7. L.A.11, G.R.16/92, knappe - Staatsekretaris, 24.2.92 (Kopie).



kryging van regte, met ander woorde die verkryging van beheer, in die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg beoog het.<sup>72</sup> Aan die einde van Mei 1892 het Knappe in Londen 'n ontmoeting met die wêreldbekende finansier lord Rothschild gehad ten einde 'n lening vir die Z.A.R. te bekom. Volgens Knappe se verslag aan Van Blokland het Rothschild hom onmiddellik na die doel van die lening gevra. Knappe het as antwoord die oprigting van openbare werke genoem en Rothschild toe vertroulik die verkryging van beheer in die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg meegedeel. Rothschild het Knappe dadelik meegedeel dat as gevolg van bestaande ooreenkomste tussen Brittanje en Portugal hy onder geen omstandighede by 'n lening vir dié doel betrokke kon raak nie. Die Portugese spoorweg het toe nie weer aandag tydens die onderhoud geniet nie.<sup>73</sup>

Van Blokland was onbewus van die gedagte om 'n deel van die staatslening vir die verkryging van beheer in die Portugese spoorweg te gebruik. Hy het sy ontevredenheid met Knappe se bespreking van die spoorweg met Rothschild onmiddellik aan Leyds meegedeel. Terselfdertyd het Van Blokland vir Knappe versoek om met niemand hoegenaamd, sonder Van Blokland se uitdruklike voorkennis en goedkeuring, die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg te bespreek nie. Die gesant se besorgdheid het voortgespruit uit die feit dat Rothschild noue bande met Rhodes gehad het en dat Knappe se optrede as't ware die aap uit die mou gelaat het.<sup>74</sup> In die verband is dit interessant om daarop te let dat Rothschild in Januarie 1892 uit eie inisiatief 'n poging aangewend het om 'n groot deel van Portugees-Oos-Afrika, insluitende Delagoabaai, vir Rhodes te verkry.<sup>75</sup> In die lig hiervan is dit verstaanbaar waarom

- 
72. L.A.11, Staatsekretaris - Direksie Nasionale Bank, 4.3.92 (geheim).
73. L.A.21, Knappe - Beelaerts van Blokland, Londen 31.5.92.
74. L.A.21, Nr. 718, Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 2.6.92 (geheim); Beelaerts van Blokland - Knappe, 2.6.92 (geheim).
75. P. Lewsen, op.cit., p.74 en 82. Ofskoon dié poging misluk het, het die Britse regering die Portugese regering meegedeel dat die oordrag van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg aan vreemdes nie geëld sou word nie. Vgl. G.D. Scholtz, Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog I, p.193.

Rothschild by die uiteindelijke sluiting van die staatslening in 1892, daarop aangedring het dat die lening uitsluitlik vir binnelandse doeleindes aangewend moes word. Die voorkeurreg op toekomstige staatslenings wat Rotschild verkry het, het meegebring dat hy indirek toesig oor die geheime uitgawes van die Z.A.R. verkry het, aangesien enige uitgawes rakende die verkryging van beheer oor Delagoabaai of die Portugese spoorweg, groot finansiële uitgawes aan die Z.A.R. sou stel.<sup>76</sup>

Knappe se onderhandelinge in verband met 'n staatslening was nie al poging wat die Z.A.R.-regering van stapel gestuur het om beheer oor die Portugese spoorweg te verkry nie. Op 9 Mei 1892 het Van Blokland onverwags 'n telegram van die Z.A.R. ontvang waarin hy versoek is om vas te stel of Portugal bereid sou wees om hul gedeelte van die Delagoabaaispoorweg te verkoop en vir watter bedrag.<sup>77</sup> Van Blokland was volkome in die duister oor wat tot die stuur van dié telegram aanleiding gee het. 'n Paar dae later het hy aan George geskryf dat dit enersyds twyfelagtig was of Portugal voor die Bernse skeidsgereg se uitspraak die spoorweg sou verkoop. Andersyds was hy daarvan bewus dat Portugal se finansiële posisie 'n "magtige faktor" was wat die onmoonlike moontlik kon maak. Daarom is George versoek om op die mees versigtige wyse en geheel-en-al mondelings te probeer om sekerheid oor die regering se versoek te verkry.<sup>78</sup>

George het deur middel van 'n invloedryke vriend die aangeleentheid by die Portugese Minister van Kolonies aangeroe. Dié het verklaar dat Portugal voor die Bernse skeidsgereg se uitspraak geen besluit oor die spoorweg sou neem nie. Na die skeidsgereg se uitspraak het die Minister beoog om 'n ooreenkoms oor die eksploitasie van die spoorweg en Delagoabaai te

---

76. F.G.E. Nilant, op.cit., pp.341-342.

77. L.A.19, Regering - Beelaerts van Blokland, 9.5.92 (telegram) (by Nr. 712).

78. L.A.19, Nr. 712, Beelaerts van Blokland - George, 14.5.92 (vertroulik).

sluit. Volgens George was die Minister bereid om die NZASM hierin die voorkeur te gee. Terselfdertyd het die Minister ver wag dat hy in staat gestel moes word om die neergelegde skadevergoeding van die skeidsgereg te betaal.<sup>79</sup>

Van Blokland het aan die einde van Mei 1892 'n verslag van George se bevindinge aan Kruger gestuur. Die gesant het dit duidelik gestel dat hy nie bewus was van wat tot die navraag van die regering aanleiding gegee het nie. Dat die "nimmer ontbrekende praatjes en beweringen van gediens tige plannenmakers" nie daarvoor verantwoordelik was nie, het hy as vanselfsprekend aanvaar. Nogtans het hy Kruger gewaarsku om met betrekking tot die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg die grootste versigtigheid aan die dag te lê. Die rede was dat die Britse en Amerikaanse afvaardigings in hulle memorandum s aan die Bernse skeidsgereg die Z.A.R. verantwoordelik gehou het vir Portugal se besluit om McMurdo se konsessie in te trek.<sup>80</sup>

Afgesien van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg het Delagoabaai se hawefasiliteite gedurende 1892 by meer as een geleentheid die aandag van die Z.A.R.-regering geniet. Sedert Leyds se besoek aan Delagoabaai in 1890 het die Portugese owerheid feitlik niks gedoen om die hawefasiliteite te verbeter nie. Al bruikbare pier in die hawe was dié van die NZASM. Die NZASM se reg op 'n eie pier was egter net 'n tydelike vergunning van die Portugese owerheid. Hulle kon die NZASM enige tyd beveel het om die ontskeping van goedere aan hul pier te staak.<sup>81</sup> Hierdie stand van sake het reeds in Maart 1892 die aandag van Leyds en die plaaslike NZASM-owerhede geniet. Om die ontskeping en deurvoer van goedere na die Z.A.R. te verbeter, het die NZASM in 1892 by die Portugese owerheid aansoek gedoen om behalwe spoorwegmateriaal, ook

- 
79. L.A.19, George - Beelaerts van Blokland, 20.5.92 (by Nr. 712).
80. L.A.19, Nr. 712, Beelaerts van Blokland - Kruger, 26.5.92.
81. S.S.2945, R.9349/91, Leyds - Staatspresident, 3.8.91; Z.A.R. 152, Jaarverslag N.Z.A.S.M. 1891, p.7.

ander vrag aan die NZASM se pier te ontskeep. In September 1892 is Pott, as agent van die NZASM, deur die goewerneur mee-gedeel dat die aansoek nie toegestaan is nie. Leyds is eers in Desember 1892 van hierdie verwikkeling in kennis gestel.<sup>82</sup>

In die tussentyd het die indruk in Lourenzo Marques ontstaan dat die NZASM 'n monopolie ten opsigte van hawefasiliteit probeer verkry het. Die misverstand is vergroot toe The Press aan die begin van Oktober 1892 verkeerdelik berig het dat die Portugese regering bogenoemde monopolie aan die NZASM toege-staan het. Die berig is egter die volgende dag deur die Por-tugese konsul-generaal in Pretoria, baron De Matalha, ont-ken.<sup>83</sup> Op 8 Oktober 1892 het De Volksstem in 'n hoofartikel na die feit verwys dat die Portugese owerhede nog niks gedoen het om Delagoabaai se hawefasiliteite te verbeter nie. Die koerant se slotsom was dat dit wenslik sou wees indien die Transvaalse regering met die Portugese owerhede in verbinding tree ten einde die invoer van goedere deur Delagoabaai na die Z.A.R. so vinnig en gerieflik as moontlik te maak.<sup>84</sup>

Leyds se aandag was op hierdie stadium vanweë 'n ander aange-leentheid op Delagoabaai gevestig. Aan die einde van Augustus 1892 het Leyds inligting ontvang dat onbekende persone pogings aangewend het om die uitsluitlike reg "voor piers" in Lourenzo Marques te verkry. Leyds het gevolglik op 29 Augustus 1892 'n telegram aan C.W. Verloop, 'n amptenaar van die NZASM in Delagoabaai gestuur, waarin dié van die onbekende persone se pogings meegedeel is. Verloop is beveel om dieselfde uit-sluitlike reg vir die NZASM te verkry.<sup>85</sup> Geen verdere inlig-ting aangaande hierdie aangeleentheid is egter bekend nie, wat die vermoede laat ontstaan dat daar niks van gekom het nie.

- 
82. SSa.60, R.C.66/92, Leyds - N.Z.A.S.M., 15.3.92;  
L.A.12, Nr. 8399, Goewerneur L.M. - Pott, 24.9.92;  
L.A.626, R.C.349/92, Regeringskommissaris - Staatsekre-taris, 6.12.92.
83. The Press, 4.10.92 en 5.10.92.
84. De Volksstem, 8.10.92 (redaksioneel).
85. L.A.626, R.9569/92, Staatsekretaris - Verloop, 29.8.92 (telegram).

Skaars 'n maand later het Leyds uit 'n Reuter-telegram uit Londen verneem dat 'n groep finansiers aangebied het om die Portugese regering van die nodige finansies, vir die konstruksie van spoorweg- en hawefasiliteite in een van hul Afrikaanse kolonies, te voorsien. Leyds het hierop 'n brief aan konsulgeneraal Montagu White in Londen gerig, waarin dié versoek is om Leyds van meer inligting aangaande die aanbod te voorsien. Aan die begin van November 1892 het White Leyds per brief meegedeel dat die Reuter-telegram van alle waarheid ontbloom was.<sup>86</sup>

Ofskoon Leyds op sy hoede was vir enige bedreiging van die Z.A.R. se belange in Delagoabaai, was hy nie sondermeer bereid om enige poging tot versterking van die Z.A.R. se invloed in die hawe, te ondersteun nie. Aan die einde van Desember 1892 het ene D.S. van der Merwe die steun van die Z.A.R.-regering versoek vir die verkryging van 'n konsessie vir die bou en uitsluitlike gebruik van hawefasiliteite in Delagoabaai. Volgens Van der Merwe was die goewerneur-generaal van Portugees-Oos-Afrika die saak goedgesind ten spyte van die feit dat hy bewus was dat Van der Merwe Z.A.R.-belange verteenwoordig het. Een van die vernaamste oogmerke vir die verkryging van die konsessie was om die Z.A.R. in besit van Delagoabaai te stel. Behalwe om navraag te laat doen oor die aard van die regering se steun, het Leyds die aangeleentheid nie verder oorweeg nie.<sup>87</sup> Dit wil egter voorkom asof die besware van Plate, 'n amptenaar van die NZASM in Delagoabaai, teen die voorgenome konsessie, 'n rol in Leyds se optrede gespeel het.<sup>88</sup>

Na aanleiding van Plate se besware teen die konsessie het Van Blokland vir George versoek om die Portugese regering mee te

- 
86. S.S.3472, R.11023/92, Reuters-telegram, Londen 26.9.92; B.B.2401/92, Staatsekretaris - White, 28.9.92; White - Staatsekretaris, 4.11.92.
87. L.A.625, ad. G.R.2/93, Van der Merwe - Staatspresident en U.R., 30.12.92 (Hierby ingeslote is afskrifte van Van der Merwe se korrespondensie met die Portugese owerhede oor dié aangeleentheid); G.R.6/93, Van der Merwe - Staatsekretaris, 10.1.93.
88. L.A.11, Nr. 773, Plate - Verloop, 26.11.92; L.A.626, G.R.140/92, Verloop - Leyds, 6.12.92.

deel dat die toestaan van 'sodanige uitsluitlike regte' nie bevorderlik vir die handelsverkeer tussen die Z.A.R. en Delagoabaai sou wees nie. Die Portugese Minister van Kolonies was egter nie bewus van enige sodanige konsessie nie. George het dit nogtans nodig geag om die Minister op die nadeel vir die Z.A.R. van die toestaan van so 'n konsessie te wys.<sup>89</sup>

Portugal se versuim om Delagoabaai as hawe na behore te ontwikkel, was vanselfsprekend vir sowel die Z.A.R.-regering as die NZASM 'n teleurstelling. In Desember 1892 het Middellberg aan Van Blokland die saak as volg saamgevat: "Men zou nu zeggen dat voor een haven die voor een groot verkeer geschikt moet gemaakt worden, met alle krag het maken en voltooiing van inrichtingen als pieren met kranen enz., moest bevorderd worden, zelfs op het gevaar dat er te veel zouden komen. Het tegendeel schijnt het geval."<sup>90</sup> Deur bemiddeling van Van Blokland is dit toe aan George opgedra om die Portugese regering op die kortsigtigheid van hul optrede met betrekking tot Delagoabaai te wys. George kon nie veel in dié verband uitrig nie. Tydens sy navrae in Lissabon aan die begin van Januarie 1893 het dit egter aan die lig gekom dat die Portugese regering vanuit die Z.A.R. teen 'n moontlike oorname van Delagoabaai deur die NZASM gewaarsku is.<sup>91</sup>

Gedurende die eerste maande van 1893 het Delagoabaai se hawefasiliteite geen verandering getoon nie. Die Portugese owerheid was slegs bereid om tydelike toegewings aan die NZASM in verband met die gebruik van hul pier te maak. 'n Poging van die NZASM in April 1893 om Delagoabaai te ontwikkel en beheer oor die hawefasiliteite te verkry, het ook op niks uitgeloop nie.<sup>92</sup>

- 
89. L.A.11, Nr. 773, Middelberg - Beelaerts van Blokland, 4.1.93; Beelaerts van Blokland - George, 11.1.93; George - Beelaerts van Blokland, 19.1.93.
90. L.A.11, 773, Middelberg - Beelaerts van Blokland, 29.12.92.
91. L.A.11, Nr. 773, Beelaerts van Blokland - George, 31.12.92; George - Beelaerts van Blokland, 10.1.93.
92. L.A.626, R.1321/93, Verloop - Leyds, 27.1.93; P.J. van Winter, Onder Kruger Hollanders II, pp.234-235.

In Augustus 1893, na aanleiding van 'n geheime memorandum van Leyds oor Delagoabaai, het die Z.A.R. besluit om Leyds na Europa te stuur ten einde die beheer oor Delagoabaai vir die Republiek te verkry. Die belangrikste rede waarom die Z.A.R. hierdie beveiligingspoging van stapel gestuur het, was die vrees dat Rhodes in besit of beheer van Delagoabaai of die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg sou kom.<sup>93</sup> Ofskoon die Z.A.R. sedert 1890 op hul hoede was vir enige poging van Rhodes om die Delagoabaaispoorweg te verongeluk,<sup>94</sup> was daar teen die helfte van 1893 onomstootlike bewyse dat Rhodes teen die Z.A.R. se belange in Delagoabaai aan die knoel was. Om die optrede van die Z.A.R.-regering te begryp, is dit nodig om Rhodes se planne met betrekking tot die Delagoabaaispoorweg van nader te beskou.

Aan die einde van Desember 1892 het Rhodes en sir James Sivewright, die Kaapse Minister van Openbare Werke, hulle in Londen bevind waar 'n sekere baron De Merck, deur bemiddeling van die Britse Departement van Buitelandse Sake, aan hulle voorgestel is. Na aanleiding van Portugal se finansiële probleme het Rhodes en De Merck ooreengekom dat laasgenoemde sou probeer om namens die Kaapkolonie beheer oor die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg te verkry. Aan die begin van 1893 het sowel De Merck as Sivewright alles in hul vermoë gedoen ten einde die eventuele aanbod aan die Portugese regering te laat slaag.<sup>95</sup>

Op 15 Maart 1893 het De Merck dan ook die aanbod aan die Portugese regering gemaak. De Merck het die Portugese regering £400 000 vir Delagoabaai en die Portugese spoorweg tot aan die Z.A.R. se grens aangebied. 'n Verdere £400 000 sou in

---

93. L.A.625, G.R.107/93, Memorandum van Leyds oor Delagoabaai, 22.8.93.

94. Rhodes het reeds in 1891 vir J.R. Maguire na Lissabon gestuur in 'n poging om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in die hande te kry. Vgl. P.R. Warhurst, op.cit., p.116.

95. A.1090, Memorandum van Sivewright, 9.3.94; Memorandum van Rhodes, 29.3.94.

afwagting van die Bernse skeidsgereg se uitspraak, vir die Portugese regering gedeponeer word. Op daardie stadium was die Britse premier, lord Roseberry, op die hoogte van dié aangeleentheid gestel. Aan die einde van Maart 1893 het die Portugese ambassadeur in Londen, Soveral, hom egter meegedeel dat De Merck se aanbod nie aanvaar is nie. Volgens Soveral kon geen Portugese regering dit waag om De Merck se voorstel aan die parlement voor te lê nie sonder om hul bedanking te veroorsaak nie. Daarop het Soveral 'n verklaring aan Roseberry gedoen waarop opeenvolgende Portugese regerings herhaaldelik sou terugval, naamlik dat Portugal niks met betrekking tot die status quo van Delagoabaai of die Delagoabaaispoorweg sou verander nie, totdat die uitspraak van die Bernse skeidsgereg nie bekend was nie.<sup>96</sup>

Op dieselfde dag waarop De Merck sy aanbod aan die Portugese regering gemaak het, 15 Maart 1893, het George deur middel van 'n informant daarvan te hore gekom en Van Blokland daarvan in kennis gestel. Aangesien George sy informant se identiteit wou beskerm, kon hy die Portugese Minister van Kolonies slegs in die algemeen teen 'n oornam van die spoorweg waarsku.<sup>97</sup> De Merck se aanbod het egter gou uitgelek. Reeds op 17 Maart 1893 het The Times in Londen berig dat De Merck, as voorsitter van die Nyassa-maatskappy, 'n aanbod aan die Portugese regering in verband met die bestuur van die Delagoabaaispoorweg gemaak het. Na aanleiding van hiërdie berig het Middelberg reeds op 20 Maart 1893 aan Van Blokland laat weet dat Rhodes en Sivewright by die saak betrokke kon wees en dan "bestaat er gevaar".<sup>98</sup>

Van Blokland was van mening dat die Portugese regering, ten spyte van hul versekerings, nog nie die gedagte van 'n konsessie oor Delagoabaai laat vaar het nie. Daarom het hy,

---

96. P.R. Warhurst, op.cit., pp.120-123.

97. L.A.12, Nr. 803, George - Beelaerts van Blokland, 15.3.93.

98. L.A.12, Nr. 803, Middelberg - Beelaerts van Blokland, 20.3.93.



na aanleiding van De Merck se optrede dit raadsaam geag om in April 1893 die aandag van die Portugese regering op hierdie aangeleentheid te vestig. Met verwysing na die bittere ervaring van die McMurdo-konsessie, het Van Blokland die Portugese meegedeel dat dit in belang van goeie Z.A.R.-Portugese betrekkinge was dat geen konsessie met betrekking tot enige aspek van Delagoabaai of die Portugese spoorweg aan 'n derde party verleen moes word nie, behalwe na 'n voorafgaande verstandhouding met die Z.A.R.<sup>99</sup>

Van Blokland het Leyds van sy optrede ingelig en hom verder meegedeel dat sowel die aandag van die Nederlandse as Duitse gesante in Lissabon op die aangeleentheid gevestig was. Die Z.A.R. gesant was vol vertrouwe dat dié twee alle pogings "om Lourenzo Marques en die spoorlyn onder Engelse invloed te brengen" kragtig sou teenwerk. Die Z.A.R.-regering het Van Blokland se optrede goedgekeur en hom versoek om hul op die hoogte van verdere verwikkelinge in dié verband te hou.<sup>100</sup>

Pas na die ontvangs van Van Blokland se bogenoemde skrywe, is Leyds deur ene Majoor Ricard Seaver in verband met die besit van Delagoabaai genader. Seaver was, volgens 'n onderhoud met hom gepubliseer in The Press, 'n myningenieur met 'n wêreldwye reputasie, wat sedert Maart 1893 in Suid-Afrika op besoek was. Seaver het terselfdertyd ook as korrespondent van die Londense koerant, The Times, opgetree.<sup>101</sup> Op 27 Mei 1893 het Seaver sy planne met betrekking tot Delagoabaai op skrif aan Leyds gestel. Volgens Seaver was hy vertrouwd met invloedryke Portugese finansiers en politici en het sy planne in hoofsaak op die volgende neergekom: 'n Maatskappy soortgelyk aan die Mosambiek-maatskappy sou opgerig word om van die Portugese regering 'n oktrooi oor Delagoabaai en die omliggende gebied te verkry. Die oktrooi sou voorsiening

---

99. L.A.12, Nr. 803, Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 28.4.93 (vertroulik). Kopie by L.A.625, G.R. 71/93.

100. Ibid.

101. The Press, 2.5.93.

vir die aanlê van hawefasiliteite en spoorweë maak en ten einde die agterdog van die Portugese regering uit die weg te ruim, sou die oktrooi of konsessie aan 'n private Portugese sindikaat verleen word. Die sindikaat se hoofkantoor sou in Lissabon wees, met takkantore in Lourenzo Marques en Pretoria. Die Z.A.R.-regering sou egter al die aandele in die maatskappy besit en net drie van die twaalf direkteure sou Portugese wees. Die Z.A.R. sou dus volle beheer oor die maatskappy en so ook Delagoabaai kon uitoefen. Al wat Seaver van die Z.A.R. verlang het, was om die benodigde kapitaal te waarborg indien die oktrooi verkry sou word.<sup>102</sup>

Ofskoon Leyds nie bereid was om op daardie stadium met Seaver in onderhandeling te tree nie, was Seaver se voorstelle van meer as verbygaande belang. Toe die Z.A.R. in Augustus 1893 besluit het om alles in die stryd te werp om beheer oor Delagoabaai te verkry, het Leyds Seaver se voorstelle as grondslag daarvoor gebruik. Dat Seaver nie as maar net nog 'n spekulant beskou is nie, blyk uit die feit dat Leyds in Augustus 1893 van plan was om Seaver by die Z.A.R. se oorname van Delagoabaai te betrek.<sup>103</sup>

Soos reeds vermeld, was die Z.A.R.-regering veral sedert die begin van 1893 bekommerd oor Rhodes se planne met betrekking tot die Delagoabaaispoorweg. Die moontlikheid kon nie uitgesluit word dat die beriggewing van The Press en De Volksstem in Julie 1893 die kommer van die regering aangewakker het nie. The Press het op 14 Julie 1893 in 'n hoofartikel die aandag van sy lesers gevestig op die gerug dat Rhodes planne in die mou gevoer het om beheer oor die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg te verkry. Terselfdertyd het die koerant 'n deel van Sivewright se toespraak in die Kaapse parlement aangehaal. Die toespraak het gehandel oor Rhodes en Sivewright se optredes in Londen aan die begin van 1893. Ofskoon

---

102. L.A.625, G.R.107/93, Seaver - Leyds, 27.5.93.

103. L.A.625, G.R.107/93, Memorandum van Leyds oor Delagoabaai, 22.8.93.

Sivewright nie wou sê wat die "belangrike saak" was waaraan hy en Rhodes gewerk het nie,<sup>104</sup> het hy die parlamentslede verseker "that the work in which I was engaged...was a work such as no Minister of the Cape had ever taken in hand, and if carried to a successful issue - and I am still sanguine of that - would redound more to my credit,...than any other work in which I have been engaged".<sup>105</sup>

In dieselfde hoofartikel is daar na 'n Natalse koerant verwys, wat die doel van Sivewright se bemoeienis in Londen as die verkryging van die Delagoabaaispoorweg beskryf het. The Press se kommentaar was dat indien dit die waarheid was, dit slegte nuus was, aangesien die Z.A.R. sy onafhanklikheid te duur verkry het om dit deur Rhodes se planne in gevaar te stel.<sup>106</sup> De Volksstem het 'n dag later met 'n hoofartikel op dié van The Press gereageer. Die koerant het dit betwyfel of die Kaapkolonie die geld vir Rhodes se planne in die hande kon kry en of Portugal bereid sou wees om hulself aan Rhodes en die Kaapkolonie te verkoop. 'n Besoek van Rhodes aan Johannesburg in Julie 1893 het daartoe gelei dat The Press weer eens gewys het op die bedreiging wat Rhodes vir die Z.A.R. se belange in die Delagoabaaispoorweg ingehou het.<sup>107</sup>

Die Z.A.R.-regering, en veral Leyds se kommer oor die Z.A.R. se belange in Delagoabaai, is in Augustus 1893 op die spits gedryf. 'n Opeenhoping van goedere in Delagoabaai en die gepaardgaande Portugese optrede, het tot allerlei sensasionele berigte oor die toestand in die hawe aanleiding gegee. Ten einde dié berigte die nek in te slaan, het die Portugese owerheid in Lourenzo Marques 'n telegram aan De Matalha gestuur waarin die waarheid van die sensasionele berigte ontken is. De Matalha het die inligting aan Leyds meegedeel

---

104. Dit was die verkryging van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg. Vgl. P.R. Warhurst, op.cit., pp.119-120 en P. Lewsen, op.cit., p.120 (n).

105. The Press, 14.7.93 (redaksioneel).

106. Ibid.

107. De Volksstem, 15.7.93 (redaksioneel); The Press, 3.8.93 (redaksioneel).

en bygevoeg dat die bedoeling met die 'valse en gevaarlike' gerugte oor Delagoabaai so goed aan Leyds bekend was, dat dit onnodig was om nog iets daaroor te sê.<sup>108</sup>

Nog voor Leyds egter van Matalha se skrywe kennis geneem het, het 'n nuwe bedreiging van die Z.A.R. se belange in Delagoabaai onder sy aandag gekom. Leyds het kort voor, of op 19 Augustus 1893 verneem dat die goewerneur van Lourenzo Marques 'n konsessie vir die alleenreg om piers in Delagoabaai op te rig, aan ene Leon Cohen verleen het. Gevolglik het Leyds op 19 Augustus 1893 vir Van Blokland telegrafies versoek om die bekragtiging van die Cohen-konsessie deur die Portugese regering te verhoed.<sup>109</sup> Leyds het die beveiliging van die Z.A.R. se belange in Delagoabaai egter nie daar gelaat nie. 'n Paar dae later het hy die Z.A.R.-regering oorreed om 'n poging om beheer oor Delagoabaai te verkry, aan te wend.<sup>110</sup>

- 
108. S.S.3918, R. 10126/93, De Matalha - Staatsekretaris, 17.8.93.
109. L.A.626, G.R.149/93, Beelaerts van Blokland - Leyds, 15.9.93 (geheim); L.A.12, Nr. 839 b, Geheime memorandum van Beelaerts van Blokland, 25.11.93.
110. L.A.625, G.R.107/93, Memorandum van Leyds aan die Uitvoerende Raad, 22.8.93.

HOOFSTUK IV

DIE "GROOTE ZAAK"

Op 22 Augustus 1893 het Leyds 'n memorandum oor die verkryging van regte in of oor Delagoabaai en die distrik Lourenzo Marques aan 'n geheime sitting van die Uitvoerende Raad voorgelê. Hierin het Leyds aangevoer dat hy goeie gronde gehad het om te verklaar "dat het de hoogste tyd is voor de Republiek om hare aandag te vestigen op Delagoabaai en daarvoor alle hare kragte in te span alvorens het te laat is."<sup>1</sup> Dat Delagoabaai vir die Z.A.R. van die grootste belang was, is volgens Leyds nie alleen deur die vriende van die Z.A.R. ingesien nie, maar ook, en veral, deur die Republiek se vyande en selfs spekulante. Ofskoon die spekulante nóg vriend nóg vyand van die Z.A.R. was en alleen in geldmaak belanggestel het, was hulle en die vyande van die Z.A.R. reeds lank besig om te doen wat die Z.A.R. versuim het om te doen, naamlik die verkryging van regte in of oor Delagoabaai en die distrik van Lourenzo Marques.<sup>2</sup> Hierdie verklaring van Leyds was klaarbliklik 'n verwysing na die aktiwiteite van Rhodes en ander om op een of ander manier beheer oor of in Delagoabaai te verkry.

Leyds het daarop gewys dat die NZASM, met die medewerking van Beelaerts van Blokland, reeds aansoek by die Portugese owerheid gedoen het, om naas spoorwegmateriaal, ook handelsgoedere by hul kaai in Delagoabaai te ontskeep. Tot op daardie stadium was dié pogings egter tevergeefs. Daar was ook al stappe ten behoeve van die Z.A.R. geneem vir die verkryging van 'n dokke-konsessie in Delagoabaai.<sup>3</sup> Selfs as dié verkry kon word, sou dit nie voldoende vir die belange van die Z.A.R. gewees het nie. Syns insiens was "het de hoogste tyd" dat

- 
1. L.A.625, G.R.107/93, Memorandum van Leyds aan die Uitvoerende Raad, 22.8.93.
  2. Ibid.
  3. Dit is nie duidelik waarna Leyds hier verwys het nie. Vgl. die vorige hoofstuk.

die Z.A.R. moes probeer om alle regte van belang vir hom met betrekking tot Delagoabaai met een slag in die hande te kry. Leyds het in die verband gedink aan 'n konsessie of oktrooi, soortgelyk aan dié wat die Portugese regering aan die Mosambiek- en Inhambane-maatskappy toegestaan het, naamlik volmag vir die beheer, administrasie en ontwikkeling van 'n spesifieke deel van Portugees-Oos-Afrika.<sup>4</sup>

Die probleem in verband met die verkryging van so 'n omvattende konsessie of oktrooi was dat die Portugese regering dit nie aan die Z.A.R. sou toestaan nie. Die Portugese was te trots om hulle soewereiniteit oor Lourenzo Marques prys te gee. Geen Portugese minister sou so iets durf voorstel nie en die koning van Portugal het besef dat so 'n stap hom sy troon sou kos. Boonop was daar nog, kragtens die Anglo-Portugese verdrag van 11 Junie 1891, die Britse voorkeurreg op Portugese grondgebied suid van die Zambesirivier, wat die prysgee van Portugese soewereiniteit oor Delagoabaai aan die Z.A.R. buite die kwessie gestel het.<sup>5</sup>

In die lig van bogenoemde omstandighede, sou die naasbeste optrede in belang van die Z.A.R. die verkryging van regte in Delagoabaai wees, onderworpe aan die soewereiniteit van Portugal. Hierdie manier van optrede was, volgens Leyds, ook nie moontlik nie. Hy het daarop gewys dat dit 'n algemeen bekende feit was dat die Portugese "een nasie vormen die zeer trots en hooghartig en ook zeer liggeraak is."<sup>6</sup> Volgens vertroulike mededelings van Van Blokland is daar in regerings-

- 
4. L.A.625, G.R.107/93, Memorandum van Leyds aan U.R., 22.8.93. Die Mosambiek-maatskappy het in 1888 tot stand gekom en was verantwoordelik vir die ontwikkeling van feitlik die hele Portugees-Oos-Afrika tussen die Sabi- en Zambesiriviere. Alhoewel die Mosambiek-maatskappy baie voorregte en toegewings van die Portugese regering ontvang het, het die Portugese regering nie sy soewereiniteit oor die betrokke grondgebied afgestaan nie. Vgl. P.R. Warhurst, Anglo-Portuguese Relations in South-Central Africa 1890-1900, pp.23-25; R.J. Hammond, Portugal and Africa 1815-1910, pp.147-150.
  5. L.A.625, G.R.107/93, Memorandum van Leyds aan U.R., 22.8.93.
  6. Ibid.

kringe in Lissabon met "leede oogen" na die ontwikkeling van die Z.A.R. gekyk. Die Portugese was, met een woord, jaloers op die Z.A.R. en daarom was "er niet aan te denken" dat Portugal direk aan die Z.A.R. regte met betrekking tot Delagoabaai sou afstaan.<sup>7</sup>

Die verkryging van regte in Delagoabaai sou, in die lig van hierdie omstandighede, in die geheim deur middel van tussengangers moes word. Leyds het twee voorwaardes vir die verkryging van regte met betrekking tot Delagoabaai deur die Z.A.R. gestel, naamlik (a) die aangeleentheid moet nie in die Eerste Volksraad bespreek word voordat die verkryging van regte in Delagoabaai afgehandel was nie, en (b) die tussengangers waarvan daar gebruik gemaak sal word, moes volkome betroubaar wees. As rede vir die weerhouding van die aangeleentheid aan die Eerste Volksraad, het Leyds daarop gewys dat geheime sittings van dié liggaam selde geheim gebly het. Om sy bewering te staaf, het Leyds verwys na die behandeling van die Inhambane-konsessie. Ten spyte daarvan dat dit 'n geheime sitting was, het majoor Seaver hom ongeveer twee weke na die sitting alles oor die konsessie meegedeel!<sup>8</sup>

Die verkryging van regte in Delagoabaai sonder die voorlegging daarvan aan die Eerste Volksraad, is deur Leyds in 'n ernstige lig beskou. Onder normale omstandighede was dit "hoogs af te keuren". In dié besondere geval het dit egter oor 'n aangeleentheid gegaan waarmee die Eerste Volksraad "zeer zeker éénparig ingenomen is" en wat hulle nie graag, om welke redes ook al, sou wou sien misluk het nie. Daarom sou die Eerste Volksraad, indien sake suksesvol verloop, hulle goedkeuring daaraan heg al is daar "formeel niet vooruit een opdrag gegeven."<sup>9</sup>

Dat die tussengangers waarvan daar in die verkryging van regte in Delagoabaai gebruik gemaak word, volkome betroubaar moes

---

7. Ibid.  
8. Ibid.  
9. Ibid.

wees, was volgens Leyds, vanselfsprekend. Daar was baie persone wat namens die regering in die aangeleentheid sou wou optree en reeds aanbiedinge en aansoeke in dié verband gemaak het. Adolf Goerz, die verteenwoordiger van die Duitse Bank in Johannesburg, en majoor Seaver was egter die geskikste persone. Deur gebruik te maak van die Duitse Bank het verskeie voordele vir die Z.A.R. ingehou. Die bank het die steun van die Duitse regering geniet, wat in Lissabon druk in verband met die verkryging van regte in Delagoabaai deur die Z.A.R., kon uitoefen. Verder sou die Portugese regering reeds 'n aanduiding gegee het dat, alhoewel hulle Britse pogings om regte in Delagoabaai te verwerf van die hand gewys het, hulle wel bereid was om met Duitse of Nederlandse instellings daaroor te onderhandel. Laastens kon die Duitse Bank die Z.A.R. ook nog met die verkryging van geld behulpsaam wees. Hierdie aspek was vir Leyds belangrik, want dat die verkryging van regte in Delagoabaai baie geld sou verg, het hy nie oor getwyfel nie. Veral om Lourenzo Marques "ongeveer te maken wat het behoort te zijn" sou aanvanklik 'n groot uitleg van kapitaal verg. In dié verband het Leyds die voorstelle van Seaver vir die ontwikkeling van Delagoabaai aan die Uitvoerende Raad voorgehou. Ten spyte van al die verwagte uitgawes, het Leyds nie daaraan getwyfel nie dat na verloop van 'n paar jaar die inkomste uit die hawe die uitgawes sou dek nie.<sup>10</sup>

Behalwe dat Leyds van voorneme was om Seaver slegs as raadgewer in die verkryging van regte met betrekking tot Delagoabaai te gebruik, het hy geen verdere besonderhede in verband met die gebruikmaking van Goerz en Seaver se dienste aan die Uitvoerende Raad verstrek nie. Leyds het egter voorgestel dat twee Uitvoerende Raadslede, met volmag om oor die verkryging van regte met betrekking tot Delagoabaai te onderhandel, na Europa afgevaardig word om die aangeleentheid aldaar "tot het gewenschte en gehoopte einde te brengen". Die afvaardiging was nodig, omdat die uitwerking, behandeling en

---

10. Ibid.



afhandeling "dezer grootsche zaak" nie in Suid-Afrika nie, maar in Europa in oorleg met Van Blokland sou moes plaasvind. Vanselfsprekend sou die ware doel van die twee regeringslede se reis na Europa 'n geheim moes bly.<sup>11</sup>

Volgens 'n skrywe van Leyds aan Van Blokland op 25 Augustus 1893, het die Uitvoerende Raad hom geheel-en-al met die strekking van Leyds se memorandum vereenselwig en kon Van Blokland binne 'n paar weke die koms van Leyds en generaal Piet Joubert na Europa verwag het.<sup>12</sup> Twee dae later is Van Blokland ingelig dat Leyds aan die einde van September 1893 vanuit Kaapstad na Europa sou vertrek.<sup>13</sup> Dit is egter interessant dat die Uitvoerende Raad die sending van Leyds en Joubert na Europa eers in 'n geheime besluit van 19 September 1893 formeel goedgekeur het.<sup>14</sup>

Ofskoon Leyds, soos reeds daarop gewys, reeds op 19 Augustus 1893 'n telegram aan Van Blokland in verband met die Cohen-konsessie gestuur het, het hy twee dae na die voorlegging van die memorandum oor Delagoabaai aan die Uitvoerende Raad, 'n verdere telegram aan Van Blokland gestuur. Hiervolgens het hy Van Blokland versoek om te probeer voorkom dat die Portugese regering konsessies in Delagoabaai, of 'n oktrooi oor die hele distrik, aan iemand sou toestaan. Van Blokland sou per brief volledig oor die aangeleentheid ingelig word. In ooreenstemming hiermee het Leyds 'n dag later 'n brief aan Van Blokland gerig, waarin hy 'n afskrif van sy Delagoabaai-memorandum aangeheg het.<sup>15</sup>

In Europa het Van Blokland na die ontvangs van Leyds se telegram van 19 Augustus 1893 in verband met die Cohen-konsessie

---

11. Ibid.

12. L.A.12, Nr. 839 a, Staatsekretaris - Beelaerts van Blokland, 25.8.93.

13. L.A.251, Leyds - Beelaerts van Blokland, 27.8.93.

14. U.R.122, Indeks van geheime U.R.-besluite 1893, nr. 3, dd. 19.9.93.

15. L.A.12, Nr. 839a, Staatsekretaris - Beelaerts van Blokland, 25.8.93.

hom na George in Lissabon gewend met die oog daarop om te voorkom dat die konsessie toegestaan word. George het hom tot die Portugese Minister van Marine en Kolonies gewens, wat volgens George persoonlik teen die verlening van die Cohen-konsessie gekant was. Aangesien die Portugese regering self besig was om ondersoek in te stel of die Minister nie die konsessie kon intrek nie, kon George voorlopig niks verder uitrig nie.<sup>16</sup>

Dit was egter nie net die Z.A.R. wat bekommerd was oor die beheer oor of in Delagoabaai nie. Op 6 September 1893 het The Press bẽwee dat wanneer die uitspraak van die Bernse skeidsgereg oor die Portugese gedeelte van die Delagoabaai=spoorweg die aandag op Delagoabaai sal vestig, niks die planne van diẽ wat beheer oor die spoorweg wil verkry, beter sal pas as die onvermoẽ van die Portugese owerheid in Delagoabaai nie. Portugal sou nie in staat wees om die geldelike verpligtinge van die skeidsgereg na te kom nie en die uiteinde van die saak sou 'n Britse oorname van Delagoabaai wees. Die koerant het erken dat dit bloot 'n raaiskoot oor die toekomstige verloop van sake was, maar nogtans bygevoeg: "but it is likely to prove very near the mark".<sup>17</sup>

Soos reeds daarop gewys, het die Uitvoerende Raad op 19 September 1893 volmag aan Leyds en Joubert vir die verkryging van regte met betrekking tot Delagoabaai in Europa, verleen. Ten einde die geheimhouding van diẽ twee se sending te bewaar, is daar na die Z.A.R. se verkryging van regte met betrekking tot Delagoabaai verwys as "de Groote Saak". Waarskynlik om as dekmantel vir Leyds se reis na Europa te dien, het die Uitvoerende Raad dieselfde dag in 'n gewone sitting besluit dat die Staatsekretaris tydens sy verblyf in Europa die kantore van die Z.A.R. se diplomatieke en konsulêre personeel moes

- 
16. L.A.626, G.R. 149/93, Beelaerts van Blokland - Leyds, 15.9.93 (geheim); George - Beelaerts van Blokland, 26.8.93.  
17. The Press, 6.9.93.

inspekteer en uitleweringstraktate met Nederland en België sluit.<sup>18</sup> Aan die einde van September 1893 het Leyds dan ook per skip vanuit Kaapstad na Engeland vertrek, waar hy teen die helfte van Oktober 1893 aangekom het. Soos met sy reis na Europa vier jaar vantevore was die doel daarvan steeds dieselfde: om die Z.A.R. se vrye toegang tot die see deur middel van Delagoabaai, te beveilig.

Intussen het sake met betrekking tot Joubert se vertrek na Europa 'n nuwe wending geneem. Generaal Joubert was veron=derstel om op 8 Oktober 1893 per trein na Kaapstad te vertrek, vanwaar hy op 11 Oktober 1893 per skip na Engeland sou ver=trek het. 'n Dag voordat Joubert uit Pretoria sou vertrek het, het hy egter vir Kruger in 'n lang omslagtige brief mee=gedeel dat hy nie meer sy weg oopsien om na Europa te gaan nie. As rede vir die sonderlinge stap, het Joubert die so=genaamde artilleriekamptaak<sup>19</sup> genoem, wat glo soos 'n swaard bokant sy kop gehang het. Aangesien die Uitvoerende Raad nie die afhandeling van die artilleriekamptaak tot na Joubert se terugkoms uit Europa wou uitstel nie, het hy besluit om in Pretoria te bly om te sien wat die Uitvoerende Raad "op mijn nek en skouers zal liggen en om wat het ook zij te dragen".<sup>20</sup>

Of die artilleriekamptaak werklik die enigste en ware rede vir Joubert se besluit was, is moeilik om vas te stel.<sup>21</sup> Dat

- 
18. U.R.11, Art. 515, dd. 19.9.93.
  19. Die artilleriekamptaak was 'n ondersoek wat die Eerste Volksraad na die toestand en bestuur van die kamp in Pretoria laat instel het. Vgl. J.A. Mouton, Genl. Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis, p.132.
  20. L.A.626, G.R.148/93, Waarnemende Staatsekretaris - Staatsekretaris, Pretoria 27.10.93 waarby 'n kopie van 'n brief van P. Joubert aan die Staatspresident, dat. 7.10.93 ingesluit was.
  21. Die moontlikheid kan nie uitgesluit word nie dat 'n geheime besluit van die Eerste Volksraad op 7 September 1893 om nie 'n Transvaalse skeepsredery op te rig nie, tot 'n verdere verwydering tussen Joubert en die regering gelei het. Vgl. A.241, Joubert - J.H. Janson, 7.9.93; J.A. Mouton, op.cit., pp.199-200.

hy bewus was van die belangrikheid van "de Groot Zaak", is duidelik uit die inhoud van sy skrywe aan Kruger. Daarin bedank hy Kruger vir die vertroue in hom gestel om "zeer gewichtige belangen des Lands" te behartig, "de welslagen waarvan zoo onberekenbaar veel afhangen voor onze toekomst en die onze kinderen..." Met verwysing na alles wat deur Leyds oor Delagoabaai aan die Uitvoerende Raad meegedeel is, kon Joubert nie anders as saamstem dat dit gevaar vir die Z.A.R. ingehou het as Portugal van Delagoabaai sou moes afstand doen nie. Dan sou dié hawe, volgens Joubert, in vreemde of vyandige hande val, wat die gevaar ingehou het dat "wij zoo doende van alle kanten omsingelt en afgesneden van de zee zou wezen".<sup>22</sup>

'n Ander aspek van Joubert se brief wat ook aandag verdien, is Joubert se standpunt oor die "Groote Zaak" se kanse op sukses. Ofskoon Joubert erken het dat dit "onze dure verplichtingen" was om "die baai onder onze controle te krijgen", was hy nie optimisties oor hul kanse nie. Leyds se bewering dat Portugal nie direk aan die Z.A.R. enige regte sou verleen nie, het 'n pynlike indruk op Joubert gemaak en daardeur het sy "reeds kleine en zeer zwakke vooruitzicht en hoop op welslagen nog geringer zijn geworden". Nieteenstaande dit alles het Joubert op daardie vroeëre stadium tog besluit om hom sy benoeming te laat welgeval en te gaan kyk of hy nie die oorsaak van "deze treurige verhouding" met Portugal uit die weg kon ruim nie. As rede vir laasgenoemde stap het Joubert heel tereg aangevoer dat goeie betrekkinge met Portugal vir die onafhanklikheid van die Z.A.R. onontbeerlik was.<sup>23</sup>

Uit Kruger se antwoord op Joubert se brief is dit duidelik dat die probleem van die artilleriekamptsaak reeds vroeër deur die twee leiers bespreek was. Kruger het Joubert se aandag daarop gevestig dat sy teenwoordigheid nie by die afhandeling

---

22. L.A.626, G.R.148/93, Waarnemende Staatsekretaris - Staatsekretaris, Pretoria 27.10.93.

23. Ibid.

van die artilleriekamptaak nodig was nie. Buitendien het hy Joubert herhaalde male verseker dat die geringste beskuldiging wat teen die persoon van Joubert gemaak word, eers na sy terugkeer behandel sou word. Verder het Kruger Joubert ook daarop gewys dat hy hom reeds vroeër meegedeel het dat hy sy reis vanweë werkomstandighede kon uitstel. Kruger het voorts aangebied dat Joubert hom inlig oor enige aangeleentheid wat sy vertrek na Europa verhoed het, sodat Kruger dadelik daarvan werk kon maak. Dit sou Joubert dan in staat stel om nog die reis na Europa te onderneem.<sup>24</sup>

Joubert het nie op die skrywe van Kruger geantwoord nie. Die gevolg was dat die regering tot na die afhandeling van die artilleriekamptaak gewag het, alvorens hulle Joubert weer in verband met sy beoogde reis genader het. In die tussentyd het Joubert se besluit om nie na Europa te gaan nie, die aandag van die nuusblaaie getrek. Die Generaal se meningsverskil met die Uitvoerende Raad oor die kamptaak is as rede vir die afstel van sy reis aangegee.<sup>25</sup> Op 20 Oktober 1893 het die waarnemende staatsekretaris 'n skrywe aan Joubert gerig waarin hy na die aanbod in Kruger se brief, in verband met aangeleenthede wat Joubert se vertrek na Europa verhoed het, verwys het. Ook is die inhoud van 'n telegram van Leyds aan die regering, waarin hy na die rede vir die Generaal se tuisbly verneem het, aan Joubert meegedeel. Na aanleiding hiervan en die feit dat Joubert se sending na Europa 'van ernstige aard' was, is die Generaal gevra wat sy besluit in verband met sy Europese reis was. Op 23 Oktober 1893 het Joubert kortaf geantwoord dat hy onder die indruk verkeer het dat dit duidelik was dat hy nie meer na Europa sou gaan nie en dit aan die waarnemende staatsekretaris oorgelaat om 'n antwoord op Leyds se telegram te verskaf.<sup>26</sup> Hierdie houding van Joubert

---

24. Ibid., 'n Kopie van 'n brief van Kruger aan Joubert, dd. 9.10.93 berus hierby.

25. The Press, 10.10.93.

26. L.A.626, G.R.148/93, Waarnemende Staatsekretaris - Staatsekretaris, 27.10.93 waarby kopieë van die volgende briewe ingesluit was: Waarnemende Staatsekretaris - Joubert, dd. 20.10.93 en Joubert - Waarnemende Staatsekretaris, dd. 23.10.93.

het tot gevolg gehad dat die Uitvoerende Raad op 27 Oktober 1893, in die afwesigheid van Joubert, 'n geheime besluit aangaande die "Groote Zaak" geneem het. Daarvolgens is magtiging vir die uitvoering daarvan aan Leyds alleen opgedra en is hy nog dieselfde dag hiervan in kennis gestel.<sup>27</sup>

### Leyds in Europa

Leyds het op 15 Oktober 1893 in Southampton aangekom, waar hy deur Montagu White en Quarles de Quarles, onderskeidelik die Z.A.R. se Konsul-generaal en Vise-konsul in Londen, ontmoet is. Met sy aankoms het Leyds uit 'n Reuter-telegram verneem dat Joubert sy reis na Europa, weens verskille met die Uitvoerende Raad, afgestel het.<sup>28</sup> Leyds se aankoms in Engeland het nie onopgemerk verbygegaan nie. Die nuusblad South Africa het van Leyds se aankoms melding gemaak en afgelei dat sy reis niks met die Swaziland-vraagstuk te doen gehad het nie. Die rede vir Leyds se besoek aan Europa is as privaat en as vakansie aangegee. Volgens die blad was Leyds verbaas om van die uitgestelde reis van Joubert te verneem.<sup>29</sup>

Aanvanklik was Leyds van plan om in Londen met die Britse Minister van Kolonies, lord Ripon, samesprekings te voer. Die feit dat Ripon, asook sy onder-minister, Buxton, uitstедig was, het Leyds laat besluit om liewers by Van Blokland oor die uitstel van Joubert se reis te gaan kers opsteek. Omdat Van Blokland ook niks van die aangeleentheid geweet het nie, het Leyds, soos reeds vermeld, op 15 Oktober 1893 telegrafies navraag oor Joubert se uitgestelde reis by die regering gedoen. Volgens Leyds was hy huiwerig om met die uitvoering van die "Groote Zaak" voort te gaan alvorens hy geweet het of Joubert na Europa kom of nie.<sup>30</sup>

---

27. Ibid.

28. L.A.625, G.R.198/93, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, Amsterdam, 26.10.93 (geheim); L.A.251, Leyds - Van Boeschoten, Den Haag, 20.10.93.

29. The Press, 13.11.93. (Die berig in South Africa is deur The Press oorgeneem).

30. L.A.625, G.R.198/93, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, Amsterdam, 26.10.93 (geheim).

Totdat hy meer inligting met betrekking tot Joubert se planne uit Pretoria ontvang het, het Leyds in oorleg met Van Blokland, Van den Wall Bake en A.S. de Marez Oyens homself aangaande die jongste verwikkelinge rondom Delagoabaai op die hoogte probeer stel.<sup>31</sup> Volgens mededelings van George was die vooruitsig vir die verkryging van konsessies in of oor Delagoabaai nie gunstig nie. Die Portugese regering het met die oog op die uitspraak van die Bernse skeidsgereg, 'n afwagten=de houding met betrekking tot Delagoabaai ingeneem en was skynbaar vasbeslote om geen ooreenkoms in dié verband voor die uitspraak van die skeidsgereg aan te gaan nie. Boonop het die baie aansoeke van sindikate en konsessiesoekers met betrekking tot Delagoabaai die Portugese 'n oordrewe siening van die waarde van die Delagoabaaispoorweg en -hawe gegee. Die gevolg was dat die Portugese van mening was dat hierdie konsessies miljoene ponde werd was. Met betrekking tot die Cohen-konsessie was daar nie veel nuuts nie. Die Portugese staatsprokureur het nog steeds nie sy goedkeuring daaraan ge=heg nie. Volgens George was die Minister van Marine glo bevrees vir "reclamaties van de zijde van Engeland, daar Cohen zijne concessie aan een engelsch syndicaat verkocht moet hebben."<sup>32</sup>

Afgesien van die Cohen-konsessie, het ook die bedreiging wat Rhodes vir die Z.A.R. se planne met Delagoabaai ingehou het op daardie stadium 'n invloed op Leyds se sending gehad. In

- 
31. Leyds het o.a. kennis geneem van voorstelle wat 'n sekere D. Bottenheim vroeër in 1893 aan die Portugese regering in verband met Delagoabaai gemaak het. Leyds wou veral weet wat die reaksie van die Portugese regering daarop was. 'n Afskrif van Bottenheim se voorstelle is deur Leyds aan die regering gestuur maar het nie verder 'n rol in die "Groote Zaak" gespeel nie. Vgl. L.A.625, G.R.198/93, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, Amsterdam 26.10.93 (geheim). 'n Kopie van Bottenheim se voorstelle is te vinde by L.A.12, Nr. 803.
32. L.A.625, G.R.198/93, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, Amsterdam, 26.10.93 (geheim). Kopie van 'n brief van George aan Beelaerts van Blokland, dd. 11.10.93.

Pretoria het die regering inligting ontvang dat Rhodes aan die werk was om beheer oor die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg te verkry. Op 18 Oktober 1893 is Van Blokland telegrafies hieroor ingelig en versoek om navraag daaroor te doen. Op versoek van Van Blokland het George toe in Lissabon, in die afwesigheid van die Minister van Kolonies, die hoofamptenaar belas met kolonies, gespreek. Dié het die bewering aangaande die verkoop van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg ontken. Op 21 Oktober 1893 het Van Blokland die Z.A.R.-regering oor hierdie ontkenning ingelig.<sup>33</sup> Leyds was egter nie gerus nie. Met die oog op die belange wat die Z.A.R. in Delagoabaai gehad het, het Leyds besluit dat òf hy òf Van Blokland 'n besoek aan Lissabon moes bring. Die feit dat Leyds se teenwoordigheid in Lissabon die Portugese onnodig agterdogtig sou maak, het die keuse op Van Blokland laat val. As rede vir Van Blokland se besoek sou die sloerende onderhandelinge oor 'n uitleweringsverdrag tussen die Z.A.R. en Portugeës-Oos-Afrika gebruik word.<sup>34</sup> In geval die Portugese regering Leyds se besluit om nie Portugal te besoek nie sou bevraagteken of daaromtrent 'n versoek uitspreek, sou hy dadelik na Lissabon gaan. Voorlopig sou Leyds hom na Parys begewe vir samesprekings met dr. J. Magin oor 'n ander aangeleentheid, terwyl sy verdere optrede van Van Blokland se besoek aan Lissabon sou afhang.<sup>35</sup>

Portugal se finansiële probleme het tot gevolg gehad dat Leyds Van Blokland opdrag gegee het om in Lissabon vas te stel of dit moontlik sou wees om die Portugese regering "positief of negatief te binden door geld." Portugal moes in Desember

- 
33. L.A.19, Regering - Beelaerts van Blokland, 18.10.93 (telegram); Beelaerts van Blokland - Regering, 21.10.93 (telegram); George - Beelaerts van Blokland, 21.10.93; L.A.251, Leyds - Van Boeschoten, Den Haag, 20.10.93.
34. L.A.251, Leyds - Van Boeschoten, Den Haag, 20.10.93. Leyds se voorneme om van Seaver gebruik te maak, het weens laasgenoemde se ongesteldheid deur die mat geval.
35. L.A.625, G.R.198/93, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, Amsterdam, 26.10.93 (geheim).



1893 weer rente op sy skuld betaal en Leyds was van mening dat Portugal nie die nodige fondse daarvoor gehad het nie. Leyds se gedagte was dat die Z.A.R. die Portugese regering met die delging van hul skuld kon help "en dat zij door het geld verleid zullen worden een bepaalde toesekking van een charter te doen en dat zij dat geld zullen aannemen als een voorschot op de gelden voor het charter te betalen".<sup>36</sup> Alhoewel Leyds besef het dat so 'n optrede baie riskant was, was hy tog van mening dat die Z.A.R. iets sou moes waag in dien hulle sukses in die "Groote Zaak" wou behaal het.

Leyds het gevolglik ook by Oyens navraag gedoen oor die moontlikheid om 'n lening vir die Z.A.R. te bekom, sonder om te vermeld waarvoor die lening benodig word. Oyens was van mening dat al sou die doeleindes van die lening vir die publiek geheim gehou kon word, dit nie met die bankiers die geval kon wees nie. 'n Verdere probleem was dat die Z.A.R. gebind was aan die Nasionale Bank en dat dié bank volgens 'n vroeëre ooreenkoms met die Rothschild-huis, verplig was om laasgenoemde eers om 'n lening te nader. Eers as Rothschild die aansoek om 'n lening sou weier, kon die Z.A.R. elders na 'n lening gesoek het. Die probleem was dat Rothschild en Rhodes op besondere goeie voet was en dat De Merck nog steeds aan die werk was om namens Rhodes 'n oktrooi oor Delagoabaai te verkry. Dit sou dus besonder moeilik wees om die geld wat die Z.A.R. aan Portugal wou leen, in die hande te kry.<sup>37</sup>

Op 30 Oktober 1893 het Van Blokland in Lissabon aangekom en nog dieselfde dag 'n onderhoud met Tito de Carvalho, direkteur van die Ministerie van Kolonies, gehad. Aan die begin van November 1893 het Van Blokland ook onderhoude met die Portugese Minister van Buitelandse Sake en Kolonies gehad.

---

36. Ibid.

37. L.A.625, G.R.198/93, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, Amsterdam, 26.10.93 (geheim).

Ter inleiding van sy samesprekings met die twee Portugese ministers, het Van Blokland dit raadsaam geag om die gemeenskaplike handelsbelange van Portugal en die Z.A.R. op die voorgrond te plaas. Die naderende voltooiing van die Delagoabaaispoorweg het Van Blokland in staat gestel om op die verwagte blink toekoms van Lourenzo Marques as hawestad te wys. In dié verband het hy 'n pleidooi vir die bevordering van handel en skeepvaart na Delagoabaai gelewer. Om dit te verwesenlik, moes daar volgens Van Blokland aan twee vereistes voldoen word: die hawefasiliteite moes verbeter word en die onsekerheid wat daar oor spoorwegverkeer tussen die Z.A.R. en Delagoabaai bestaan het, moes uit die weg geruim word. Van Blokland het voorgestel dat daar voor die voltooiing van die Delagoabaaispoorweg 'n voorlopige ooreenkoms met betrekking tot die hele Delagoabaaispoorweg gesluit moes word ten einde Delagoabaai aan albei se verwagtinge te laat voldoen. Om hierdie toestand te verwerklik, het Van Blokland versigtig te kenne gegee dat die Z.A.R. nie ongeneë sou wees om finansiële opofferinge in dié verband te maak nie.<sup>38</sup>

Nie een van die twee Portugese ministers was egter bereid om op Van Blokland se voorstel in te gaan nie. Ofskoon albei baie nadruk op die tradisionele vriendskap tussen die twee state, hul gemeenskaplike belange en Van Blokland se sienswyse rakende Delagoabaai gelê het, wou nie een iets in verband met die status quo in Delagoabaai voor die uitspraak van die Bernse skeidsgereg verander nie. Van Blokland het egter daarop gewys dat dit onseker was wanneer hierdie uitspraak gelewer sou word. Syns insiens kon die belange van die Delagoabaaispoorweg nie onbepaald aan die uitspraak gekoppel word nie, want dan kon Portugal te laat agterkom dat ongunstige omstandighede die sukses van die Delagoabaaispoorweg in gevaar gestel het. In dié verband het Van Blokland verwys

---

38. L.A.12, Nr. 839 b, Geheime memorandum van Beelaerts van Blokland, 25.11.93 en ongedateerde aantekeninge van Beelaerts van Blokland oor sy besoek aan Lissabon. Kopie van geheime memorandum by L.A.625, G.R.221/93, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, 1.12.93 (geheim).

na die gevaar wat die kompetisie van die Natalspoorweg vir Delagoabaai kon inhou. Ofskoon Van Blokland dit nie so aan die twee ministers gestel het nie, het 'n spoorwegverbinding tussen die Witwatersrand en Durban 'n groot gevaar vir die sukses van die Delagoabaaispoorweg ingehou. Die redes hier= voor was dat so 'n spoorverbinding met die see nie baie langer as dié met Delagoabaai sou wees nie en dat die Engelse administrasie van Durban en die Natalspoorweg 'n baie flinker en betroubare diens as dié van die Portugese in Delagoabaai sou lewer. Daarom dat die Z.A.R. so graag beheer oor Delagoabaai wou verkry het. Die Portugese ministers was wel bewus van die bedreiging wat Durban vir Delagoabaai as in= voerhawe van die Z.A.R. ingehou het, maar het Van Blokland meegedeel dat die besluit om die uitspraak van die Bernse skeidsgereg af te wag, 'n kabinetsbesluit was. Daarom kon daar voorlopig geen verandering in hul standpunt wees nie.<sup>39</sup>

Op die dag van Van Blokland se vertrek uit Lissabon, 13 November 1893, het hy meer inligting oor Portugal se standpunt met betrekking tot die Bernse skeidsgereg bekom. Die Minister van Buitelandse Sake, Ribeiro, het hom meegedeel dat daar kort tevore van Britse kant voelers na Portugal uitgesteek is oor die verlening van regte met betrekking tot Delagoabaai. Die Portugese regering het juis toé, om verdere Britse optredes in dié verband te voorkom, besluit om niks in verband met die status quo in Delagoabaai te verander nie, totdat die uitspraak van die skeidsgereg bekend was nie. 'n Verdere rede vir die handhawing van die status quo in Delagoabaai was dat indien Portugal enige konsessies met betrekking tot die hawe sou verleen, die skeidsgereghof dit dalk verkeerdelik kon beskou as 'n poging om die waarde van die McMurdo-konsessie te verminder. Vanweë Portugal se besluit om die status quo in Delagoabaai te handhaaf, kon daar dus nie met betrekking tot die verlening van konsessies in Delagoabaai 'n uitsondering in die geval van die Z.A.R. gemaak word nie.<sup>40</sup>

---

39. Ibid.

40. Ibid.

Uit verdere samesprekings met onder andere George en die Duitse en Nederlandse ambassadeurs in Lissabon, het Van Blokland tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen moontlikheid was dat die Portugese regering, met betrekking tot die verlening van konsessies in Delagoabaai, van standpunt sou verander nie. Slegs 'n ernstige finansiële tekort sou die Portugese van standpunt laat verander, maar anders as wat die Z.A.R. vermoed het, was Portugal se finansiële toestand nie te sleg nie. Van Blokland was boonop van mening dat die Portugese regering se standpunt 'n goeie skuiwergat vir hul probleme was. Deur die status quo in Delagoabaai te handhaaf, kon die Portugese regering nóg die buiteland nóg die binnelandse bevolking in Portugal in die harnas jaag. Al uitweg wat Van Blokland vir die verkryging van regte in Delagoabaai oopgesien het, was om die finansiële posisie van Portugal fyn dop te hou.<sup>41</sup>

Van Blokland se besoek aan Lissabon was egter nie sonder betekenis vir die bevordering van die Z.A.R. se belange met betrekking tot Delagoabaai nie. In Lissabon het hy meer te wete gekom van die Cohen-konsessie, Rhodes se bemoeiinge met, en die houding van Duitsland oor, Delagoabaai. In soverre dit die Cohen-konsessie betref, is daar reeds op die Z.A.R. se optrede in dié verband gewys. Hoe belangrik die Z.A.R. dié konsessie beskou het, is duidelik uit die mening wat Leyds, tydens Van Blokland se besoek aan Lissabon, in 'n skrywe aan Van Boeschoten uitgespreek het. Leyds was van mening dat die Z.A.R. geen geld of inspanning te groot kon ag om die bekragtiging van dié konsessie te verhinder nie. Hy was selfs bereid om vir die doel persoonlik na Lissabon te gaan, veral as die uitvoering van die "Groote Zaak" nie veel kans op sukses gehad het nie.<sup>42</sup>

Reeds met sy aankoms in Lissabon op 30 Oktober 1893 het Van

---

41. Ibid.

42. L.A.625, G.R.213/93, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, 14.11.93 (geheim).

Blokland die Cohen-konsessie met Tito de Carvalho bespreek, wat hom meegedeel het dat die goewerneur van Lourenzo Marques buite sy bevoegdheid gehandel het deur die konsessie aan Cohen te verleen. In die daaropvolgende samesprekings met De Carvalho het Van Blokland herhaaldelik daarop gewys dat uit die oogpunt van die Z.A.R., die bekragtiging van die Cohen-konsessie deur die Portugese parlement, nie in belang van die twee state se gemeenskaplike belange in Delagoabaai sou wees nie. De Carvalho het aan Van Blokland erken dat hy persoonlik ten gunste van die bekragtiging van die Cohen-konsessie was, maar dat hy die nodige maatreëls sou neem om te verhoed dat die konsessie nadelig op die ontskeping van goedere in Delagoabaai inwerk. De Carvalho het aangevoer dat die konsessie nie ingetrek kon word nie, omdat daar volgens die bepalinge van die konsessie alreeds kapitaal in verband met die uitvoering daarvan bestee was. Van Blokland se persoonlike indruk was egter dat daar private Portugese belange by die Cohen-konsessie betrokke was, wat die intrekking daarvan onmoontlik gemaak het. Al goeie nuus vir die Z.A.R. was dat die Portugese regering nie van plan was om enige konsessie met betrekking tot Delagoabaai, voor die uitpraak van die Bernse skeidsgereg, te bekragtig nie.<sup>43</sup>

Van Blokland het in Lissabon ook meer aangaande die intriges van Rhodes in verband met Delagoabaai te wete gekom. De Carvalho het Van Blokland meegedeel dat Isaac Lewis, van die firma Lewis en Marks wat 'n agentskap in Pretoria gehad het, kort tevore in Lissabon was en 'n voorstel van finansiële aard oor Delagoabaai aan die Portugese regering voorgelê het. Op De Carvalho se vraag aan Van Blokland of Lewis vertrou kon word en in voeling met die Z.A.R. was, kon Van Blokland hom reghelp deur daarop te wys dat Lewis eerder in noue voeling met Rhodes was. Daarop sou De Carvalho glo verklaar het

---

43. L.A.12, Nr. 839b, Geheime memorandum van Beelaerts van Blokland, 25.11.93 en ongedateerde aantekeninge van Beelaerts van Blokland oor sy besoek aan Lissabon.

dat daar in so 'n geval geen sprake van die aanvaarding van Lewis se voorstel kon wees nie, aangesien Rhodes "de groote vyand was". Tydens Van Blokland se verblyf in Lissabon het hy dan ook onder die indruk van Rhodes se ongewildheid by die Portugese gekom.<sup>44</sup>

Dit is merkwaardig dat The Press tydens Van Blokland se verblyf in Lissabon die Z.A.R.-regering teen Rhodes se ideale met betrekking tot Delagoabaai gewaarsku het. Onder andere is verklaar: "It is Cecil the Imperialist the Transvaal must watch with care. He has us in a bag already, in which there is one opening at Natal and another at Delagoa Bay". Volgens The Press het die moontlikheid bestaan dat die Z.A.R. nie op 'n spoorwegverbinding met Natal kon reken nie. Dan sou slegs Delagoabaai oorbly "and with bankrupt Portugal almost crying to be squared, we may be sure that a Delagoa Bay Limited Liability Company, with Mr. Rhodes as Managing Director, will be formed... Then there will be no way out of the bag, and we shall be shaken as it pleases Mr. Rhodes."<sup>45</sup>

'n Verdere aangeleentheid wat Van Blokland se aandag geniet het, was Duitsland se steun aan die Z.A.R. in die verkryging van regte in Delagoabaai. Uit Leyds se memorandum aan die Uitvoerende Raad was dit duidelik dat daar sterk op Duitse steun gereken sou word, meer in besonder dié van die Duitse Bank. Op 26 Oktober 1893, nog voor Van Blokland se besoek aan Lissabon, het Leyds in 'n brief aan die waarnemende Staatssekretaris, egter sy bedenkinge oor die steun van Duitsland uitgespreek. Die vraag by Leyds was in watter mate dit wenslik was om Duitsland in belang van die "Groote Zaak" te gebruik. Die Duitsers was volgens Leyds baie ywerig om Britse invloed in Delagoabaai teen te werk. Die vraag was egter of Duitsland dit vir homself of vir die Z.A.R. doen. Leyds het dit as volg gestel: "Als Engeland er voor goed uit is, zal

---

44. Ibid.

45. The Press, 11.11.93 (redaksioneel).

Dl. (Duitsland) dan de kanzen aan ons laten of daarvan zelf gebruik maken?" Syns insiens was dit "een punt dat de grootste omzichtigheid vordert"<sup>46</sup>

Van Blokland se onderhoud op 1 November 1893 met die Duitse ambassadeur in Lissabon, graaf Bray, waarskynlik oor Delagoabaai, moes Leyds se beskouinge oor Duitse steun versterk het. Van Blokland het tot die gevolgtrekking gekom dat die Z.A.R. op die kragtige ondersteuning van Duitsland, vir sover dit die verydeling van Britse planne met betrekking tot Delagoabaai betref, kon reken. Wanneer die Z.A.R. egter sou probeer om self invloed in Delagoabaai te verwerf, sou daar nie op Duitse steun gereken kon word nie. Die rede vir hierdie ietwat vreemde houding van Duitsland was geleë in die feit dat Duitsland een van Portugal se belangrikste krediteure was. As Portugal bereid sou wees om byvoorbeeld regte in Delagoabaai af te staan, dan was Duitsland van mening dat daar voorkeur aan die buitelandse krediteure van Portugal, en by name Duitsland, gegee moes word.<sup>47</sup>

'n Laaste optrede van Van Blokland in Lissabon wat aandag verdien, is sy brief van 10 November 1893 aan die Portugese premier, Ribeiro. Daarin het Van Blokland verklaar dat ten einde enige misverstand te vermy, en alvorens hy verslag aan die Z.A.R.-regering oor sy samesprekings in Lissabon sou doen, hy hom dit veroorloof het om 'n kort samevatting van sy samesprekings met Ribeiro op skrif te stel. Na 'n opsomming van hul samesprekings het Van Blokland ten slotte die Portugese premier versoek om te bevestig dat dit 'n getroue weergawe was. Van Blokland se doel met hierdie stap was om 'n skriftelike bewys van die Portugese standpunt oor Delagoabaai te verkry, met ander woorde dat Portugal nie voor die uitspraak van die Bernse skeidsgereg die status quo in Delagoabaai sou

---

46. L.A.625, G.R.198/93, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, Amsterdam, 26.10.93 (geheim).

47. L.A.12, Nr. 8396, Geheime memorandum van Beelaerts van Blokland, 25.11.93 en ongedateerde aantekeninge van Beelaerts van Blokland oor sy besoek aan Lissabon.

verander nie. Hy was egter vanweë sy jarelange ervaring met die Portugese daarvan bewus dat Ribeiro nie sommer so 'n skriftelike erkenning sou gee nie, aangesien dit in Europa welbekend was dat die Portugese 'n hekel aan geskrewe verkla- rings gehad het. Volgens Van Blokland sou sy skrywe aan Ribeiro in elk geval 'n doel dien, aangesien dit in die toe- koms as 'n geskrewe verklaring van die Z.A.R. se standpunt met betrekking tot Delagoabaai aan Portugal kon dien.<sup>48</sup>

Voor sy vertrek uit Lissabon het Van Blokland by Ribeiro nog op die gevraagde geskrewe verklaring aangedring. Ribeiro het dit egter betwyfel of aan die versoek voldoen sou word. Volgens hom het die Britse ambassadeur, sir Hugh MacDonnel, ook by die Portugese regering om 'n geskrewe verklaring van die handhawing van die status quo in Delagoabaai aangedring, maar dié versoek is geweier.<sup>49</sup> Teen alle verwagtinge in het Ribeiro in 'n skrywe aan Van Blokland op 19 Desember 1893 nie net die ontvangs van sy brief van 10 November 1893 erken nie, maar dit skriftelik bevestig dat Portugal geen besluit aangaande die Delagoabaaispoorweg tot na die uitspraak van die Bernse skeidsgereg sou neem nie.<sup>50</sup>

Vir Leyds was sy eerste paar weke se verblyf in Europa 'n moeilike tydperk. Weliswaar het hy reeds op 27 Oktober 1893 van die Uitvoerende Raad se besluit aangaande Joubert en die

- 
48. L.A.12, Nr. 839b, Geheime memorandum van Beelaerts van Blokland, 25.11.93; Beelaerts van Blokland - Hintze Ribeiro, Lissabon, 10.11.93 (Frans). Vertaling in L.A.625 by G.R.107/93. Beelaerts van Blokland het op 3.11.93 reeds 'n skrywe aan Ribeiro gerig waarin hy teen die verlening van die Cohen-konsessie beswaar ge- maak het. Vgl. L.A.12, Nr. 839a, Beelaerts van Blok- land - Ribeiro, Lissabon, 3.11.93. Vertaling in L.A. 625 by G.R.107/93.
49. L.A.12, Nr. 8396, Geheime memorandum van Beelaerts van Blokland, 25.11.93.
50. L.A.12, Nr. 839b, Ribeiro - Beelaerts van Blokland, Lissabon, 19.12.93.



"Groote Zaak" kennis geneem.<sup>51</sup> Leyds het Joubert se besluit om nie na Europa te gaan nie in 'n skrywe van 3 November 1893 aan die waarnemende Staatsekretaris, Van Boeschoten, diep betreur, aangesien dit Leyds se opdrag in verband met die "Groote Zaak" "oneindig verzwaren"het. Met die oog op die geheimhouding van die "Groote Zaak" het Leyds naas Van Blokland, slegs vir Oyens oor sy opdrag ingelig en Van Boeschoten versoek om 'n stilswe aan die dag te lê "al word van die zijde ook beweerd dat ik het een of ander zou gezegd hebben".<sup>52</sup> Die feit dat Leyds nie self na Lissabon kon gaan nie en hom voorlopig vir die uitvoering van sy opdrag op Van Blokland moes verlaat, het die Staatsekretaris nie aangestaan nie. In 'n skrywe van 14 November 1893 aan Van Boeschoten het Leyds in dié verband verklaar: "Ik doe graag mijn werk zelf. En om dat vóór het grootste deel aan anderen te moeten overlaten, en het gevoel dat men zijn eigen ideaal vernietigt door zichzelf te vertoonen, is ver van plezierig."<sup>53</sup>

In die tussentyd het Van Blokland op 13 November 1893 uit Lissabon vertrek en Leyds, wat vir die duur van Van Blokland se besoek aan Lissabon in Nice vertoef het, op 16 November 1893 in Parys ontmoet. Om verstaanbare redes was Van Blokland se verslag aan Leyds oor sy besoek aan Lissabon nie baie be=moedigend nie. Van Blokland se gevolgtrekking dat die Por=tugese regering met niemand oor die verlening van regte in Delagoabaai sou onderhandel nie, het Leyds nie laat tou op=gooi in die "Groote Zaak" nie. Hy het die hulp van Oyens in=geroep om 'n geskikte persoon, wat verder in Lissabon aan die "Groote Zaak" sou gaan werk, te vind. Waarom Leyds hom in hierdie stadium nog nie tot Goerz of Seaver gewend het nie, is onbekend. Oyens het wel iemand in gedagte gehad, maar

- 
51. L.A.251, Leyds - Waarnemende Staatsekretaris, 27.10.93.  
52. L.A.625, G.R.212/93, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, Nice, 3.11.93 (geheim).  
53. L.A.625, G.R.213/93, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, 14.11.93 (geheim).

dit sou 'n tydjie duur om vas te stel of dié sou kon gaan. Kon die persoon nie gaan nie, het Leyds 'n persoonlike kennis van hom, Thaddäus Schrader van Dresden in gedagte gehad.<sup>54</sup>

Voordat enigiets in die verband gedoen kon word, het daar op daardie stadium 'n nuwe verwickeling in die "Groote Zaak" na vore getree, wat op die oog af van groot belang daarvoor was. Op 16 November 1893 het die Portugese regering aan D. Souto en E.J. Vasconcellos, twee amptenare in die Portugese Departement van Marine en Kolonies, 'n konsessie vir die ontginning van minerale in die grondgebied begrens deur die Z.A.R., die Limpopo- en Komatiriviere en die Indiese Oseaan, verleen. Leyds het op 24 November 1893 uit 'n Amsterdamse koerant kennis van die sogenaamde Limpopo-konsessie geneem. Volgens die koerant het die bepalinge van die konsessie ook voorsiening gemaak vir die aanlê van 'n spoorweg van die monding van die Limpoporivier na die Sabirivier en daarvandaan in 'n suidwestelike rigting langs die Z.A.R.-grens na Komatipoort. Die Amsterdamse blad het ook die mening van die korrespondent van die Londense koerant, The Times, weergegee. Dié was van mening dat die Portugese regering met die verlening van die Limpopo-konsessie, slegs beoog het om die waarde van die Delagoabaaispoorweg in die oë van die Bernse skeidsgereghof te verminder.<sup>55</sup>

Leyds het nog op 24 November 1893 vir Van Blokland versoek om die teks van die Limpopo-konsessie in die hande te kry.<sup>56</sup> Dieselfde dag het Leyds 'n verslag oor die verkoop van die "Groote Zaak" aan sy regering gestuur waarby 'n afskrif van die betrokke koerantartikel aangeheg was. Oor die Limpopo-

---

54. L.A.625, G.R.215/93, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, Amsterdam, 24.11.93 (geheim).

55. Ibid. (By hierdie skrywe van Leyds is 'n afskrif van 'n artikel: "Een nieuwe spoorweg in Oost Afrika", uit 'n Nederlandse koerant, dd.24.11.93).

56. L.A.12, Nr. 847, Leyds - Beelaerts van Blokland, 24.11.93 (telegram).

konsessie het Leyds verklaar: "Ik heb er dadelijk den Heer B. (eelaerts) over geseind en ben benieuwd te hooren wat hij er van zegt. Het is mogelijk dat de bedoeling den Portugeesche Regeering eenvoudig is, zoals de correspondent meent, maar dan had de Portugeesche Minister daarover toch wel aan onzen gesant iets kunnen zeggen."<sup>57</sup> Van Blokland het nie alleen die teks van die Limpopo-konsessie van George verkry nie, maar uit George en baron Carl van Heeckeren, die Nederlandse konsul-generaal in Lissabon, se opmerkings daaroor, kon Van Blokland en Leyds hulself goed op die hoogte van die bepalings van die konsessie stel. Daaruit het dit geblyk dat die Limpopo-konsessie geen bepalings in verband met die aanle van spoorweë bevat het nie. Van Blokland het nogtans vir George opdrag gegee om voortdurend aan die oogmerke en optrede van die konsessiehouers aandag te skenk en hom dienaangaande in te lig. Daar het dit voorlopig gebly, ofskoon die Limpopo-konsessie tydens 'n latere stadium van Leyds se verblyf in Europa weer sy aandag geniet het.<sup>58</sup>

Dit is interessant dat The Press op dieselfde dag waarop Leyds van die Limpopo-konsessie kennis geneem het, 'n berig oor die konsessie geplaas het, waarin hulle op 'n moontlike betrokkenheid van Rhodes daarby gesinspeel het. Met verwysing na die moontlikheid van 'n nuwe spoorweg tussen die Z.A.R. en die kus van Portugees-Oos-Afrika is verklaar: "Now, is that concession to be bought, or is it good enough for Mr. Rhodes to buy? Several days ago we were informed that Sir James Sivewright had obtained, or had virtually obtained, certain rights at Delagoa Bay. There is evidently something moving. Perhaps that something is Mr. Rhodes setting a trap in the dark."<sup>59</sup>

- 
57. L.A.625, G.R.215/93, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, Amsterdam, 24.11.93 (geheim).
58. L.A.12, Nr. 847, Van Heeckeren - Beelaerts van Blokland, Lissabon, 24.11.93; George - Beelaerts van Blokland, 27.11.93; Beelaerts van Blokland - George, 2.12.93.
59. The Press, 24.11.93.

Intussen het die "Groote Zaak", uit die oogpunt van Leyds, weinig vordering getoon. Die tussenganger wat Oyens in gedagte gehad het, ene J. Boissevain van Amsterdam, was aanvanklik onder sekere voorwaardes bereid om in verband met die uitvoering van die "Groote Zaak" na Lissabon te gaan. Na samesprekings met Leyds en Van Blokland aan die begin van Desember 1893, waartydens meer besonderhede aan hom verstreks is, het hy weens 'n gebrek aan tyd die aanbod van die hand gewys.<sup>60</sup> Leyds het hom gevolglik tot Schrader gewend. Afgesien van die feit dat hy 'n persoonlike kennis van Leyds was, het Schroder saam met Vikko Hansen, 'n Deen, 'n besigheid bekend as Hansen en Schrader, in Port Elizabeth gehad, wat onder andere as agente vir invoerders na die Z.A.R. opgetree het.<sup>61</sup> Wanneer presies Leyds hom tot Schrader gewend het, is nie bekend nie, maar uit Leyds se korrespondensie met die regering wil dit voorkom of hy aan die begin van Desember 1893 nie veel hoop op sukses in die "Groote Zaak" gehad het nie. Op 8 Desember 1893 het Leyds die regering van Boissevain se standpunt ingelig en betekenisvol bygevoeg dat hy met betrekking tot die "Groote Zaak" nie veel hoop gehad het nie, ofskoon hy sy bes probeer het.<sup>62</sup>

Schrader was wel bereid om saam met Hansen as tussengangers vir die Z.A.R. in die uitvoering van die "Groote Zaak" op te tree. Gevolglik het Leyds knap voor 20 Desember 1893 na Keulen gereis om die nodige reëlings met Schrader te tref. Ten einde die geheimhouding van die "Groote Zaak" te bewaar, het Leyds egter in Amsterdam voorgegee dat hy na Brussel, en nie Keulen nie, gaan.<sup>63</sup> Waarskynlik ook ter wille van die

- 
60. L.A.626, Boissevain - Leyds, Amsterdam, 3.12.93.  
61. H.E.W. Backeberg, Die Betrekkinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Duitsland tot na die Jameson-inval (1852-1896, p.200 (Argiefjaarboek vir S.A.-geskiedenis 1949 I).  
62. L.A.625, G.R.3/94, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, Amsterdam, 8.12.93 (telegram) (geheim).  
63. L.A.251, Leyds-A.D.W. Wolmarans, Brussel, 22.12.93.

geheimhouding van die "Groote Zaak" het Oyens,<sup>64</sup> in die teenwoordigheid van Leyds, op 20 Desember 1893 in Keulen 'n ooreenkoms met Hansen en Schrader aangegaan. In 'n poging om vir die Z.A.R., ooreenkomstig die oogmerke van die "Groote Zaak", beheer oor Delagoabaai te verkry, sou Schrader probeer om 'n oktrooi oor die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg en Delagoabaai in sy eie naam van die Portugese regering te verkry. Indien Schrader die verlangde oktrooi kon verkry sou hy dit, asook alle verdere konsessies wat die Portugese regering aan hom sou verleen, aan 'n persoon, maatskappy of in die vooruitsiggestelde maatskappy, soos deur Oyens bepaal, oordra. As vergoeding vir dié dienste sou Hansen en Schrader 'n bedrag van hoogstens £10 000 ontvang, ten einde hulle steenkoolmyn te Douglas (Middelburg) per spoor met die Delagoabaaispoorweg te verbind. 'n Bedrag van £25 000 sou voorts as vergoeding vir sy dienste met betrekking tot die "Groote Zaak" aan Schrader betaal word. Boonop sou hy 'n besigheidsperseel in Lourenzo Marques ontvang en tot algemene agent van die maatskappy, waaraan die oktrooi oorgedra sou word, buite Afrika en Portugal benoem word. Hansen en Schrader sou ook vir hulle reis- en verblyftekoste in Lissabon vergoed word.<sup>65</sup>

Die ooreenkoms met Hansen en Schrader was 'n poging van Leyds om vir die Z.A.R. beheer oor Delagoabaai te verkry en dus so doende sy opdrag in verband met die "Groote Zaak" suksesvol af te handel. Jare later het Leyds die doel van die ooreenkoms met Hansen en Schrader beskryf as om vir die Z.A.R. in Lourenzo Marques "zulle rechten te verkry dat deze haven in werkelykheid de onze kan worden genoemd, en wij er om zoo te zeggen mee konden doen wat wij wilden."<sup>66</sup>

- 
64. Leyds het aan die begin van Februarie 1894 'n ooreenkoms met Oyens gesluit waarvolgens lg. teen enige verlies a.g.v. sy betrokkenheid in die "Groote Zaak" gevrywaar is. Vgl. L.A.23, Ooreenkoms tussen Leyds en Oyens, 8.2.94.
65. L.A.23, Ooreenkoms tussen Oyens en Schrader, Keulen, 20.12.93.
66. L.A.251, Leyds - George, Keulen, 20.12.93. Voetnoot I.

Nadat hierdie ooreenkoms aangegaan is, het Leyds vir George oor die koms van Hansen en Schrader na Lissabon ingelig sonder om die doel van hulle besoek te vermeld. George is meegedeel dat die twee besoekers hom self die doel van hul besoek sou meedeel. Ook moes George vir Hansen en Schrader met alles binne sy vermoëns bystaan ten einde "hun pogingen tot een goed einde te helpen". Terselfdertyd het Leyds die konsul gewaarsku dat niemand van sy kennisname van die twee tussengangers mag weet nie.<sup>67</sup> Nadat Leyds reeds vir meer as twee maande in Europa was, wou dit voorkom asof die uitvoering van die "Groote Zaak" ten einde laas koers begin kry het.

Teen die einde van Desember 1893 was Leyds egter geensins optimisties oor die vooruitsigte van sukses in die "Groote Zaak" nie. Inligting wat Leyds van prof. J.P. Moltzer, 'n raadgewer van die NZASM wat in verband met spoorwegaangeleenthede op besoek aan Lissabon was, ontvang het, was grootliks hiervoor verantwoordelik. Moltzer het Leyds meegedeel dat die Portugese regering dringend geld nodig gehad het en met "angst" die beslissing van die Bernse skeidsgereg afgewag het. Die Portugese se nasionale trots sou nie die afstand van enige kolonies duld nie, hoewel die Portugese regering tog bereid sou wees om "haar owerheidsrechten...in enkele dier koloniën, tegen grof geld, aan particulieren af te staan." Die Portugese se enigste bekommernis was dat "men door die particulieren niet het paard van Troje binnenhaalt." Die Portugese regering sou glo, volgens Moltzer, angsk vir die mag van die Z.A.R. ervaar het. Moltzer het Leyds gevolglik aangeraai om Portugal nie te besoek nie, want: "Men vreest u en Transvaal". Al bemoedigende nuus vir Leyds was dat die Portugese regering glo besef het dat die meeste geld vir die reg tot eksploitasie van die hawefasiliteite in Delagoabaai, van die Z.A.R. of Duitse syde sou kom. Op 28 Desember 1893 het Leyds in 'n vertroulike skrywe aan Uitvoerende Raadslid A.D.W. Wolmarans verklaar dat ofskoon dit hom tot wanhoop gedryf het om met die Portugese te onderhandel, hy tog die hoop

---

67. L.A.251, Leyds - George, Keulen, 20.12.93.

gekoester het dat die Z.A.R. "in korte of langer toekomst wat zullen krijgen." Op onmiddellike sukses in die "Groote Zaak" het hy egter nie veel hoop gekoester nie.<sup>68</sup> Die aktiwiteite van Hansen en Schrader in Lissabon gedurende die res van Leyds se verblyf in Europa, het laasgenoemde se verwagtinge spoedig bewaarheid.

#### Hansen en Schrader se werksaamhede in Lissabon

Op Kersdag 1893 het Hansen en Schrader in Lissabon aangekom en onmiddellik tot die besef gekom dat verskeie ander persone en groepe ook in verband met die verkryging van regte met betrekking tot Delagoabaai in Lissabon werksaam was. Hul belangrikste mededingers was die reeds vermelde De Merck wat Rothschild en Rhodes verteenwoordig het, ene adv. H.W.A. Cooper van Pretoria, die McMurdo-erfgename asook sir Donald Currie, die Britse skeepsmagnaat.<sup>69</sup> Hansen en Schrader het ten aanvang besluit om deur die Nederlandse ambassadeur, Van Heeckeren, as verteenwoordigers van 'n sterk finansiële groep aan die Portugese premier voorgestel te word. Daardeur het hulle gehoop dat Ribeiro hulle nie as maar net nog 'n groep konsessiesoekers sou beskou nie. Gevolglik het hulle Leyds aan die einde van Desember 1893 om 'n voorstellingsbrief aan Van Heeckeren versoek.<sup>70</sup> In die tussentyd het hulle George die doel van hul besoek meegedeel. Hy het hulle gewaarsku om die grootste versigtigheid aan die dag te lê, want as die Lissabonse koerante snuf in die neus oor die doel van hul besoek sou kry, hulle doen en late dadelik in die kollig sou kom. Oormatige publisiteit sou alle hoop op sukses verydel.<sup>71</sup>

- 
68. L.A.251, Leyds - Wolmarans, Amsterdam, 28.12.93, waarby 'n uittreksel van 'n brief deur Moltzer aan Leyds in= gesluit is.
69. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 4, 30.12.93; G.R.182/95, Memorandum van mondelinge verslag van Hansen aan Uitvoerende Raad, 26.4.95; berigte van Hansen en Schrader, nr. 7, 4.1.94. Hansen en Schrader se verslag oor hul werksaamhede in Lissabon bestaan uit 'n aantal genommerde briewe wat via Dresden aan Beelaerts van Blokland gestuur is en wat dit op sy beurt weer aan Leyds deurgestuur het.
70. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 4, 30.12.94.
71. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 6, 1.1.94.

Ofskoon Leyds op daardie stadium geen voorneme gehad het om Lissabon te besoek nie, het gebeure in verband met die Natalspoorwegverlenging hom egter genoop om gedurende die eerste week van Januarie 1894 'n besoek aan Lissabon te bring. In soverre dit hierdie aangeleentheid betref, het die Z.A.R. in belang van die Delagoabaaispoorweg probeer om tot 'n verstandhouding met Portugal oor die verlenging van die Natalspoorweg na die Witwatersrand te kom.<sup>72</sup> Leyds se besoek aan Lissabon het egter geen sukses gehad nie. Skynbaar het Leyds, om begryplike redes, geen kontak met Hansen en Schrader gehad nie.<sup>73</sup> Gevolglik het hulle op 13 Januarie 1894 Leyds aan die voorstellingsbrief herinner. Hansen en Schrader was bevrees dat die Portugese regering dalk met een van die ander konsessiesoekers onderhandelinge kon aanknoop en sonder die voorspraak van Van Heeckeren sou enige poging van hulle om 'n oktrooi oor Delagoabaai te verkry, nutteloos wees.<sup>74</sup>

Leyds het in die tussentyd alreeds 'n aantal voorstelle van Hansen en Schrader met betrekking tot Delagoabaai ontvang, wat die twee tussengangers van plan was om aan die Portugese regering voor te lê. Dié voorstelle het in hoofsaak die volgende behels: die Portugese regering sou deur 'n internasionale finansiële groep waarvan Hansen en Schrader die verteenwoordigers was, 'n rentevrye lening aangebied word. As sekuriteit daarvoor sou die eksploitasie van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg vir 99 jaar aan die

- 
72. L.A.251, Leyds - Direksie NZASM, Amsterdam, 15.12.94. In Suid-Afrika het koerante soos The Transvaal Advertiser en The Star Leyds se teenwoordigheid in Europa en die feit dat die Z.A.R.-regering die verlenging van die Natalspoorweg na die Witwatersrand aan die begin van Januarie 1894 goedgekeur het, met mekaar in verband probeer bring. Volgens dié koerante het die regering die verlenging toegestaan omdat Leyds misluk het in sy pogings om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in die hande te kry. Vgl. The Press, 8.1.94.
73. L.A.251, Leyds - Beelaerts van Blokland, Lissabon, 7.1.94; L.A.625, G.R.55/94, Leyds - Van Boeschoten, Amsterdam, 19.1.94.
74. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 9, 11.1.94 en nr. 10, 15.1.94.



groep verleen word. Verder sou die finansiële groep ook die reg verkry om in-, uit- en deurvoerregte asook hawegelde in Delagoabaai te hef, moerasse in die omgewing van Lourenzo Marques droog te lê, 'n eie pos- en telegraafverbinding na die Z.A.R. op te rig en van alle belastings vrygestel te word.<sup>75</sup>

Reeds op 13 Januarie 1894 het Leyds, waarskynlik na aanleiding van Hansen en Schrader se voorstelle, die regering meegedeel dat die "Groote Zaak" wel 'n kans op sukses gehad het maar dat die uiteindelijke finansiële uitgawes groot sou wees.<sup>76</sup> Op 15 Januarie 1894 het Leyds vir Hansen en Schrader laat weet dat hy hulle versoek om 'n voorstellingsbrief binne 'n paar dae sou beantwoord. Dit was veral die finansiële aspek van Hansen en Schrader se voorstelle wat Leyds onrustig gestem het. Oyens was ongesteld met die gevolg dat Leyds die voorstelle slegs aan Van Blokland kon voorlê.<sup>77</sup> Van Blokland het die mening uitgespreek dat die besit van sekere regte in Delagoabaai vir die Z.A.R. wel onskatbaar baie geld werd was, maar andersins kon hy "volstrek niet bepalen, of de Rep. zoo zwaren nieuwen last onbesorgd dragen kan."<sup>78</sup> Dat Leyds self nie tot 'n definitiewe besluit met betrekking tot Hansen en Schrader se voorstelle kon kom nie, blyk daaruit dat hy met verwysing daarna, sy regering op 19 Januarie

- 
75. L.A.23, "The basis of our proposals".  
76. L.A.625, G.R.10/94, Leyds - Regering, 13.1.94 (telegram)  
77. L.A.625, G.R.55/94, Leyds - Van Boeschoten, Amsterdam, 19.1.94.  
78. L.A.625, ad. G.R.81/94, Beelaerts van Blokland - Leyds, 17.1.94. Uit Van Blokland se skrywe aan Leyds wil dit voorkom asof Hansen en Schrader hulle oorspronklike voorstelle in meer besonderhede uitgewerk het en dit toe, waarskynlik aan die begin van Januarie 1894, aan Leyds gestuur het. Leyds het sy opmerkings oor dié voorstelle, o.a. dat die uitvoering daarvan baie duur vir die Z.A.R. sou wees, aan Van Blokland gestuur wat in lg. brief sy kommentaar daaroor aan Leyds gestuur het.

1894 meegedeel het dat dit 'so duur was' dat hy daarvoor geskrik het en nog nie besluit het wat om te doen nie.<sup>79</sup> Waarskynlik was dit die rede waarom Leyds tot op daardie stadium nog nie op Hansen en Schrader se versoek om 'n voorstellingsbrief gereageer het nie.

Op dieselfde dag as bogenoemde skrywe het Leyds 'n uitnodiging ontvang om op 21 Januarie 1894 die Ordenfest in Berlyn by te woon. Leyds se besluit om die Ordenfest by te woon, het die beslissing aangaande 'n voorstellingsbrief aan Hansen en Schrader verder laat sloer. In Berlyn het Leyds 'n onderhoud met die Duitse Keiser, Wilhelm II, gehad, wat in 'n spoedige voltooiing van die Delagoabaaispoorweg geïnteresseerd was. Leyds het ook vir die Rykskanselier, graaf Von Caprivi ontmoet en met hom oor 'n skeepsredery tussen Duitsland en die Z.A.R. samesprekings gevoer. Oor die inhoud daarvan is egter niks bekend nie.<sup>80</sup>

Intussen egter het Hansen en Schrader weer eens op 'n voorstellingsbrief aan Van Heeckeren by Leyds aangedring en 'n verdere voorstel in verband met die "Groote Zaak" gemaak. Daarvolgens sou hulle 'n voorskot van £100 000 aan die Portugese regering, as borg vir Portugese skatkisbiljette, maak. Hansen en Schrader was van mening dat indien die Portugese regering van die voorskot gebruik sou maak, hulle as't ware verplig sou wees om met hulle oor Delagoabaai te onderhandel. Met die oog op die aanstaande algemene verkiesing in Portugal, was hulle van mening dat die Portugese regering dalk die aanbod gunstig sou oorweeg.<sup>81</sup>

Na sy terugkeer na Amsterdam het Leyds op 24 en 26 Januarie

- 
79. L.A.625, G.R.55/94, Leyds - Van Boeschoten, Amsterdam, 19.1.94.  
80. L.A.251, Leyds - Beelaerts van Blokland, 19.1.94 (telegram); H.E.W. Backeberg, op.cit., p.205.  
81. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 12, 19.1.94; telegram aan Dresden, 19.1.94; nr. 13, 22.1.94.

1894 telegramme aan Hansen en Schrader gestuur. Presies wat die inhoud daarvan was, is nie bekend nie. Dit wil egter voorkom of dié mededelings betrekking op die voorstelingsbrief aan Van Heeckeren gehad het, want met behulp van die NZASM en die Nederlandse regering is daar 'n ontmoeting tussen Hansen en Schrader en Van Heeckeren gereël, wat op 27 Januarie 1894 plaasgevind het. Die twee tussengangers het hulle voorstelle met betrekking tot Delagoabaai aan Van Heeckeren verduidelik, waarop hy onderneem het om hulle te help om hul voorstelle aan die Portugese premier voor te lê.<sup>82</sup>

Aan die einde van Januarie 1894 het Van Heeckeren, tydens 'n onderhoud met Ribeiro, Hansen en Schrader se voorstelle uiteengesit. Dit wil voorkom asof hierdie voorstelle dié in verband met 'n voorskot van £100 000 aan die Portugese regering was. Ribeiro het Van Heeckeren egter meegedeel dat die Portugese regering van plan was om die status quo in Delagoabaai te handhaaf tot na die uitspraak van die Bernse skeids-gereg. Gevolglik is daar nie op Hansen en Schrader se voorstelle ingegaan nie. Ofskoon Van Heeckeren dus niks vir Hansen en Schrader by Ribeiro kon uitrig nie, het hulle nie tou opgegooi nie. Die feit dat Ribeiro tydens die onderhoud by die kwessie van 'n £100 000 voorskot, onseker voorgekom het en dié punt drie maal laat herhaal het, het Hansen en Schrader as belangrik beskou. Op 31 Januarie 1894 is Leyds oor die afloop van Van Heeckeren en Ribeiro se onderhoud ingelig.<sup>83</sup>

Onder hierdie omstandighede het Hansen en Schrader voorlopig afgesien van 'n onderhoud met die Portugese premier, aangesien hulle voorstelle met betrekking tot Delagoabaai aan hom

- 
82. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 14, 25.1.94; nr. 15, 27.1.94; P.J. van Winter, Onder Kruger Hollanders II, pp.235-236.
83. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 15, 27.1.94, nr. 16, 31.1.94; L.A.80, Van Heeckeren - Beelaerts van Blokland, Lissabon, 31.1.94.

bekend was en dit boonop duidelik was dat hy hulle daarvoor nie te woord sou staan nie. Met die oog daarop dat die Portugese regering tot van die £100 000 voorskot gebruik sou wil maak, het Schrader Leyds op 1 Februarie 1894 versoek om dié bedrag in Europa gereed te hê. Volgens Schrader was die £100 000 die grootste lokaas wat hulle vir die Portugese regering kon uithang en daarom moes daar op die geskikte oomblik niks haper nie.<sup>84</sup>

Oor die verdere verloop van sake met betrekking tot die "Grootte Zaak" aan die begin van Februarie 1894 is daar nie volkome duidelikheid nie. Leyds het op 6 Februarie 1894 navraag by Schrader oor hulle vooruitsigte met betrekking tot die "Grootte Zaak" gedoen. Nadat Schrader berig het dat hulle posisie gunstig was,<sup>85</sup> het Leyds 'n kode-telegram aan sy regering gestuur, wat op 10 Februarie 1894 in Pretoria ontvang is. Leyds het daarop gewys dat om "te slagen in grootte zaak" dit absoluut noodsaaklik was om £100 000 aan die Portugese regering te leen "als borg voor schatkist biljetten..." Gevolglik het Leyds die regering versoek om die bedrag na Europa oor te sein, waar dit tot Leyds se beskikking sou wees.<sup>86</sup>

Omdat Kruger in Krugersdorp was en van die ander Uitvoerende Raadslede ook nie in Pretoria was nie, het Van Boeschoten aan Leyds getelegrafeer dat hy persoonlik ten gunste van die saak was, maar eers op Sondag 11 Februarie 1894, nadat Kruger geraadpleeg was, 'n finale besluit sou telegrafeer. Voorlopig het Van Boeschoten reëlings met die Nasionale Bank getref om, indien verlang, die £100 000 die volgende dag, Sondag 11 Februarie 1894, na Europa te stuur. Volgens 'n memorandum wat

---

84. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 17, 1.2.94.

85. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 20, 6.2.94; kopie telegram Dresden, 6.2.94.

86. L.A.625, G.R.48/94, Leyds - Regering, 9.2.94 (telegram); memorandum van Van Boeschoten, 12.2.94; geheime U.R.-besluit, dd. 11.2.94.

Van Boeschoten oor hierdie gebeure opgestel het, het hy twee ander lede van die Uitvoerende Raad in Pretoria van die kode-telegram meegedeel, naamlik genls. Piet Joubert en Niklaas Smit. Terwyl Smit die versoek van Leyds goedgesind was, wou Joubert "niet met de zaak meeinging". Van Boeschoten het hom na Krugerdorp gehaas waar hy Leyds se telegram in die teenwoordigheid van Kruger en Uitvoerende Raadslid Kock, twee maal voorgelees het. Laasgenoemde het met die wenslikheid van onmiddellike optrede saamgestem. Gevolglik het die Uitvoerende Raad op Sondag 11 Februarie 1894 die wenslikheid om volgens Leyds se telegrafiese versoek te handel, goedgekeur. Dieselfde aand het Kock uit Krugersdorp 'n kabel aan Beelaerts van Blokland gestuur om Oyens in te lig dat die geld op pas was. Die £100 000 is nog dieselfde dag na Europa gekabel.<sup>87</sup>

Hansen en Schrader se voorneme om die Portugese regering met 'n voorskot van £100 00 ten opsigte van die "Groote Zaak" te kompromiteer, het op niks uitgeloop nie, aangesien Van Heeckeren op 11 Februarie 1894 geskryf het dat daar niks nuut omtrent Delagoabaai of die optrede van Hansen en Schrader te meld was nie.<sup>88</sup> Trouens, die volgende dag, tydens 'n onderhoud van Van Heeckeren met Ribeiro, het laasgenoemde dieselfde standpunt met betrekking tot Delagoabaai ingeneem.<sup>89</sup> Terselfdertyd egter het 'n gebrek aan tyd Leyds gedwing om die verdere uitvoering van die "Groote Zaak" aan Hansen en Schrader oor te laat en het Leyds besluit om huiswaarts te keer.<sup>90</sup>

Volledigheidshalwe moet dit genoem word dat Leyds tydens sy verblyf in Europa ook aandag aan konsessies rakende ander

- 
87. Ibid., G.R.49/94, Nasionale Bank - Waarnemende Staatsekretaris, Pretoria, 12.2.94 (vertroulik).  
88. L.A.23, Van Heeckeren - Beelaerts van Blokland, 11.2.94. Kopia by L.A.625, ad. G.R.81/94.  
89. L.A.625, ad. 81a /94, Berigte van Hansen en Schrader nr. 22, 14.2.94.  
90. L.A.625, Leyds - Van Boeschoten, 2.2.94; H.E.W. Backeberg, op.cit., p.203.

dele van Portugees-Oos-Afrika as Delagoabaai geskenk het. In Desember 1893 het Isaac Lewis vir Leyds genader om te verneem of hy nie in die verkryging van die reeds vermelde Limpopo-konsessie belanggestel het nie. Leyds het wel sy regering op 1 Januarie 1894 vir toestemming versoek om E1 000 vir 'n opsie van vyf weke op die Limpopo-konsessie te betaal, maar ten spyte van die regering se goedkeuring nie daartoe oorgegaan nie. Na heelwat korrespondensie met Lewis gedurende Januarie 1894 het Leyds besluit om die verkryging van die Limpopo-konsessie aan die regering oor te laat. Sover vasgestel kon word, was die Z.A.R.-regering nie daarvoor te vinde nie, hoewel Leyds die verkryging van die Limpopo-konsessie, weens die insluiting van "een tamelijk stuk zeekust", as van politieke waarde vir die Z.A.R. beskou het.<sup>91</sup> Aan die einde van Desember 1893 het Leyds ook verneem dat daar 'n moontlikheid vir die Z.A.R. was om teen betaling van 'n miljoen pond beheer oor die Mosambiek-maatskappy te verkry. Leyds was bewus daarvan dat die grondgebied van dié maatskappy 'n deel van die ooskus teenoor die Z.A.R. beslaan het en was van voorneme om 'n aanbod van oorname van die Z.A.R., aan die persone in beheer van die maatskappy, te ontlok. Dit sou egter eers na Leyds se tuiskoms in S.A. wees dat die Mosambiek-maatskappy die ernstige aandag van die regering geniet het.<sup>92</sup> Ten slotte moet vermeld word dat Leyds ook aan 'n Inhambane-konsessie aandag geskenk het, maar sonder dat daar iets van gekom het.<sup>93</sup> Aan die begin van Maart 1894 was Leyds terug in Pretoria.

- 
91. L.A.627, I. Lewis - Leyds, Londen, 18.12.93 (vertroulik) (by G.R.149/93); L.A.625, G.R.2/94, Leyds - Regeering, 1.1.94 (telegram); L.A.627, G.R.61/94, Leyds - Waarnemende Staatsekretaris, 25.1.94 (vertroulik).
92. L.A.627, G.R.32/94, Leyds - Waarnemende Staatsekretaris, Amsterdam, 5.1.94 (vertroulik); G.R.139/94, J. Magin-Staatsekretaris, Johannesburg, 23.4.94.
93. L.A.625, G.R.819/94, Quarles de Quarles - Staatsekretaris, 23.2.94; L.A.626, Eggers - Leyds, 3.1.94 (by G.R.148/93); L.A.627, Lewis - Leyds, Londen, 29.1.94.

HOOFSTUK V

VERDERE OPTREDE IN VERBAND MET DIE "GROOTE ZAAK"

Hintze Ribeiro het baron van Heeckeren op 12 Februarie 1894 meegedeel dat daar geen nuwe verwikkeling met betrekking tot Delagoabaai was nie.<sup>1</sup> Portugal sou dus die status quo met betrekking tot Delagoabaai tot na die uitspraak van die Bernse skeidsgereg handhaaf. Die Portugese premier se weiering om oor iets rakende Delagoabaai te onderhandel, het Van Heeckeren nie met betrekking tot Hansen en Schrader se oogmerke laat tou opgooi nie. Op 20 Februarie 1894 het Van Heeckeren teenoor Van Blokland opgemerk dat in enige ander land as Portugal, Ribeiro se antwoord as finaal beskou kon word, maar dat 'n gebrek aan geld Ribeiro egter oornag van standpunt met betrekking tot Hansen en Schrader se voorstelle kon laat verander. Boonop was daar die moontlikheid dat 'n geskil met Frankryk die Portugese regering tot 'n val kon bring en sodoende nuwe geleenthede vir Hansen en Schrader skep. Vanweë hierdie omstandighede en na oorlegpleging met Van Heeckeren, het Hansen en Schrader besluit om tog 'n onderhoud met Ribeiro te probeer bewerkstellig. Tot tyd en wyl 'n geskikte geleentheid daarvoor gevind kon word, het die twee tussengangers aan alternatiewe wyses van optrede met betrekking tot die "Groote Zaak" aandag geskenk.<sup>2</sup>

Een van hierdie alternatiewe was dat Hansen en Schrader deur middel van 'n bestaande Portugese maatskappy die Portugese regering in verband met konsessies rakende Delagoabaai moes nader. Hansen en Schrader, asook Van Heeckeren en George, was van mening dat 'n bestaande Portugese maatskappy 'n beter kans as enige buitelandse groep sou hê, om konsessies van die

- 
1. L.A.625, ad. G.R.81a)/94, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 22, 14.2.94.
  2. L.A.23, Van Heeckeren - Beelaerts van Blokland, 20.2.94 (kopie in L.A. 625, G.R.231/94).

Portugese regering te verkry. Struikelblokke soos Portugal se nasionale trots en hul agterdog teen buitelandse invloede kon sodoende omseil word. Met die oog hierop het die twee tussengangers, George en Van Heeckeren, in die loop van Februarie 1894 heelwat aandag aan die verkryging van beheer in die Zaïre-maatskappy, waarvan George 'n direkteur was, spandeer. Die Zaïre-maatskappy was op daardie stadium verantwoordelik vir die ontwikkeling van die Portugese Kango.<sup>3</sup>

Sowel Van Blokland as Oyens was nie te vinde vir 'n verkryging van beheer in die Zaïre-maatskappy, die sogenaamde Zaïre-projek, nie. Van Blokland, met sy jarelange ondervinding van Portugese toestande, was boonop nie tevrede met Hansen en Schrader se hantering van die "Groote Zaak" nie. Reeds op 16 Februarie 1894 het hy in verband met Hansen en Schrader aan Leyds opgemerk dat die "tweetal is bijster duur en schijnt geen haast te hebben".<sup>4</sup> 'n Paar dae later het Hansen en Schrader egter vir Van Blokland om toestemming versoek om voort te gaan met die sogenaamde Zaïre-projek. Ten spyte van sy teenkanting daarteen het Van Blokland tog aan die einde van Februarie 1894 sy toestemming verleen, met die voorbehoud dat die grootste versigtigheid aan die dag gelê moes word. Hierdie houding van Van Blokland moet waarskynlik gewyt word aan die feit dat Van Heeckeren die voor- en nadele van die verkryging van beheer in die Zaïre-maatskappy, in 'n skrywe van 20 Februarie 1894 aan Van Blokland aangedui het en hom voorts meegedeel het dat daar vir die huidige geen ander moontlikheid op sukses in die "Groote Zaak" was nie.<sup>5</sup>

Hansen en Schrader het voorlopig nie van Van Blokland se toestemming gebruik gemaak nie. Na oorlegpleging met Van

- 
3. L.A.23, Van Heeckeren - Beelaerts van Blokland, 20.2.94; L.A.625, G.R.227/94, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 26, 27.2.94.
  4. L.A.627, Beelaerts van Blokland - Leyds, 16.2.94 (vertroulik) (by G.R.149/94).
  5. L.A.23, Van Heeckeren - Beelaerts van Blokland, 20.2.94; L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 28, 1.3.94.



Heeckeren het hulle Van Blokland aan die einde van Februarie 1894 meegedeel dat hulle eers 'n onderhoud met Ribeiro oor hulle voorstelle wou probeer verkry, en indien dit nie kon plaasvind nie, sou hulle weer aandag aan die Zaïre-maatskappy skenk.<sup>6</sup> Waarom Hansen en Schrader aan die einde van Februarie 1894 van besluit verander het en tog besluit het om 'n onderhoud met Ribeiro te verkry, is nie duidelik nie. Verskillende gebeure was egter daarvoor verantwoordelik dat hierdie onderhoud nie gedurende Maart 1894 kon plaasvind nie. Aan die begin van Maart 1894 was Ribeiro by feesvierings in Oporto betrokke, daarna het 'n geskil met Frankryk weer die aandag van die Portugese regering in beslag geneem. Om alles te kroon, het Portugal op die vooraand van 'n verkiesing gestaan, wat enige onderhandeling met betrekking tot Delagoabaai feitlik onmoontlik gemaak het. As gevolg van hierdie omstandighede het Hansen en Schrader besluit om hul aansoek vir 'n onderhoud met Ribeiro uit te stel.<sup>7</sup>

In die tussentyd het Leyds Van Blokland in die helfte van Maart 1894 om die stand van sake met betrekking tot die "Groote Zaak" genader. Op 14 Maart 1894 het Van Blokland geantwoord dat die "Groote Zaak" weinig vordering getoon het, dat Hansen en Schrader nog nie 'n onderhoud met Ribeiro gehad het nie en dat hulle die verkryging van beheer in 'n bestaande Portugese maatskappy as alternatief oorweeg het. Waarskynlik as gevolg van Van Blokland se mededeling het die Z.A.R.-regering hom die volgende dag opdrag gegee om niks van die £100 000 te gebruik sonder toestemming van die regering nie. Van Blokland het die opdrag van die regering onmiddellik aan Hansen en Schrader oorgedra.<sup>8</sup>

- 
6. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 28, 1.3.94.
  7. L.A.625, G.R.228/94, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 29; nr. 31, 16.3.94; nr. 32, 17.3.94; nr. 37, 31.3.94; G.R. 180/94, Schrader - Leyds, Dresden, 8.4.94.
  8. L.A.625, G.R.85/94, Beelaerts van Blokland - Regering, 14.3.94 (telegram); Beelaerts van Blokland - Hansen en Schrader, 16.3.94 (telegram).

Op 15 April 1894 het Ribeiro se regerende party 'n groot oorwinning in die Portugese algemene verkiesing behaal.<sup>9</sup> Waarskynlik as gevolg hiervan het Hansen en Schrader hul weg vir 'n onderhoud met Ribeiro oopgesien, want op 1 Mei 1894 is Van Blokland meegedeel dat hulle op 6 Mei 1894 'n onderhoud met Ribeiro sou hê. Terselfdertyd het hulle Van Blokland versoek om die steun van die Duitse regering vir hulle voorstelle te verkry. Volgens Hansen en Schrader was die Duitse ambassadeur in Lissabon, graaf Bray, hulle voorstelle met betrekking tot Delagoabaai goedgesind, maar hy kon nie sonder enige opdrag uit Berlyn hulle saak by die Portugese regering ondersteun nie. Hansen en Schrader was daarvan oortuig dat die steun van Bray op daardie stadium van groot belang vir die uiteindelijke sukses van hul planne was.<sup>10</sup>

Soos reeds vermeld, is die gedagte van Duitse steun met betrekking tot die "Grootte Zaak" reeds in Leyds se memorandum aan die Uitvoerende Raad in die vooruitsig gestel.<sup>11</sup> Gedurende die begin van 1894 het hierdie aangeleentheid veral Van Blokland se aandag geniet. Volgens mededelings van Hansen en Schrader asook Van Heeckeren aan Van Blokland is dit duidelik dat Duitse sindikate aan die begin van 1894 probeer het om konsesies in of oor Delagoabaai in die hande te kry. Van Heeckeren het Van Blokland egter in Februarie 1894 meegedeel dat volgens inligting aan hom verskaf, die Duitse regering weinig hoop op sukses in dié verband gekoester het. Gevolglik was die Duitse regering op soek na 'n geskikte weg om dieselfde doel - die verkryging van regte in of oor Delagoabaai - te verwesenlik. Van Heeckeren het verder berig dat Duitsland, uit vrees vir Engelse invloed, met opset "eenige hangende grenskwesties" met Portugal in Oos-Afrika laat voortsleep het, ten einde by die regeling der L.M. kwesie op Portugal pressie te kunnen uitoefenen." Van Heeckeren was bereid om vir die

- 
9. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 42, 7.14.94.
  10. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr.44, 1.5.94.
  11. L.A.625, G.R.107/93, Memorandum van Leyds aan die Uitvoerende Raad, 22.8.93.

korrektheid van die inligting in te staan. In die lig van hierdie omstandighede het Van Heeckeren aan Van Blokland voorgestel dat "zonder onze batterijen te ontmaskeren en iets omtrent onze plannen of bedoelingen te laten werken", die Duitse regering genader moes word in verband met die wenslikheid om Engelse invloed "in L.M. te beletten".<sup>12</sup>

Hansen en Schrader het in 'n verdere skrywe aan Van Blokland van 4 Mei 1894 weer eens die kwessie van Duitse steun vir hulle planne aangeroer. Bray se instruksies moes sodanig wees dat hy die Portugese regering kon meedeel dat die Duitse regering Hansen en Schrader se planne goekeur, en die Portugese regering aanraai om, met die oog op die eventuele afhandeling van die Delagoabaai-aangeleentheid, voorkeur aan hulle voorstelle te verleen. Hansen en Schrader wou so gou as moontlik die voorkeur vir die verlening van konsessies met betrekking tot Delagoabaai van die Portugese regering verkry het, omdat hulle bang was dat die Portugese regering dié voorkeur aan 'n konkurrente groep sou toeken. Duitse kapitaal in die NZASM en die feit dat Duitsland teen 'n oorheersing van Britse belange in Delagoabaai was, was volgens Hansen en Schrader genoegsame rede waarom hulle op Duitse steun vir hulle planne kon aanspraak maak.<sup>13</sup>

Op 6 Mei 1894 het Hansen en Schrader hulle eerste onderhoud met Ribeiro gehad. Die voorstelle wat hulle aan Ribeiro voorgelê het, het aanmerklik van hulle voorstelle van Januarie 1894 verskil: in plaas van 'n internasionale finansiële groep wat 'n rentevrye lening aan die Portugese regering, met die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg as sekuriteit daarvoor, wou aanbied, het Hansen en Schrader nou voorgestel dat 'n Portugese maatskappy, met kapitaal voorsien deur

---

12. L.A.23, Van Heeckeren - Beelaerts van Blokland, 20.2.94.

13. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 45, 4.5.94.

Nederlandse finansiers, opgerig word met die doel om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg en Delagoabaai te bedryf, asook om die Lourenzo Marques-distrik met die oog op myn- en landbou-ontwikkeling te eksploiteer. Hansen en Schrader het tydens die onderhoud ook na mededingende groepe verwys wat onder andere Britse en Suid-Afrikaanse belange verteenwoordig het, en wat soortgelyke regte as hulle van die Portugese regering verlang het. Die twee tussengangers het met verwysing na hierdie groepe ewe vroom opgemerk dat aangesien hulle kapitaal uit 'n sogenaamde "neutrale" land afkomstig was, politieke komplikasies, ingeval Portugal die regte aan hulle sou toestaan, reeds vooraf uitgeskakel kon word! Ten slotte het hulle die aanbod van 'n voorskot van £100 000 as borg vir Portugese skatkisbiljette, aan Ribeiro gemaak.<sup>14</sup>

Volgens Hansen en Schrader het Ribeiro verskeie van hul voorstelle in besonderhede met hulle bespreek, asook gunstig op hul voorstel van "neutrale" finansiering gereageer. Ribeiro het hulle egter meegedeel dat hy van sowel Britse as Duitse kant voorstelle met betrekking tot Delagoabaai ontvang het. Wat hierdie voorstelle behels het, het hy nie vermeld nie. Met verwysing na die gemeenskaplike belang van Nederland en die Z.A.R. in die uitvoering van hul voorstelle het Ribeiro pertinent die vraag gestel of die Z.A.R.-regering nie in die oprigting van die beoogde Portugese maatskappy betrek was nie. Hansen en Schrader se antwoord hierop was dat die Z.A.R.-regering niks met hulle voorstelle te doen gehad het nie! Ribeiro het hulle vervolgens meegedeel dat hy sowel die Britse as Duitse ambassadeurs die versekering gegee het dat voor die uitspraak van die Bernse skeidsgereg, niks aangaande die status quo in Delagoabaai verander sou word nie. Onder dié omstandighede kon hy dus niks in verband met hulle voorstelle doen nie. Ribeiro was ook nie bereid om met die oog op die tydperk na die uitspraak van die Bernse skeidsgereg, 'n voorkeur aan Hansen en Schrader se voorstelle te verleen nie. As rede het hy aangevoer dat hy soortgelyke aansoeke van ander

---

14. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 46, 6.5.94.

groepe vir voorkeurbehandeling met betrekking tot Delagoabaai, na die Bernse uitspraak, van die hand gewys het.<sup>15</sup>

Ten spyte van Ribeiro se standpunt met betrekking tot die verlening van regte in Delagoabaai, het hy aan die einde van die driekwartier-lange onderhoud verklaar dat hy geen beswaar teen Hansen en Schrader se voorstelle gehad het nie. Hy het die hoop uitgespreek dat wanneer die geskikte oomblik vir die implementering van hulle voorstelle aanbreek, met ander woorde na die Bernse uitspraak, hy hulle weer sou ontmoet.<sup>16</sup>

Op 7 Mei 1894 het Hansen en Schrader Van Blokland meegedeel dat die onderhoud met Ribeiro bevredigend verloop het.<sup>17</sup>

Verdere samesprekings tussen hulle en Van Heeckeren het opnuut die wenslikheid van Duitse steun vir hulle planne benadruk. Van Heeckeren het bewyse gehad dat daar van Britse kant pogings aangewend was om ten minste die voorkeurreg, vir die ontwikkeling van Delagoabaai na die uitspraak van die Bernse skeidsgereg, van die Portugese regering te verkry.<sup>18</sup> Sowel Van Heeckeren as Hansen en Schrader was van mening dat daar tog 'n poging aangewend moes word om ten minste dié voorkeurreg te verkry. Daarom is Van Blokland op 9 Mei 1894 opnuut versoek om die steun van die Duitse regering vir hul planne te verkry. 'n Spoedige optrede van Van Blokland was nodig, aangesien Bray Lissabon binnekort sou verlaat.<sup>19</sup>

Behalwe Hansen en Schrader, het ook Van Blokland gedurende die loop van 1894 aandag aan Delagoabaai geskenk. Dit was veral die gevaar wat Britse intriges met betrekking tot Delagoabaai vir die Z.A.R. ingehou het, wat Van Blokland se aandag geniet het. Reeds tydens sy besoek aan Lissabon in

---

15. Ibid.

16. Ibid.

17. L.A.625, Schrader - Beelaerts van Blokland, 7.5.94 (telegram).

18. Watter bewyse Van Heeckeren gehad het is onbekend. Dit is egter bekend dat sir Henry Loch en Rothschild, op aandrang van Rhodes, gedurende April-Mei 1894 hernude pogings aangewend het om beheer oor die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg te verkry. Vgl. Africa(South) nr. 508. Confidential. Memorandum on the Question of the Delagoa Bay Railway, G.F. Viddes, 11.10.95.

19. L.A.625, Schrader-Beelaerts van Blokland, 9.5.94 (telegram); Berigte van Hansen en Schrader, nr. 47, 9.5.94.

November 1893 het Van Blokland van Britse pogings om invloed in Delagoabaai te verwerf, kennis geneem. Gebeure gedurende die eerste helfte van 1894 het hom verder onrustig gestem. In die tydperk het Brittanje, anders as Duitsland en Frankryk 'n meer simpatieke buitelandse beleid teenoor Portugal gevolg, en selfs 'n slag vir Portugal, tydens 'n geskil met Brasilië, in die bresse getree. Van Blokland het in hierdie optrede van Brittanje 'n groot gevaar vir die Z.A.R. se belange in Delagoabaai gesien. As teenvoeter vir al die Britse intriges met betrekking tot Delagoabaai het Van Blokland besluit om die steun van Duitsland vir die belange van die Z.A.R. te verkry.<sup>20</sup> Terselfdertyd kon die Duitse regering ook op die hoogte van Hansen en Schrader se voornemens met betrekking tot Delagoabaai gestel word.

Van Blokland het op 11 Mei 1894 na Berlyn vertrek waar hy die volgende dag, tydens gesprekke met regeringslui, hul aandag op die gevaar van Britse invloed in Delagoabaai gevestig het, en terselfdertyd die Duitse regering se samewerking gevra het om enige Britse planne met betrekking tot Delagoabaai te veryd. Die Duitse regeringslui het Van Blokland hul samewerking in dié verband beloof. Van Blokland het ook die Duitse regering aangaande die doel van Hansen en Schrader se besoek aan Lissabon ingelig, waarop Bray opdrag gegee is om hul sending te ondersteun. Hansen en Schrader is nog dieselfde dag deur Van Blokland meegedeel dat die nodige opdrag aan Bray gestuur is.<sup>21</sup>

Vanweë Van Blokland se kennis van die Portugese politiek het hy nie veel waarde aan Ribeiro se onderhoud met Hansen en Schrader geheg nie. Ofskoon hy van mening was dat 'n voorkeurreg, vir die ontwikkeling van Delagoabaai na die uitspraak van die Bernse skeidsgereg, van groot waarde kon wees,

---

20. L.A.625, G.R.306/94, Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, Berlyn, 5.6.94 (geheim).

21. Ibid.; L.A.625, Beelaerts van Blokland - Hansen, 11.5.94 en 12.5.94 (telegramme); G.R.622/94, Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 8.10.94 (geheim).

het Van Blokland Hansen en Schrader gewaarsku teen 'n te kategorieese ontkenning van Z.A.R.-belange in hul planne. Syns insiens het die gevaar bestaan dat Ribeiro by die toekenning van 'n voorkeurreg aan Hansen en Schrader, om Delagoabaai na die Bernse uitspraak te eksploiteer, die uitsluiting van alle Z.A.R.-belange in dié beoogde eksploitasie, as voorwaarde kon stel. Van Blokland het die twee tussengangers ook beveel om hulle planne met betrekking tot Delagoabaai openhartig met Bray te bespreek,<sup>22</sup> en wat dan ook op 15 Mei 1894 plaasgevind het. Na 'n bespreking waarin veral die gevaar van Britse invloed in Delagoabaai aandag geniet het, het Bray vir Hansen en Schrader sy ondersteuning in die bekamping van hierdie gevaar beloof. Bray sou die aangeleentheid met Ribeiro bespreek.<sup>23</sup> Dit is nie duidelik of Bray ook bereid was om Hansen en Schrader se planne met betrekking tot Delagoabaai te ondersteun nie.

'n Nuwe verwikkeling in die "Groote Zaak" het egter op daardie stadium plaasgevind. As gevolg van 'n wending in die voortslepende Frans-Portugese geskil oor Portugal se binne-landse spoorweë,<sup>24</sup> het die moontlikheid ontstaan dat Portugal dringend geld sou benodig. Hansen en Schrader het hierin die geleentheid gesien om deur middel van 'n lening aan Portugal 'n houvas op die Portugese regering te verkry. Op 17 Mei 1894 het hulle Van Blokland ingelig dat Portugal moontlik £250 000 sou benodig en hom versoek om die nodige magtiging vir die aanbieding van 'n lening aan Portugal, van die regering in Pretoria te verkry.<sup>25</sup> Gevolglik het Van Blokland die volgende dag Hansen en Schrader se versoek deur middel van 'n kode-telegram aan die regering oorgedra, maar slegs

- 
22. L.A.625, Beelaerts van Blokland - Schrader, geen datum (telegram).
  23. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 49, 15.5.94.
  24. Die Portugese regering het in gebreke gebly om die rente op Franse lenings te betaal.
  25. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 50, 17.5.94

melding van 'n bedrag van £400 000 gemaak. Van Blokland se telegram is op 18 Mei 1894 in Pretoria ontvang<sup>26</sup> en waarop die regering, met die oog op die inhoud daarvan, 'n geheime sitting van die Eerste Volksraad vir die oggend van 19 Mei 1894 belê het.

Kruger het die Eerste Volksraad meegedeel dat die doel van die sitting oor so 'n geheime saak gehandel het, dat hy die Raad moes versoek om "in deze geheel en al de Regering te vertrouwen en het den Uitvoerenden Raad over te laten de zaak te werken." Op vrae van die here Malan en Spies het Leyds geantwoord dat dit "een levensvraag voor de Republiek" was. Daarop het Leyds die aanwesiges, nadat hy hulle op die geheimhouding daarvan gewys het, die volgende meegedeel: 'die kwessie was Delagoabaai', hy kon nie sê hoe ver sake gevorder was nie, maar daar was baie mededingers en daarom moes daar vinnig gehandel word. Die Volksraad moes hulle goedkeuring gee dat indien die regering dit nodig ag, die regering dadelik £500 000 tot hulle beskikking kon hê. Na 'n enkele opmerking het die Eerste Volksraad hulle goedkeuring hieraan gegee.<sup>27</sup>

In Lissabon was daar in die tussentyd vir Hansen en Schrader verdere aanduidings dat Ribeiro dringend op soek na geld was. Met die oog om deur middel van 'n lening aan Portugal 'n houvast op die Portugese regering te verkry, het hulle 'n verdere onderhoud met Ribeiro vir 21 Mei 1894 gereël. Dié onderhoud, asook een gereël vir die daaropvolgende dag kon as gevolg van Ribeiro se onbesikbaarheid, nie plaasvind nie.<sup>28</sup> Dat Van Blokland diegedagte van 'n lening aan Portugal ondersteun het, blyk uit die feit dat hy Hansen en Schrader op 21

- 
26. L.A.625, G.R.190/94, Beelaerts van Blokland - Regering, 18.5.94.  
27. E.V.R. 183, Art. 136a), 19.5.94.  
28. L.A.625, ad. G.R.296/94, Berigte van Hansen en Schrader, 21.5.94.



Mei 1894 toestemming verleen het om Portugal 'n lening van £250 000 aan te bied.<sup>29</sup> Hansen en Schrader kon eers op 25 Mei 1894 daarin slaag om Ribeiro insake 'n lening aan Portugal te spreek. Ribeiro het hulle egter uitdruklik te verstaan gegee dat as die voorgestelde lening iets met die Delagoabaaispoorweg te doen gehad het, Portugal die geld nie sou aanvaar nie. Ribeiro was wel bereid om die verlening van konsessies wat niks met Delagoabaai te make gehad het nie, by die voorgestelde lening te betrek en voorstelle in dié verband aan sy kollegas voor te lê.<sup>30</sup>

Ofskoon Hansen en Schrader geen versekering gehad het dat 'n lening aan Portugal hulle planne met betrekking tot Delagoabaai sou bevorder het nie, het hulle aan die einde van Mei 1894 'n lening van £500 000 aan Portugal oorweeg. Van Blokland het hulle meegedeel dat indien 'n lening aan Portugal hulle kanse op sukses in die "Groote Zaak" sou bevorder het, hy dit in beginsel goedgekeur het.<sup>31</sup> Vervolgens het Van Blokland op 29 Mei 1894 die regering in Pretoria meegedeel dat Portugal dringend geld benodig het en dat Hansen en Schrader met die Portugese premier oor 'n lening van £500 000 sou onderhandel. Van Blokland het die regering versoek om £400 000 na Europa te stuur.<sup>32</sup> Die ander £100 000 van die £500 000 is reeds in Februarie 1894 gestuur. Op 1 Junie 1894 het die Uitvoerende Raad besluit om die gevraagde £400 000 na Europa te stuur. Van Blokland is van die besluit ingelig met die versoek dat die geld, indien moontlik, aan die Portugese regering deur Hansen en Schrader geleen moes word, met die voorwaarde dat hulle 'n voorkeurreg op die verlening van regte in Lourenzo Marques sou verkry.<sup>33</sup>

- 
29. L.A.625, Beelaerts van Blokland - Hansen, 21.5.94 (telegram).
30. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 53, 25.5.94.
31. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 55, 29.5.94.
32. L.A.625, G.R.215/94, Beelaerts van Blokland - Regering, 29.5.94. (Kode-telegram).
33. U.R.122, Indeks van geheime Uitvoerende Raadsbesluite, 1894, nr. 4; L.A.625, Kopie van geheimde U.R.-besluit, dd. 1.6.94.

Hierdie sienswyse van die regering is deur Van Blokland aan Hansen en Schrader oorgeëdra.<sup>34</sup>

Terwyl Hansen en Schrader aan die einde van Mei 1894 aandag aan die idee van 'n lening aan Portugal geskenk het, het so= wel Bray as Van Heeckeren hulle voorstelle met betrekking tot die ontwikkeling van Delagoabaai met Ribeiro bespreek. Ri= beiro het verklaar dat dit vir hom onmoontlik was om uitvoer= ing aan Hansen en Schrader se voorstelle te gee, veral van= weë die verstandhouding wat Portugal met Engeland oor die verlening van regte met betrekking tot Delagoabaai gehad het. Of dit al rede was vir Ribeiro se standpunt met betrekking tot Hansen en Schrader se voorstelle is te betwyfel, aange= sien hy verklaar het dat solank hy premier van Portugal is, daar nie aan die status quo met betrekking tot Delagoabaai verander sou word nie. Ribeiro het Bray verder meegedeel dat hy voorkeur verleen om in sy eie hut meester te bly eer= der as om 'n vreemdeling in 'n paleis te wees!<sup>35</sup>

In die lig van Ribeiro se vasberadenheid om nie enige regte met betrekking tot Delagoabaai aan enigiemand te verleen nie, het Hansen en Schrader besluit om op 'n lening aan Portugal te konsentreer. Van Blokland is versoek om 'n geskikte bank vir die hantering van die lening te vind aangesien hulle van= selfsprekend nie van Oyens as bankier gebruik kon maak nie, sonder om hulle verbintenis met die Z.A.R. te openbaar nie.<sup>36</sup> Na verskeie onsuksesvolle pogings om 'n onderhoud met Ribeiro te verkry, het hulle uiteindelik op 5 Junie 1894 weer 'n on= derhoud met hom gehad. Tydens die onderhoud is sowel Hansen en Schrader se voorstelle met betrekking tot die ontwikkeling van Delagoabaai as hulle voorgestelde lening aan Portugal be= spreek. Ribeiro het hulle sy reeds bekende standpunt met

- 
34. L.A.625, Kopieë van telegramme van Beelaerts van Blok= land aan Hansen en Schrader, dd. 6.6.94 en 9.6.94 (by berigte van Hansen en Schrader, nr. 57 en 58).
35. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 57, 31.5.94; nr. 58, 3.6.94.
36. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 58, 3.6.94; nr. 52, 21.5.94.

betrekking tot Delagoabaai meegedeel, maar bygevoeg dat hy hul voorstelle met betrekking tot Delagoabaai in gedagte sou hou en wanneer die tyd geleë daarvoor was, weer deur middel van die Nederlandse ambassadeur met hulle sou kontak maak. Volgens Ribeiro was dit meer as wat hy aan enige van die ander konsessiesoekers belowe het.<sup>37</sup>

In verband met die lening aan Portugal het Ribeiro hom bereid verklaar om daarvoor te onderhandel, waarna 'n onderhoud vir 9 Junie 1894 gereël is. Tydens dié onderhoud het Ribeiro besonderhede aangaande die lening deur Portugal verlang, aan Hansen en Schrader verskaf. Die belangrikste hiervan was dat die Portugese regering bereid was om binne- of buitelandse staatsobligasies as sekuriteit vir 'n lening van £600 000 te verskaf. Delagoabaai het geensins tydens die onderhoud ter sprake gekom nie. Tydens die onderhoud is daar egter besluit dat Hansen en Schrader hul finale besluit om geld aan Portugal te leen, al dan nie, op 12 Junie 1894 aan Ribeiro sou meedeel.<sup>38</sup>

Van Blokland het in die tussentyd aan die begin van Junie 1894, op versoek van die Duitse Minister van Buitelandse Sake, Von Marschall, weer 'n besoek aan Berlyn gebring. Von Marschall se versoek aan Van Blokland het voortgespruit uit Bray se berigte uit Lissabon dat Brittanje ernstige pogings in die mou gevoer het om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in die hande te kry. In Berlyn is daar uittreksels uit die vertroulike rapporte van Bray oor Delagoabaai aan Van Blokland voorgelees. Daaruit het dit geblyk dat Bray vir Ribeiro versoek en gewaarsku het om nōg die Delagoabaaispoorweg nōg die hawefasiliteite in Delagoabaai aan Brittanje oor te dra of onder Britse invloed te laat kom.<sup>39</sup>

---

37. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 59, 5.6.94; nr. 60, 8.6.94.

38. L.A.625, G.R.374/94, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 61, 10.6.94.

39. L.A.13, Duitse departement van Buitelandse Sake - Beelaerts van Blokland, Berlyn, 30.5.94 (by nr. 905); L.A.625, G.R.306/94, Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 5.6.94 (geheim).

Uit Ribeiro se antwoord aan Bray het Van Blokland 'n afwyking van die vroeëre standpunt van die Portugese premier, soos uiteengesit in sy skrywe aan Van Blokland op 19 Desember 1893, opgemerk. Ofskoon Ribeiro enige voorneme tot afstanddoening van regte met betrekking tot Delagoabaai ontken het, het hy geen melding van die handhawing van die status quo in die hawe tot na die uitspraak van die Bernse skeidsgereg gemaak nie. Ribeiro se versekering dat Portugal van geen regte met betrekking tot Delagoabaai sou afstand doen nie, het Van Blokland nie gerus gestel nie. In Berlyn het hy op 5 Junie 1894 'n skrywe aan Leyds gerig waarin hy hom op die hoogte van sake gestel het en sy wantroue in die versekering van Ribeiro uitgespreek het. Volgens Van Blokland het die Duitse regering die toestand as baie gevaarlik beskou, maar kon op navraag van Van Blokland geen gepaste optrede aanbeveel nie. Van Blokland het egter self nie gras onder sy voete laat groei nie. Hy het van sy persoonlike vriendskap met die Portugese gesant in Berlyn, De Pindella, gebruik gemaak om hom op die nadeel van die verwesenliking van die Britse planne met betrekking tot Delagoabaai te wys. Van Blokland het De Pindella meegedeel dat die verwesenliking van die Britse planne nie net vir Potugees-Oos-Afrika nie, maar ook vir die vriendskaplike betrekkinge tussen Portugal en die Z.A.R. nadelig sou wees. Van Blokland het Leyds verder aangeraai om vanweë die feit dat dit hier om 'n onmisbare lewensbelang vir die Z.A.R. gegaan het, die Portugese- en Duitse konsuls op die nadeligheid van Britse planne met betrekking tot Delagoabaai te wys.<sup>40</sup>

Dat Van Blokland werklik oor die oënskynlike goeie Anglo-Portugese betrekkinge in die eerste helfte van 1894 bekommerd was, is duidelik uit die inhoud van 'n skrywe wat hy 'n paar dae na sy terugkeer uit Berlyn aan Leyds gerig het. Daarin het Van Blokland as volg opgemerk: "Ek ben werklik zeer bezorgd oor die Portugese-Engelsche entente en vraag my

---

40. L.A. 625, G.R.306/94, Beelaerts van Blokland-Staatsekretaris, 5.6.94 (geheim).

voortdurend af, wat daar nog meer kan gedoen word om onze outlet to the sea te beveiligen". In dié verband het Van Blokland vir Rhodes as die grootste bedreiging beskou. Van Hansen en Schrader se bemoeiinge in Lissabon het Van Blokland niks verwag nie en dit dan ook prontuit aan Leyds meegedeel. Al wat Van Blokland op daardie stadium met betrekking tot Delagoabaai kon aanbeveel, was dat indien die regering van plan was om Duitse oorlogskepe na die opening van die Delagoabaaispoorweg te nooi, die uitnodiging so gou as moontlik aan Duitsland gerig moes word, aangesien daar andersins dalk geen oorlogskepe beskikbaar sou wees nie.<sup>41</sup>

Ofskoon Van Blokland nie veel waarde aan Hansen en Schrader se bemoeiinge in Lissabon geheg het nie, was sy besoek aan Berlyn nie sonder betekenis vir hul planne nie. Na aanleiding van die inligting wat Van Blokland in Berlyn uit Bray se rapporte verkry het, het hy op 9 Junie 1894 twee telegramme aan Hansen en Schrader gestuur wat hulle eers na hul onderhoud van dieselfde dag met Ribeiro, bereik het. Daarin is hulle meegedeel dat Ribeiro aan Bray verklaar het dat hy oortuig was van Hansen en Schrader se verbintenis met die Z.A.R. In die lig hiervan het Van Blokland hulle aangeraai om tydens die onderhandelings oor 'n lening aan Portugal maar van Oyens se naam as bankier gebruik te maak. Van Blokland het hulle ook meegedeel dat dit wou voorkom asof Portugal nie meer 'n dringende behoefte aan geld gehad het nie en hulle dit op die hart gedruk dat enige lening van hulle aan Portugal, met die verkryging van regte met betrekking tot Delagoabaai gepaard moes gaan.<sup>42</sup>

Dit kon met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat Ribeiro van Hansen en Schrader se verbintenis met die Z.A.R.

- 
41. L.A.625, ad. G.R.306/94, Beelaerts van Blokland - Leyds, 8.6.94. (Van Blokland het selfs 'n persoonlike brief van Kruger aan die Duitse Keiser oor Delagoabaai oorweeg).
42. L.A.625, Kopieë van telegramme van Beelaerts van Blokland aan Hansen en Schrader, dd. 9.6.94 (by berigte van Hansen en Schrader, nr. 58).

bewus was. Reeds pas na sy eerste ontmoeting met hulle in Mei 1894 het Ribeiro die Britse ambassadeur in Lissabon, sir H. MacDonnel privaat meegedeel "that he had lately had a proposal from a group of Dutch financiers, apparently acting on behalf of the Transvaal..." By 'n latere geleentheid is MacDonnel verder ingelig oor Van Blokland se optrede in November 1893 en die feit dat Van Heeckeren kort daarna twee 'Nederlandse' finansiers aan Ribeiro voorgestel het.<sup>43</sup>

Hansen en Schrader was nie oortuig daarvan dat Ribeiro van hulle verbintenis met die Z.A.R. bewus was nie. Daarom wou hulle nog steeds nie van Oyens se naam as bankier gebruik maak nie aangesien dit slegs Ribeiro se vermoedens oor hulle verbintenis met die Z.A.R. sou bevestig. Oor een saak was hulle dit egter met Van Blokland eens, naamlik dat hulle voordeel uit 'n lening aan Portugal moes trek.<sup>44</sup> Gevolglik het hulle Ribeiro op 12 Junie 1894 meegedeel dat die staatsobligasie wat Portugal bereid was om as sekuriteit vir 'n lening aan te bied, na hul mening nie voldoende was nie. Hansen en Schrader het daarop verklaar dat die finansiële groep wat hulle verteenwoordig het, bereid was om 'n lening aan Portugal toe te staan, indien Portugal bereid sou wees om die doeane-gelde van Delagoabaai as sekuriteit daarvoor te gee. Volgens Schrader het Ribeiro die voorstel 'n oomblik oordink, maar hulle toe meegedeel dat daar oor niks met betrekking tot Delagoabaai 'n ooreenkoms aangeaan kon word nie.

Hansen en Schrader het egter nie dadelik tou opgegooi nie. Hulle het Ribeiro meegedeel dat hulle bereid was om £100 000, met Portugese skatkisbiljette as sekuriteit, aan die Portugese

- 
43. Africa (South). Nr. 508. Confidential. Memorandum on the Question of the Delagoa Bay Railway, G.F. Viddes, 11.10.95.
44. L.A.625, G.R.374/94, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 61, 10.6.94.
45. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 62, 12.6.94.

regering te leen, indien dié bereid sou wees om hulle te bevoordeel met betrekking tot die verlening van regte of konsessies rakende Delagoabaai. Ribeiro het die aanbod van die hand gewys deur te verklaar dat soortgelyke voorstelle reeds deur die Portugese regering geweier is, omdat daar voor die uitspraak van die Bernse skeidsgereg niks met betrekking tot Delagoabaai besluit kon word nie. Hy was nie bereid om sy opvolger deur enige ooreenkoms rakende Delagoabaai te bind nie. Hansen en Schrader het Ribeiro ten slotte meegedeel dat hulle nog 'n kort tydperk in Lissabon tot sy beskikking sou wees, ingeval hy weer op van hul voorstelle wou ingaan.<sup>46</sup>

Hansen en Schrader het nog samesprekings met Bray gevoer, waartydens moontlike alternatiewe optredes, met betrekking tot die verkryging van regte in Delagoabaai, bespreek is. Een hiervan was dat die Duitse regering 'n nota aan die Portugese regering sou oorhandig waarvolgens die verlening van enige regte aan Engelse groepe met betrekking tot Delagoabaai, ten sterkste deur die Duitse regering afgekeur word. Bray het Hansen en Schrader ook meegedeel dat Ribeiro van mening was dat alle aansoeke vir konsessies rakende Delagoabaai na die Z.A.R. of Kaapse regerings teruggevoer kon word en dat syns insiens Hansen en Schrader ten bate van die Z.A.R.-regering werksaam was.<sup>47</sup> Bray het in 'n lang gesprek hierna met Ribeiro verskeie redes aangevoer waarom die Duitse regering Hansen en Schrader se planne met betrekking tot Delagoabaai gesteun het. Onder andere het Bray verwys na Duitse belange in die NZASM, die gevaar van Britse invloed in Delagoabaai en Duitsland se bloeiende handel met die Z.A.R. Ribeiro was egter nie bereid om Delagoabaai te bespreek nie. Bray het die indruk gekry dat Ribeiro nog nie aan enige druk van Britse kant met betrekking tot Delagoabaai, toegegee het

---

46. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 62, 12.6.94.

47. L.A.625, G.R.375/94, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 64, 16.6.94.

nie, maar dat die moontlikheid nie uitgesluit was dat Ribeiro onder groot druk daaraan kon toegee nie. Gevolglik het Bray Berlyn om instruksies oor 'n nota aan die Portugese regering, soos bespreek met Hansen en Schrader, versoek.<sup>48</sup>

Hansen en Schrader het nog 'n verdere poging aangewend om beheer in Delagoabaai te verkry. Op 14 Junie 1894 het hulle 'n onderhoud in verband met Delagoabaai met Tito de Carvalho, 'n voormalige Portugese minister en "der bedeutendsten Persönlichkeit unter den Beamten der Colonial Abtheilung" gehad. Hy het hulle meegedeel dat hy 'n menigte aanbiedinge vir die oornome van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg ontvang het, sodra die uitspraak van die Bernse Skeidseregereg bekend was. Omdat die Portugese regering nie van plan was om voor die uitspraak 'n besluit oor die Portugese gedeelte van die spoorweg te neem nie, het Hansen en Schrader besluit om, ten spyte van De Carvalho se versoek in dié verband, nie self skriftelike voorstelle in verband met die Portugese spoorweg in te dien nie, aangesien hulle hulself nie aan spesifieke voorstelle wou bind nie. Ten spyte hiervan egter het hulle De Carvalho versoek om sy invloed te gebruik om een of ander konsessie, hoe klein ook al, aan hulle toe te staan om daarmee "unsere Gruppe, deren Existenz doch der Regierung später zu grossem Nutzen gereichen würde, in der Zwischenzeit zusammenzuhalten".<sup>49</sup>

Deur middel van Carvalho het Hansen en Schrader op 18 Junie 1894 'n onderhoud met die Portugese Minister van Kolonies gehad. Ten spyte van al hul vorige pogings om 'n konsessie met betrekking tot Delagoabaai te verkry, het Hansen en Schrader weer eens voorstelle met betrekking tot Delagoabaai aan die Minister voorgelê wat egter verklaar het dat alle konsessies rakende Delagoabaai eers deur die Portugese kabinet

---

48. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 62, 12.6.94; nr. 63, 13.6.94.

49. L.A.625, G.R. 375/94, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 64, 16.6.94.



goedgekeur moes word. Daarop het die twee tussengangers, waarskynlik in 'n poging om bestaansreg aan hulle "Gruppe" te verleen tot die Bernse uitspraak bekend was, navraag oor 'n steenkool-konsessie tussen die Tembe- en Umbelusiriviere, in die nabyheid van Delagoabaai, gedoen. Die Minister was geneë om so 'n aansoek te ontvang en het verklaar dat sover hy bewus was "könnten claims in der Colonie ohne Wieteres registriert werden". Hansen en Schrader het egter nie dadelik aansoek om die steenkool-konsessie gedoen nie, maar dit eers oorweeg of daar enige voordeel vir die "Groot Zaak" daaruit kon voortvloei.<sup>50</sup> Uiteindelik het hulle besluit om tog aansoek om die konsessie te doen, maar nie in hulle eie name nie, omdat, soos hulle aan Van Blokland berig het, "dadurch für den Augenblick mehr Aussicht auf Erfolg erscheint".<sup>51</sup> Aan die einde van Junie 1894 het hulle Van Blokland egter meegedeel dat hulle geen verwagtinge aangaande hulle aansoek gekoester het nie, vanweë die Portugese regering se besluit om eers die uitslag van die Bernse skeidsgering af te wag.<sup>52</sup> Sover vasgestel kon word, het daar niks van hul aansoek gekom nie.

Na 'n verblyf van ses maande in Lissabon was dit vir Hansen en Schrader aan die einde van Junie 1894 duidelik dat daar geen kans op die verkryging van beheer in of oor Delagoabaai was nie, tot na die uitspraak van die Bernse skeidsgereg. In 'n skrywe aan Van Blokland uit Parys op 3 Julie 1894 het Schrader twee redes aangevoer waarom die Portugese regering niks met betrekking tot die status quo in Delagoabaai voor die Bernse uitspraak sou verander nie, naamlik die vrees dat die verlening van enige konsessie rakende Delagoabaai nie die goedkeuring van die Portugese openbare mening sou wegdra nie en die beloftes aan Brittanje, die Z.A.R. en ander moondhede dat Portugal eers na die uitspraak van die skeidsgereg die status quo in Delagoabaai sou verander.<sup>53</sup> Ofskoon daar baie

---

50. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr.65, 19.6.94.

51. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 66, 23.6.94.

52. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr.67, 27.6.94.

53. L.A.23, Schrader - Beelaerts van Blokland, Parys, 3.7.94.

waarheid in hierdie redes gesteek het, kon dit nie sonder= meer as al rede vir Portugal se standpunt met betrekking tot Delagoabaai beskou word nie. Dit moet in gedagte gehou word dat die Portugese regering oorspronklik in 1893 die besluit in verband met Delagoabaai en die Bernse skeidsgereg geneem het, omdat hulle bevrees was dat die verlening van enige kon= sessie in of oor Delagoabaai tot Portugal se nadeel by die Bernse skeidsgereg kon strek.<sup>54</sup>

Ofskoon Hansen en Schrader nie daarin kon slaag om enige kon= sessie met betrekking tot Delagoabaai te verkry nie, het hulle tog aan Van Blokland hul verblyf in Lissabon as sukses= vol voorgehou. Deur die gebruikmaking van Duitse steun het hulle verhoed dat Portugal met betrekking tot Delagoabaai aan enige druk van Brittanje toegegee het. In hierdie verband het Hansen en Schrader dan ook met groot genoegdoening van Bray se optrede asook die beoogde nota van die Duitse rege= ring aan die Portugese regering in verband met Delagoabaai, melding gemaak. Verder het die lang verblyf in Lissabon hulle ook in staat gestel om 'n grondige kennis van Portugese toestande, invloedryke persone ens. op te doen. Hansen en Schrader was vol vertrouwe dat wanneer die geskikte oomblik vir die verkryging van enige regte met betrekking tot Delagoabaai sou aanbreek, hierdie kennis handig te pas sou kom.<sup>55</sup>

Voor hulle vertrek uit Lissabon het Hansen en Schrader reël= ings getref om voortdurend op die hoogte van sake betrekking tot die verwickelinge rondom Delagoabaai te bly. Twee

- 
54. L.A.12, Nr. 839b, Geheime memorandum van Beelaerts van Blokland, 25.11.93. Dit dien vermeld te word dat die Britse regering reeds in Maart 1893 die Por= tugese regering meegedeel het dat Brittanje "would not recognize or allow any alienation of a sovereign right (such as customs rights) in the Delagoa Bay territory without giving previous notice to His Majesty's Govern= ment, and affording them an opportunity of acquiring it". Vgl. Africa (South) Nr. 508. Confidential. Memorandum on the Question of the Delagoa Bay Railway, G.F. Viddes, 11.10.95.
55. L.A.23, Schrader - Beelaerts van Blokland, Parys, 3.7.94.

Portugese, C.R. du Bocage en ene Mattozo, sou teen vergoeding hulle daaroor inlig. Ofskoon Schrader op 3 Julie 1894 'n verslag oor hul werksaamhede in Lissabon in verband met die "Groote Zaak" aan Van Blokland gerig het,<sup>56</sup> was dit nóg die einde van die "Groote Zaak" nóg die einde van Hansen en Schrader se bemoeienis daarmee.

#### Die Duitse Bank en die "Groote Zaak"

Aan die einde van Mei 1894 het die Duitse regering die Duitse Bank in Berlyn telegrafies oor die gevaar van 'n Britse oorname van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg ingelig. Daarop het die Duitse Bank op 1 Junie 1894 'n telegram aan Goerz in Johannesburg gestuur, waarin hy die volgende meegedeel is: Rhodes se agent in Lissabon was in 'n gunstige posisie met betrekking tot die verkryging van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg, die teenwoordigheid van Hansen en Schrader in Lissabon was nie voldoende nie (waarskynlik met die oog op die verkryging van bo genoemde spoorweg vir die Z.A.R.) en die Duitse Bank was bereid om in dié verband 'n gevolmagtigde na Lissabon te stuur. Goerz is verder meegedeel dat die Z.A.R.-regering, waarskynlik met die oog op die aanbod van die Duitse Bank en die gevaar van 'n Britse oorname van die Portugese spoorweg, geen tyd moes verspil nie.<sup>57</sup>

Goerz het hierdie inligting aan die Z.A.R.-regering oorgedra waarna president Kruger vir Goerz versoek het om sy Duitse vriende "zu veranlassen, die in Lissabon stattfindenden englischen Verhandlungen möglichst durch einen geheimen

---

56. Ibid.; L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 66, 23.6.94; nr. 67, 27.6.94; G.R.402/94, Schrader - C.R. du Bocage, Lissabon, 27.6.94. Mattozo was reeds sedert Maart 1894 as vertroueling van Hansen en Schrader werksaam. Vgl. L.A.625, Berigte van Hansen en Schrader, nr. 76, Dresden, 25.7.94.

57. L.A.625, G.R.277/94, Goerz - Staatsekretaris, Johannesburg, 4.6.94.

Vertreter überwachen zu lassen und die Bestrebungen des Erwerbes zu Gunsten der Transvaal Regierung zu fördern.<sup>58</sup> Daarop het Goerz, op versoek van Leyds, op 2 Junie 1894 die Duitse Bank getelegrafeer dat hulle op versoek van Leyds 'n geheime agent na Lissabon moes stuur om aldaar verdere instruksies af te wag.<sup>59</sup> Na 'n verdere onderhoud met Leyds het Goerz op 6 Junie 1894 'n verdere telegram aan die Duitse Bank gestuur waarin hulle meegedeel is dat die Z.A.R.-regering vir Van Blokland opdrag sou gee om met die Duitse Bank in verbinding te tree.<sup>60</sup> Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat die Z.A.R.-regering van die Duitse Bank wou gebruik maak om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in die hande te kry.

Op 8 Junie 1894 het die Z.A.R.-regering Van Blokland per kode-telegram versoek om die Duitse Bank oor die telegram aan Goerz oor die "Groote Zaak" te kontak en die 'nodige instruksies' te gee. Die bedoeling van die regering was waarskynlik dat wanneer Van Blokland deur die Duitse Bank op die hoogte van hul telegram van 1 Junie 1894 aan Goerz gestel is, Van Blokland die nodige instruksies aan die Duitse Bank sou gee, waarvolgens hulle in Lissabon ten bate van die Z.A.R. se belange in die Delagoabaaispoorweg kon optree.<sup>61</sup>

In Duitsland het die Duitse Bank in samewerking met die Berliner Handels-Gesellschaft, wat ook belange in die Duitse Bank gehad het, in die tussentyd, na aanleiding van die versoek van Leyds, besluit om graaf Fantoni, 'n knap onderhandelaar en verteenwoordiger van verskeie Duitse bankinstellings

- 
58. L.A.625, Berliner Handels-Gesellschaft - Oyens, Berlyn, 14.6.94 (by G.R.71/93).  
59. L.A.625, G.R.277/94, Goerz - Staatsekretaris, Johannesburg, 4.6.94.  
60. L.A.625, G.R.254/94, Goerz - Staatsekretaris, Johannesburg, 8.6.94.  
61. L.A.23, Regering - Beelaerts van Blokland, 8.6.94, (telegram); L.A.625, G.R.240/94, Beelaerts van Blokland - Regering, 9.6.94 (telegram).

in Italië, na Lissabon te stuur.<sup>62</sup> Omdat die Duitse Bank bewus daarvan was dat die Z.A.R.-regering instruksies oor die stuur van 'n onderhandelaar na Lissabon aan Van Blokland sou gee het Fantoni knap na 9 Junie 1894 'n besoek aan Van Blokland gebring ten einde dié instruksies te verneem. Soos reeds vermeld het die Z.A.R.-regering dit aan Van Blokland oorgelaat om die nodige instruksies aan die Duitse Bank te gee maar alhoewel Van Blokland die nuttigheid van Fantoni se beoogde sending na Lissabon kon insien, het hy geen instruksies in verband daarmee aan Fantoni gegee nie.<sup>63</sup>

Na Fantoni se klaarblyklike onbevredigende besoek aan Van Blokland het die Berliner Handels-Gesellschaft op 14 Junie 1894 'n skrywe aan Oyens gerig. Die rede waarom Oyens genader is, was vanweë sy verbintenis met die NZASM en die feit dat die Duitsers daarvan oortuig was dat wie ook al in besit van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg kom, die Z.A.R.-regering of die NZASM, die NZASM in elk geval daarby betrek sal wees. Na 'n kort uiteensetting van Kruger se versoek aan Goerz en hulle besluit om Fantoni na Lissabon te stuur, is daar na Fantoni se besoek aan Van Blokland verwys. Oyens is meegedeel dat ofskoon Van Blokland die nuttigheid van Fantoni se besoek aan Lissabon ingesien het dit vir Fantoni nou nodig was om "das nöthige Material zu haben" waardeur hy 'n stewige fondament vir sy beoogde werksaamhede in Lissabon kon verkry. Die "nöthige Material" waarna hier verwys word, was waarskynlik die instruksies en inligting wat Fantoni van die Z.A.R.-regering nodig gehad het om in Lissabon te probeer om die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg vir die Z.A.R. in die hande te kry. Gevolglik is Oyens asook Bake na Berlyn genooi om die aangeleentheid met Fantoni asook

- 
62. L.A.19, Duitse Bank - Beelaerts van Blokland, Berlyn, 11.6.94.
63. L.A.625, Berliner Handels-Gesellschaft - Oyens, Berlyn, 14.6.94 (by G.R.71/93); L.A.23, Duitse Bank - Beelaerts van Blokland, 9.6.94 (telegram); L.A.19, Duitse Bank - Beelaerts van Blokland, Berlyn, 11.6.94.

verteenwoordigers van die Duitse Bank en die Berliner Handels-Gesellschaft te bespreek.<sup>64</sup>

Die uitnodiging na Berlyn het Oyens in 'n moeilike posisie geplaas. Nadat hy eers toestemming om na Berlyn te gaan by Van Blokland gevra het, het hy sy bedenkinge oor die aangeleentheid aan Van Blokland meegedeel. Oyens het nie sy weg oopgesien om in Berlyn sy "posisie teenover" Hansen en Schrader te verswyg nie, indien hy daar sou moes meedoen aan "andere combinatien die wellicht het werk voor de Heeren (Hansen en Schrader) bemoeilik of verydelt". Hy wou op die volgende vrae antwoorde van Van Blokland hê: wat het die Duitsers van sy ooreenkoms met Hansen en Schrader geweet?, het die Duitsers iets van die beskikbare £500 000 vir die "Groote Zaak" geweet?, Was die optrede van "hun mandataris (Fantoni) onafhanklik van òf in oorleg met òf teen dié van Hansen en Schrader? en wat het die Z.A.R.- regering met die "aanzoeken" by Goerz beoog? Oyens wou ook van Van Blokland weet wat die Berliner Handels-Gesellschaft met die "nothige material" bedoel het. Hy het dit reguit aan Van Blokland gestel dat hy geen diplomaat was nie en bevrees was dat hy in Berlyn sy vingers sou verbrand of aan die Duitsers die indruk sou skep "dat ek geheimen voor hen het". Volgens Oyens was ook Bake glad nie gretig om na Berlyn te gaan nie.<sup>65</sup> Ongelukkig is dit nie bekend wat Van Blokland se antwoord op Oyens se vrae was nie.

Ten spyte van die Berliner Handels-Gesellschaft se haas om met Oyens en Bake samesprekings oor Fantoni se beoogde sending na Lissabon te voer, het die samesprekings eers rondom 25 Junie 1894 plaasgevind. In die tussentyd het die Z.A.R.-regering 'n passiewe rol in die verkryging van beheer oor die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg gespeel.

---

64. L.A.625, Berliner Handels-Gesellschaft - Oyens, Berlyn, 14.6.94.

65. L.A.23, Oyens - Beelaerts van Blokland, 15.6.94 (telegram); Oyens - Beelaerts van Blokland, 15.6.94 en 18.6.94.

Nõg Van Blokland nõg Winterfeldt, die Z.A.R. se konsul in Berlyn wat ook van Fantoni se beoogde sending kennis gedra het, het op hierdie stadium enige mededeling daarvoor aan die Z.A.R.-regering gedoen. Al inligting wat die Z.A.R.-regering oor die verloop van sake ontvang het, was dié van Goerz wat Leyds op 19 Junie 1894 die inhoud van die volgende telegram uit Berlyn meegedeel het: "not having sufficient information Beelaerts van Blokland, Deutsche Bank, Berliner Handelsgesellschaft have communicated Delagoa Bay Bahn, conference next week, our agent intends to leave here afterwards."<sup>66</sup>

Die samesprekings tussen Oyens, Bake, die Duitse Bank en die Berliner Handelsgesellschaft het egter op niks uitgeloop nie. Ofskoon 'n volledige verslag van hierdie samesprekings ontbreek, is dit duidelik uit 'n latere skrywe van die Berliner Handelsgesellschaft aan Oyens dat die Duitsers nie bereid was om hulle met die voorstelle van Oyens en Bake te verenig nie. Dié het daarop neergekom dat Fantoni verantwoordelik aan Oyens en Bake sou wees en na Lissabon sou gaan om "die geeigneten Persönlichkeiten ausfindig zu machen; welche für die Durchführung des Projectes zu gewinnen sein würden, und diesen Propositionen machen zu lassen, die eine glatte Bestechung involvieren würden".<sup>67</sup>

Ten spyte van die onbevredigende samesprekings met Oyens en Bake het die Duitse Bank nog nie afgesien van Fantoni se sending na Lissabon nie. Op 28 Junie 1894 het Goerz 'n telegram van die Duitse Bank ontvang, waarin die Z.A.R.-regering meegedeel is dat Fantoni gereed was om na Lissabon te vertrek en dat die Transvaalse regering telegrafiese instruksies aan

- 
66. L.A.625, G.R.278/94, Goerz - Staatsekretaris, 19.6.94. Dit wil voorkom asof Goerz daarop gereken het dat die Z.A.R. die Duitse Bank en die Berliner Handelsgesellschaft by enige finansiële reëlings in verband met die verkryging van die Portugese gedeelte van die Delagoa baaispoorweg sou gebruik. Vgl. L.A.625, G.R.254/94. Goerz - Staatsekretaris, Johannesburg, 8.6.94; G.R.295/94, Goerz - Staatsekretaris, Johannesburg, 23.6.94.
67. L.A.625, G.R.399/94, Berliner Handelsgesellschaft - Oyens, Berlyn, 5.7.94 (afskrif).

Van Blokland moes stuur "ordering H&S (Hansen en Schrader) act in accordance with fantoni". Ofskoon Goerz hierdie versoek aan Leyds meegedeel het, het die Z.A.R.-regering nie daarop gereageer nie.<sup>68</sup>

Die resultaat hiervan was dat Oyens aan die begin van Julie 1894 deur die Berliner Handels-Gesellschaft meegedeel is dat die Duitse Bank besluit het om Fantoni vir eers nie na Lissabon te stuur nie. Twee redes vir die besluit is aangevoer, naamlik dat hulle nie bereid was om Fantoni onder opdrag van Oyens en Bake na Lissabon te stuur nie en die feit dat hulle versoek aan die Z.A.R.-regering om 'n "Mandat zu Verhandlungen" nog nie beantwoord is nie. Nieteenstaande hierdie besluit, het die Berliner Handels-Gesellschaft nie die aangeleentheid van hulle afgeskuif nie. Oyens is versoek om hulle op die hoogte van sake te stel ingeval "etwas Weiteres in dieser Angelegenheit" tot sy ore sou kom. Die Berliner Handels-Gesellschaft was verder bereid om indien daadwerklike optrede in die verkryging van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoerweg benodig sou word, hulle opnuut met die Duitse Bank in verbinding te stel. Alhoewel Fantoni dus nie na Lissabon sou gaan nie, sou hy in elk geval ter beskikking van die beoogde sending na Lissabon in Rome bly.<sup>69</sup>

Na aanleiding van 'n navraag van die Z.A.R.-regering oor die stand van sake in die "Groote Zaak", het Van Blokland hulle op 12 Julie 1894 meegedeel dat Hansen en Schrader sonder enige resultaat uit Lissabon vertrek het en dat die Duitse Bank teen die stuur van 'n afgevaardigde na Lissabon besware gehad het.<sup>70</sup> In die lig hiervan is dit dus duidelik dat die "Groote Zaak" aan die begin van Julie 1894 op niks uitgeloop

---

68. L.A.625, G.R.317/94, Goerz - Staatsekretaris, Johannesburg, 28.6.94.

69. L.A.625, G.R.399/94, Berliner Handels-Gesellschaft - Oyens, Berlyn, 5.7.94 (afskrif).

70. L.A.625, Beelaerts van Blokland - Regering, 12.7.94 (kode-telegram).



het nie. Ten spyte hiervan was dit egter nog nie die einde van die "Groote Zaak" nie.

Op 19 Julie 1894 het die Z.A.R.-regering die volgende telegram van die Reuter-nuusagentskap ontvang: "It is reported at Lisbon that the negotiations which have been proceeding between the Transvaal and Portugal for giving the Transvaal important priveleges on the seaboard near Delagoa Bay, have resulted succesfully". Van Blokland is nog dieselfde dag die teks van die telegram meegedeel met die versoek: "Welke mededeelings hebt. gij?"<sup>71</sup> Die daaropvolgende dag is dieselfde telegram in The Press gepubliseer met 'n berig daarby dat die "certain important priveleges" betrekking gehad het op die ontskeping van algemene goedere aan die pier van die NZASM.<sup>72</sup> Dieselfde dag het die regering egter 'n berig van Van Blokland ontvang waarin die telegram van Reuters as geheel en al onjuis beskryf is. In 'n latere skrywe het Van Blokland bygevoeg dat daar niks gebeur het wat dié telegram "ook maar in die verte kan rechtvaardigen."<sup>73</sup>

In die tussentyd het Leyds vir Goerz ingelig oor die Duitse Bank se besluit om nie iemand na Lissabon te stuur nie. Goerz was aanvanklik van mening dat daar 'n misverstand met betrekking tot die Duitse Bank se besluit moes wees, maar op 21 Julie 1894 het hy 'n telegram uit Berlyn ontvang wat Leyds

- 
71. L.A.625, G.R.71/93 (R.A.97/94), Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 3.8.94.
72. The Press, 20.7.94.
73. L.A.625, G.R.71/94 (R.A.97/94), Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 3.8.94. Van Blokland het Leyds in 'n skrywe van 26 Julie 1894 meegedeel dat Duitsland die Kionga-gebied in die noorde van Portugees-Oos-Afrika beset het ten einde, volgens inligting wat Beelaerts ontvang het, "pressie uit te oefen in die Lourenzo Marques aangeleentheid". Van Blokland het die Duitse voorneme sterk gesteun. In November 1894 moes Beelaerts vir Leyds egter meedeel dat die Duits-Portugese geskil vreedsaam besleg is sonder dat Lourenzo Marques enige rol in die onderhandelinge gespeel het. Vgl. L.A.13, Nr. 920, Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 26.7.94, Nr. 920a), Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 7.11.94.

se mededeling bevestig het. Die Duitse Bank het in hul telegram aan Goerz die versuim van die Z.A.R.-regering en Van Blokland om die nodige instruksies aan Fantoni te gee, as rede aangevoer waarom hulle besluit het om Fantoni nie na Lissabon te stuur nie. Verder is Goerz ook meegedeel dat die Duitse Bank bereid was om onmiddellik iemand na Lissabon te stuur, met die oog op die verkryging van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg, sodra die Z.A.R.-regering die nodige instruksies in dié verband sou gee. Ofskoon Goerz vir Leyds, wat nog nie van die rede vir die Duitse Bank se besluit met betrekking tot Fantoni kennis gedra het nie, daaroor ingelig het en in die lig daarvan op optrede van die Z.A.R.-regering aangedring het, het Leyds nie onmiddellik daarop gereageer nie. Leyds het Goerz wel in die eerste helfte van Augustus 1894 meegedeel dat hy in verband met die "Delagoa Bay Angelegenheit" vir Van Blokland "dringend depeschiren wollten, sich dieser Angelegenheit anzunehmen".<sup>74</sup> Presies wat Leyds hiermee bedoel het, is nie bekend nie.

Goerz het tot 20 Augustus 1894 op 'n antwoord van Leyds bly wag en toe 'n laaste skrywe aan hom gerig, waarin hy Leyds se versuim om hom verder oor die "Delagoa Bay Angelegenheit" in te lig, vertolk het as 'n bewys dat Leyds geen antwoord van Van Blokland ontvang het nie. Nadat hy Leyds daarop gewys het dat hy die afgelope tien weke nie daarin kon slaag om "irgend welche Instruction von Ihrer Regierung zu erhalten", het hy hom verder meegedeel dat hy aan Berlyn geskryf het, met die versoek om die Duitse Departement van Buitelandse Sake in te lig, dat die Z.A.R.-regering en die NZASM "der Sache kein

---

74. L.A.625, G.R.332/94, Goerz - Staatsekretaris, Johannesburg, 15.7.94; G.R.368/94, Goerz - Staatsekretaris, 21.7.94; G.R.369/94, Goerz - Staatsekretaris, 23.7.94; Goerz - Staatsekretaris, 27.7.94; G.R.449/94, Goerz - Staatsekretaris, 20.8.94.

sehr scebliches Interesse entgegen bringen". As vergoeding vir die kabelgramme wat hy in opdrag van Leyds na Berlyn gestuur het, het Goerz 'n bedrag van £26.1.2 geëis wat dan ook aan hom uitbetaal is.<sup>75</sup>

Die optrede van Winterfeldt in Berlyn het vir 'n verdere ontwikkeling in die "Groote Zaak" gesorg. Soos reeds vermeld, was Winterfeldt bewus van die Duitse Bank se voorneme om Fantoni na Lissabon te stuur. Toe dit aan die begin van Julie 1894 duidelik word dat die beplande Duitse optrede in verband met die verkryging van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg van die baan was, het Winterfeldt, vanweë die "grosse Interesse" wat die Z.A.R. in dié gedeelte van die Delagoabaaispoorweg gehad het, 'n lang brief oor die hele aangeleentheid aan Leyds gerig.

Winterfeldt se relaas van die Duitsers se vergeefse poging om Fantoni t.b.v. die Z.A.R. na Lissabon te stuur het egter verskeie onjuisthede bevat, onder andere dat Van Blokland die doel van Hansen en Schrader se besoek aan Lissabon aan die Duitse regering verswyg het. Volgens Winterfeldt was die Duitse regering bereid om die optrede van die Duitse Bank in Lissabon kragtig te ondersteun en het ook vir Bray opdrag gegee om die afstanddoening van die Delagoabaaispoorweg aan Kaapse of Britse belange deur Portugal, teen te werk. Nadat hierdie instruksie egter aan Bray gegee is, het die Duitse regering verneem dat die beoogde sending van Fantoni na Lissabon van die baan was weens 'n gebrek aan instruksies vanaf die Z.A.R. se kant. Winterfeldt het Leyds gevolglik meedeel dat die Duitse Departement van Buitelandse Sake "sehr verstimmt" daaroor was dat die Z.A.R.-regering en Van Blokland op die tydstip "wo das Auswärtige Amt selbst mit der äussersten Energie vorgeht", hierdie poging om die spoorweg in die hande te kry so swak ondersteun het. Die gevaar het

---

75. L.A.625, G.R.449/94, Goerz - Staatsekretaris, 20.8.94.

bestaan dat indien die Z.A.R.-regering en Van Blokland hierdie houding aanneem, daar in die vervolg nie op Duitse medewerking in Lissabon gereken sou kon word nie.<sup>76</sup>

Aangesien hy deur die Duitse Departement van Buitelandse Sake mondeling versoek was om hierdie sake onder Leyds se aandag te bring, wou Winterfeldt nou van Leyds weet of dit nie raadsaam sou wees om die Duitse Bank of hom die bepaalde instruksies "für das weitere Vorgehen" te gee nie en hom boonop te magtig om dit onder die aandag van die Duitse Departement van Buitelandse Sake te bring.<sup>77</sup> Leyds het nie op Winterfeldt se voorstel gereageer nie, maar onmiddellik na die ontvangs van sy skrywe Van Blokland se aandag daarop gevestig. Van Blokland het Leyds op 9 Augustus 1894 meegedeel dat daar op die oomblik niks aan die "Groote Zaak" te doen was nie. In 'n latere skrywe in Augustus 1894 het Van Blokland vir Leyds daarop gewys dat sowel Van Heeckeren as die Duitse regering dit eens was dat daar niks met betrekking tot die "Groote Zaak" gedoen kon word nie, omdat Portugal op daardie stadium geen behoefte aan geld gehad het nie.<sup>78</sup>

Die Z.A.R.-regering is in September 1894 oor 'n Duitse memorandum oor Portugees-Oos-Afrika aan Portugal ingelig toe die Duitse konsul-generaal in Pretoria, F. von Herff, die inhoud daarvan op 11 September 1894 aan die Uitvoerende Raad voorgelees het. Hierdie memorandum was die sogenaamde "nota" waarvan Hansen en Schrader reeds in Junie 1894 melding gemaak het en wat in die tussentyd deur Bray aan die Portugese regering oorhandig is. Volgens 'n skrywe van Von Caprivi aan Von Herff het die Duitse regering slegs ter wille van en uit vriendskap met die Z.A.R. hierdie memorandum aan Portugal

---

76. L.A.625, G.R.392/94, Winterfeldt - Staatsekretaris, Berlyn, 12.7.94.

77. Ibid.

78. L.A.625, G.R.510/94, Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 23.8.94 (geheim); G.R.397/94, Beelaerts van Blokland - Regering, 9.8.94 (kode-telegram).

oorhandig sodat Duitsland altyd by 'n latere geleentheid daarop "kunen terugkome". Von Herff is verder meegedeel dat die memorandum uitdruklik teen Engeland gemik was.<sup>79</sup>

In die memorandum is Portugal se aandag gevestig op die groot belang wat Duitsland aan die handhawing van die magseweg aan die ooskus geheg het. Daar is spesifiek verwys na die groot kommersiële en finansiële belange wat Duitsland in die Delagoabaaispoorweg gehad het en dat nog meer as in die geval van Duits-Oos-Afrika, dit vir Duitsland belangrik was dat die magseweg en die besit van Delagoabaai nie versteur mag word nie. Aangesien die oomblik kon aanbreek dat Portugal deur omstandighede verplig kon word om afstand van die hawe en spoorweg te doen, het die Duitse regering dit sy plig geag om Portugal mee te deel dat Duitsland teen so 'n afstanddoening beswaar sou maak.<sup>80</sup>

Uit die inhoud van die memorandum is dit verder duidelik dat die Duitse regering veral vir die afstand doen van Delagoabaai en die Portugese gedeelte van dié spoorweg aan Brittanje of Britse belangegroepe bevrees was. Ten slotte is Portugal meegedeel dat die Duitse regering geen beswaar sou hê teen die oordrag of eksploitasie van die spoorweg of hawe aan 'n internasionale groep van finansiers nie. Al voorwaarde was dat die finansiers nie tot 'n nasionaliteit moes behoort, wat teen die belange van Duitsland gekant was nie.<sup>81</sup>

Dit is vanselfsprekend dat die inhoud van die Duitse memorandum aan Portugal vir die Z.A.R.-regering 'n riem onder die hart was, aangesien die "Groote Zaak" juis van stapel gestuur is, omdat die regering bevrees was dat Delagoabaai of die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in die

---

79. L.A.19, Leyds - Beelaerts van Blokland, 15.9.94 (vertroulik); L.A.625, Aantekeninge van Leyds oor die inhoud van die Duitse memorandum aan Portugal.

80. Ibid.

81. Ibid.

verkeerde hande, veral Engelse s'n, kon beland. Aangesien dit teen September 1894 duidelik was dat die "Groote Zaak" misluk het, het die Duitse memorandum aan Portugal vir die Z.A.R.-regering ten minste die versekering gegee dat Duitsland ook die belange van die Delagoabaaispoorweg teen enige Britse of vreemde oorname sou beskerm. Dat Leyds baie waarde aan Duitsland se sterk standpunt ten opsigte van Delagoabaai geheg het, is duidelik uit sy optrede in verband met die Duitse memorandum. Volgens die memorandum het die Duitse regering onder die foutiewe indruk verkeer dat indien Brittanje of wie ook al in besit van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg kom, hulle die reg sou hê om na willekeur tariewe vas te stel. Leyds het sover gegaan as om 'n konsepskrywe aan Von Herff te rig waarin daar op die onjuistheid gewys is, maar het dit toe laat vaar, omdat hy bevrees was dat Duitsland miskien dan hulle pogings tot ondersteuning van die Z.A.R. se belange met betrekking tot Delagoabaai sou verslap.<sup>82</sup>

Soos reeds vermeld, het Von Caprivi tesame met die Duitse memorandum 'n skrywe aan Von Herff gerig waarin hy die Duitse regering se standpunt met betrekking tot die oorhandiging van die memorandum aan Portugal uiteengesit het. In dieselfde skrywe is daar ook melding van Schrader gemaak, wat glo deur die Duitse regering in verbinding met Berlynse bankiers gestel is, wat geneë was om 'n sindikaat vir die oorname van die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg te vorm. Schrader sou hom na bewering in Berlyn uitgelaat het dat hy in sy pogings met betrekking tot Delagoabaai gehinder was deur 'n gebrek aan "einheitlich" optrede deur die Z.A.R.-regering. Leyds, wat van Von Caprivi se skrywe aan Von Herff kennis gedra het, het hiervan aan Van Blokland melding gemaak en hom terselfdertyd versoek om meer besonderhede aangaande Winterfeldt se skrywe oor die "Groote Zaak".<sup>83</sup>

- 
82. L.A.19, Leyds - Beelaerts van Blokland, 15.9.94  
(vertroulik); L.A.625, Aantekeninge van Leyds oor die inhoud van die Duitse memorandum aan Portugal.
83. Ibid.

Van Blokland kon Leyds aan die begin van Oktober 1894 op die hoogte stel van Winterfeldt se skewe voorstelling van sake met betrekking tot die "Groote Zaak". Van Blokland het Leyds daarop gewys dat hy nie die sending van Hansen en Schrader aan die Duitse regering verswyg het nie, maar reeds op 12 Mei 1894 hulle daarvan in kennis gestel het en dat op sy versoek Bray dieselfde dag nog opdrag gegee is om "de zending die Heeren" te steun. Winterfeldt se bewering dat Fantoni se beoogde sending na Lissabon afgestel is vanweë 'n gebrek aan instruksies van die Z.A.R. se kant is ook deur Van Blokland ontken. Syns insiens het die Duitse Bank van Fantoni se beoogde sending na Lissabon afgesien omdat hulle "na bekomen inligtingen geen rede zag waarom haar gedeelgeerde betere kansen zou hebben en gelukkiger zoude zijn dan de Heeren Hansen en Schrader". Laastens het Van Blokland ook vir Leyds daarop gewys dat daar geen sprake daarvan was dat die Z.A.R. nie meer op die steun van Duitsland met betrekking tot Delagoabaai sou kon reken nie. In dié verband het Van Blokland verklaar dat die Duitse regering sedert die mislukking van Hansen en Schrader se sending in Lissabon "met dezelfde kracht werkzaam is gebleven", waarvan die Duitse memorandum aan Portugal met betrekking tot Portugees-Oos-Afrika 'n bewys was.<sup>84</sup> In 'n latere skrywe aan Leyds in Oktober 1894 het Van Blokland Schrader se aantyging verwerp dat die mislukking van die "Groote Zaak" aan 'n gebrek aan "einheitlich" optrede deur die Z.A.R.-regering te wyte was.<sup>85</sup>

Van Blokland het aan die einde van Oktober 1894 'n besoek aan Berlyn gebring, waartydens hy deur regeringsamptenare meegeedeel is dat Winterfeldt geen opdrag van die Duitse regering ontvang het om in die reeds vermelde sin aan die Z.A.R.-regering te skryf nie. Volgens die regeringsamptenare was daar van 'n onstemmigheid by die Duitse Departement van Buitelandse Sake jeens die Z.A.R. oor die gebeure in Junie 1894 geen

---

84. L.A.625, G.R.622/94, Beelaerts van Blokland - Staatssekretaris, 8.10.94 (geheim) (by G.R.71/93).

85. L.A.19, Nr. 942, Beelaerts van Blokland - Staatssekretaris, 23.10.94 (geheim).

sprake nie. Van Blokland is egter wel meegedeel dat die Z.A.R. eerder van die Duitse Bank as Hansen en Schrader se dienste gebruik moes maak het en dat dit beter sou gewees het indien Goerz meer instruksies van die Z.A.R.-regering ontvang het.<sup>86</sup> Tydens sy besoek aan Berlyn het Van Blokland ook vasgestel dat dit een van die Duitse Bank se konserwatiewe direkteure, ene Steinthal, was wat die sending van Fantoni na Lissabon afgelas het. Volgens Van Blokland het die Duitse Bank in Junie 1894 besef dat Fantoni se beoogde sending na Lissabon nie veel meer kans op sukses dan dié van Hansen en Schrader sou hê nie en daarom het hulle 'n stokkie daarvoor gestee.<sup>87</sup>

Met Van Blokland se besoek aan Berlyn in Oktober 1894 was dit nog nie die einde van Duitse betrokkenheid by die "Groote Zaak" nie. Aan die einde van Oktober 1894 het daar 'n kortstondige korrespondensie tussen Van Blokland en die Duitse Bank ontstaan oor die moontlikheid van 'n lening aan Portugal waarvoor die doeane-inkomste van onder andere Angola en Portugees-Oos-Afrika as sekuriteit sou dien. Dié korrespondensie het egter op niks blywend uitgeloop nie.<sup>88</sup>

Aan die begin van November 1894 het Von Herff 'n onderhoud met Leyds gehad, waarin hy hom oor die optrede van Hansen en Schrader en die mislukking van die "Groote Zaak" uitgespreek het. Von Herff was van mening dat die "Groote Zaak" misluk het omdat die Portugese die oorsprong van elke voorstel met betrekking tot Delagoabaai kón nagaan. Syns insiens sou dit beter wees om voorstelle in verband met Delagoabaai en die "Groote Zaak" te doen namens 'n internasionale sindikaat bestaande uit Franse, Duitse en selfs Portugese belangegroepes. Volgens Von Herff sou die Duitse regering geneë wees om 'n

---

86. L.A.625, G.R.656/94, Beelaerts van Blokland - Staatssekretaris, 24.10.94 (vertroulik).

87. L.A.251, Beelaerts van Blokland - Leyds, 25.10.94 (vertroulik).

88. L.A.14, Duitse Bank - Beelaerts van Blokland, Berlyn, 30.10.94; Nr. 952, Beelaerts van Blokland - Duitse Bank, Gravenhage, 2.11.94.



sodanige applikasie te steun, aangesien die Duitse regering niks vir hulself met betrekking tot Delagoabaai verlang het nie, behalwe om Brittanje daar uit te hou. Aangesien Von Herff van plan was om nog in November 1894 die Duitse regering oor sy sienswyse met betrekking tot Delagoabaai in te lig, het Leyds vir Van Blokland in 'n vertroulike skrywe van 12 November 1894 op die hoogte van Von Herff se planne gestel. Leyds het dit aan Van Blokland oorgelaat om na eie goeddunke op te tree indien die Duitse regering hom daarvoor sou nader. Van Blokland het nie veel waarde aan Von Herff se sienswyse met betrekking tot die "Groote Zaak" geheg nie. Volgens Van Blokland was dit duidelik dat Von Herff misgetas het vir sover dit die redes vir die mislukking van die "Groote Zaak" betref het. Van Blokland was daarvan oortuig dat geen voorstelle met betrekking tot Delagoabaai deur Portugal oorweeg sou word tot na die uitspraak van die Bernse skeidsgereg nie.<sup>89</sup> Sover vasgestel kon word het daar niks verder van Von Herff se voorstelle gekom nie.

Hansen en Schrader het in April 1895 tydens 'n besoek aan Pretoria 'n kort verslag van hul optrede in die "Groote Zaak" aan die Uitvoerende Raad voorge lê, waaruit dit duidelik was dat daar sedert Julie 1894 nog geen vordering gemaak is nie.<sup>90</sup> Hansen en Schrader se verdere optrede met betrekking tot die "Groote Zaak" was beperk tot gereelde berigte oor die stand van sake in Portugal met betrekking tot Delagoabaai.

In Mei 1895 het dit aan die lig gekom dat die Z.A.R. in 1894 £500 000 na Europa vir 'n onbekende doel gestuur het. Die Britse Agent in Pretoria het dadelik die Koloniale Kantoor hieroor ingelig en bygevoeg dat hy betroubaar verneem het dat die Z.A.R.-regering verskeie pogings aangewend het om beheer oor die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg te

---

89. L.A.19, Nr. 969, Staatsekretaris - Beelaerts van Blokland, 12.11.94 (vertroulik); Beelaerts van Blokland, - Staatsekretaris, 9.1.95 (geheim).

90. L.A.625, G.R.182/95, Memorandum van Hansen se mondelinge verslag oor die "Groote Zaak" aan Uitvoerende Raad, dd. 26.4.95.

verkry. Wanneer hierdie pogings sou plaasgevind het, is egter nie vermeld nie. Britse navrae in Lissabon het op 'n ontkenning van enige sodanige pogings uitgeloop.<sup>91</sup>

In 1897 het die "Groote Zaak" sy finale stuiptrekking gegee toe die betaling aan Schrader vir sy berigte oor die stand van sake in Portugal met betrekking tot Delagoabaai, gestaak is.<sup>92</sup>

---

91. B.A.50, Nr. 6773 (deel 12), p.62, p.65, pp.80-81.

92. L.A.625, Sekretaris van kabinet - Schrader, 8.11.97.

## HOOFSTUK VI

### DIE COHEN-KONSESSIE

Afgesien van die "Groote Zaak" het die Zuid-Afrikaansche Republiek ook deur middel van die reeds gemelde Cohen-konsessie probeer om sy belange in Delagoabaai te beveilig. Vir die sukses van die Delagoabaaispoorweg was dit noodsaaklik dat Delagoabaai se hawefasiliteite gunstig met dié van die koloniale hawens vergelyk het. Ongelukkig was dit nie die geval nie. Weens 'n gebrek aan hawefasiliteite was die ontskeping van goedere in Delagoabaai 'n moeisame en tydrawende proses. Skepe was verplig om hul vrag in die baai op ligters, 'n tipe platboomskuit, oor te laai wat die vrag dan aan die NZASM se pier of dié van die Portugese owerheid ontskeep het. Ofskoon die Portugese pier slegs met hoogwater bedryf kon word, het die owerhede geweier dat klein stoomskepe direk aan die NZASM se pier ontskeep. Daarby moet in gedagte gehou word dat die Portugese owerheid die NZASM slegs tydelik toestemming verleen het om goedere aan hul pier te ontskeep.<sup>1</sup> Dit was onder hierdie omstandighede dat die Z.A.R.-regering in Augustus 1893 van die Cohen-konsessie kennis geneem het.

Soos reeds vermeld het die Z.A.R.-regering aanvanklik alles in sy vermoë gedoen om die Cohen-konsessie se bekragtiging te verhoed. Die regering was onder die indruk dat die Cohen-konsessie die alleenreg om piers in Delagoabaai op te rig en te bedryf, behels het. 'n Monopolie ten opsigte van die oprig en bedryf van piers in Delagoabaai was vanselfsprekend nie in belang van die Z.A.R. nie. Dit is vanweë hierdie omstandighede dat Leyds vir Van Blokland in Augustus 1893 opdrag gegee het om die bekragtiging van die Cohen-konsessie deur die Portugese regering te verhoed. Van Blokland het dan ook tydens sy besoek aan Lissabon in November 1893, die

---

1. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, pp.223-224.

Portugese regeringslui op die nadele van die Cohen-konsessie vir die Z.A.R. gewys.<sup>2</sup> Leyds self was trouens van mening dat die Z.A.R. geen geld of inspanning te groot kon ag om die bekragtiging van die Cohen-konsessie te verhinder nie. Leyds was selfs bereid om vir die doel persoonlik na Lissabon te gaan.<sup>3</sup>

Afgesien van Van Blokland se optredes in Lissabon in November 1893 het ook die Nederlandse ambassadeur aldaar, Van Heeckeren, alles in sy vermoë gedoen om die bekragtiging van die Cohen-konsessie te verhoed. Van Heeckeren het in 'n onderhoud met Ribeiro aan die begin van Desember 1893 uit sy pad gegaan om die nadele verbonde aan die Cohen-konsessie vir die Z.A.R. aan te dui. Terselfdertyd het Van Heeckeren ook melding gemaak van die ongunstige indruk wat die verlening van die Cohen-konsessie op die Z.A.R. gemaak het. Volgens Van Heeckeren was Ribeiro se teenargumente so swak dat dit hom weinig moeite gekos het om die Portugese premier van sy standpunt te oortuig. Ribeiro het belowe om weer 'n ondersoek na die Cohen-konsessie in te stel en verdere inligting oor Cohen in te win en Van Heeckeren dan weer te woord te staan.<sup>4</sup>

In 'n skrywe van 9 Desember 1893 kon Van Heeckeren hierdie goeie nuus aan Van Blokland mededeel, maar terselfdertyd nie nalaat om te meld dat die Britse ambassadeur in Lissabon, H. MacDonnel, alles in sy vermoë gedoen het om die Cohen-konsessie bekragtig te kry. Gevolglik was Van Heeckeren bevrees dat Ribeiro hom nie teen MacDonnel sou verset nie.

- 
2. L.A.12, Nr. 839a, Staatsekretaris - Beelaerts van Blokland, 25.8.93; L.A.626, G.R.149/93, Beelaerts van Blokland - Leyds, 15.9.93 (geheim); L.A.12, Nr. 839b, Geheime memorandum van Beelaerts van Blokland, 25.11.93 en ongedateerde aantekeninge van Beelaerts van Blokland oor sy besoek aan Lissabon.
  3. L.A.625, G.R.213/93, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, 14.11.93 (geheim).
  4. L.A.12, Nr. 839a, Van Heeckeren - Beelaerts van Blokland, 9.12.93.

Van Heeckeren het egter die hoop uitgespreek om op 11 Desember 1893 verdere onderhoude met Ribeiro en die Portugese Minister van Kolonies te voer en hulle dan nog eens op die Cohen-konsessie se nadele te wys.<sup>5</sup>

Gelet op die gebeure daarna het daar tog iets van hierdie onderhoude tereggekóm. Op 12 Desember 1893 het Van Blokland, deur middel van die Nederlandse Departement van Buitelandse Sake, 'n telegram van Van Heeckeren ontvang, waarin die Portugese Minister van Kolonies dringend om 'n verslag oor die NZASM se pier in Delagoabaai gevra het,<sup>6</sup> waarskynlik met die oog op die bepalinge van die Cohen-konsessie. Na oorlegging tussen Leyds, Van Blokland en Van den Wall Bake, is daar op 14 Desember 1893 aan Van Heeckeren se versoek voldoen. Op dieselfde dag het Van Blokland 'n telegram aan Ribeiro gestuur waarin hy namens die Z.A.R. 'n antwoord op sy brief van 3 November 1893 insake die Cohen-konsessie, versoek het.<sup>7</sup>

Die Cohen-konsessie is egter met die proklamasie daarvan in die Portugese staatskoerant op 23 Desember 1893 bekragtig. Watter invloed die Z.A.R. se besware teen die oorspronklike konsessie op die Portugese regering gehad het, is onbekend. Tog is dit betekenisvol dat die aard van die konsessie drasties gewysig is. In plaas van 'n monopolie ten opsigte van piere in Delagoabaai het Cohen slegs die reg tot die aanleg en bedryf van 'n enkele pier verkry. Daardeur is die gevaar wat die Cohen-konsessie vir die Z.A.R. ingehou het, uit die weg geruim. George het nog dieselfde dag 'n afskrif van die betrokke staatskoerant aan Van Blokland gestuur wat dit op sy beurt aan die Z.A.R. gestuur het.<sup>8</sup> Leyds het op sy

---

5. Ibid.

6. L.A.12, Nr. 839a, Nederlandse Departement van Buitelandse Sake - Beelaerts van Blokland, 12.12.93.

7. L.A.12, Nr. 839a, Nederlandse Departement van Buitelandse Sake - Van Heeckeren, 14.12.93; Beelaerts van Blokland - Ribeiro, 14.12.93 (telegram).

8. L.A.12, Nr. 839a, George - Beelaerts van Blokland, 23.12.93; L.A.626, G.R.16/94, Beelaerts van Blokland - Waarnemende Staatsekretaris, 29.12.93.

beurt in 'n geheime skrywe van 4 Januarie 1894 die Z.A.R.-regering van die gunstige verloop van sake met betrekking tot die Cohen-konsessie meegedeel.<sup>9</sup> Dit was egter nie die einde van Leyds se belangstelling in die Cohen-konsessie nie.

Cohen het gedurende Januarie 1894 probeer om in Londen en Parys sy konsessie van die hand te sit. In Parys is dit aan baron Eugene Oppenheim te koop aangebied, wat dit van die hand gewys het. Op versoek van Van Blokland, waarskynlik met die oog daarop om die konsessie in belang van die Z.A.R. te benut, het Oppenheim verder op die aanbod van die Cohen-konsessie ingegaan. Terwyl Oppenheim se neef, Jacques Oppenheim, met Cohen oor die aankoop van die konsessie onderhandel het, het Oppenheim vir Leyds op die hoogte van die onderhandelinge gestel.<sup>10</sup>

Met die oog op die oprigting van 'n pier in Delagoabaai, het Cohen die stigting van 'n Portugese maatskappy beoog. Die maatskappy sou 'n aanvangskapitaal van £120 000 hê waarvan £7 000 in die hande van Cohen sou bly en £30 000 vir die bou van die pier gebruik sou word. 'n Verdere £5 000 sou vir reeds gedane werk in verband met die pier betaal word. Oppenheim het hierdie skema as buitensporig duur beskou, maar volgens sy neef was dit moontlik om die konsessie op dié voorwaardes gou in die hande te kry.<sup>11</sup>

Afgesien van Oppenheim, is Leyds ook deur Isaac Lewis van Londen oor Cohen se planne met sy konsessie ingelig. Lewis was saam met Sammy Marks eienaar van die bekende Pretoria-firma, Lewis en Marks, en dus geen onbekende vir Leyds nie. Lewis het reeds in Desember 1893 Leyds in verband met 'n

- 
9. L.A.626, G.R.33/94, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, 4.1.94.
  10. L.A.626, G.R.59/94, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, Amsterdam, 26.1.94 (vertroulik); L.A.12, Nr. 839a, Oppenheim - Beelaerts van Blokland, Parys, 12.1.94.
  11. L.A.626, G.R.59/94, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, 26.1.94 (vertroulik); Oppenheim - Beelaerts van Blokland, 19.1.94.

ander konsessie in Portugees-Oos-Afrika<sup>12</sup> genader. Volgens Lewis wou Cohen £50 000 vir sy konsessie gehad het, asook een-derde van die beoogde Portugese maatskappy se aandele. Volgens Cohen sou die bou van die pier in Delagoabaai ongeveer £34 000 kos en die uitvoering van die hele konsessie ongeveer £50 000.

Die groot verskil in bedrae tussen Cohen se twee aanbiedinge het nie onopgemerk by Leyds verbygegaan nie. Waarskynlik as gevolg daarvan het Leyds daaraan begin dink of die Z.A.R. se belange nie die beste gedien sou word nie, indien die NZASM die Cohen-konsessie koop. In plaas van 'n pier in Delagoabaai teen groot onkoste op te rig, kon die NZASM aan die bepalinge van die konsessie voldoen deur na hul reeds bestaande pier te verwys. Deur die verkryging van die Cohen-konsessie sou die NZASM dus in staat gestel word om goedere van enige aard aan hul bestaande pier in Delagoabaai te ontskep. Leyds het gevolglik vir Van den Wall Bake om sy mening genader, maar dié het nie Leyds se sienswyse gedeel nie. Bake was van mening dat die gewysigde Cohen-konsessie geen uitsluitlike regte met betrekking tot piere ingehou het nie, behalwe om binne 'n sekere aantal jare 'n pier op 'n bepaalde plek in Delagoabaai te bou.<sup>14</sup>

Leyds het op 26 Januarie 1894 'n skrywe aan sy regering gerig waarin hy 'n relaas van die gebeure rondom die Cohen-konsessie gegee het. Leyds het die regering meegedeel dat hy reeds pogings aangewend het om te verhinder dat deur gelyktydige aanvrae vanuit Parys en Londen Cohen "zijn condities opdrijft."<sup>15</sup> Dit wil egter voorkom of Leyds op daardie stadium besluit het om die gedagte van die aankoop van die Cohen-konsessie voorlopig links te laat lê. Baron Oppenheim het Van Blokland op 27 Januarie 1894 om verdere instruksies met betrekking

- 
12. L.A.627, Lewis - Leyds, Londen, 18.12.93 (vertroulik) (by G.R.149/93. Die sg. Limpopo-konsessie wat in November 1893 aan Souto en Vasconcellos toegestaan is.
  13. L.A.626, G.R.59/94, Staatsekretaris - Waarnemende Staatsekretaris, 26.1.94 (vertroulik).
  14. Ibid.
  15. Ibid.

tot die Cohen-konsessie genader, aangesien Jacques Oppenheim wou weet of sy neef nog in die aankoop daarvan belanggestel het.<sup>16</sup> Uit 'n brief van Oppenheim aan Leyds 'n paar dae later, is dit duidelik dat Leyds 'n telegram aan Oppenheim gestuur het, waarin laasgenoemde meegedeel is dat die aankoop van die Cohen-konsessie, nie die Z.A.R.-regering gepas het nie.<sup>17</sup> Die moontlikheid kon nie uitgesluit word nie dat Leyds op daardie stadium eerder sy aandag aan die "Groote Zaak" gewy het, aangesien dit vir die Z.A.R. van groter belang as die Cohen-konsessie was. Die Z.A.R.-regering het eers in die tweede helfte van 1894, na die mislukking van die "Groote Zaak", weer aandag aan die verkryging van die Cohen-konsessie geskenk.

In die tussentyd het Cohen se optrede in Delagoabaai die aandag in Pretoria getrek. Cohen het naamlik 'n agitatie teen die Z.A.R. se konsul in Delagoabaai, Pott, op tou gesit. Op Sondag 11 Maart 1894 het Cohen 'n vergadering vir dié doel in Lourenzo Marques belê, waarop, volgens die verslag van De Volksstem, slegs 'n paar van Cohen se werknemers teenwoordig was. Die plaaslike Portugese bevolking het geen deel aan die vergadering gehad nie en 'n Portugese amptenaar het Cohen verbied om 'n woord teen Pott te spreek. Volgens die korrespondent van De Volksstem het Cohen se agitatie teen Pott voortgespruit uit die wysiging van die Cohen-konsessie waarvoor Pott verantwoordelik gehou is, en jaloersheid teen die Oos-Afrikaanse Compagnie waarvan Pott die hoofagent was.<sup>18</sup>

De Volksstem het op 17 Maart 1894 beweer dat Cohen iemand was wat nie sy sin met 'n monopolistiese pier-konsessie kon verkry het nie, en nou uit weerwraak die lewe vir Pott wou versuur het, as sou hy vir die wysiging van die Cohen-konsessie verantwoordelik gewees het. Die koerant het verder verklaar dat indien Pott vir die wysiging van die Cohen-konsessie

---

16. L.A.12, Nr. 839a, Oppenheim - Beelaerts van Blokland, 27.1.94 (telegram).

17. L.A.626, Oppenheim - Leyds, Parys, 30.1.94 (kopie by G.R.59/94).

18. De Volksstem, 14.3.94.



verantwoordelik was, daar besondere dank aan hom verskuldig was, aangesien hy gesorg het dat die hawe "waarby deze Republiek zulle groote en steeds toenemende belangen heeft" van ongewenste struikelblokke gesuiwer is. Die feit dat Cohen sy protesvergadering vir 'n Sondag gereël het, was volgens De Volksstem voldoende om sy optrede na verdienste te skat.<sup>19</sup>

Ten tye van Cohen se agitatie teen Pott het daar belangrike verwickelinge met betrekking tot die Cohen-konsessie plaasgevind. Die konsessie is aan die reeds gemelde baron De Merck te koop aangebied, wat dit op sy beurt aan die Rhodes-Rothschild-groep aangebied het. Rhodes het egter min belangstelling in die Cohen-konsessie getoon en die aanbod van die hand gewys. Deur bemiddeling van De Merck is die konsessie toe aan die firma van Lewis en Marks aangebied,<sup>20</sup> wat in Maart 1894 'n ooreenkoms met Cohen gesluit het. Daarvolgens het Cohen die firma 'n opsie van 'n maand vir die aankoop van sy konsessie gegee. Cohen se prys op daardie stadium was £6 000 kontant en 31% aandele in die maatskappy wat vir die uitvoering van die konsessie opgerig sou word. Om een of ander rede het hierdie opsie nie in April 1894 verval nie, want Lewis en Marks is in Mei 1894 namens Cohen meegedeel dat hulle opsie verleng is tot 15 dae na die aankoms van ene E.E. Sawyer te Pretoria. Sawyer was die persoon wat namens McMurdo die bou van die laaste deel van die Delagoabaaispoorweg tussen Lourenzo Marques en Komatipoort onderneem het. Waarskynlik vanweë hierdie ervaring is Sawyer deur Lewis en Marks gehuur om spesifiek Pretoria, en miskien Delagoabaai, te besoek. Sawyer moes naas die inwin van tersaaklike inligting alles moontlik doen om die uitvoering van die Cohen-konsessie te vergemaklik.<sup>21</sup>

---

19. De Volksstem, 17.3.94.

20. P.R. Warhurst, Anglo-Portuguese Relations in South-Central Africa 1890-1900, p.126.

21. L.A.626, Ooreenkoms tussen Leao Cohen en Lewis en Marks, 12.3.94 (kopie); Zagory - Lewis en Marks, Liverpool, 18.5.94 (kopie); Lewis en Marks - Sawyer, Londen, 18.5.94 (kopie).

Om die gebeure tydens en na Sawyer se besoek aan Pretoria met betrekking tot die Cohen-konsessie te begryp, is dit nodig om vlugtig aan die politieke sienswyses van Isaac Lewis, Sammy Marks en Ernest Sawyer aandag te gee. Ofskoon Lewis gedurende Desember 1893 en Januarie 1894 pogings aangewend het om Leyds in die Limpopo- en Cohen-konsessies geïnteresseerd te kry, kan hy nie sondermeer as 'n ondersteuner van Kruger se regering beskou word nie. Tydens Van Blokland se besoek aan Lissabon in November 1893 het hy bewyse gevind dat Lewis in die Portugese hoofstad namens Rothschild (en dus Rhodes) regte met betrekking tot Delagoabaai probeer bekom het.<sup>22</sup> In Julie 1894 het Sawyer in 'n skrywe aan Rhodes die volgende kwytgeraak: "Lewis I found very loyal to you and most anxious to work with you..."<sup>23</sup> In teenstelling met Lewis bestaan daar geen twyfel oor Marks se simpatieke houding teenoor Kruger se beleid nie. Sawyer het juis in die reeds vermelde skrywe verklaar dat Marks "seems (from what I hear) entirely under the President's control and might even sell the whole thing (die Cohen-konsessie) to him if pressed to do so."<sup>24</sup> Sawyer was bevriend met Rhodes en sou alles in sy vermoë doen om die Z.A.R. se invloed in Delagoabaai uit te skakel.<sup>25</sup>

Sawyer het in Julie 1894 in Kaapstad aangeland en die Cohen-konsessie aan Rhodes te koop aangebied. Rhodes het die aanbod egter weer eens van die hand gewys. In Kaapstad het Sawyer ook met Sivewright kontak gemaak. Watter belangstelling Sivewright in die Cohen-konsessie gehad het, is nie bekend nie. Sivewright het egter teen daardie stadium die Cohen-konsessie reeds met G.A.A. Middelberg, die NZASM se direkteur, bespreek. Volgens Sivewright het Middelberg 'n

- 
22. L.A.12, Nr. 839b, Geheime memorandum van Beelaerts van Blokland, 25.11.93 en ongedateerde aantekeninge van Beelaerts van Blokland oor sy besoek aan Lissabon.
23. A.1090, Sawyer - Rhodes, 9.7.94.
24. Ibid.; Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I, pp.538-540.
25. A.1090, Memorandum van Sawyer, 1.6.94.

kombinasie van die NZASM se pier in Delagoabaai met die Cohen-konsessie in gedagte gehad.<sup>26</sup> Uit 'n latere skrywe van Sawyer aan Rhodes is dit duidelik dat Middelberg se voorstel die antwoord was op 'n voorstel (vermoedelik deur Sivewright namens Lewis en Marks) om 'n aandeel in die Cohen-konsessie te bekom.<sup>27</sup>

Tydens Sawyer se besoek aan Delagoabaai in Julie 1894 het hy vasgestel dat Cohen teen die NZASM se deelname in die uitvoering van sy konsessie was, onder andere, omdat die Portugese regering so 'n stap as "a betrayal of their interests to the Transvaal" sou beskou het. Die NZASM se betrokkenheid sou meebring dat die Portugese regering hul ondersteuning aan die pier-onderneming sou onttrek. Na aanleiding van sy bevindinge in Delagoabaai het Sawyer op 9 Julie 1894 aan Rhodes berig: "With regard to your own views as to the future control of this place I think it worth your reconsideration whether it is wise to allow the Neth. Coy (that is the Tvl.) to have a finger in the pie at all. If they do it will only be with the object, sooner or later, of getting control and they are persevering enough and have money enough to eventually obtain it."<sup>28</sup>

Na sy besoek aan Delagoabaai het Sawyer Pretoria besoek waar hy verskeie samesprekings met Middelberg oor die Cohen-konsessie gevoer het. Middelberg wou glo die algehele beheer van die konsessie gehad het en was bereid om vir die doeleinde enige bedrag te betaal. As hy dit nie kon kry nie, was hy nogtans bereid om £5 000 in die uitvoering van die Cohen-konsessie te belê ten einde aan te toon dat hy nie daarteen gekant was nie.<sup>29</sup>

- 
26. A.1090, Sawyer - Rhodes, Pietermaritzburg, 4.7.94.
  27. A.1090, Sawyer - Rhodes, Lourenzo Marques, 9.7.94.
  28. Ibid. Van Winter gee die datum van hierdie skrywe verkeerdelik as 9 September 1894 aan. Vgl. P.J. van Winter, op.cit., p.224, voetnoot 3.
  29. A.1090, Sawyer - Rhodes, Pretoria, 24.7.94.

Ten tye van sy verblyf in Pretoria het Sawyer opnuut vir Rhodes op die hoogte van die jongste verwikkelinge gestel. Daarvolgens het Lewis uit Londen laat weet dat hy nie vir 'n onderneming onder die NZASM se beheer te vinde was nie, maar terselfdertyd ook dat daar in Londen nie meer as £20 000 vir die uitvoering van die Cohen-konsessie te vinde was nie. Sawyer het vanweë hierdie omstandighede nie daaraan getwyfel nie dat Lewis en Marks se bemoeienis met die Cohen-konsessie op niks sou uitloop nie. Die gevaar syns insiens was dat wanneer Lewis en Marks se opsie aan die einde van Julie 1894 sou verval, die NZASM in staat sou wees om gunstiger voorwaardes as Lewis en Marks aan Cohen aan te bied. Gevolglik het Sawyer hom aan die einde van Julie 1894 nogmaals op Rhodes beroep in 'n poging om die beheer van die Cohen-konsessie uit die NZASM se hande te hou.<sup>30</sup> Rhodes het die saak egter van die hand gewys.<sup>31</sup> Sover vasgestel kon word, het Sawyer na Julie 1894 nie verder met Middelberg onderhandel nie.

Ofskoon dit nie bekend is of Middelberg die Z.A.R.-regering op die hoogte van sy onderhandelinge met Sawyer gestel het nie, was die regering nie oningelig oor die wel en weë van die Cohen-konsessie nie. Reeds in April 1894 het George aan Van Blokland berig dat Cohen en Sawyer 'n besoek aan die Portugese Minister van Kolonies, met betrekking tot die Cohen-konsessie, gebring het.<sup>32</sup> In Mei 1894 is daar in die Portugese staatskoerant geringe wysigings aan die Cohen-konsessie se bepalings aangekondig. Leyds is kort daarna deur Van Blokland op die hoogte van die wysigings gestel.<sup>33</sup> Aan die einde van Junie 1894 kon Pott die Z.A.R.-regering meedeel dat daar nog nie met die bou van 'n pier in Delagoabaai, kragtens die Cohen-konsessie, begin is nie.<sup>34</sup>

- 
30. Ibid.  
31. A.1090, Loch - Rhodes, 21.9.94.  
32. L.A.11, George - Beelaerts van Blokland, 19.4.94.  
33. L.A.626, G.R.257/94, Beelaerts van Blokland - Leyds, 23.5.94.  
34. L.A.626, G.R.366/94, Pott - Staatsekretaris, 28.6.94.

Dit was onder hierdie omstandighede dat Lewis en Marks in Augustus 1894 die Z.A.R.-regering in verband met deelname aan die uitvoering van die Cohen-konsessie genader het. Lewis en Marks se plan was om die Z.A.R. te betrek by 'n maatskappy wat die bou en bedryf van 'n pier in Delagoabaai, kragtens die Cohen-konsessie, sou behartig. Op 1 September 1894 het ene Crawford, Lewis en Marks se prokureur in Pretoria, 'n skrywe aan Leyds gerig waarin hy na die Z.A.R.-regering se besluit met betrekking tot deelname aan die pier-maatskappy verneem het. Volgens Crawford wou Lewis en Marks so gou as moontlik die antwoord van die regering bekom het, aangesien Cohen op weg was na Engeland en hulle met hom wou onderhandel sodra hy daar aankom.<sup>35</sup>

Lewis en Marks se aanbod het die Z.A.R.-regering nie onkant betrap nie. Toevallig het Leyds kort tevore vir Pott versoek om oor toestande in Delagoabaai te rapporteer. Pott het in sy verslag, wat Leyds op 10 September 1894 ontvang het, nie 'n roeskleurige prentjie geskilder nie. Volgens Pott was die enigste bruikbare pier in die hawe dié van die NZASM. Die NZASM se pier kon egter nie tot sy reg kom nie, omdat die Portugese owerheid geweier het om toestemming te verleen dat enige vrag buiten spoorwegmateriaal daaraan ontskeep word. Pott het egter opgemerk dat die Z.A.R. se eiendom, waarop die NZASM se pier geleë was, meer aan sy doel sou beantwoord het indien daar met die Portugese owerheid tot 'n vergelyk oor die pier gekom kon word. Die NZASM se pier sou sonder groot onkoste verleng en versterk kon word sodat handelskepe daaraan kon vasmeer. Pott het met verwysing na die Cohen-konsessie verklaar dat dit nog jare sou duur voordat die beoogde pier in gebruik geneem sou word. Selfs al sou die pier binne twee of drie jaar voltooi word sou dit nie aan die groeiende behoeftes van Delagoabaai kon voldoen nie.<sup>36</sup>

---

35. L.A.626, R.A.165/94, Crawford - Staatsekretaris, Pretoria, 1.9.94.

36. SSa.22, R.A.209/94, Pott - Staatsekretaris, 31.8.94. Vgl. G.D. Scholtz, Die Oorsake van die Tweede Vryheids-oorlog 1899-1902, p.211 voetnoot 93.

Pott se verslag het waarskynlik baie daartoe bygedra dat Leyds met Lewis en Marks onderhandelinge oor die beoogde pier-maatskappy aangeknoop het. Nadat die saak in die Uitvoerende Raad bespreek was, en na 'n bespreking tussen Leyds en Marks, het Leyds op 21 September 1894 die standpunt van sy regering uiteengesit. Lewis en Marks is meegedeel dat die Z.A.R. bereid was om, na gelang van omstandighede, tussen £25 000 en £30 000 tot die beoogde pier-maatskappy by te dra. Die Z.A.R. se deelname aan die pier-maatskappy sou onder die volgende voorwaardes geskied: dat die NZASM ook £25 000 in die maatskappy sou belê, dat die Z.A.R. en NZASM tesame 75 000 van die 120 000 aandele sou besit en dat die Z.A.R. se aandele op die naam van Lewis en Marks geregistreer word met dien verstande dat die regering te eniger tyd die aandele op hul eie naam kon registreer. Verdere voorwaardes was dat Lewis en Marks die Z.A.R. se instruksies moes volg ten einde te verseker dat laasgenoemde en die NZASM in volle beheer van die maatskappy is. Voorts moes die beoogde pier-maatskappy se statute, bestuur en verteenwoordigers ook die Z.A.R. se goedkeuring wegdra. Dit is dus duidelik dat die Z.A.R.-regering beoog het om volle beheer oor die maatskappy, en dus die pier in Delagoabaai, te verkry.<sup>37</sup>

Iets in verband met Lewis en Marks se bemoeienis met die Cohen-konsessie moes uitgelek het, want reeds op 14 September 1894 het The Standard and Diggers' News in Johannesburg 'n sensasionele berig oor die Cohen-konsessie gepubliseer. Daarvolgens sou Lewis en Marks, gerugsteun deur 'n sterk finansiële instelling, die Cohen-konsessie aangekoop het en so doende in besit van verskeie belangrike regte met betrekking tot Delagoabaai gekom het. Onder die opskrifte "The port practically ours" en "A great political transaction" het die koerant voortgegaan om daarop te wys dat die "transaksie" groot voordeel vir die Z.A.R. ingehou het en terselfdertyd

---

37. L.A.251, Sivewright - Leyds, 14.9.94 (vertroulik);  
L.A.626, Middelberg - Marks, 14.9.94; Staatsekretaris - Lewis en Marks, 21.9.94.

'n persoonlike nederlaag vir Rhodes was. Na 'n verdere bespreking van Rhodes se begeerte om in besit van Delagoabaai te kom, het die koerant afgesluit met die opmerking: "Instead of the Transvaal Boer being bowled over by the Cape Premier, he is today stronger than ever and commands the situation and - the sea."<sup>38</sup> Ofskoon hierdie berig feitlik van alle waarheid ontbloot was, het dit op die latere gebeure met betrekking tot die Cohen-konsessie, 'n belangrike uitwerking gehad.

Leyds se skrywe van 21 September 1894 aan Lewis en Marks is 'n paar dae later beantwoord. Die Z.A.R. se voorwaardes was vir Lewis en Marks aanvaarbaar, behalwe dié aangaande die statute, bestuur en verteenwoordiging van die maatskappy. Leyds is daarop gewys dat die statute met inagneming van die Portugese regering en volgens Portugese wette opgestel sou moes word. Lewis en Marks was gewillig dat 'n verteenwoordiger van die Z.A.R. die opstel van die statute hanteer, maar onder die voorwaarde dat indien die verteenwoordiger nie daarin kon slaag "to obtain what you desire, this must not be the ground for a withdrawal from your side."<sup>39</sup> Ten slotte is Leyds meegedeel dat Lewis en Marks nie bereid was om enige verdere voorwaardes van die Z.A.R. met betrekking tot die beoogde maatskappy te oorweeg nie en dat hulle so gou as moontlik 'n kontrak daarvoor met die Z.A.R. wou sluit.

Leyds het Lewis en Marks se skrywe nog dieselfde dag aan Middelberg voorgelê, wat ernstige besware teen die inhoud daarvan gehad het. Middelberg was bevrees dat Cohen of ander persone in Lissabon kon probeer om die Cohen-konsessie tot hul eie voordeel te eksploiteer, met die gevolg dat die Z.A.R. en NZASM met 'n waardelose maatskappy opgeskeep sou sit.<sup>40</sup> Op 29 September 1894 het daar 'n onderhoud tussen

---

38. The Standard and Diggers' News, 14.9.94.

39. L.A.626, G.R.554/94, Crawford - Staatsekretaris, 25.9.94.

40. L.A.626, Opmerkings van G.A.A. Middelberg n.a.l.v. Lewis en Marks se skrywe aan die Staatsekretaris, 25.9.94.

Kruger, Leyds en Marks oor die beoogde pier-maatskappy plaasgevind. Wat bespreek is, is onbekend, behalwe dat Marks die afleiding gemaak het dat die Z.A.R.-regering aan Van Blokland sou telegrafeer om met Isaac Lewis te beraadslaag. Indien Van Blokland met die statute van die pier-maatskappy tevrede was, sou die saak verder gevoer word. Daarom is Lewis nog dieselfde dag meegedeel om met Van Blokland te beraadslaag. Wat die Z.A.R. betref, was sake nog glad nie so ver gevorder nie.<sup>41</sup>

Leyds het in 'n skrywe van 5 Oktober 1894 Lewis en Marks se voorstel met betrekking tot die opstel van die maatskappy se statute afgewys en dit duidelik gestel dat die Z.A.R.-regering volle beheer oor die beoogde maatskappy wou gehad het. Indien die gewenste statute nie verkry of goedgekeur kon word nie, dan moes die Z.A.R. die reg hê om hom aan die pier-maatskappy te onttrek.<sup>42</sup> Marks het Leyds se voorwaarde 'n dag later aanvaar, maar weer eens 'n nuwe vereiste gestel: die Z.A.R. moes dadelik vir Van Blokland opdrag gee om met Lewis oor die statute van die pier-maatskappy te onderhandel. Terselfdertyd moes Van Blokland dan ook besluit of hy die statute aanvaar of nie. As motivering vir hierdie haastige optrede het Marks aangevoer dat Cohen druk op hulle uitgeoefen het om sake af te handel.<sup>43</sup>

Leyds en Middelberg was egter van mening dat Van Blokland nie telegrafies voldoende oor die wense van die regering ingelig sou kon word nie. Middelberg was veral skepties oor Lewis en Marks se skielike haas, aangesien hulle weke en weke laat verbygaan het sonder enige optrede. Syns insiens moes die aangeleentheid eerder kalm in Eurcpa oorweeg word. Gevolglik het die Z.A.R. aan die begin van Oktober 1894 afskrifte van die korrespondensie met Lewis en Marks aan Van

---

41. L.A.626, G.R.564/94, Crawford - Staatsekretaris, 6.10.94.

42. L.A.626, Staatsekretaris - Lewis en Marks, 5.10.94.

43. L.A.14, Leyds - Beelaerts van Blokland, 12.10.94 (geheim). Kopie van brief van Lewis en Marks aan Leyds, 6.10.94 (by nr. 958).



Blokland gestuur ten einde hom op die hoogte van sake te stel.<sup>44</sup>

Op 17 Oktober 1894 het die Z.A.R.-regering kennis geneem van 'n Reuter-telegram wat uit Londen ontvang is. Daarvolgens het die Portugese premier in die Cortes (parlement) verklaar dat sy regering nog niks met betrekking tot die Cohen-konsessie besluit het nie en dat dié konsessie in elk geval ongeldig was tot tyd en wyl dit weer deur die Cartes bekragtig sou word.<sup>45</sup> Die Z.A.R.-regering het hom egter nie deur hierdie nuus van die Cohen-konsessie laat afskrik nie. Die Uitvoerende Raad het op 6 November 1894 die wenslikheid om algehele beheer oor die Cohen-konsessie te verkry, goedgekeur.<sup>46</sup> Twee dae later is Van Blokland per kode-telegram opdrag gegee om dié aangeleentheid verder te voer. Van Blokland moes sorg dat die Z.A.R. volle beheer oor die beoogde pier-maatskappy sou hê en dat die statute van die maatskappy die Cortes se goedkeuring sou wegdra.<sup>47</sup>

In Europa het die Cohen-konsessie op daardie stadium alreeds baie publisiteit geniet. Na aanleiding van The Standard and Diggers' News se berig oor Lewis en Marks se verkryging van die Cohen-konsessie is sensasionele berigte daaroor vanuit Suid-Afrika na Europa ge stuur. Die gerug as sou die Z.A.R. deur middel van Lewis en Marks se 'aankoop' van die Cohen-konsessie beheer oor Delagoabaai verkry het, het in Lissabon en Londen aandag geniet. Reeds op 21 September 1894 het J.P. Moltzer op grond van al die sensasie daar rondom aan Leyds geskrywe dat die Cohen-konsessie 'n wêreldgebeurtenis'

- 
44. L.A.626, Staatsekretaris - Lewis en Marks, geen datum (geheim); Opmerkings van G.A.A. Middelberg, dd. 9.10.94, n.a.l.v. 'n skrywe van Lewis en Marks aan die Staatsekretaris, 6.10.94; L.A.14, Leyds - Beelaerts van Blokland, 6 en 12.10.94 (geheim).
45. L.A.626, Reuter-telegram, 16.10.94. Volgens 'n aantekening by die telegram is dit aan die Uitvoerende Raad voorgelees.
46. U.R.122, Indeks op geheime Uitvoerende Raadsbesluite nr. 21, 6.11.94.
47. L.A.626, Regering - Beelaerts van Blokland, 8.11.94 (kode-telegram); G.R.735/94, Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 23.11.94 (geheim).

geword het.<sup>48</sup> Op 25 September 1894 het 'n briefskrywer in The Times in Londen onder die opskrif "Delagoa Bay and British Interests" verklaar: "Undue importance seems to be attached to the sensational reports which have been telegraphed from the Transvaal with reference to the acquisition of the Cohen pier concession by Messrs. Lewis and Marks. It is inferred in some quarters that by this move the Transvaal Government has obtained control not only of the harbour at Delagoa Bay, but also of the railway running from the harbour to the Transvaal frontier..."<sup>49</sup>

Vanweë die persberigte dat die Z.A.R. saam met Lewis en Marks by die Cohen-konsessie betrokke was, het die Britse regering die aangeleentheid onder die Portugese regering se aandag gebring. Die gevolg was dat die Portugese regering 'n dekreet uitgevaardig het, waarvolgens alle bestaande Portugese konsessies ongeldig verklaar is tot tyd en wyl die Cortes dit opnuut goedgekeur het.<sup>50</sup> Dit was dan ook na aanleiding van hierdie dekreet en al die spekulاسie oor die Cohen-konsessie dat die Portugese premier in Oktober 1894 die reeds vermelde verklaring in die Cortes gemaak het.

Afgesien van die Z.A.R. se mededelings aan Van Blokland is hy ook deur Bake en Lewis op die hoogte van die onderhandelinge rondom die Cohen-konsessie gestel. Lewis het Van Blokland aan die begin van November 1894 van die probleme om die piermaatskappy se statute goedgekeur te kry, meegedeel. Gevolglik het hy Van Blokland versoek om na Londen te kom ten einde samesprekings oor die statute en verdere optredes te hou. Van Blokland het die versoek egter van die hand gewys, omdat hy op daardie stadium nog geen magtiging daarvoor van die Z.A.R.-regering gehad het nie.<sup>51</sup> Dit was eers na die ontvangs van die regering se telegram van 8 November 1894 dat

---

48. L.A.251, Moltzer - Leyds, 21.9.94.

49. The Times, 25.9.94 (in L.A.80).

50. L.A.626, Lewis - Beelaerts van Blokland, 28.12.94 (afskrif).

51. L.A.14, Bake - Beelaerts van Blokland, 29.10.94 (by nr. 958); L.A.626, Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 9.11.94 (geheim).

Van Blokland vir Bake versoek het om hom na die samesprekings in Londen te vergesel.

Dit is opmerklik dat Bake, net soos Middelberg, skepties teenoor Lewis en Marks se hantering van die Cohen-konsessie gestaan het. Op die vooraand van hul reis na Londen het Bake aan Van Blokland geskryf: "Het zal zaak wesen onverbiddelek sodanige statuten te eischen dat de macht volledig en direk by Rep.-NZASM berust. Lewis en Marks moet weten dat hun anders een mooie winst ontgaat, het zou wel eens kunnen zijn dat ze en de winst en de mogelijkheid van Engelsche invloed wilden behouden."<sup>52</sup>

Die samesprekings tussen Van Blokland, Bake en Lewis het op 12 en 13 November 1894 in Londen plaasgevind. Vir die twee Nederlanders was dit 'n besonder moeilike tydperk. Hulle het met persone te doen gehad oor wie se ware motiewe daar twyfel was: Lewis se vriendskap met Rhodes, Cohen se agitatie teen Pott en die feit dat Sawyer ook met die uitvoering van die konsessie gemoeid was, was maar enkele onsekerhede in dié verband.<sup>53</sup>

Lewis het 'n konsep-statuut, deur Cohen opgestel, aan die twee Nederlanders vir goedkeuring voorgelê, maar laasgenoemdes het verskeie besware daarteen gehad. Lewis se antwoord op die besware was telkens dat enige wysiging òf die medewerking van Cohen òf die Portugese regering se goedkeuring sou benadeel. Net soos Marks wou Lewis die Z.A.R. nie toelaat om hulle aan die pier-maatskappy te onttrek, indien die verlangde Z.A.R.-beheer daaroor nie verkry kon word nie. Van Blokland het dit egter duidelik gestel dat hy kragtens sy instruksies geen risiko in die verband kon neem nie. Daarop het Lewis die stryd gewonne gegee.<sup>54</sup>

- 
52. L.A.14, Bake - Beelaerts van Blokland, 8.11.94 (by nr. 958).
53. L.A.626, G.R.735/94, Beelaerts van Blokland - Staatssekretaris, 23.11.94 (geheim); L.A.14, Nr. 958, Bake - Beelaerts van Blokland, 9.12.94.
54. L.A.14, Nr. 958, Bake - Beelaerts van Blokland, 9.12.94.

Na 'n breedvoerige bespreking is 'n konsep-statuut opgestel, wat Van Blokland en Bake se goedkeuring weggedra het. Daarvolgens sou die pier-maatskappy se bestuur uit drie direkteure in Lissabon en vyf in Londen bestaan. Cohen sou die konsep-statuut aan die Portugese regering vir goedkeuring voorlê. Tydens die samesprekings het Bake die geleentheid gehad om vlugtig na Sawyer se begroting en planne vir die pier in Delagoabaai te kyk. Dit het hom dadelik opgeval dat om slegs gedeeltelik aan die bouplanne uitvoering te gee, die beraamde finansies onvoldoende sou wees. Boonop het Sawyer hom mee-gedeel dat ten einde die werk voor die einde van 1895 te voltooi, daar reeds in Desember 1894 bestellings geplaas sou moes word. Bake was nie vir 'n sodanige optrede te vinde nie. Hy wou eers Sawyer se begroting sorgvuldig bestudeer het en het daaraan gedink om die werk in Delagoabaai deur die NZASM se personeel te laat doen.<sup>55</sup>

Die planne vir die oprigting van 'n pier in Delagoabaai het egter reeds in November 1894 teenspoed opgetel. Cohen het in dié maand in Lissabon tevergeefs probeer om die pier-maatskappy se statute deur die Portugese regering goedgekeur te kry. Na Cohen se terugkeer na Londen aan die begin van Desember 1894 het Lewis vir Sawyer na Lissabon gestuur. Sawyer het gou tot die oortuiging gekom dat die totstandkoming van die pier-maatskappy geen kans op sukses gehad het nie. Volgens Sawyer het die Portugese regering se teenkanting voortgespruit uit die berig uit die Z.A.R. as sou Lewis en Marks die Cohen-konsessie aan die Z.A.R.-regering verkoop het. Die verskyning van dié berig in The Times in Londen het daartoe gelei dat die Britse ambassadeur in Lissabon die Portugese regering se aandag daarop gevestig het. Tydens 'n onderhoud met die Portugese premier is Sawyer dan ook duidelik laat verstaan dat weens die teenkanting van "a Foreign source" die Portugese regering die saak nie goedgesind was nie.<sup>56</sup>

---

55. Ibid.

56. L.A.626, Lewis - Beelaerts van Blokland, Londen, 28.12.94 (afskrif) waarby 'n verslag van Sawyer se besoek aan Lissabon ingesluit is.

Ten tye van Sawyer se besoek aan Lissabon was die konsepstatuut van die pier-maatskappy reeds aan die Portugese regering vir goedkeuring voorgelê. Die regering het dit egter na die staatsprokureur vir ondersoek verwys. Hierdie optrede het Sawyer verder oortuig dat die pier-maatskappy tot mislukking gedoem was. Dit sou maande duur voordat die staatsprokureur se ondersoek voltooi was en dan sou die statuut nog aan die Portugese regering en Cortes voorgelê moes word. Sawyer was gevolglik van mening dat ofskoon die Portugese regering nie die Cohen-konsessie sou kanselleer nie, hulle die goedkeuring van die konsepstatuut eenvoudig sou laat voortsloer. Gevolglik het Sawyer op 22 Desember 1894 in sy verslag aan Lewis tot die gevolgtrekking gekom dat die oprigting van 'n pier-maatskappy, kragtens die Cohen-konsessie van die baan was. Van Blokland is 'n paar dae later deur Lewis van Sawyer se ondervindings en sienswyse in kennis gestel.<sup>57</sup>

Intussen het Leyds tydens 'n besoek aan Natal in Desember 1894 uit The Natal Mercury verneem dat die Cohen-konsessie deur die Cortes bekragtig is. Op 12 Desember 1894 is Van Blokland per kode-telegram om bevestiging van dié nuus versoek waarop hy 'n paar dae later ontkennend geantwoord het.<sup>58</sup> Eers aan die einde van Desember 1894 het Van Blokland Sawyer se bevindinge met betrekking tot die Cohen-konsessie aan die regering gestuur. Daaruit was dit vir die Z.A.R.-regering duidelik dat daar nie meer kans was om deur middel van die Cohen-konsessie belange in Delagoabaai te verwerf nie.<sup>59</sup>

---

57. Ibid.

58. L.A.626, G.R.714/94, Staatsekretaris - Staatsekretaris Buitelandse Sake, 11.12.94 (telegram); G.R.722/94, Beelaerts van Blokland - Regering, 15.12.94.

59. G.D. Scholtz, op.cit., p.214.

HOOFSTUK VII

DIE Z.A.R. SE POGINGS OM 'N BRITSE CORNAME VAN  
DELAGOABAAI TE VOORKOM, SEPTEMBER-OKTOBER 1894

In Julie 1894 het die Z.A.R.-regering, met die oog op die feitlik voltooide Delagoabaaispoorweg, aan die feestelike opening van die spoorweg begin aandag skenk. Die Eerste Volksraad het in 'n geheime sitting op 6 Julie 1894 besluit om 'n Duitse en Nederlandse oorlogskip vir die feesvieringe na Delagoabaai te nooi.<sup>1</sup> Volgens 'n skrywe van Leyds aan Beelaerts van Blokland was die bedoeling met die feesvierings dat "een beetje politiek vertoon zou gemaakt worden voor den buitenwêreld".<sup>2</sup> Die Z.A.R.-regering het veral in die stuur van 'n Duitse oorlogskip na die feesvierings belanggestel aangesien dit 'n gebeurtenis sou wees wat vir die Z.A.R.politieke voordeel kon inhou. Volgens Leyds het Duitsland, "om van het politieke evenwicht niet te spreken", groot kommersiële belange by Delagoabaai en die Delagoabaaispoorweg gehad. Daarom is Van Blokland versoek om die nodige uitnodigings aan die Duitse en Nederlandse regerings te rig.

Die Z.A.R.-regering se voorneme om uit die opening van die Delagoabaaispoorweg politieke munt te slaan, het voortgespruit uit hul vrees dat Delagoabaai of die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in Britse hande sou val. Die Z.A.R.-regering sou graag, indien die geleentheid hom voordoen, op enige moontlike wyse wou help om Delagoabaai teen 'n Britse oorname te beveilig, aangesien dit vir die Z.A.R. hier om 'n onmisbare lewensbelang gegaan het. 'n Verwesenliking van Britse planne met betrekking tot Delagoabaai sou ernstige

---

1. E.V.R. 183, Art. 716a), dd. 6.7.1894.

2. L.A.13, Nr. 922a), Staatsekretaris - Beelaerts van Blokland, 14.7.94 (geheim).

nadelige gevolge vir sowel die Z.A.R. as Portugal tot gevolg hê. Daarom sou die Z.A.R.-regering graag 'n versekering van die Portugese regering wou gehad het dat enige Britse voorstel tot oorname van Delagoabaai of die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg, met beslistheid van die hand gewys sou word.<sup>3</sup> Die geleentheid om só 'n versekering van Portugal te vra het aan die einde van September 1894 voorgekom.

Op 26 September 1894 het sowel The Press as De Volksstem berigte oor 'n moontlike oorname van Delagoabaai deur Rhodes gepubliseer. The Press het, na aanleiding van 'n soortgelyke berig in 'n Londense koerant, berig dat Rhodes met die Portugese regering aan die onderhandel was om die administrasie van Delagoabaai oor te neem in ruil vir 'n lening van £2 000 000 aan die Portugese regering.<sup>4</sup> De Volksstem het weer beweer dat Rhodes deur middel van die Britse Departement van Buitelandse Sake aan die werk was om Delagoabaai "over te nemen" as betaling vir Portugal se skuld aan Brittanje of in ruil vir konsessies elders.<sup>5</sup> Leyds het die berig in The Press in so 'n ernstige lig beskou dat hy Van Blokland nog dieselfde dag versoek het om ondersoek na die waarheid daarvan in te stel.<sup>6</sup>

In Pretoria het De Matalha, in opdrag van sy regering, die berig in The Press oor die beweerde onderhandelinge met Rhodes ontken.<sup>7</sup> Alhoewel hierdie amptelike ontkenning 'n mate van voldoening by die Z.A.R.-regering verwek het, was hulle tog onseker hoe om die bedoeling daarvan op te vat. Leyds het in 'n skrywe aan Van Blokland op 29 September 1894 die Z.A.R.-regering se onsekerheid verduidelik. Dit was byna algemene

- 
3. L.A.625, Leyds - Konsul-generaal Portugal (konsep). Die konsepskrywe dateer uit die tydperk Julie - September 1894.
  4. The Press, 26.9.94.
  5. De Volksstem, 26.9.94.
  6. L.A.14, Nr. 943, Staatsekretaris - Beelaerts van Blokland, 29.9.94 (geheim).
  7. The Press, 27.9.94.

kennis dat Rhodes met die Portugese regering onderhandel het oor die verkryging van regte te Delagoabaai, hetsy vir homself of die Kaapkolonie. Rhodes het dié onderhandelinge nie ontken nie. Omdat die onderhandelinge deur middel van 'n tussenganger gevoer is, kon dit egter beteken het dat De Matalha se amptelike ontkenning korrek was, maar dat die onderhandelinge nog in volle swang was.<sup>8</sup>

Leyds het voortgegaan deur Van Blokland daarop te wys dat die berigte wat die Z.A.R.-regering telkens oor bogenoemde onderwerp ter ore gekom het hulle met besorgdheid oor Delagoabaai vervul het. Rhodes het tog geensins in die vooruitgang van Delagoabaai belanggestel nie, maar alleen in die agteruitgang daarvan. Leyds het vervolgens die Z.A.R. se standpunt met betrekking tot Delagoabaai uiteengesit: die Z.A.R. sou geen beswaar hê teen die verlening van regte in Delagoabaai aan persone of maatskappye wat die belange van Delagoabaai en die Z.A.R. op die hart gedra het nie. Die Z.A.R. sou ook volkome tevrede wees as Portugal die administrasie en beheer van Delagoabaai en die spoorweg na die grens van die Z.A.R. sou behou het. Die Z.A.R. sou egter die vervreemding van regte aan persone of maatskappye wie se belange in stryd met die Z.A.R. was, as 'n onvriendskaplike daad van Portugal beskou.<sup>9</sup>

Van Blokland is gevolglik deur Leyds versoek om 'n nota in die gees van die Z.A.R. se standpunt aan die Portugese regering te rig. Met die oog op die voortdurende berigte van aanbiedinge van lenings aan Portugal in ruil vir regte in Delagoabaai is Van Blokland gemagtig om die Portugese regering mee te deel dat die Z.A.R. gewillig was om Portugal sodanige lenings te verskaf. Die Z.A.R. was hiertoe bereid ten einde te verhoed dat die Portugese regering hulle moes wend tot persone of instansies wie se strewes en belange nog met die

---

8. L.A.14, Nr. 943, Staatsekretaris — Beelaerts van Blokland, 29.9.94 (geheim).

9. Ibid.



Z.A.R. nog met Portugal saamgegaan het.<sup>10</sup>

Afgesien van die Z.A.R.-regering het regeringsgesinde koerante soos De Volksstem en The Press ook aandag aan Rhodes se beweerde onderhandelinge met betrekking tot Delagoabaai geskenk. De Volksstem kon dit moeilik glo dat 'n verantwoordelike minister van die Kaapkolonie dit kon waag om hom in te laat met die "sake van Delagoabaai" en 'n gedragslyn te volg wat lynreg teen die Z.A.R. se belange ingedruis het. Die koerant se raad aan die Z.A.R.-regering was dat indien die Kaapkolonie wel sulke planne van 'vyandige aard' gehad het, die regering dadelik die Kaapkolonie om 'n verduideliking moes vra en as dié sou uitbly teenmaatreëls te tref. De Volksstem het verder daarop gewys dat 'n onwettige Britse besetting van Delagoabaai in die Z.A.R. en ook daarbuite die grootste ontevredenheid onder die Afrikaners sou gaande maak en aanleiding sou kon gee tot 'n gespanne toestand in Suidelike Afrika. Die Britse regering is voorts gewaarsku dat die Suid-Afrika van 1894 nie meer dieselfde Suid-Afrika van 1842 was toe die Voortrekkers deur kol. Cloete "beroofd worden" van hulle wettige eiendom in Natal nie. Die slotsom waartoe De Volksstem gekom het, was dat die Z.A.R. ook gehoor moes word in "de Delagoabaai-affaires" aangesien hy naas Portugal die meeste belang in die hawe gehad het.<sup>11</sup>

The Press het in sy kommentaar oor Rhodes se beweerde onderhandelinge met betrekking tot Delagoabaai erken dat dit al lank in Pretoria bekend was dat Rhodes in dié verband werksaam was. Die koerant was egter van mening dat Duitsland en Frankryk eers in die saak geken sou moes word voordat Rhodes die administrasie van Delagoabaai sou kon oorneem.<sup>12</sup>

In Europa het Van Blokland, na ontvangs van Leyds se telegram in verband met die berig in The Press, hom dadelik tot die

---

10. Ibid.

11. De Volksstem, 26.9.94.

12. The Press, 26.9.94.

Portugese gesant in Nederland, graaf Comte de Tovar, gewend. De Tovar het die waarheid van die beweerde onderhandelinge tussen Portugal en Rhodes ernstig bevraagteken. Van Blokland is meegedeel dat enige Portugese regering wat 'n ooreenkoms met Rhodes sou aangaan sy eie doodsvonnis sou teken. Op die herhaalde aandrang van Van Blokland het De Tovar nogtans navraag oor die beweerde onderhandelinge by sy regering gedoen. Die Portugese regering het onmiddellik enige sprake van onderhandelinge met Rhodes ontken. Aan die begin van Oktober 1894 het Van Blokland die Z.A.R.-regering hiervan in kennis gestel.<sup>13</sup>

Leyds se opdrag aan Van Blokland in verband met 'n nota aan Portugal oor Delagoabaai het die gesant eers in die tweede helfte van Oktober 1894 bereik. Op daardie stadium het daar, om Van Blokland se woorde te gebruik, "enige feiten voorgevallen", waarvan Leyds ten tye van die opdrag aan die gesant nie kennis van gedra het nie. Vir eers was die Z.A.R.-regering, ten tye van Leyds se skrywe, onseker oor die juiste betekenis wat aan De Matalha se ontkenning in The Press geheg moes word. In die tussentyd het die Portugese regering op die mees duidelike wyse verklaar dat daar met betrekking tot Delagoabaai geen onderhandelinge aan die gang was nie. Trouens die Portugese premier, Ribeiro, het selfs só 'n verklaring in die Cortes gemaak. Van Blokland was nou van mening dat om 'n nota met betrekking tot Delagoabaai aan Portugal te stuur nutteloos sou wees en die Z.A.R.-Portugese betrekkinge skade berokken.<sup>14</sup> Hierdie sienswyse van Van Blokland is deur die Z.A.R.-regering aanvaar met die gevolg dat geen nota met betrekking tot Delagoabaai aan Portugal oorhandig is nie.

Die vrees vir 'n Britse oorname van Delagoabaai was nie al aangeleentheid wat die Z.A.R.-regering se aandag op die hawe

- 
13. L.A.14, Nr. 943, Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 8.10.94 (geheim).  
14. L.A.14, Nr. 953, Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 2.11.94 (geheim).

gevestig het nie. 'n Opstand onder die Swart bevolking in die omgewing van Delagoabaai het kommer in die Z.A.R. se re=geringskringe oor Portugal se beheer oor die hawe laat ont=staan. Die opstand het in Augustus 1894 ontstaan toe die kaptein van 'n plaaslike stam, Mahazoel, hom teen 'n Portu=gese patrollie, wat 'n aantal van sy onderdane wou arresteer, verset het. Die Portugese owerhede in Lourenzo Marques het in afwagting op militêre versterkings uit ander dele van Por=tugees-Oos-Afrika voorlopig geen poging aangewend om die op=standige kaptein te straf nie. Die gevolg van die Portugese se afwagtende houding was dat die aanvanklike klein opstand spoedig in omvang toegeneem het.<sup>15</sup>

Op 22 September 1894 het The Press berig dat daar in Lourenzo Marques gevrees word dat meer as 8 000 Swartes van verskillen=de stamme van plan was om die dorp aan te val. As gevolg hiervan sou alle werksaamhede in Lourenzo Marques glo tot stilstand gekom het. Boonop was daar in die dorp 'n mate van angstigheid te bespeur, aangesien dit algemeen bekend was dat die Portugese nie in staat was om die opstand te onder=druk nie.<sup>16</sup> Ofskoon De Matalha die akkuraatheid van The Press se inligting bevraagteken het, het Leyds dieselfde dag nog vir konsul Pott versoek om hom daagliks op die hoogte van sake in Delagoabaai te hou.<sup>17</sup> Leyds was waarskynlik bekom=merd dat die opstand in Delagoabaai die oopstelling van die feitlik voltooide Delagoabaaispoorweg in die wiele kon ry.

Pott het nog dieselfde dag 'n kort oorsig oor die ontstaan van die opstand getelegrafeer waarin hy die berigte daaroor as oordrewe bestempel het. Volgens Pott was alles rustig in Delagoabaai. Twee dae later, na 'n besoek aan die plaaslike goewerneur, het Pott berig dat die Portugese owerhede van die stilstaande handel bewus was en van plan was om so gou as moontlik teen die opstandelinge op te tree. Op 25 September 1894 het Pott berig dat die opstandelinge hulle ver van

---

15. De Volksstem, 3.10.94.

16. The Press, 22.9.94.

17. L.A.14, Staatsekretaris - Pott, 22.9.94 (telegram).

Lourenzo Marques bevind het en dat die goewerneur daarvan oortuig was dat hulle dit nie naby die dorp sou waag nie. Pott het die Z.A.R.-regering ook meegedeel dat daar sommige buitelanders, veral Engelssprekendes, was, wat alles in hul vermoë gedoen het om die erns van die toestand te oordryf.<sup>18</sup>

Na aanleiding van Pott se mededelings het Leyds hom op 26 September 1894 vertroulik om sy persoonlike siening van sake gevra. Pott is verder meegedeel dat indien Portugal hulp sou benodig het om die opstand te onderdruk die Z.A.R.-regering "een wenk in die richting" sou oorweeg. Die beweerde teenwoordigheid van 'n Britse oorlogskip in Delagoabaai het ook nie die Z.A.R.-regering se aandag ontgaan nie. Leyds het nog dieselfde dag 'n geheime telegram aan Pott gestuur waarin hy navraag oor die Britse oorlogskip se teenwoordigheid in die hawe gedoen het.<sup>19</sup>

Pott het nie die Z.A.R.-regering se bekommernis oor die opstand gedeel nie. In sy antwoord aan Leyds dieselfde dag het Pott verklaar dat nog nooit in die geskiedenis van Afrika het meer as 'n duisend gewapende blankes hulself so belaglik gemaak soos wat nou die geval in Delagoabaai was nie. Volgens Pott was die enigste rede vir die buitelanders se optrede in Lourenzo Marques "om eene wisseling van regeering kans van slagen te geven". Meer as tweeduisend gewere en 'n groot hoeveelheid ammunisie is aan persone van enige afkoms deur die Portugese owerhede uitgedeel en boonop was daar versperrings in Lourenzo Marques se strate opgerig. Ten spyte van al hierdie maatreëls was daar, volgens Pott, geen teken van die opstandelinge te bespeur nie.<sup>20</sup>

Pott het ook die Z.A.R. se aanbod van hulp vertroulik aan die

- 
18. SSa. 36, R.A.337/94, Pott - Staatsekretaris, 22.9.94 (telegram); R.A.362/94, Pott - Staatsekretaris, 24.9.94 (telegram); R.A.375/94, Pott - Staatsekretaris, 25.9.94 (telegram).
  19. L.A.14, Staatsekretaris - Pott, 26.9.94 (vertroulik) (telegram); Staatsekretaris - Pott, 26.9.94 (geheim) (telegram).
  20. L.A.14, Pott - Staatsekretaris, 26.9.94 (geheim) (telegram).

goewerneur-generaal van Mosambiek, wat juis op besoek aan Delagoabaai was, meegedeel. Dié het Pott hartlik vir die aanbod van hulp bedank, maar dit nie aanvaar nie. Pott is streng vertroulik meegedeel dat die opstand binne agt dae iets van die verlede sou wees.<sup>21</sup>

Afgesien van hierdie gerusstellende nuus het Pott die Z.A.R.-regering egter ook oor die optrede van die Britse konsul in Delagoabaai ingelig. Die Britse konsul het op die aand van 25 September 1894 Britse matrose aan land laat kom ten einde die Britse konsulaat te bewaak, en dit ten spyte daarvan dat die Portugese owerhede vroeër hul toestemming vir 'n sodanige optrede geweier het. Pott het Leyds daarop gewys dat sy eie woning, net soos die Britse konsulaat, buite die bewaakte gedeelte van Lourenzo Marques geleë was, maar dat hy nooit daaraan sou gedink het "om troepen te vragen waar geen vyand op twintig mijlen" te vinde was nie. Syns insiens was dit uit die gang van sake baie duidelik hoe die "Engelschen gaarne eene serieuze verwikkeling hier zouden zien".<sup>22</sup>

Dat die Z.A.R.-regering Pott se mededelings in 'n ernstige lig beskou het, blyk uit die feit dat Leyds met die Duitse konsul in Pretoria, Von Herff, op 27 September 1894 'n onderhoud gehad het waartydens bogenoemde mededeling van Pott aan Von Herff voorgelees is. Von Herff het op sy beurt die volgende dag 'n telegram van die Duitse konsul in Delagoabaai oor die opstand aldaar aan die Z.A.R.-regering voorgelê.<sup>23</sup> Wat tussen die Duitse konsul en die Z.A.R.-regering bespreek is, is egter onbekend. Behalwe om Van Blokland oor die opstand in Delagoabaai op die hoogte van sake te stel, het Leyds voorlopig 'n afwagtende houding ingeneem.<sup>24</sup>

---

21. Ibid.

22. Ibid.

23. Ssa. 36, Inskrywing by minute van R.A.337/94.

24. L.A.14, G.R.545/94, Leyds - Beelaerts van Blokland, 28.9.94 (geheim).

Dit is interessant dat regeringsgesinde koerante soos De Volksstem en The Press aanvanklik die gebeure in Delagoabaai nie in 'n ernstige lig beskou het nie. De Volksstem was van mening dat Engelstalige koerante uit onkunde of uit kwade trou probeer het om "een ongeregeldheid" in die omgewing van Delagoabaai, tot 'n beleg van die hawe op te blaas.<sup>25</sup> Ofskoon die korrespondent van The Press in Lourenzo Marques lang verslae oor die opstand aan die koerant gestuur het, het hy die mening gehuldig dat die opstandelinge nie die dorp sou aanval nie. Selfs die optrede van die Britse konsul met betrekking tot die landing van Britse matrose het geen kommentaar uit The Press of De Volksstem ontlok nie.<sup>26</sup>

Aan die begin van Oktober 1894 het dit egter begin duidelik word dat die toestand in Delagoabaai ernstiger was as wat aanvanklik in die Z.A.R. vermoed is. The Press was een van die eerste koerante om onraad te merk. Die feit dat die Portugese owerhede dit nodig geag het om versterkings vanuit Portugal aan te vra en gerugte dat Gungunhana se onderdane besig was om voorbereidsels vir 'n oorlog te tref, het The Press oortuig dat 'n oorlog tussen die Portugese en Swartes in die Delagoabaai-distrik op hande was. Dat The Press meer agter die opstand gesien het as bloot ontevredenheid onder die plaaslike Swart bevolking, blyk uit die volgende bewering: "The dominance of the port of Delagoa and the ownership of the Portuguese section of the Pretoria railway form tempting baits to the leaders in the game of cross purposes that is being played with such skill and astuteness. Mr. Kruger's dream of a Transvaal port has not dissolved into thin air. Mr. Rhodes in following out his policy of a United South Africa cannot be blind to the important hold which the possession or control of Delagoa Bay would carry with it..... An expensive native campaign might suit the books of the would be acquirers of the port and railway at Lourenzo Marques very well indeed..."<sup>27</sup>

---

25. De Volksstem, 29.9.94.

26. The Press, 26.9.94; 27.9.94, 28.9.94 en 29.9.94.

27. The Press, 1.10.94.

Pott, wat die opstand aanvanklik nie in 'n ernstige lig beskou het nie, het aan die begin van Oktober 1894 van standpunt verander. Pott, wat nog steeds die Z.A.R.-regering daagliks op die hoogte van sake in Delagoabaai gestel het, se berigte het nou 'n ernstiger toon begin aanneem. Daarvolgens was moord en diefstal tot dig by Lourenzo Marques aan die orde van die dag en was daar geen twyfel meer dat 'n groot aantal Swartes by die opstand betrek was nie. Reeds op 5 Oktober 1894 het Pott die Z.A.R.-regering meegedeel dat hy die toestand in Delagoabaai nou as veel ernstiger as vroeër beskou het. 'n Paar dae later het Pott berig dat die toestand in Delagoabaai baie ernstig was, dat die inwoners onbeskermd teen die geraamde 10 000 opstandelinge was, dat enige vorm van organisasie in die dorp ontbreek het en dat dit gelyk het asof die Portugese owerhede niks aan die toestand kon of wou doen nie. Pott het sy berig afgesluit met die vraag of daar nie by die Portugese regering in Lissabon om hulp aangeklop kon word nie.<sup>28</sup>

Die Z.A.R.-regering het Van Blokland op 11 Oktober 1894 van Pott se berig en versoek in kennis gestel. Terselfdertyd is die gesant ook deur middel van 'n geheime kodetelegram meegedeel dat die toestand in Delagoabaai ernstig was en dat ten einde die ingryping van vreemde moondhede in die Delagoabaai-opstand te verhoed, die Portugese vinnig en kragtig sou moes optree. Gevolglik is Van Blokland gemagtig om die Z.A.R. se hulp in die onderdrukking van die opstand aan die Portugese regering aan te bied.<sup>29</sup> Van Blokland het De Tovar dadelik van die Z.A.R.-regering se aanbod in kennis gestel wat dit weer op sy beurt aan die Portugese regering meegedeel het. Eers op 16 Oktober 1894 kon Van Blokland van De Tovar verneem dat ofskoon die Portugese regering dankbaar vir die Z.A.R. se aanbod was, hulle nie daarvan gebruik sou maak nie. Die

- 
28. S.Sa.36, R.A.503/94, Pott - Staatsekretaris, 5.10.94 (telegram); R.A.478/94, Pott - Staatsekretaris, 8.10.94 (telegram); R.A.489/94, Pott - Staatsekretaris, 10.10.94 (telegram).
29. L.A.14, Regering - Beelaerts van Blokland, 11.10.94 (telegram).

Z.A.R.-regering is nog dieselfde dag hiervan in kennis gestel.<sup>30</sup>

In die tussentyd het Leyds, ten einde die Z.A.R. se belange met betrekking tot Delagoabaai te beveilig, by die Duitse regering om hulp aangeklop. Leyds, wat die toestand in Delagoabaai as ernstig beskou het, was daarvan oortuig dat Brittanje van enige voorwendsel gebruik sou maak om in Delagoabaai in te gryp. Boonop was Leyds van mening dat die voltooiing van die Delagoabaaispoorweg "brenge die Engelschen meer en meer tot die oortuiging dat zij iets daartegen moeten doen." Die Kaapkolonie en die Britse regering was in dié opsig kop in een mus aangesien nóg Rhodes nóg Loch die Z.A.R. vriendskaplik gesind was. Gevolglik het Leyds, volgens 'n skrywe aan Moltzer op 14 Oktober 1894, Von Herff versoek "dat ook Deutschland zijn vlag in L.M. zou vertoonen en niet alleen Engeland zoals nu het geval."<sup>31</sup> Die Duitse regering het onmiddellik 'n oorlogskip na Delagoabaai gestuur en op persoonlike bevel van die Duitse keiser is daar weldra nog twee oorlogskepe na Delagoabaai gestuur. Die Duitse regering het vermoed dat die Britse konsul se optrede in Delagoabaai die voorspel tot 'n Britse oorname was.<sup>32</sup>

Die gedagte om 'n Duitse oorlogskip na Delagoabaai te stuur is ook deur die Berlynse koerante gepropageer. Die Kreuz-Zeitung het reeds op 11 Oktober 1894 die moontlikheid van Britse inmenging in Delagoabaai aan sy lesers voorgehou. Volgens dié koerant was daar by Britse staatsmanne reeds geruime tyd die voorneme om die gebied tussen die Z.A.R. se oosgrens en die see in te palm. Daar is verwys na die politieke implikasies wat uit die voltooiing van die Delagoabaaispoorweg sou voortspruit. Die Britse regering sou dit nie toelaat dat die Z.A.R. 'n onafhanklike verbinding met die see, deur

---

30. L.A.14, Nr. 945, Beelaerts van Blokland - Staatssekretaris, 19.10.94.

31. L.A.251, Leyds - Moltzer, 14.10.94.

32. P.J. van Winter, Onder Krugers Hollanders II, p.240.



middel van Delagoabaai, bekom nie. Die Kreuz-Zeitung het verder beweer dat Brittanje die Z.A.R. nie sou toelaat om die leiding van die Delagoabaaispoorweg in die hand te neem nie, aangesien 'n Britse oorlogskip reeds 'n paar weke in Delagoabaai teenwoordig was, "um beim erssten eintretenden Falle eingreifen zu können und sich des Anfangspunttes der Eisenbahn zu bemächtigen".<sup>33</sup> Met die oog op Duitsland se belange in die Z.A.R. en in Delagoabaai het die koerant voorgestel dat 'n Duitse oorlogskip na Delagoabaai gestuur word.

Die nuus dat die Berlynse koerante die Duitse regering aanbeveel het om 'n oorlogskip na Delagoabaai te stuur, is deur De Volksstem verwelkom. Die moontlikheid van Britse inmenging in Delagoabaai het juis op daardie stadium, na aanleiding van The Star se berigging oor die onderwerp, die aandag van The Press en De Volksstem geniet. The Star het beweer dat Brittanje, kragtens die Anglo-Portugese ooreenkoms van Junie 1891, die reg gehad het om te enige tyd, ter beskerming van hul belange, troepe in Delagoabaai aan wal te sit. As weerlegging van The Star se standpunt het The Press die bewoording van artikel 7 van die Anglo-Portugese Konvensie van Junie 1891 in 'n hoofartikel gepubliseer. Daaruit was dit duidelik dat Brittanje slegs 'n voorkeursreg op die Portugese grondgebied suid van die Zambesirivier gehad het. The Press het voorts beweer dat indien Britse troepe tog in Delagoabaai aan wal sou gaan "in accordance with the ideas of The Star, the Portuguese troops on the spot would be justified in resenting the intrusion with the bayonet."<sup>34</sup>

Ook De Volksstem het te velde getrek teen die gewoonte van "Engelse pers-organen" in Suid-Afrika om hulle oor Delagoabaai uit te laat asof die Britse regering 'n 'eerste verband' daarop gehad het. Die koerant het sy lesers daarop gewys dat daar geen internasionale ooreenkoms bestaan het wat Brittanje die reg op inmenging in Delagoabaai gegee het nie.

---

33. Die Kreuz-Zeitung, 11.10.94 (by nr. 476 in L.A.80).

34. The Press, 18.10.94.

Enige onwettige Britse inmenging met betrekking tot Delagoa=baai sou volgens De Volksstem tot groot ontevredenheid in die Boere Republieke lei en ernstige gevolge hê. Daarom het De Volksstem dan ook die gedagte om 'n Duitse oorlogskip na Delagoabaai te stuur, verwelkom.<sup>35</sup>

Voordat die eerste Duitse oorlogskip sy opwagting in Delagoa=baai gemaak het, het die kwessie van Z.A.R.-vrywilligers om die Delagoabaai-opstand te onderdruk, tot 'n geskil tussen die Z.A.R. en Brittanje aanleiding gegee. Die gedagte om Z.A.R.-vrywilligers vir militêre diens in Delagoabaai te werf, is deur ene kol. Ferreira voor of op 15 Oktober 1894 aan pres. Kruger voorgelê. Volgens Ferreira het hy inligting ontvang "that assistance would be required at Delagoa Bay". Ofskoon dit nie bekend is wanneer en van wie Ferreira hierdie inligting ontvang het nie, wil dit voorkom asof Leo Weinthal, redakteur van The Press, 'n belangrike rol daarin gespeel het. Kruger het geen beswaar teen die werwing van Z.A.R.-vrywilligers gehad nie op voorwaarde dat die Portugese owerhede in Delagoa=baai daarom gevra het.<sup>36</sup>

Ferreira het nog dieselfde dag vir Weinthal in Lourenzo Marques opdrag gegee om die plan van Z.A.R.-vrywilligers aan die Portugese owerheid voor te lê. Volgens Weinthal se telegrafiese mededeling aan Ferreira op 16 Oktober 1894 het die Portugese die aanbod verstaan en is daar ook tentatief oor die spesifieke aard van die bystand beraadslaag. 'n Paar dae later het die Portugese regering egter die owerhede in Lourenzo Marques beveel om die Z.A.R. se aanbod van die hand te wys. Ferreira en die Z.A.R.-regering was op daardie stadium onbewus daarvan dat die Portugese Minister van Marine en Kolonies inderdaad die aanbod van Z.A.R.-vrywilligers aanvaar het. Na 'n "private and energetic" protes van die Britse ambassadeur in Lissabon, H. MacDonnel, het die Portugese

---

35. De Volksstem, 20.10.94.

36. SSa. 36, R.A.516/94, Pott - Staatsekretaris, 11.10.94 (telegram).

regering egter besluit om nie daarvan gebruik te maak nie.<sup>37</sup>

Daarmee was die kwessie van Z.A.R.-vrywilligers om die opstand in Delagoabaai te onderdruk nog nie afgehandel nie. Op 19 Oktober 1894 het die Britse Agent in Pretoria, sir Jakobus de Wet, 'n telegram van die Hoë Kommissaris, sir Henry Loch, aan Kruger voorgelees. Loch het namens die Britse regering beswaar gemaak teen die voorbereidings in die Z.A.R. om, in oorleg met die Portugese owerhede in Delagoabaai vrywilligers vir militêre diens na Delagoabaai te stuur. Kruger se aandag is daarop gevestig dat die Z.A.R., kragtens artikel vier van die Londense Konvensie, verbied was om só 'n ooreenkoms sonder die medewete en goedkeuring van die Britse regering aan te gaan en dat die Z.A.R. kragtens artikel twee van dieselfde konvensie, verplig was "to refrain the inhabitants of the South African Republic from encroaching on neighbouring territory".<sup>38</sup>

Die Z.A.R.-regering het in hul antwoord die Hoë Kommissaris daarop gewys dat indien die Portugese regering vrywilligers binne die Z.A.R. se grense wou werf, dit volkome binne die Z.A.R.-regering se jurisdiksie was om dit goed of af te keur. Loch is verder meegedeel dat die Z.A.R.-regering onder die huidige omstandighede geen beswaar sou hê indien Portugal van Z.A.R.-vrywilligers gebruik wou maak nie. Die Z.A.R.-regering was ten slotte van mening dat die Hoë Kommissaris se telegram op 'n foutiewe voorstelling van sake berus het.<sup>39</sup> Die besluit van die Portugese regering om nie van Z.A.R.-vrywilligers gebruik te maak nie was waarskynlik die rede waarom Loch nie op die Z.A.R. se skrywe gereageer het nie. Die Z.A.R.-regering het later vasgestel dat die inligting wat aanleiding tot Loch se telegram gegee het, nie van De Wet nie,

- 
37. SSa. 36, R.A.558/94, Ferreira - Esselen, 16.10.94 (telegram); T.79/94, Esselen - Ferreira, 16.10.94; R.A.639/94, Pott - Staatsekretaris, 22.10.94 (telegram); The Press, 19.10.94; Africa (South). Nr. 508. Memorandum on the Question of the Delagoa Bay Railway, 11.10.95, p.22.
38. SSa.36, R.A.606/94, De Wet - Kruger, 19.10.94.
39. SSa.36, T.83/94, Staatsekretaris - Hoë Kommissaris, 20.10.94.

maar wel van MacDonnel in Lissabon afkomstig was.<sup>40</sup>

Pas nadat die Z.A.R.-regering op Loch se aantygings geantwoord het, het twee Duitse oorlogskepe, die Adler en Condor, op 22 Oktober 1894 Delagoabaai binnegevaar.<sup>41</sup> Dit is opvallend dat ofskoon die verskyning van die Duitse oorlogskepe in Delagoabaai nie die opstand onmiddellik beëindig het nie, die toestand in die hawe na hul aankoms geleidelik na normaal teruggekeer het. Die Duitse oorlogskepe se verskyning in Delagoabaai was egter in die eerste instansie 'n bewys dat Duitsland bereid was om naas sy eie belange in Delagoabaai ook dié van die Z.A.R. te beskerm.

Van Blokland het 'n dag na die Duitse oorlogskepe se verskyning in Delagoabaai 'n lang onderhoud met die Duitse Minister van Buitelandse Sake, Von Marschall, gehad oor die Z.A.R. en Duitsland se belange in dié hawe. Von Marschall het Van Blokland meegedeel dat hy daarvan cortuig was dat Duitsland en die Z.A.R. se belange in die opsig identies was. Van Blokland is die versekering gegee dat Duitsland die status quo in Delagoabaai nie alleen ongeskonde wens te handhaaf nie, maar ook "keine weitere Machtverschiebung" sou duld nie. Op Van Blokland se vraag of Brittanje van die Duitse regering se besluit kennis gedra het, het Von Marschall bevestigend geantwoord en Van Blokland vertroulik meegedeel dat die voorneme by die Duitse regering bestaan het om nog twee oorlogskepe na Delagoabaai te stuur.<sup>42</sup>

Van Blokland het Von Marschall se aandag op twee ander sake rakende Delagoabaai gevestig. Die eerste saak was dat daar in Londen 'n ~~gedagte~~rigting posgevat het dat ofskoon Brittanje geen kans gehad het om Delagoabaai in die hande te kry nie, hulle tog 'n deel van die hawe vir 'n Britse vlootbasis kon

---

40. SSa.36, R.A.1160/94, White - Staatsekretaris, 15.11.94.

41. SSa.36, R.A.647/94, Pott - Staatsekretaris, 22.10.94 (telegram).

42. L.A.14, Nr. 945a), Beelaerts van Blokland - Staatsekretaris, 24.10.94 (geheim).

bekom het. Van Blokland was van mening dat daar teen so 'n stap gewaak moes word. Die tweede saak was dat volgens 'n telegram in die nuusblaaie die Portugese regering 'n lening wou aangaan met die inkomste van Angola en Portugees-Oos-Afrika as onderpand daarvoor. Die Z.A.R. se gesant het Von Marschall daarop gewys dat dit nadelig vir die Z.A.R. sou wees indien Britse finansiers die onderpand in die hande sou kry. Von Marschall het 'n aantekening van albei sake gemaak en Van Blokland meegedeel dat aangesien albei sake strydig met die handhawing van die status quo in Delagoabaai was, dit beslissig deur Duitsland teengestaan sou word. Na afloop van die onderhoud met Von Marschall het Van Blokland ook nog herhaalde kere samesprekings met Duitse regeringslui gevoer oor die Z.A.R. se belange met betrekking tot Delagoabaai.<sup>43</sup>

Dit is interessant om daarop te let dat die Duitse keiser, Wilhelm II, hom op dieselfde tydstip oor samewerking tussen Duitsland en die Z.A.R. met betrekking tot Delagoabaai uitge- laat het. Die Duitse konsul-generaal in Kaapstad het naam- lik berig dat die koloniale sekretaris van die Kaapkolonie, sir Graham Bower, hom die versekering gegee het dat Brittanje nie in die verkryging van Delagoabaai belanggestel het nie. Volgens Bower sou die besit van Delagoabaai slegs onkoste- meebring en boonop pres. Kruger ten diepste krenk. "Sehr interessant" het die Duitse keiser op die dokument genoteer, "wir müssen mit grösster Wachsamheit auf Delagoabai passen und uns mit Transvaal unter der Hand verständigen en cas que."<sup>44</sup>

In die Z.A.R. het De Volksstem dit op hom geneem om die bete- kenis van die Duitse oorlogskepe se verskyning in Delagoabaai aan sy lesers te verduidelik. Onder die opskrif "Aan Duitsland" is daar in die hoofartikel van 24 Oktober 1894 be- weer dat die Duitse regering die oorlogskepe na Delagoabaai gestuur het ten einde enige moontlike "te Downingstraat

---

43. Ibid.

44. P.J. van Winter, op.cit., p.241.

beraamde coup de main" te verhoed. Die Duitse oorlogskepe het as waarborg vir Portugal se ongeskonde behoud van Delagoabaai gedien aangesien geen Britse staatsman dit nou sou waag om uitvoering aan "eventueele imperialistiese-hebsugtige voornemens" te gee nie. De Volksstem het die Duitse optrede voorts beskryf as 'n aanduiding van 'n hoogs welkome omkering in Duitsland se beleid jeens Suid-Afrika. Waar die Duitse regering voorheen vir Brittanje 'n vrye hand in Suid-Afrika gegee het, was die verskyning van die Duitse oorlogskepe in Delagoabaai 'n onloënbare bewys dat daar 'n sterk begeerte in Europa was om die Z.A.R. nie langer die prooi van Britse imperialiste te laat val nie. Namens die Transvaalse volk het De Volksstem Duitsland bedank vir die tydig betoonde bystand en bygevoeg dat die belange waarvoor die Duitse vlag in Delagoabaai "ter beskerming getoond word zullen hier te lande oprechte beschermers vinde".<sup>45</sup>

Duitsland se bereidwilligheid om vir die Z.A.R. se belange in Delagoabaai in die bresse te tree, het nie onopgemerk in Portugal en Brittanje verbygegaan nie. In November 1894 het Ribeiro vir MacDonnel meegedeel dat in enige verstandhouding rakende die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg "it would be necessary, in view of the attitude recently assumed by Germany, to be very careful to avoid anything which would involve even the appearance of any change in the political status quo".<sup>46</sup> MacDonnel het Ribeiro se sienswyse ondersteun.

Brittanje se ontevredenheid oor Duitsland se nuwe houding ten opsigte van Delagoabaai en die Z.A.R. is ook by meer as een geleentheid deur verteenwoordigers van die Britse regering aan hul Duitse ampsgenote oorgedra. Loch het aan die einde van 1894 na Suid-Afrika teruggekeer met instruksies van die Britse regering om onderhandelinge met die Z.A.R. oor sekere

---

45. De Volksstem, 24.10.94 (redaksioneel).

46. Africa (South). Nr. 508. Memorandum on the Question of the Delagoa Bay Railway, 11.10.95, p.23.

wysigings in die Londense Konvensie aan te knoop. Vanweë Duitsland se optrede met betrekking tot Delagoabaai en sy toenadering tot die Z.A.R. is Loch egter versoek om geen bespreking oor die onderwerp te voer nie.<sup>47</sup>

Loch het op sy beurt weer kennis geneem van 'n toespraak wat Kruger in Desember 1894 in Ermelo gehou het. Op 'n vraag uit die gehoor wat die Z.A.R. sou doen ingeval Brittanje Delagoabaai sou annekseer, het Kruger verklaar dat Duitsland en Frankryk dit nie sou toelaat nie. Loch het hierdie opmerking in sō 'n ernstige lig beskou dat hy 'n koerantverslag daarvan tesaam met sy opmerkings aan Londen gestuur het. Syns insiens was daar Duitse maatskappye in die Z.A.R. wat op die onregverdige bevoordeling van die Z.A.R.-regering staatgemaak het. Dit was hierdie groepe wat die Z.A.R.-regering ondersteun het en daarom is daar sterk druk op die Duitse regering uitgeoefen "to support the Republic in the acquisition of Delagoa Bay, and to assume active interference in the affairs of South Africa".<sup>48</sup> Loch was nie al Britse verteenwoordiger wat 'n Z.A.R.-Duitse samesweerdery met betrekking tot Delagoabaai vermoed het nie. 'n Paar weke later het MacDonnel uit Lissabon aan die Britse regering berig dat sowel in Portugal as die Z.A.R. die oortuiging gehuldig is dat Duitsland, Nederland en die Z.A.R. "were acting in concert with a view to secure a footing in Delagoa Bay".<sup>49</sup>

Of die Z.A.R.-regering op daardie stadium planne in die mou gevoer het om met behulp van Duitse steun Delagoabaai in die hande te kry, is 'n ope vraag. Hoe dit ook al sy, Duitsland se optrede met betrekking tot Delagoabaai het vir die Z.A.R. op 'n uiters geleë tydstip plaasgevind. Skaars 'n week na die Duitse oorlogskepe se verskyning in Delagoabaai, is Kruger

---

47. Ibid., p.24.

48. F.O.6773. Nr. 7, Colonial Office - Foreign Office, 16.1.95. Bylaag 1, Loch - Ripon, 18.12.94 (vertroulik).

49. Africa (South). Nr. 508. Memorandum....., p.24.

se lewensideaal vervul toe die president naby Bronkhorst=  
spruit 'n gepoleerde skroefbout, ter herdenking van die vol=  
tooiing van die Delagoabaaispoorweg, vasgedraai het.<sup>50</sup> Daar=  
mee het 'n nuwe tydvak in die geskiedenis van die Z.A.R. aan=  
gebreek. Vir die eerste keer het die Z.A.R. oor 'n spoorweg=  
verbinding met die see, vry van Britse invloed, beskik. Slegs  
die tyd sou leer of die Delagoabaaispoorweg die ekonomiese-  
en politieke onafhanklikheid van die Z.A.R. sou verseker.  
Die teenwoordigheid van die Duitse oorlogskepe in Delagoa=  
baai was voorlopig 'n versekering dat die belange wat die  
Z.A.R. in dié hawe gehad het, veilig was.

---

50. De Volksstem, 3.11.94. Die laaste spoorwegstaaf van  
die Delagoabaaispoorweg is op 20 Oktober 1894 deur di=  
rekteur Middelberg se seuns gelê. Dieselfde dag het  
die eerste lokomotief vanuit Lourenzo Marques, die  
"Voortrekker", Pretoria binnegestoom. Vgl. De Volksstem,  
24.10.94.



BRONNELYS

I. ONGEPUBLISEERDE PRIMÈRE BRONNE

Transvaalse Argiefbewaarplek.

1. Britse Agent

B.A. 1-4: Correspondence from High Commissioner,  
1890-1895.

B.A. 14 : Confidential Correspondence from High  
Commissioner, 1891-1897.

B.A. 50 : Imperial White Books.

1. Further Correspondence respecting Af-  
fairs South of the Zambezi, Part XII,  
Nr. 6773, 1896, April.
2. Correspondence Relating to the Affairs  
of the South African Republic, Nr. 470,  
1896, May.

2. Eerste Volksraad

3. Leyds-Argief

A. Gesantskap. S.A. Republiek (Beelaerts van Blokland)

L.A. 1-26: Korrespondensie, 1884-1899.

Gesantskap. S.A. Republiek (Dr. W.J. Leyds)

L.A.27: Private stukke i.s. reis van dr. Leyds in  
Europa, 1893.

Dr. W.J. Leyds. Algemeen en Persoonlik

L.A.250-255: Algemene Versameling Korrespondensie,  
1884-1934.

L.A.256 : Korrespondensie MONTAGU WHITE, 1889-  
1908.

B. Konsulate, S.A. Republiek

1. Konsul-Generaal, S.A.R. te Lourenzo Marques.

L.A.455-458: Ingekome Briewe, 1892-1900  
L.A.459 : Jaarverslae, 1895-1896  
L.A.461-470: Briewekopieboeke, 1885-1901  
L.A.471-472: Ingekome Telegramme 1893-1900

2. Konsul-Generaal, S.A.R. te Londen

L.A.483-492: Ingekome Briewe van Staatsekretaris,  
S.A.R. 1892-1899.  
L.A.469 : Korrespondensie, Algemeen, 1893-1900.  
L.A.497-499: Kopieboeke, Briewe aan Staatsekreta-  
ris, 1892-1899.  
L.A.500-502: Kopieboeke, Konfidentiële en Afdeling  
Kabinet, 1894-1899.

C. Stukke uit Regeringsdepartemente S.A.R.

1. Staatsekretaris, Afdeling Kabinet.

L.A.622 : Korrespondensie G.R.1-25/89, 1889.  
L.A.625-626 : Korrespondensie G.R.1-191/93, 1893.  
L.A.627 : Korrespondensie G.R.1-458/94, 1894-95.

2. Uitvoerende Raad

L.A.679 : Kopieë Geheime Notule, 1895-1898.  
L.A.683 : Register van Geheime Notule, 1883-  
1900.

3. Volksraad

L.A.687 : Kopieë Geheime Notule, met Indeks  
daarop, 1869-99.  
L.A.688 : Kopie Register van Ingekome Geheime  
Stukke, 1892-99.  
L.A.689 : Geheime Briewekopieboek, 1893-99.

4. Staatsekretaris, Binnelandse Sake

Inkomende Stukke, 1889-1899  
Uitgaande Stukke, 1889-1899.

5. Staatsekretaris, Buitelandse Sake

Inkomende Stukke, 1894-1899

Uitgaande Stukke, 1894-1899

6. Privaat Aanwinste

1. W.H.A.82: Beelaerts van Blokland. Amptelike korrespondensie, 1884-1897
2. A.196 : J.A. Erasmus, L.H. Rau en J.C. Winterbach: korrespondensie i.v.m. konsessie vir 'n seehoof en bank in Lourenzo Marques.
3. A.241 : J.H. Janson - P.J. Joubert: Korrespondensie i.v.m. 'n Nederlands-Suid-Afrikaanse skeepsredery.
4. A.1090 : Rhodes Papers.

7. Uitvoerende Raad

II. GEPUBLISEERDE BRONNE

1. Amptelike Publikasies van die Zuid-Afrikaansche Republiek

- i) Jaarverslae van die Inspekteur-Generaal van Invoerregte, 1893-98.
- ii) Jaarverslae van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij, 1888-98.
- iii) Jaarverslae van die Regeringskommissaris van Spoorweë, 1891-98.
- iv) Notulen der Verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1889-1895.

2. Imperiale Britse Witboeke

- i) African (South) nr. 470: Correspondence Relating to the Affairs of the South African Republic, 1896, May.

- ii) African (South) Nr. 508: Confidential. Memorandum on the Question of the Delagoa Bay Railway, G.F. Viddes, 11.10.95.
- iii) Confidential nr. 6773: Further Corresponding respecting Affairs South of the Zambezi, Part XII, 1896, April.

3. Diverse

- i) Gooch, G.P. en Temperley, H.W.V. (red.): British Documents on the Origins of the War, 1898-1914. Londen, 1928.
- ii) Lepsius, J. e.a. (red.): Die Grosse Politik der Europäischen Kabinette, 1871-1914. Berlyn, 1927.

III. SEKONDÊRE BRONNE

Appelgryn, M.S.,

Thomas Francois Burgers  
Staatspresident, 1872-1877.  
Pretoria, 1879.

Axelson, E.A.,

Portugal and the Scramble  
for Africa, 1875-1891, Johannesburg, 1967.

Bixler, W.,

Anglo-German Imperialism in  
South Africa, 1880-1900.  
Warwick en York, 1932.

- Botha, P.R., Die Staatkundige Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds, 1844-1899. Amsterdam, 1926.
- Bredell, H.C. en Grobler, P., Gedenkskrifte van Paul Kruger. Pretoria, 1947.
- Coetzee, D.J., Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1872-1899. Kaapstad, 1940.
- Colvin, I., The Life of Jameson. Londen, 1922.
- De Kiewiet, C.W., British Colonial Policy and the South African Republics. Londen, 1929.
- De Kiewiet, C.W., The Imperial Factor in South Africa: a study in politics and economics. Cambridge, 1937.
- Engelenburg, F.V., De Delagoabaai Spoorweg. Een Terugblik. Pretoria, 1894.
- Gordon, C.T., The Growth of Boer Opposition to Kruger, 1890-1895. Kaapstad, 1970.

- Hammond, R.J., Portugal and Africa, 1815-1910.  
Stanford, 1966.
- Hofmeyr, J.H. in samewerking met Reitz, F.W., Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr. Kaapstad, 1913.
- Jackson, M.V., European Powers and South East Africa. Londen, 1942.
- Keltie, J.S., The Partition of Africa. Londen, 1893.
- Kruger, D.W., Paul Kruger, II. Johannesburg, 1963.
- Langer, W.L., The Diplomacy of Imperialism, 1890-1902. New York, 1960.
- Lewsen, P., Selections from the Correspondence of John X. Merriman, 1870-1890. Kaapstad, 1960.
- Lewsen, P., Selections from the Correspondence of John X. Merriman, 1890-1898. Kaapstad, 1963.
- Leyds, W.J., Het Insluiten van de Boerenrepublieken I en II. Amsterdam, 1919.
- Leyds, W.J., Onze Eerste Jaren in Zuid-Afrika, 1884-1889. Dordrecht, 1938.
- Lotgevallen van den Spoorweg van Lourenzo Marques naar de Grenzen der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1875-1889. Amsterdam, 1889.
- Lovell, R.J., The Struggle for South Africa, 1875-1899. New York, 1934.
- Marais, J.S., The Fall of Kruger's Republic. Oxford, 1961.

- Michell, L., The Life of the Rt. Hon. Cecil John Rhodes. Londen, 1910.
- Muller, H.P.N., Een Bezoek aan de Delagoa-Baai en de Lijdenburgsche Goudvelden. Haarlem, 1887.
- Muller, C.F.J., Die Oorsprong van die Groot Trek. Kaapstad, 1974.
- Rademeyer, J.I., Die Land noord van die Limpopo in die expansie-beleid van die Suid-Afrikaanse Republiek. Kaapstad, 1949.
- Robinson, R. en Galagher, J., Africa and the Victorians. Londen, 1972.
- Scholtz, G.D., Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, 1854-1881, III. Johannesburg, 1974.
- Scholtz, G.D., Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, 1881-1899, IV. Johannesburg, 1977.
- Scholtz, G.D., Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, Deel I. Johannesburg, 1947.
- The Press Gedenk-Boek. Uitgegeven ter geleentheid der Feestelijke Opening van den Delagoabaai - Pretoria Spoorweg. Pretoria, 1895.
- Thom, H.B., Die Lewe van Gert Maritz. Kaapstad, 1947.
- Uys, C.J., In the Era of Shepstone. Lovedale, 1933.

- Van Aswegen, H.J., Geskiedenis van Afrika. Van die Vroegste Oorspronge tot Onafhanklikheid. Pretoria, 1980.
- Van der Poel, J., Railway and Customs Policies in South Africa, 1885-1910. Londen, 1933.
- Van Hoek, K., Gesprekke met Dr. W.J. Leyds. Pretoria, 1939.
- Van Oordt, J.F., Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek. Amsterdam 1898.
- Van Winter, P.J., Onder Krugers Hollanders. Geschiedenis van De Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij, Deel I. Amsterdam, 1937, Deel II Amsterdam, 1938.
- Vindex, Cecil Rhodes: Political Life and Speeches. Londen, 1900.
- Warhurst, P.R., Anglo-Portuguese Relations in South-Central Africa, 1890-1900. Londen, 1962.

IV. PROEFSKRIFTE

- Backeberg, H.E.W., Die betrekkinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Duitsland tot na die Jameson-inval, 1852-1896. In die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1949, I. Kaapstad, 1949.



- Garson, N.G., The Swaziland Question and a Road to the Sea, 1887-1895 in die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1957, II. Kaapstad, 1957.
- Kruger, D.W., Die Weg na die See in die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1938, I. Kaapstad, 1938.
- Moll, J.C., F.W. Reitz en die O.V.S. in die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1973. Pretoria, 1878.
- Mouton, J., Generaal Piet Joubert en sy deel aan die Transvaalse geskiedenis in die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1957, I. Kaapstad, 1957.
- Nilant, F.G.E., Jhr. Mr. G.J. Th. Beelaerts van Blokland, Gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek 1843-1879 (D.Phil., U.W., 1952-ongepubliseerd).
- Van der Walt, H.R., Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse Buitelandse en koloniale Beleid, 1881-1899 in die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1963, I. Kaapstad, 1963.

Van Tonder, B.S.C., Die verhouding tussen die Boere in die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Portugese van Mosambiek tussen die jare 1836-1869 (M.A., U.P., 1952-ongepubliseerd).

V. PERIODIEKE PUBLIKASIES

i) Koerante

De Volksstem 1889-1895

The Press 1889-1895

The Star 1889-1892

ii) Vaktydskrifte

Pelzer, A.N., Die invloed van McCorkindale se haweskemas op Britse belangstelling in Delagoabaai in Historia, Junie 1970.

Pelzer, A.N., Die Suid-Afrikaanse Republiek se ywer vir 'n eie hawe en A. McCorkindale se rol in verband daarmee in Historia, September 1970.

OPSOMMING

Die ideaal om deur Delagoabaai vrye toegang tot die see te verkry, loop soos 'n goue draad deur die geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Leiers soos A.H. Potgieter, M.W. Pretorius en T.F. Burgers het gedurende die pioniersjare van die Z.A.R. tevergeefs probeer om hierdie ideaal te verwesenlik. Trouens, Burgers se ideaal om 'n spoorwegverbinding tussen die Z.A.R. en Delagoabaai tot stand te bring was een van die redes waarom Brittanje die Z.A.R. in 1877 annekseer het. Na die Eerste Vryheidsoorlog het Paul Kruger hom opnuut vir 'n spoorwegverbinding tussen die Z.A.R. en Delagoabaai beywer. Kruger wou die Z.A.R. deur middel van die Delagoabaaispoorweg ekonomies onafhanklik van die koloniale hawens en spoorweë maak.

Die Z.A.R.-regering se vrees dat Delagoabaai of die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg in die verkeerde hande kon beland, het vanaf 1889 tot verskeie beveiligingspogings in dié verband aanleiding gegee. In Oktober 1889 is dit aan dr. W.J. Leyds opgedra om die grondgebied tussen die Z.A.R. se oosgrens en Delagoabaai van Portugal te koop. 'n Bedrag van een miljoen pond sterling is vir dié doel tot Leyds se beskikking gestel. Die Portugese se fyngevoeligheid oor die afstand van hul koloniale besittings asook hul jaloersheid op die Z.A.R. se vooruitgang het Leyds van sy opdrag laat afsien.

Gedurende die tydperk 1890-1893 het die Z.A.R. verskeie kleinere beveiligingspogings met betrekking tot Delagoabaai en die Portugese gedeelte van die Delagoabaaispoorweg van stapel gestuur. Portugal se swak administrasie van die hawe en spoorweg en die beweerde planne van Cecil Rhodes in verband daarmee was die belangrikste redes vir hierdie beveiligingspogings wat min welslae behaal het.

Ten einde die Z.A.R. se belange in Delagoabaai finaal te

beveilig is die sg. "Groote Zaak" in Augustus 1893 van stapel gestuur. Leyds is weer eens na Europa afgevaardig om vir die Z.A.R. beheer oor Delagoabaai te verkry. Met dié doel voor oë het Leyds 'n ooreenkoms met V. Hansen en T. Schrader aangegaan. Ten spyte van 'n ses maande lange verblyf in Lissabon kon Hansen en Schrader egter niks uitrig nie. Ofskoon die "Groote Zaak" misluk het, het die Z.A.R. daarin geslaag om Duitsland se steun vir die beskerming van die Z.A.R. se belange in Delagoabaai te werf.

Afgesien van die "Groote Zaak" het die Z.A.R. ook deur middel van die Cohen-konsessie probeer om sy belange in Delagoabaai te beveilig. Die Z.A.R.-regering wou die Cohen-konsessie gebruik om Delagoabaai se hawefasiliteite te verbeter. Vanweë Britse en Portugese teenkanting teen die Z.A.R. se betrokkenheid in die uitvoering van die konsessie het daar niks van gekom nie.

In September 1894, met die Delagoabaaispoorweg feitlik voltooi, het 'n opstand onder die Swartes in die nabyheid van Delagoabaai uitgebreek. Die optrede van die Britse konsul in Delagoabaai en die teenwoordigheid van 'n Britse oorlogskip aldaar het die Z.A.R. by Duitsland om hulp laat aanklop. Op versoek van Leyds het die Duitse regering onmiddellik twee oorlogskepe na Delagoabaai gestuur. Die opwagting van die Duitse oorlogskepe in Delagoabaai is allerweë vertolk dat Duitsland bereid was om die Z.A.R. se belange in Delagoabaai te beskerm. Onder hierdie omstandighede is die Delagoabaaispoorweg in Januarie 1895 in gebruik geneem.